# SOLA ECCLESIA?

## 'N KRITIESE VERANTWOORDING VAN DIE KERKBEGRIP VAN DIE GEMEENTEBOUTEOLOGIE IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

**LOURENS MARTHINUS ERASMUS**

**Proefskrif voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad**

**DOCTOR THEOLOGIAE**

**in die**

**Fakulteit Teologie**

**Departement Diakoniologie**

**aan die**

**Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

**Promotor: Prof. dr. J.S. Kellerman**

**Medepromotor: Prof. dr. R.M. Britz**

**BLOEMFONTEIN**
**Junie 1994**

Opgedra aan Marina

# DANKBETUIGING

By die inhandiging van hierdie proefskrif leef die gedagte in my hart dat dit allermins op eie houtjie onderneem en voltooi kon word. Daarom wil ek uit die hart langs hierdie weg my opregte dank betuig.

* Om vir Marina in 'n paar woorde dankie te sê, is byna onmoontlik. Baie dankie vir al jou liefde, ondersteuning en toewyding, vir alles wat jy vir my beteken, vir die léwe saam met jou. Lourens en Rutger verstaan niks van die proefskrif nie, maar weet alles van 'n pa wat week in en maand uit voor die rekenaar geboer het. Dankie dat julle dit ook op julle manier verstaan het.

* Prof. Kellerman, my promotor, dankie vir u leiding en ondersteuning. Dat ek in u 'n diakonioloog kon vind, vir wie die beoefening van die dissipline op die diakonia van Christus gefokus is. Dankie dat ek u leiding hierin kon volg en vir u waarskuwing dat geen teologiese oorweging vry is van eie vooronderstellings nie.

* Prof. Britz het as medepromotor geen moeite en tyd ontsien om my by die hand te vat nie. Dankie vir al u geduld en leiding - om my te leer skryf, om die belang van die geskiedenis en die teologiese verantwoording daarvan by my in te prent. U betrokkenheid by hierdie studie het my geleer dat die gereformeerde teologie en verantwoording hand aan hand loop.

* Om 'n student te kon wees aan die UOVS en sy Teologiese Fakulteit is 'n uitnemende voorreg. Ek vermeld graag met dankbaarheid my ander dosente (waarvan sommige reeds geëmeriteer het) vir hul leiding en vormende invloed.

* 'n Woord van dank aan die dames van die UOVS-Biblioteekdienste se afdeling vir Inter-biblioteeklenings wat altyd 'n flinke en vriendelike diens gebied het.

* Die Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie (OVS) het met 'n beurstoekenning die afhandeling van die studie vergemaklik. My opregte dank.

* Ds. Willie Botha van Bloemfontein het kosbare hulp gebied met die finale redigering en druk van die proefskrif. Dankie vir u tyd en opoffering te midde van 'n baie vol program.

* My ouers, skoonouers en familie het die verloop van die studie met belangstelling gevolg. Dankie Pa Lourie vir 'n lewensvoorbeeld van toewyding in die bediening van die Woord. Vir julle huis wat vir ons gesin 'n tuiste gebied het gedurende ses maande studieverlof. Baie dankie vir al julle ondersteuning en opoffering. Ma Helena, vir die toegewyde saamloop in die laaste pylvak met die sorgsame, noukeurige taalversorging toe die tyd baie min was.

* Pa Hendrik en Ma Marietjie het op Roodepunt en in Welkom áltyd hand bygesit wanneer ons hulle nodig gehad het. Die hulp met ons kinders, die rustigheid op die Oos-Vrystaatse platteland het meegehelp in die voltooiing van die studie. Baie dankie vir julle ondersteuning en betrokkenheid by ons gesin.

* By die voltooiing van die studie moet ek haas weer met my dienswerk begin in die Ned. Geref. Gemeente Welkom-Wespark. Sonder die ruim studieverlof wat u aan my toegestaan het, sou hierdie studie nie voltooi kon

word nie. U belangstelling en ondersteuning was altyd 'n riem onder die hart. My bede is dat Christus, ons Voorloper, ons elke dag aan Hom sal bind deur sy Woord en Gees en aan sy orde vir die gemeente waar Hy ons tot diens geroep het.

* Aan die Goeie Vader, van Wie ek elke dag genade op genade ontvang, kom al die lof, eer en dank toe - tot in alle ewigheid!

# INHOUDSOPGAWE

## INLEIDING

1. ORIëNTERING . . . . . . . . . . 1

2. OBJEK EN DOEL VAN STUDIE . . . . . . . . . . 3

3. HIPOTESE EN PROBLEEMSTELLING . . . . . . . . . . 3

4. NAVORSINGSMETODE . . . . . . . . . . 4

5. NOODSAAK . . . . . . . . . . 4

6. UITEENSETTING . . . . . . . . . . 5

## DEEL I
## KERKHISTORIESE OMLYSTING

HOOFSTUK 1

DIE ONTWIKKELING VAN 'N GEMEENTEBOUTEOLOGIE IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 1970-1994

1.1. INLEIDING . . . . . . . . . . 9

1.2. DIE AKSENTUERING VAN DIE ROL VAN DIE INDIWIDUELE LIDMAAT 1970-1978 . . . . . . . . . . 9

1.2.1. 'N LANDSWYE SENDING- EN EVANGELISASIEPROGRAM WORD IN 1970 AANVAAR 10

1.2.2. DIE JEUG-TOT-JEUGAKSIE VAN 1974 . . . . . . . . . . 11

1.2.3. DIE SENDING SKUIF OP DIE AGTERGROND . . . . . . . . . . 13

1.2.4. 'N LIDMAATTOERUSTINGSPROGRAM . . . . . . . . . . 13

1.3. DIE VERSKUIWING VAN DIE AKSENT VAN DIE INDIWIDUELE LIDMAAT NA DIE GEMEENTE AS 'N GEMEENSKAP 1978-1994 . . . . . . . . . . 15

1.3.1. DIE DINAMIESE GEMEENTEBOU-STUDIEGROEP 1978-1982 . . . . . . . . . . 15

1.3.2. KURSUSMATERIAAL VIR DIE OPBOU VAN GEMEENTES VAN DIE NED. GEREF. KERK 1985 . . . . . . . . . . 17

1.3.3. GEMEENTEBOU TEOLOGIES GEDEFINIEER EN MET STRATEGIESE BEPLANNING VERSOEN 1986 . . . . . . . . . . 19

1.3.4. KERKSPIEëLS SORG VIR 'N WETENSKAPLIKE DIAGNOSE VAN DIE KERK . . . . . . 21
1.3.5. DIE VERBAND TUSSEN LIDMAATTOERUSTING EN GEMEENTEBOU . . . . . . . . . . . 21
1.3.6. GEMEENTEBOU AS TEOLOGIESE DISSIPLINE GEVESTIG . . . . . . . . . . . . . . . . . . 22
1.3.7. GEMEENTEBOU AS DISSIPLINE MET 'N DOELBEWUSTE KERKBEGRIP . . . . . . . . 25

1.4. SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 26

HOOFSTUK 2

DIE NOORD-AMERIKAANSE, DUITSE EN NEDERLANDSE AGTERGROND VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTEBOUTEOLOGIE

2.1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 28

2.2. DIE NOORD-AMERIKAANSE KERKLIK-TEOLOGIESE TONEEL GEDURENDE DIE TWEEDE HELFTE VAN DIE 20STE EEU . . . . . . . . . . . . . . . . . 28

2.2.1. DIE "NEO-EVANGELICAL" BEWEGING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 29

2.3. VYF INVLOEDRYKE NOORD-AMERIKAANSE EVANGELISASIEBEWEGINGS 30

2.3.1. EVANGELISM-IN-DEPTH . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 31
2.3.2. NEW LIFE FOR ALL . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 32
2.3.3. EVANGELISM EXPLOSION . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 33
2.3.4. CAMPUS CRUSADE FOR CHRIST . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 34
2.3.5. DIE AMERIKAANSE "CHURCH GROWTH MOVEMENT" . . . . . . . . . . . . . . . . 37

2.4. KENNISNAME VAN EUROPESE GEMEENTEBOULITERATUUR . . . . . . . . . . 39

2.4.1. DIE DUITSE GEMEENTEBOULITERATUUR . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 40
2.4.2. "GEMEENTEOPBOUW" IN DIE NEDERLANDSE KONTEKS . . . . . . . . . . . . . . . 42

2.5. SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 44

GEVOLGTREKKING: DEEL I . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 45

DEEL II

TEOLOGIES-KRITIESE ANALISE

HOOFSTUK 3

GEMEENTEBOU: 'N KERKBEGRIP "VAN ONDER"

3.1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 48

3.2. DIE LIGGAAM-VAN-CHRISTUS-MODEL AS BASISTEORIE EN VERGESTALTING VAN DIE WESE VAN DIE GEMEENTE . . . . . . . . . . . . 48

3.2.1. DIE FUNKSIE VAN BYBELSE METAFORE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 49

3.2.2. DIE METAFOOR VERWERK TOT 'N KERKMODEL . . . . . . . . . . . . . . . . 49

3.2.3. DIE BELANG VAN 'N "KERKLIKE MODELLETEORIE" . . . . . . . . . . . . . . 51

3.2.4. DIE KEUSE VIR 'N LIGGAAM-VAN-CHRISTUS-MODEL . . . . . . . . . . . . . 52

3.2.5. DIE GELOOFSGEMEENSKAP STAAN SENTRAAL IN DIE LIGGAAMSMODEL . . . . . 54

3.2.6. SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 55

3.3. LIGGAAMSDIENS AS PRAKTYKTEORIE IN GEMEENTEBOU . . . . . . . . . . 55

3.3.1. LIGGAAMSDIENS SAAMGEVAT IN 'N AANTAL KERNFUNKSIES . . . . . . . . . . . 56

3.3.2. DIE ENKELGELOWIGE AS SUBJEK VAN DIE LIGGAAMSDIENS . . . . . . . . . . 57

3.3.3. KLEINGROEPE AS SUBJEK VAN LIGGAAMSDIENS . . . . . . . . . . . . . . . 58

3.3.4. SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59

3.4. KERKLIKE HERSTRUKTURERING IN DIENS VAN DIE LIGGAAMSMODEL AS STRATEGIE OM BASIS- EN PRAKTYKTEORIE FUNKSIONEEL TE VERSOEN 60

3.4.1. KERKLIKE HERSTRUKTURERING EN DIE INSIGTE VAN DIE SOSIOLOGIE . . . . . . 60

3.4.2. KERKLIKE HERSTRUKTURERING EN DIE TEORIE OOR VERANDERING . . . . . . . 62

3.4.3. KERKLIKE HERSTRUKTURERING EN DIE INSIGTE VAN DIE KOMMUNIKASIE- EN BESTUURSWETENSKAPPE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 63

3.4.4. KERKLIKE HERSTRUKTURERING EN STRATEGIES-TEOLOGIESE BEPLANNING . . 64

3.5. SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 67

HOOFSTUK 4

GEMEENTEBOU: 'N KERKBEGRIP IN KONTRAS

4.1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 68

4.2. IN KONTRAS MET 'N UITGEDIENDE KERKTEORIE: DIE HERDER-KUDDE-MODEL . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 68

4.2.1. DIE HERDER-KUDDE-MODEL . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 69

4.2.2. DIE LIGGAAMSMODEL IN DIE PLEK VAN DIE HERDER-KUDDE-MODEL . . . . . . 70

4.3. IN KONTRAS MET 'N VERKONDIGINGSMODEL . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 71

4.3.1. DIE EENSYDIGE KLEM OP WOORDVERKONDIGING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 71
4.3.2. WOORDVERKONDIGING WORD GEMEENTEBEDIENING . . . . . . . . . . . . . . . . . 72

4.4. IN KONTRAS MET DIE TRADISIONELE AMPSBESKOUING . . . . . . . . . . . 73

4.4.1. DIE HIëRARGIESE AMPSBESKOUING IN TERME VAN DIE HERDER-KUDDE-MODEL 73
4.4.2. DIE DEMOKRATISERING VAN DIE AMP IN TERME VAN DIE LIGGAAMSMODEL . . 74
4.4.3. DIE AMP VAN LERAAR IN DIE LIGGAAMSMODEL . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 75
4.4.4. DIE LIGGAAMSMODEL EN 'N TOEPASLIKE LEIERSKAPSTYL . . . . . . . . . . . . . 76
4.4.5. DIE AMPSOPVATTING IN DIENS VAN "DEELNEMENDE BESTUUR" . . . . . . . . . . . 77

4.5. IN KONTRAS MET 'N ENKELVOUDIGE GEMEENTESTRUKTUUR . . . . . . . 78

4.5.1. DIE LIGGAAMSMODEL EN 'N PLURALE KERKBEGRIP . . . . . . . . . . . . . . . . . . 78

4.6. IN KONTRAS MET VASGELEGDE GEMEENTEPATRONE . . . . . . . . . . . . . 79

4.6.1. DIE FUNKSIE VAN DIE KERKVERBAND HERSIEN . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 80
4.6.2. DIE MOONTLIKHEDE VAN KATEGORIALE BEDIENINGE EN -GEMEENTEVORMING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 80
4.6.3. 'N MEER SOEPEL BENADERING TEN OPSIGTE VAN GEMEENTEGRENSE . . . . . . . 81
4.6.4. 'N NUWE BENADERING TOT DIE SAMESTELLING VAN KERKRADE . . . . . . . . . . 82

4.7. IN KONTRAS MET 'N STATIESE BELYDENISKERK . . . . . . . . . . . . . . . . 83

4.8. IN KONTRAS MET DIE GEMEENTEGESKIEDENIS . . . . . . . . . . . . . . . . 84

4.9. SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 85

GEVOLGTREKKING: DEEL II . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 86

## DEEL III

## VERANTWOORDING

HOOFSTUK 5

DIE HANDELINGSWETENSKAPLIKE BASIS VAN DIE KERKBEGRIP VAN DIE GEMEENTEBOUTEOLOGIE: 'N KENTEORETIESE VERANTWOORDING

5.1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 90

5.2. GEMEENTEBOU: WETENSKAPLIK EN METODOLOGIES BEGROND . . . . . 90

5.2.1. PRAKTIESE TEOLOGIE AS TEOLOGIESE HANDELINGSWETENSKAP . . . . . . . . . 91

5.2.2. GEMEENTEBOU AS HANDELINGSVELD IN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE . . . . . . . . 92

5.2.3. GEMEENTEBOU OORBRUG DOELBEWUS DIE SPANNING TUSSEN TEORIE EN PRAKTYK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 93

5.2.4. DIE NOODSAAK VAN EMPIRIESE NAVORSING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 94

5.2.5. DIE METODOLOGIESE AANSLUITING BY SOSIALE WETENSKAPPE . . . . . . . . . . 95

5.2.6. DIE IMPLEMENTERING VAN KRITIESE PROBLEEMGERIGTE TEORIEë . . . . . . . . 96

5.2.7. DIE META-TEORETIESE VOORONDERSTELLINGS VAN DIE HANDELINGSWETENSKAPLIKE KENTEORIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 97

5.2.8. TEOLOGIESE RETORIEK OF UITGANGSPUNT? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 98

5.3. DIE PARADIGMA VERSKUIWING VAN DIAKONIOLOGIE NA PRAKTIESE TEOLOGIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 99

5.3.1. GEMEENTEBOU: VELD BINNE DIE DIAKONIOLOGIE? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 99

5.3.2. GEMEENTEBOU: 'N VERSKUIWING VAN DIAKONIOLOGIE NA PRAKTIESE TEOLOGIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 101

5.3.3. DIE NAWERKING VAN DIE INVLOED VAN SCHLEIERMACHER? . . . . . . . . . . . . 103

5.3.4. DIE SKRIF AS PRINCIPIUM THEOLOGIAE? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 106

## HOOFSTUK 6

## DIE GEREFORMEERDE SOLA SCRIPTURA DEUR DIE "SOLA ECCLESIA" VAN DIE GEMEENTEBOUTEOLOGIE VERPLAAS

6.1. INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 109

6.2. 'N EKLEKTIESE SKRIFHANTERING EN VERWYSING . . . . . . . . . . . . . . . 109

6.3. 'N KRITIESE SKRIFBESKOUING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 111

6.4. DIE GEBRUIK VAN DIE GEMEENTEGESKIEDENIS . . . . . . . . . . . . . . . . 115

6.5. DIE "SOLA ECCLESIA"-INSLAG VAN DIE GEMEENTEBOUTEOLOGIE BEVESTIG . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 117

6.5.1. TEOLOGIESE STELLINGNAMES VERTOON 'N KERKSENTRIESE KARAKTER . . . 117

6.5.2. DIE NOODSAAK VAN MODELLERING EN 'N KERKLIKE MODELLETEORIE IN DIE GEMEENTEBOUTEOLOGIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 119

6.5.3. DIE HERDER-KUDDE-/ VERKONDIGINGSMODEL IN DIE BESKULDIGDE BANK . . 120

6.5.4. KERKLIKE DEFORMASIE BESTRY DEUR DIE LIGGAAMSMODEL . . . . . . . . . . . 121
6.5.5. DIE DIENS VAN CHRISTUS VERPLAAS DEUR DIE DIENS AAN DIE KERK . . . . . . 124
6.5.6. DIE SENDING DEUR DIE LIGGAAMSMODEL BEMIDDEL . . . . . . . . . . . . . . . . . . 125
6.5.7. DIE MENS SE SAMELEWINGSKONTEKS IN DIE LIGGAAMSMODEL GEREFLEKTEER . . . . . . . . . . 126
6.5.8. DIE DEMOKRATISERING VAN DIE AMPSOPVATTING DEUR DIE LIGGAAMSMODEL BEMIDDEL . . . . . . . . . . 126
6.5.9. DIE LIGGAAMSMODEL AS SOSIOLOGIESE SISTEEM . . . . . . . . . . 128
6.5.10. SOLA ECCLESIA: 'N GENITIEWE TEOLOGIE VAN DIE KERK . . . . . . . . . . . . . 129

6.6. SAMEVATTING . . . . . . . . . . 130

## HOOFSTUK 7

## SOLUS CHRISTUS! : 'N KERKORDE IN PLAAS VAN 'N KERKBEGRIP

7.1. INLEIDING . . . . . . . . . . 132

7.2. CHRISTUS SKEP DIE ORDE DEUR DIE WOORD . . . . . . . . . . 132

7.2.1. DIE ORDE KOM DEUR DIE SKRIF . . . . . . . . . . 133
7.2.2. DIE ORDE EN GEMEENTEOPBOU . . . . . . . . . . 134
7.2.3. DIE ORDE IS NIE 'N KERKLIKE (REGS)ORDE NIE . . . . . . . . . . 134

7.3. 'N KERKORDE: BEDIENING VAN DIE CHRISTUSREGERING TOT OPBOU VAN DIE KERK . . . . . . . . . . 137

7.3.1. CHRISTUS AS HOOF EN HERE VAN SY KERK . . . . . . . . . . 137
7.3.2. CHRISTUSREGERING DEUR DIE WOORD EN GEES . . . . . . . . . . 138
7.3.3. CHRISTUSREGERING TOT OPBOU VAN DIE KERK . . . . . . . . . . 138
7.3.4. DIE CHRISTUSREGERING VRY VAN SEKULARISERING EN KLERIKALISERING . . . . . . . . . . 139

7.4. 'N KERKORDE: UITDRUKKING VAN DIE KONFESSIONELE OPBOU VAN DIE KERK IN 'N OMVATTENDE SIN . . . . . . . . . . 140

7.4.1. DIE VERBAND TUSSEN DIE BELYDENIS EN DIE KERKORDE . . . . . . . . . . 140
7.4.2. KONFESSIONELE OPBOU OMVATTEND AAN DIE SKRIF VERBIND . . . . . . . . . . 140
7.4.3. KONFESSIONELE OPBOU DIENSBAAR AAN DIE GEMEENTE SE GELOOF EN GEHOORSAAMHEID . . . . . . . . . . 142

7.5. 'N KERKORDE: TEOLOGIESE BLIKPUNT VIR DIE BEOEFENING VAN DIE DIAKONIOLOGIE . . . 143

7.5.1. DIE VERBAND TUSSEN DIE KERKORDE EN DIE KERKLIKE DIAKONIA Lê IN CHRISTUS . . . 144

7.5.2. DIE TEOLOGIESE KARAKTER VAN DIE DIAKONIOLOGIE DEUR 'N SKRIFTUURLIKE KERKORDE BEVESTIG . . . 144

7.5.3. DIE KERKORDE AS BEDIENING VAN DIE DIAKONIA VAN CHRISTUS IN SY GERIGTHEID OP DIE KERK EN DIE WêRELD . . . 145

7.6. 'N KERKORDE: BEVESTIGING VAN DIE SPANNINGSLOSE SAMEHANG TUSSEN TEOLOGIE EN PRAKTYK IN DIE KERKLIKE BEDIENING . . . 146

7.6.1. DIE TEORIE/PRAXIS-SPANNINGSRELASIE TEENOOR DIE AARD EN KARAKTER VAN 'N KERKORDE . . . 146

7.7. 'N KERKORDE: ORIëNTASIEPUNT VIR DIE INTERDISSIPLINêRE KARAKTER EN EENHEID VAN DIE TEOLOGIESE ENSIKLOPEDIE . . . 148

7.7.1. EKKLESIOLOGIE EN DIAKONIOLOGIE AS BELANGRIKE PARAMETERS VIR DIE EENHEID EN WISSELWERKING VAN DIE TEOLOGIESE ENSIKLOPEDIE . . . 148

7.7.2. DIE KERKORDE AS DIE FOKUSPUNT VIR DIE SAMESPEL VAN AL DIE TEOLOGIESE DISSIPLINES . . . 149

7.8. SAMEVATTING . . . 151

GEVOLGTREKKING: DEEL III . . . 153

SAMEVATTING . . . 154

BRONNELYS . . . 157

OPSOMMING . . . 176

SUMMARY . . . 178

# AFKORTINGS

| | | |
|---|---|---|
| AJK | = | Algemene Jeugkommissie |
| AKAE | = | Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie |
| ASSK | = | Algemene Sinodale Sendingkommissie |
| BUVTON | = | Buro vir Voortgesette Teologiese Onderrig |
| CCC | = | Campus Crusade for Christ |
| CGK | = | Christelijk Gereformeerde Kerk |
| DK | = | Die Kerkbode |
| EE | = | Evangelism Explosion |
| EVTO | = | Eenheid vir Voortgesette Teologiese Opleiding |
| HK | = | Heidelbergse Kategismus |
| KO | = | Kerkorde |
| LTP | = | Lidmaattoerustingsprogram |
| NGB | = | Nederlandse Geloofsbelydenis |
| SEVTO | = | Sentrum vir Voortgesette teologiese Onderrig |
| STB | = | Strategies-teologiese beplanning |

# INLEIDING

## 1. ORIëNTERING

Gemeentebou het in die Ned. Geref. Kerk 'n huishoudelike woord geword. Dit staan enersyds in verband met 'n bepaalde *problematiek* van die gemeentelike lewe en andersyds met die *oplossing* daarvoor. As 'n konsep en prakties-teologiese benadering is dit oor die afgelope aantal jare in die geledere van die kerk aangegryp as 'n manier om die gemeentelike struktuur en praktyk grondliggend te vernuwe. Dit het nuwe moontlikhede, uitdagings en vergesigte geopen vir talle predikante en lidmate wat 'n onvergenoegdheid met die praktiese kerklike lewe ervaar het. En, gesorg vir 'n beduidende invloed in die Ned. Geref. Kerk. Daar kan nie oor die kontemporêre teologie in die Ned. Geref. Kerk gepraat word, sonder om ook die gemeentebouteologie te verreken nie.

Om die beslag van die gemeenteboubeweging behoorlik in kaart te bring, moet dit in verband gesien word met die belangrike besinningsproses wat gedurende die sewentigerjare in die Ned. Geref. Kerk op gang gekom het. Veel klem is in hierdie tyd geplaas op die getuienis en diens van die indiwiduele lidmaat. Dit het konkrete gestalte gevind in die omvattende **sending- en evangelisasieprogram van 1970**, die landwye **Jeug-tot-Jeugaksie van 1974** en die werksaamhede van die **Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep van 1978.**

Die klem op die indiwiduele lidmaat is mettertyd verskuif na die kollektiwiteit van die gemeente as geloofsgemeenskap. Die verwerking van die konsepte van "dinamiese gemeentebou" deur **Bybelkor** se **Gemeenteboureekse** en **Lidmaattoerustingsprogramme** in die tagtigerjare, het "gemeentebou" vierkantig op die tafel geplaas. Dit het 'n benadering in die Ned. Geref. Kerk geword wat doelbewus geywer het vir die goeie en optimale funksionering van die gemeente. Sinodale Kommissies, soos die **Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie** en die **Algemene Jeugkommissie**, het hierin 'n belangrike rol gespeel. Die vakwetenskaplike beoefening sowel as die kurrikulering daarvan in die amptelike teologiese opleiding van die Ned. Geref. Kerk teen die middel van die tagtigerjare, het verdere stukrag aan die gemeenteboubeweging verleen en die ontwikkeling vakwetenskaplik bestendig.

Gemeentebou het dus uitgegroei tot 'n teologiese dissipline met 'n omvangryke invloed in die Ned. Geref. Kerk. Met entoesiasme, aangevuur deur die snel veranderende konteks waarmee die kerk sedert 1980 gekonfronteer is, is saamgewerk, beplan, geëksperimenteer en onderling verslag gelewer. Veral in die Ned. Geref. Kerk was iets nuuts aan die gebeur.

Gewapen met die kennis aangaande die gemeenteboubeweging en 'n aanvoeling vir veral die missionêre dimensie van die "diakonale gemeente," was dit aanvanklik die voorneme om 'n bedieningsmodel te beredeneer waarin die missionêre diakonaat van die plaaslike gemeente tereg moes kom. Die **"Diakonale gemeente in koninkryksperspektief"** het hom as 'n aktuele tema voorgedoen om in 'n doktorale studie aangepak te word. Die bediening van die "diakonale gemeente" moes die omvangryke eksistensiële nood in die wêreld aanspreek en verlig. Vanselfsprekend het dit 'n "struktuurbenadering" vereis om deur middel van basis- en praktykteoretiese ontwerpe gevolg te gee aan 'n nuwe en meer dinamies-diakonale inrigting van die gemeentelike bediening. Ook sou empiriese navorsing en analise die geldigheid en haalbaarheid van nuut ontwerpte teorieë bevestig.

Vir die beskrywing van 'n diakonaal-missionêre gemeentebouende bedieningsmodel, is al die literatuur in verband met gemeentebou vanselfsprekend bestudeer. Die opvallende praktykgerigte oplossings vir die nood en eise van die kerklike bediening wat daarin beredeneer is, het nie net vertel van die nuwe vorme van kerkwees nie, maar inderdaad ook die werkbaarheid daarvan geïllustreer. Die gemeentebouende omskakeling berus immers op aanvaarde navorsingsmetodes en -praktyke wat gemik is op die suksesvolle implementering van verandering of vernuwing in gevestigde sosiale strukture.

Op hierdie punt het ek bewus geword van die oorweldigende gebruik van en aansluiting by tersaaklike Amerikaanse literatuur. Soos klokslag staan die oortuigings en uitsprake van Amerikaanse teoloë soos McGavran, Richards, Getz, Kennedy en Dulles in die Suid-Afrikaanse literatuur aangeteken. Dit was dadelik 'n vraag of 'n mens hier te make het met 'n Suid-Afrikaanse (en Ned. Geref. Kerk) toepassing of verwerking van 'n Noord-Amerikaanse teologiese ontwikkeling? Hieroor kon daar nie twyfel bestaan nie, aangesien die aansluiting en napraat van Amerikaanse teoloë te ooglopend is.

Die gevolglike bestudering van die konteks en situasie waarin die Noord-Amerikaanse literatuur beslag gekry het, het interessante perspektiewe geopen wat allereers in verband staan met 'n breë teologiese oriëntering en aanspraak. Vanaf die veertigerjare is die Amerikaanse kerklike toneel oorheers deur die sogenaamde "neo-evangelical movement" se pogings om in 'n anti-modernistiese sin die tradisionele fundamentalistiese inslag van die kerklik-teologiese lewe te hervorm. Daarmee is weer 'n keer probeer om die modernisme se invloed in die Amerikaanse samelewing en kerklike lewe teen te werk.

Uit hierdie aandrang is verskeie interdenominasionele teologiese instellings gebore, waarvan die **Fuller Theological Seminary** van 1947 sekerlik die bekendste geword het. Hierbenewens het 'n tipiese Amerikaanse evangeliese pragmatisme gevolg gegee aan 'n aantal evangelisasiebewegings. Die mees prominente in hierdie verband is die **Church Growth-beweging, Campus Crusade for Christ, Evangelism-in-Depth, New Life for All** en **Evangelism Explosion**. Dit was opeens duidelik dat die metodes van hierdie bewegings, sowel as die wetenskaplike beoefening van die Praktiese Teologie aan (bv.) Fuller, aanklank en navolging by die Ned. Geref. Kerk gevind het. Dit staan in die gemeentebouliteratuur aangeteken. Die genoemde Amerikaanse bewegings is nie sonder teologiese vooronderstellings nie. Begrip hiervoor het noodsaaklik begin lyk, alvorens 'n basisteorie vir die diakonale gemeente uitgewerk kon word.

Daar is dus gaandeweg ingesien dat die Ned. Geref. gemeentebouteologie met belangrike teologiese veronderstellings en aannames werk. Daarin word sake geoperasionaliseer wat veel ingrypender implikasies het as bloot net die soeke na meer funksionele vorme vir die kerklike praktyk. Die oortuiging het gegroei dat hier 'n dieperliggende problematiek aanwesig is wat roep om 'n teologies-kritiese verantwoording en kwalifikasie. Dit was 'n vraag of die gereformeerde opvatting in verband met die teologiese karakter van die Diakoniologie as dissipline nie ingeruil word vir 'n kommunikatiewe handelingswetenskaplike benadering nie? Trouens, is die manier waarop gemeentebou die kerklike deformasie aanspreek en regstel, versoenbaar met die gereformeerde benadering en konfessionele uitgangspunt? Vir 'n gereformeerde teoloog was dit van deurslaggewende belang om hieroor helderheid te hê.

Gaandeweg het die studie dus in 'n ander rigting gestuur. Die beredenering, implementering en toetsing van nóg 'n basis- en praktykteorie vir kerkwees het plek gemaak vir die gereformeerd-konfessionele evaluering van gemeentebou. Maar, afgrensing was nodig. As 'n prakties-teologiese ontwikkeling kom gemeentebou by die Ned. Geref. Kerk in 'n indrukwekkende reeks van geskrifte en bydraes tot uitdrukking. Daarin bied meer as een aspek of tema hom vir ondersoek en uitklaring aan.

## 2. OBJEK EN DOEL VAN STUDIE

Die onmiddellike vraag was watter van die aspekte hom die meeste daartoe leen om die kern van die gemeentebouteologie bloot te lê? 'n Opmerking van Coenie Burger het 'n eie gevolgtrekking bevestig: "Só het gemeentebou dan indirek daartoe gelei dat 'n baie belangrike denkproses losgekom het in die kerk. Die kerklike teorie agter die klassieke gemeentebouprogram het mense laat begin wonder oor die teorie agter ons bestaande kerk- en bedieningspraktyk" (Burger 1991:16). Daarom is die objek van die onderhawige studie die kerkbegrip of kerkteorie wat ten grondslag lê van die gemeentebouteologie. Die hart van die gemeentebouteologie klop in sy kerkbegrip. Daarin gaan dit om die kerk (gemeente) se herstel of vernuwing. Die doelbewuste motief vir hierdie teologie is sy nuwe en dinamiese kerkbegrip en -verstaan. Die doel is gevolglik om die funksionele kerkbegrip wat in hierdie benadering hanteer word, teologies-krities bloot te lê en in die lig van die Skrif en die gereformeerde belydenis wetenskaplik te beoordeel. Hiermee bly belangrike ander sake soos die Skrifberoep, eksegetiese verantwoording, Skrifhantering, ampsbeskouing, kerkregering, funksie van die belydenisskrifte, ensovoorts op die pereferie. Daarna word, vir sover dit vir die objek van die studie relevant is, verwys.

## 3. HIPOTESE EN PROBLEEMSTELLING

Die funksionele verstaan van die kerk is dié sentrale oortuiging in gemeentebou. Hipoteties word aanvaar dat dit in 'n pregnante sin tekenend is van 'n onmiskenbare kerksentriese benadering van hierdie teologie. Vir die gereformeerde teoloog is die onontwykbare vraag in hoeverre gemeentebou se kerklike struktuurvernuwing versoenbaar is met die Skrif en die aanvaarde gereformeerde belydenisskrifte? Gaan dit nie hierin om kerklike herstrukturering ter wille van kerklike herstrukturering nie? Is dit haalbaar om met 'n patologiese uitgangspunt (in die sin dat die bestaande praktyk nie ooreenkom met wat dit behoort te wees nie) te werk? 'n Verdere vraag is of die nuwe dinamiese kerkbegrip werklik 'n genoegsame Skriftuurlike basis het - veral gesien in die lig van die feit dat gemeentebou homself doelbewus bedien van die kommunikatiewe handelingswetenskaplike paradigma? (Heyns 1988a; Heyns & Pieterse 1990; Van Wyk 1989; 1990; Wolvaardt 1980:293 e.v.). Bots dit nie met die tradisionele (gereformeerde) beoefening van die Diakoniologie (teenoor Praktiese Teologie) soos Kuyper (1909) en Jonker (1968; 1981) dit by geleentheid uitgespel het nie? In hierdie verband dien die teologies-kritiese beoordeling van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie as 'n "filter" waardeur die normvraag in die moderne prakties-teologiese benadering onder die loep geneem word. In die studie word telkens hierop gewys.

Hierbenewens is dit óók 'n vraag of die deurlopende aksent op die kerk (gemeente) in terme van praktyk- en basisteorieë nie die aandag só vasvang nie, dat - om dit so te stel - die Here van die kerk op die agtergrond skuif? Daarom is die tema van die navorsing vraagstellend geformuleer: **"Sola Ecclesia? 'n Kritiese verantwoording van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk."** Dit reflekteer die

oortuiging, dat agter die gemeentebouteologie 'n keuse en benadering lê wat ter wille van die organisering van praktiese kerkwees, die onverkorte belydenis dat Christus sy kerk deur die Woord en die Gees regeer en bou, beskadig. Hieruit is dit duidelik dat vir die beoefening van die teologie en die bediening van die kerk saakmakende aangeleenthede in die spel kom. So het die aanvanklike navorsing gelei tot die ontdekking van teologiese voorveronderstellings in die gemeentebouteologie van die Ned. Geref. Kerk wat aandring op verantwoording.

## 4. NAVORSINGSMETODE

Om die kerkbegrip van die gemeentebouteologie sinvol te verantwoord, word die onderhawige navorsing interdissiplinêr aangepak. Dit hoort tuis by Diakoniologie, maar sluit doelbewus aan by die Ekklesiologie. Daarmee word die ou gedagte van 'n samehang van die teologiese ensiklopedie vrugbaar benut. Spoelstra (1992; 1993) het reeds aangevoer dat Diakoniologie en Ekklesiologie, by name die Kerkreg, ensiklopedies nader aan mekaar moet beweeg om tot 'n nuwe terreinonderskeiding te kom. Dit hou verband met die oortuiging dat Praktiese Teologie en Kerkreg nié respektiewelik die "praktiese" en "teoretiese" kante van kerkwees bestudeer nie, en dat teorie en praxis ook nie as 'n verdelingsbeginsel vir die twee dissiplines se onderskeie velde van ondersoek kan geld nie.

Die studie is van huis uit diakoniologies van aard. Dit fokus vanuit hiérdie ensiklopediese stellingname op die kerkbegrip in die gemeentebouteologie. Metodologies kom dit neer op 'n omvattende bronnestudie. Vanselfsprekend behels dit die teologies-kritiese bestudering van (a) Suid-Afrikaanse en Ned. Geref. Kerk-literatuur oor gemeentebou, (b) literatuur met betrekking tot die buitelandse konteks daarvan, asook (c) die toepaslike primêre bronne, byvoorbeeld agendas en handelinge van sinodes. Omdat die studie die navorser noop om voortdurend teologies-krities om te gaan met die vooronderstellings en resultate van die handelingswetenskaplike benadering tot die Praktiese Teologie en die wyse waarop dit in terme van die teorie/praxis-problematiek in die gemeentebouteologie vergestalt, word (d) die tersaaklike literatuur met betrekking tot die voorvrae en grondslae van die dissipline ook verreken.

Omdat die studie ook die betekenis van 'n Skriftuurlike kerkorde, en daarom die bedoeling van die eerste gereformeerde kerkordes met die oog op die Skriftuurlike opbou van die gemeente wil ontgin, staan dit tweedens in 'n noue verband met die Ekklesiologie. Daarom vorm die (e) tersaaklike literatuur uit die Ekklesiologie ook 'n substansiële deel van die literatuur wat in die bronnestudie bestudeer word. Sonder om die historiese omlysting prys te gee, of die kontemporêre situasie uit die oog te verloor, word die resultaat van die studie in terme van taal en styl, dokumentasie en argumentasie tot 'n logiese sintese verwerk.

## 5. NOODSAAK

Om die kerkbegrip van die gemeentebouteologie teologies-krities te evalueer, moes uiteraard op bestaande literatuur in hierdie verband gesteun word. Die verrassende is dat daar baie min verskyn het met teologies-kritiese inslag. Dit dui daarop dat hierdie teologie tot op 'n groot hoogte byna kritiekloos in die Ned. Geref. Kerk, nie net as 'n teologiese dissipline nie, maar ook as 'n praktiese bediening, geakkomodeer word. Hier en daar, in Suid-Afrika maar ook in die buiteland, word kritiese vrae die afgelope aantal jare wel aan die adres van die gemeentebouteologie gerig. Daarin tree bepaalde aksentverskille na vore en mens kan nie aan die gevoel ontkom dat dit meesal nog

skoorvoetend na vore kom nie. Binne die Ned. Geref. Kerk vra Brown (1993) en Britz (1993) na die gereformeerde haalbaarheid van die benadering van die gemeentebouteologie. Die spesifieke ekklesiologiese en kerkteoretiese benadering asook die funksie van die Skrif, die belydenis en die gemeentegeskiedenis word in terme van 'n gesprek met die gemeentebouteologie opgeneem. Van buite die Ned. Geref. Kerk vra Spoelstra (1991c; 1992; 1993) die vraag na die wetenskaplike en ensiklopediese haalbaarheid van gemeentebou as dissipline binne die Diakoniologie. Dit doen hy vanuit 'n kritiese ingesteldheid teenoor die handelingswetenskaplike benadering vir die Praktiese Teologie asook met die vraagstelling of die verband tussen "Praktiese Teologie" en Kerkreg nie ensiklopedies duideliker verantwoord moet word nie.

In Nederland maak Te Velde in 1989 **Een eerste koersbepaling voor een nieuw theologisch vak** wat hy **Gereformeerde Gemeenteopbouw** noem (Te Velde 1989). Daarin lewer hy kritiek op die Skrifhantering, ampsbeskouing, antropologie, beskouing oor die kerkregering en die rol van die empirie en die sosiale wetenskappe in hierdie teologiese benadering. Later kom hy, terloops, in sy opvolgpublikasies oor **Gemeenteopbouw dele 1-4, Doelgericht en samenhangend werken in de christelijke gemeente (1)** (1992a), **Bijbelse basisprincipes voor het functioneren van de christelijke gemeente (2)** (1992b), **Methodisch beleid ontwikkelen in de christelijke gemeente (3)** (1993a) en **Handreiking voor een gemeente-werkplan (4)** (1993b) tog met homself (veral in deel 3 en 4) in teëspraak. In 'n mindere mate sluit Noordegraaf (1990) hom by die 1989-werk van Te Velde aan en waarsku ook teen die psigologiserende tendens in die benadering van Bons-Storm (1987) tot gemeentebou. Ook Velema, teoloog van die Christelijk Gereformeerde Kerk te Appeldoorn, bepaal hom in 1992 by **"Een levende gemeente - met het oog op gemeenteopbouw."** Opvallend is sy gereformeerd-konfessionele benadering. In die heiliging van die gemeente, in die liturgiese en onderlinge viering van die heil, in die diensverlening in verskillende verbande en in die missionêre gerigtheid is dit die bediening van die Woord en die diens aan die Woord wat 'n lewende gemeente met die oog op gemeentebou bewerkstellig. Vir Velema (1992:9) is die "relatie tot Christus" ter wille van 'n lewende gemeente "beslissend voor de gemeente in het Nieuwe Testament". Sy kollega, Van't Spijker (1990a), waarsku terselfdertyd as kerkhistorikus teen die gevaar van "ont-theologisering" in die gemeentebouteologie en diep weer die aspekte van gemeentebou in die tyd van die reformasie by Luther, Bucer en Calvyn op.

Die belang van hierdie Nederlandse literatuur lê daarin dat dit die breë verskynsel van gemeentebou in Europa en die VSA teologies wil verantwoord. Kragtens die openlike aansluiting by gemeentebouliteratuur uit Amerika en Europa by soveel Ned. Geref. teoloë, is hierdie kritiek vir die studie tersaaklik. Dit bied 'n baie belangrike aanknopingspunt in die verantwoording van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie. In die Suid-Afrikaanse konteks is die kritiek van Britz (1993), Brown (1993) en (in mindere mate) Spoelstra (1991c; 1992; 1993) tot op sekere hoogte nog verkennend en oorsigtelik. Dit mis 'n diachroniese en omvattende ontleding van die kerkbegrip en die prakties-teologiese grondslae van die gemeentebouteologie soos dit met name in die Ned. Geref. Kerk tot uitdrukking kom. In hierdie opsig behandel die studie dus 'n tema wat op behandeling aandring.

## 6. UITEENSETTING

Die navorsing het uiteindelik op 'n drieledige verdeling uitgeloop: 'n kerkhistoriese, 'n analitiese en 'n teologies-kritiese. In **Deel I** word die kerkhistoriese verband en ontwikkeling van die gemeentebouteologie in die Ned. Geref. Kerk nageloop. Daaruit blyk die omvang wat dit aangeneem het, sowel as die motiewe, aannames en oogmerke

wat in hierdie "teologie van die kerk" aan die werk is. Hoofstuk een vertel saaklik en oorsigtelik die verhaal van gemeentebou tussen 1970 en 1994. In die tweede hoofstuk word die verband waarin hierdie teologiese ontwikkeling staan, aangedui. Die invloed vanuit 'n Noord-Amerikaanse, Duitse en Nederlandse kerklik-teologiese konteks kom daarin ter sprake.

In die gemeentebouteologie gaan dit primêr om die gemeente. Dit loop soos 'n rooi draad deur die geskiedenis van hierdie ontwikkeling en benadering in die Ned. Geref. Kerk. Bevestig deur die historiese omlysting, is die kerkbegrip dus die mees prominente aspek van hierdie teologie. In **Deel II** word die kerkbegrip geanaliseer. Dit neem sy uitgangspunt in die konkrete en praktiese kant van kerkwees. In hoofstuk 3 word dus verduidelik hoedat hierdie uitgangspunt gevolg gee aan 'n kerkbegrip "van onder," dit wil sê ingedink word vanuit die geloofsgemeenskap. Uit die historiese oorsig het dit óók duidelik geword dat gemeentebouteologie 'n kerkbegrip hanteer en beredeneer wat in kontras moet staan met 'n statiese en tradisionele opvatting van die kerk (gemeente) by die Ned. Geref. Kerk. 'n Kerkbegrip in kontras is gevolglik die tiperende opskrif by hoofstuk vier.

In **Deel III** word die kerkbegrip by gemeentebouteologie verantwoord. Dit word teologies-krities gedoen as aanduiding van die gereformeerde en konfessionele oortuiging van die navorser. Gemeentebouteologie word kenteoreties gekondisioneer deur die handelingswetenskaplike paradigma. In hoofstuk vyf word gewys hoedat hierdie voorveronderstelling die funksionele en pragmatiese kerkbegrip by hierdie teologie bepaal. Goed deurskou, kom dit, wat die wetenskaplike beoefening van die dissipline betref, neer op 'n paradigma-verskuiwing. Daarmee word 'n diakoniologiese posisie verlaat. In die sesde hoofstuk word die konsekwensies van hierdie paradigma-verskuiwing verder uitgewerk. Daarin word aangedui dat kerklike reformasie nie in die eerste plek vanuit die kerk en kerklike herstrukturering aangespreek kan word nie. Dit loop uit op 'n kerksentrisme wat die seggenskap van die Skrif en die belydenisskrifte kortwiek. Die laaste hoofstuk maak die saak daarvoor uit dat 'n kerkorde, wat die regering van Christus deur sy Woord en Gees verwoord, die weg is waarlangs kerklike reformasie gerealiseer moet word. Daarin word die uitgangspunte van die gereformeerde teologie spanningsloos behou. Die sakkie word toegeknoop in 'n oorsigtelike samevatting.

Teen hierdie tyd behoort die objek, doel, metode en noodsaak van die studie duidelik te wees. Die uiteensetting sou die leser ook aan die aanpak oriënteer het. Waaroor geen onduidelikheid moet bestaan nie, is dat iemand met 'n gereformeerde oortuiging en uitgangspunt in die studie aan die woord kom. Iemand wat dieselfde bekommernis as die gemeentebouteologie het oor die praktiese kerkwees van die Ned. Geref. Kerk. Maar, wat dit wil verantwoord langs 'n ander lyn van denke.

Die saak wat hierdie studie onderstreep, kan aan die hand van 'n eenvoudige verhaal verduidelik word: in Hillbrow, Johannesburg staan 'n gebou wat dwarsoor die waterskeiding gebou is. Reën dit, loop die water in twee uiteenlopende rigtings weg. Die noordelike geut se water loop af in die Krokodilrivier en vandaar tot in die Limpopo om uiteindelik in die Indiese oseaan te beland. Deur die suidelike geut loop die water af na die Vaalrivier. Vandaar tot in die Oranje, om eventueel in die Atlantiese oseaan uit te mond. Water wat so op dieselfde dak val, loop uiteindelik in twee oseane, duisende kilometers van mekaar verwyder, uit.

Met teologiese verwysings en verbandlegging wil die gemeentebouteologie die opbou van die kerk van Christus bewerkstellig. Dit verteenwoordig kenteoreties 'n bepaalde lyn van denke. Vanuit 'n gereformeerde en diakoniologiese denklyn word in hierdie studie by wyse van verantwoording óók gedink oor die opbou van die kerk van Christus. Maar hierdie twee benaderings lê wesenlik oseane uit mekaar. Soos die uiteenlopende bestemming van die water op die dak in Hillbrow. In die taal van die moderne wetenskap gaan dit in werklikheid oor twee verskillende paradigmas.

Kerkhistories lê gemeentebou in die verlengde van 'n keuse wat in die Ned. Geref. Kerk gedurende die afgelope twintig jaar gemaak is, om die onbehaaglike situasie met betrekking tot die praktiese gemeentelike lewe daadwerklik aan te spreek. Hierdie keuse is empiries en pragmaties gemotiveer, daarom het dit op soveel kerklike aksies en herstrukturering uitgeloop. 'n Konfessionele verantwoording daarvan, vanuit die Skrif en die konfessie, het egter in die slag gebly. Die studie wys dit uit, in die vaste wete dat die gemeente se lewe deur die Woord en die Gees kom. So regeer Christus. En, waar Hy só regeer, kom daar orde.

# DEEL I

# KERKHISTORIESE OMLYSTING

Gemeentebou het sy verskyning in die Ned. Geref. Kerk gemaak as 'n bedieningsbenadering wat later ontwikkel het tot 'n vakwetenskaplike dissipline binne die veld van die Praktiese Teologie. Hierdie teologiese ontwikkeling dagteken uit die resente geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk. Dit staan in die teken van kontemporêre teologie-beoefening. Soos dit in die inleiding aangedui is, is dit die oogmerk van die studie om die kerkbegrip van die gemeentebouteologie teologies en krities te verantwoord. Dit is egter nie moontlik om die kerkbegrip uit die literatuur dogmaties-ekklesiologies in soveel eienskappe te abstraheer nie. Dit gaan hier om 'n funksionele kerkbegrip wat kontekstueel aangewend word. Dit beteken dat hierdie kerkbegrip vanuit sy aanwending en funksionele karakter beoordeel moet word. 'n Goeie begrip hiervan word verseker deur kennis van die manier waarop en waarom dit in die Ned. Geref. Kerk beredeneer is. Hierdie bedieningsbenadering is deel van die Ned. Geref. Kerk se geskiedenis en het self ook oor die afgelope aantal jare histories-teologies ontwikkel. Daarom begin die studie by 'n oorsig van die ontwikkeling van die gemeentebouteologie in die Ned. Geref. Kerk vanaf 1970 tot 1994 (hoofstuk 1).

Uiteraard word dit nie met omvattende kerkhistoriese vraagstelling en beskrywing gedoen nie. Die geskiedenis is beskrywe vir sover dit in verband staan met die ontwikkeling van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie. Daarmee word aangedui hoedat 'n funksionele kerkbegrip histories in terme van 'n teologiese ontwikkeling in die Ned. Geref. Kerk beslag gekry het. In hierdie sin begin die verantwoording van die betrokke kerkbegrip met 'n historiese vraagstelling en kerkhistoriese omlysting.

Aangesien gemeentebou in die Ned. Geref. Kerk nie 'n ongekwalifiseerde inheemse ontwikkeling is nie, word die belang van die Noord-Amerikaanse, Duitse en Nederlandse agtergrond van die Nederduitse Gereformeerde gemeentebouteologie (hoofstuk 2) ook in die speelveld gebring. Dit is trouens die enigste wyse om op die spoor te kom van eklektiese akkommodering en aansluiting by stof wat die kerkbegrip van die gemeentebouteologie in die Ned. Geref. Kerk in 'n bepaalde rigting gestuur het.

Soos die verhaal in Deel I ontvou, behoort dit duidelik te word dat 'n mens in gemeentebou by die Ned. Geref. Kerk met 'n substansiële teologiese inset te make het. Daarby moet die denklyn van hierdie teologie met betrekking tot sy verstaan van die kerk ook duidelik word. Wie die historiese oorsig lees, sal sien dat dit daarin om 'n dinamiese kerkbegrip gaan wat as 'n sosiologiese sisteem opgevat word. Met behulp van empiriese navorsing en sosiologiese teorieë van verandering kan dit vernuwe of herstruktureer word. Die proses van vernuwing word dus wetenskaplik begrond en beheer. So word kerklike reformasie dus van sukses verseker.

# HOOFSTUK 1

# DIE ONTWIKKELING VAN 'N GEMEENTEBOUTEOLOGIE IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 1970-1994

## 1.1. INLEIDING

Word die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sedert 1970 met teologiese begrip en onderskeiding in oënskou geneem, staan die ontwikkeling van 'n teologie van gemeentebou op die voorgrond. Van alle kante het die aandrang gekom om die gemeentes van hierdie kerk aantreklik en vitaal (onmisbaar) te maak. In die motivering hiervoor, sowel as die kerklike aksieprogramme waarop dit uitgeloop het, het 'n onderliggende kerkbegrip algaande gestalte gekry.

Hierdie kerkbegrip kan nie sonder meer in 'n uiteensetting van sy eienskappe geanaliseer word nie. Dit staan te ooglopend in verband met 'n teologiese en kerkhistoriese situasie. Dit het 'n bepaalde "Sitz im Leben" wat vir die verstaan en sistematiese uitklaring daarvan van deurslaggewende belang is. Die bedoeling van die eerste hoofstuk is gevolglik om gemeentebou as 'n resente teologiese ontwikkeling in die Ned. Geref. Kerk kerkhistories te karteer. Die studie begin dus met 'n kerkhistoriese oorweging. Vrae soos: Hoe het gemeentebou as 'n beweging in die Ned. Geref Kerk op dreef gekom? Watter teologiese motiewe het daarin 'n rol gespeel? Waar het die teologiese aansluiting gekom en waarom? - moet help om die kerkhistoriese omlysting en verwysingsraam bloot te lê.

Hiermee word die sentrale vraag van die navorsing (nl. dié van die kenmerke van die ter saaklike kerkbegrip) geanker in die kerkhistoriese situasie waarin dit beslag gekry het. Die belangwekkende sending- en evangelisasieprogram wat deur die 1970 Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk beredeneer en goedgekeur is, vorm die uitgangspunt hiervoor. Daardie debat het immers gesorg vir 'n beweging wat gedurende die volgende twintig jaar aan 'n gemeentebouteologie gevolg sou gee.

Die ontwikkeling van hierdie teologie het in twee fases sy verloop geneem. Aanvanklik, vanaf 1970 tot 1978, is die indiwiduele lidmaat en sy rol in die gemeente in kerklike programme en aksies beklemtoon. Na 1978 het 'n verskuiwing gekom. Terwyl 'n saak uitgemaak is vir gemeentebou as teologiese dissipline, het die gemeente as 'n *gemeenskap* in die sentrum van belangstelling te staan gekom. Die lidmaat is toe al meer in sy verband met hierdie gemeenskap geplaas. Eerstens word die aandag dus bepaal by die aksentuering van die rol van die lidmaat.

## 1.2. DIE AKSENTUERING VAN DIE ROL VAN DIE INDIWIDUELE LIDMAAT 1970-1978

Gedurende die sewentigerjare het drie omvangryke projekte die lidmate van die Ned. Geref. Kerk in sy geheel by evangelisasie en geestelike toerusting betrek. In 1970 is besluit op 'n landswye sending- en evangelisasieprogram. Vier jaar later, as 'n uitvloeisel hiervan, is die Jeug-tot-Jeugaksie in Suidelike Afrika geloods. By die Algemene Sinode van 1978 is 'n Lidmaattoerustingsprogram afgekondig waardeur elke belydende lidmaat geskool moes word

om "as lewende lidmaat van die gemeente die amp van die gelowige volwaardig te beoefen" (Agenda 1978:463). In al drie val die klem op die diens van die indiwiduele gelowige lidmaat.

### 1.2.1. 'N LANDSWYE SENDING- EN EVANGELISASIEPROGRAM WORD IN 1970 AANVAAR

Gedurende Oktober 1970 het die Ned. Geref. Kerk vir die derde keer in sy Algemene Sinodale verband vergader. Uit die agenda en handelinge (936 bladsye!) blyk dit dat die Algemene Sinode tot homself gekom het. In die lewe en struktuur van die Ned. Geref. Kerk het hy hom as die belangrikste vergadering gevestig. Van hieruit is die kerk se bediening en teologie beredeneer en bepaal. Sestien kommissies het die sinode hierin voorgegaan (vgl. Agenda 1970: Inhoudsopgawe).

Beide Kommissies vir Evangelisasie en Sending het by die sinode verslag gelewer van 'n kongres oor evangelisasie wat gedurende Augustus 1969 in Kinshasa in die Demokratiese Republiek van die Kongo bygewoon is deur di. P.E.S. Smith en O.H.S. Raubenheimer (Agenda 1970: 311, 530 e.v.). Dit het gekom op uitnodiging van **The Office for Worldwide Evangelism-in-Depth in Africa.** By daardie geleentheid is besin oor die aard en effek van 'n evangeliseringsprogram wat as Evangelism-in-Depth bekend gestaan het. Dit het die afgevaardigdes van die Ned. Geref. Kerk só beïndruk dat besluit is om dit voor die Algemene Sinode van 1970 ter tafel te lê. Die sinode het dit eweneens gunstig ontvang. Dit gee, so is geoordeel, aan die Ned. Geref. Kerk "die geleentheid om homself in prinsiepe en praktyk te bly" (Agenda 1970:531). Dit gaan nie van 'n sentrale interkerklike en oorkoepelende "topstruktuur" uit nie, maar "van die plaaslike gemeente en al sy ampte (besonder en algemeen)" (Agenda 1970:531). Vir die sinode was dit duidelik dat hierdie benadering moontlikhede inhou wat effektief benut kon word in Suid-Afrika.

Evangelism-in-Depth kom, volgens die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie (voortaan AKAE) neer op (1) die mobilisasie van alle gelowiges as getuies vir Christus, (2) die mobilisasie binne die plaaslike gemeentes, (3) die mobilisasie van die plaaslike leiers, predikers en ampte, (4) mobilisasie met 'n omvangryke wêreldwye doelstelling (Matt. 28:19) en (5) die sistematiese beplanning en koördinering van plaaslike behoeftes en middele (Agenda 1970:531). Omdat dit alles in ooreenstemming is met "soos ons kerk dit sien" (Agenda 1970:531), besluit die sinode om 'n gesamentlike en gelyktydige landswye evangelisasie- en sendingaksie onder die leiding van die AKAE en die Algemene Sinodale Sendingkommissie (voortaan ASSK) van stapel te stuur. Daarby beklemtoon die sinode dat dit "gebiedend noodsaaklik is dat die amp van die gelowige en elke gemeente geaktiveer word" (Agenda 1970:532, 843). Hiermee het 'n nuwe beweging én vergesig hom in die Ned. Geref. Kerk aangekondig. Sou dit realiseer?

Vier jaar later is by die volgende Algemene Sinode verslag gedoen. Daaruit blyk dat die AKAE 'n breë Aksiekomitee, bestaande uit die AKAE, twee ASSK-lede, twee lede van die Algemene Jeugkommissie (voortaan AJK), 'n lid van die Vrouehulpdiens en 'n lid van die Vrouesendingbond (Agenda 1974:284), benoem het. Met ander kerke is geskakel. Die Ned. Geref. Kerk se sogenaamde "dogterkerke" het, so word berig, in "hulle eie baan" beweeg met die landswye sending- en evangelisasieaksie (Jeug-tot-Jeugaksie Nuusblad nr. 2, September 1973:7). Ander erkende kerke is versoek om in terme van eie werkswyse en strukture ook hieraan mee te doen (Agenda

1974:284, 311). Die Aksiekomitee het egter slegs vir die Ned. Geref. Kerk beplan. Hy was eenstemmig oor die doel van die program: "die vernuwing en opbouing van die kerk, dit wil sê 'n aksie wat na binne gerig is, en die toerusting en mobilisasie van alle lidmate tot opbouing en uitbreiding van die gemeente van Christus" (Agenda 1974:284). Daarmee het die Ned. Geref. Kerk met homself besig geraak.

Die landswye aksie moes beslag gee aan 'n toegeruste en geïnspireerde gemeente van Christus wat sorgdra vir sy eie opbou, en wat lidmate aktief betrek in die volgehoue uitbreiding van die koninkryk van God. Tiperend is die leuse daarvoor: **"Leef vir Christus en sy kerk."** Ten einde lidmate te skool het ds. Malan Nel 'n kursus met die titel **"Getuies vir Christus"** (Agenda 1974: 285) opgestel. 'n Kursus vir ouderlinge, **Die amp van die ouderling** (Murray & Van Tonder 1973) is spesiaal ook vir hierdie doel geskryf.

Op voetspoor van die metode van Evangelism-in-Depth is benewens kursusse, ook predikantekonferensies (predikante word gesien as "sleutelpersone" - Agenda 1974:285), die vorming van 'n gebedsfront, die implementering van 'n huis-tot-huis-opname ten einde 'n "suiwer beeld van die gemeente" te bekom, sowel as sistematiese huisbesoek in die skedule vir die implementering opgeneem (Agenda 1974:285). Die taak wat elke lidmaat het in die opbou van die gemeente en die uitbreiding van die koninkryk van God, staan deurgaans voorop. Daarom moes die getuienistaak van die lidmaat ten alle koste opgeskerp word. Dit moes uitloop op 'n intensiewe getuienisaksie vir Christus in en deur die kerk (Nel 1973:42), in 'n gerigtheid tot álle mense (Nel 1973:50) ter wille van die uitbreiding van die koninkryk van God (Nel 1973:3,42-58). So moes die gewone lidmaat gemobiliseer word.

Dit blyk ook duidelik uit die begrippe wat in die verslag opduik. Daar word byvoorbeeld gepraat van die "mens-tot-mens-aksie" en die "mens-tot-mens-verantwoordelikheid" (Agenda 1974:286). "Christus het dit nooit anders bedoel nie," gaan die verslag voort, "as dat daar in die opbouing van sy gemeente 'n mens-tot-mens-aksie sou wees" (Agenda 1974:286). Die mens-tot-mens-benadering is, terloops, die hart van "evangelisasie-in-diepte" (Peters 1971:51). Op hierdie trant het vrou-tot-vrou-, ouers-tot-ouers-, kind-tot-kind-, student-tot-student-aksies skielik in die kerklike taalgebruik uitgeslaan.

Die landswye sending- en evangelisasieaksie het sekerlik nie gerealiseer soos wat dit by die 1970-Sinode ingedink is nie. Tog het dit 'n beweging onder die geledere van die jeug van die Ned. Geref. Kerk gestimuleer wat onthou sou word. Dit het 'n Jeug-tot-Jeugaksie geskep wat in 'n sekere sin die kulminasiepunt was van die hele sending- en evangelisasieprogram. Om die waarheid te sê, die Jeug-tot-Jeugaksie van 1974 het die verbeelding van die Ned. Geref.Kerk en die hele land aangegryp.

### 1.2.2. DIE JEUG-TOT-JEUGAKSIE VAN 1974

Die Jeug-tot-Jeugaksie van 1974 het opvallend genoeg nie sy ontstaan in die AKAE of die ASSK gehad nie. Terwyl die Aksiekomitee van die AKAE en die ASSK met beplanning van die oorspronklike sending- en evangelisasieaksie besig was, het die AJK inisiatief geneem en ondermeer 'n eiesoortige landswye Jeug-tot-Jeugaksie, waarin duisende jongmense gedeel het, van die grond gekry. Dit is nie as 'n alternatief vir die 1970-projek gesien nie, maar as 'n uitloper daarvan.

As een van die AJK se verteenwoordigers op die Aksiekomitee was dit ds. M.J. Smuts (sr.) wat 'n Jeug-tot-Jeugaksie in 'n memorandum voorgestel het. Dit is eenparig aanvaar en is deur die Breë Moderatuur goedgekeur. 'n Reëlingskomitee uit die AKAE en die AJK is saamgestel, sodat die aksie gedurende 1974 'n werklikheid geword het (Verslag van die Jeug-tot-Jeugaksie aan die Algemene Sinode in sitting te Bloemfontein op 18 Oktober 1987 en volgende dae; Aanvullende verslag van die AKAE, Bylae 8). Dit het onder leiding van di. M. Smuts (sr.), M. Nel, M. Smuts (jr.), J.F. Hay en mnr. Eddie de Hart gestaan. Die Jeug-tot-Jeugaksie was dus 'n direkte uitvloeisel van die landswye evangelisasieprogram (Agenda 1974:286) en was wesenlik 'n saaklike en inhoudelike voortsetting van die mens-tot-mens-aksie toegespits op die jeug. Kenmerkend van hierdie landswye aksie, wat besoeke aan die destydse Rhodesië (Zimbabwe) en Suidwes-Afrika (Namibië) ingesluit het, was die massasaamtrekke en die aktivering van die jeug ter wille van die inskakeling in die plaaslike gemeentes (Agenda 1974:286).

Dit het die geleentheid vir skoling in "Evangelisasie" gebied soos daar nog nooit was nie. Trouens, die aanbied van skolingskursusse was een van die belangrikste aspekte van die program van die Aksie. Die kursusmateriaal is netjies gebundel en deur die Jeug-tot-Jeugaksiekomitee opgestel. Handleidings in persoonlike werk, Bybelstudie-metodiek, 'n dosentegids in groepboumetodes en jeugwerkmetodiek, 'n kursus in leierskap en 'n nasorghandleiding het die lig gesien (vgl. Jeug-tot-Jeugaksie Kursus- en Skolingspakket, AJK 1974). Gewapen met hierdie toerusting- en skolingsmateriaal, aangevul met evangelisasie-gespreksboekies, moes die jeugspan ander jongmense oplei in Christelike leierskap en motiveer vir 'n mens-tot-mens-evangelisasieaksie vanuit die plaaslike gemeenteverband (Agenda 1974:286). Ook kerkrade is langs hierdie weg aangespoor om hulle jongmense op 'n goed georganiseerde wyse toe te rus vir die kerklike lewe. Die Jeugaksie wou dus geen onderneming naas die kerk wees nie, maar slegs "getuigend en evangeliserend die jeug teruglei" na die kerklike lewe (Agenda 1974:399). Die jongmense van die Ned. Geref. Kerk moes uit die kerk vír die kerk geaktiveer word (Agenda 1974:286). Daarom kon die destydse moderator, dr. Koot Vorster, aan die jeugspan by hulle indiensstelling die versekering gee dat "die kerk by hulle staan" (Agenda 1974:288).

Sonder twyfel het die Jeug-tot-Jeugaksie die gedagte en die praktyk van skoling van lidmate deur middel van kursusse oor 'n wye front by die Ned. Geref. Kerk ingedra. Gedurende 1974 is meer as 23 000 van hierdie kursusse versprei en daarna, tot 1978, onder leiding van die AJK 'n verdere 29 000 (Agenda 1978:421). Hiermee het die kerk 'n kursus bekom wat "dwarsdeur die land" (Agenda 1978:422) in gebruik gekom het - "veral ook vir die toerusting van volwasse lidmate." Hiermee saam pleit die AJK by die Sinode van 1978 dat die kursus nie eensydig net in "persoonlike werk" aangebied moet word nie, maar as 'n pakket in sy geheel. Die kursus het slegs so "die hoogste uiteindelike effektiwiteit vir die gemeente" (Agenda 1978:422).

Ook vir die AKAE was die werkswyse en motief van die Jeugaksie versoenbaar met sy eie beklemtoning van "evangelisasie-arbeid van die kerk op gemeentelike vlak" (Agenda 1978:639). Trouens, die AKAE het by die Algemene Sinode van 1978 die gedagtegoed van die Jeugaksie sy eie gemaak. Met die oog op die voortsetting van die aksie "Leef vir Christus en sy Kerk" (d.i. die 1970 landswye sending- en evangelisasieaksie) is 'n doeltreffende toerustingsprogram en predikantekursus bepleit (Handelinge 1978:1037). In die hele proses het die inset van die ASSK egter al meer op die agtergrond verskuif.

### 1.2.3. DIE SENDING SKUIF OP DIE AGTERGROND

Histories en teologies het die Ned. Geref. Kerk tussen sending en evangelisasie onderskei. In die sewentigerjare is evangelisasie in verband gebring met die kerklike bediening aan kerklos mense wat hoogstens nie meer Christene was nie (vgl. De Klerk 1979:20 e.v.). Hierteenoor is sending opgevat as die kerklike bediening aan ongekerstendes, aan hulle wat nog nie Christene was nie. Die "verskillende objekte" het om "verskillende benaderings" gevra. In 'n populêre sin is evangelisasie as kerklike werk aan wit- en sending as kerklike werk aan swart mense ingebeeld. Die feit dat die "sendingkant" van die oorspronklike 1970-program op die agtergrond geskuif het, is in die lig hiervan nie sonder betekenis nie.

Wat oorspronklik as 'n saamgestelde evangelisasie- en sendingaksie bedoel is, het uiteengeloop. Het die ASSK dit as 'n vereensydiging aangevoel? Op sy aanbeveling besluit die Algemene Sinode van 1974 immers dat juis die sendingaspek meer uitdruklik aan die orde moet kom (Agenda 1974:286). Ofskoon die program se motief en vertrekpunt 'n besliste missionêre aksent daarop nagehou het, was daar tog by die sinode 'n onrustigheid dat die invalshoek te swaar evangelisasie- of gemeentegerig was (Handelinge 1974:285). Het die belang vir die skoling van die amp van die gelowige, die rol van kerkrade in gemeenteverband, predikantekonferensies (Jeug-tot-Jeugaksie Nuusblad, nr. 1, Augustus 1973:7) en die verkryging van 'n "suiwer beeld van die gemeente" (Agenda 1974:286), die gedagte laat posvat dat die missionêre dimensie verlore kan gaan? Of, het die kerklike tradisie waarin met die onderskeid tussen evangelisasie en sending gewerk is, in die hand hiervan gespeel?

By die Algemene Sinode van 1978 is die sendingaspek van die program uiteindelik volledig aan die ASSK oorgelaat (Agenda 1978:637). Waar hierdie program aanvanklik die gesamentlike inisiatief van die AKAE en die ASSK was (Agenda 1974:283), gaan die weë dus uiteen. Sending en evangelisasie word dus in 'n teologiese en praktiese sin onderskei. Die ASSK het dienooreenkomstig voortgegaan met sy binnelandse en buitelandse sendingwerksaamhede soos sy sendingsekretarisse en sendingkommissies dit vir hom in stand gehou en uitgebou het (Handelinge 1978:881,1031). Dit het meegebring dat die ASSK en die AKAE elkeen respektiewelik met "sending" en "evangelisasie" op sy eie terrein besig was. Dit het verder meegebring dat die landswye sending- en evangelisasieprogram homself al meer as 'n evangelisasieaksie op die terrein van die AKAE ingeburger het.

Teen 1978 was dit duidelik dat die Kommissies vir Ampsbediening en Evangelisasie en vir die Jeug van die program 'n evangelisasieaksie gemaak het wat sy inslag in die kerk behou het deur middel van voortgesette toerusting en evangelisasie in gemeenteverband (Handelinge 1978:1037). Die skoling van die "amp van die gelowige" is opgeëis vir die ideaal van "evangelisasie op gemeentelike vlak" (Handelinge 1978:1037). Kortweg is in hierdie verband al meer gepraat van "lidmaattoerusting" (Agenda 1978:460).

### 1.2.4. 'N LIDMAATTOERUSTINGSPROGRAM

By die AJK het die saak in verband met na-kategetiese onderrig aan belydende lidmate reeds in 1966 te berde gekom (Verslag Jeugstudiekommissie 1976:150-1). Die praktiese haalbaarheid en geslaagdheid van die skolings- en toerustingsprogramme van die Jeug-tot-Jeugaksie, sowel as die klem op deurlopende opleiding van die landswye

evangelisasieaksie, het "die behoefte aan en noodsaaklikheid vir 'n program vir die toerusting van lidmate" (Agenda 1978:460-477) by die 1978-Sinode weer na vore gebring.

In 'n uitgebreide beredenering vir 'n "Lidmaattoerustingsprogram" (Agenda 1978:460-477) motiveer die AJK sy voorstel vir die "meerdere toerusting van belydende lidmate" (Agenda 1978:477). Daarmee word die amp van die gelowige meer effektief ontplooi. Volgens die kommissie pas hierdie program, as 'n metode van bearbeiding, goed in by 'n bedieningspatroon wat meer ruimte bied vir die betrokkenheid en deelname van lidmate (Agenda 1978:477). Die motief vir die program is "om die lerende en toerustende taak van die Ned. Geref. Kerk meer effektief te laat funksioneer en om bestaande leesstof in een geordende patroon en werkswyse saam te vat" (Agenda 1978:477). Die doel was "om met inagneming van die eise van die Skrif en die behoeftes en omstandighede van die persoon, elke belydende lidmaat deur 'n voortgesette toerustingsprogram verder toe te rus om as lewende lidmaat van die gemeente die amp van die gelowige volwaardig te beoefen" (Agenda 1978:463).

Dit is Skrifruurlik en prakties uiteengesit met verwysing na die voortgesette leerstellige onderrig en die algemene toerusting van lidmate. Met die nuwe kursusse en opleidingspakkette is wegbeweeg van die materiaal van die Jeug-tot-Jeugaksie, of is dit hoogstens aangevul. Op hierdie wyse moes baie lidmate wat 'n gebrek aan kennis en vaardighede het, gelei word om volwaardige lidmate van die kerk te word (Agenda 1978:462,464). Met die groot klem op die Bybelse begrip, 'n gedeelde visie met ander en die gebruikmaking van leerplanne en hulpmiddels is die gedagte gevestig dat die gemeentelike lewe 'n menslike kant het wat heel prakties begelei en bestuur moet word (Agenda 1978:464).

Bybelkor is aangedui as een van die belangrikste verskaffers van leerstof en toerustingsmateriaal (Agenda 1978:465, 466). Bybelkor het as 'n Bybel-Korrespondensiekursus wat deur die Raad van die Hugenote-Kollege ingestel is, begin. By die Algemene Sinode van 1970 het hierdie kursus ter sprake gekom en is dit amptelik deur die Ned. Geref. Kerk erken (Agenda 1970:528-529). By dieselfde sinode is die Hugenote-Kollege as die verantwoordelikheid van die kerk aanvaar. Dit was immers 'n instelling vir die opleiding en skoling vir persone in Christelike dienswerk (Agenda 1974:433). Hierbenewens het die skolingsafdeling (Bybelkor) hom ook daarop toegespits om met algemene kursusse die geestelike opbou van lidmate te dien, met spesiale kursusse die toerusting van "spesifieke groepe binne die kerklike struktuur" en met jeug- en studentekursusse die jongmense te skool (Agenda 1978:596 e.v.). Op hierdie wyse is duisende kursusse in die kerk versprei, onder andere in verband met **Só glo ek**; **Christen-wees vandag**; **Hoe lief het ek U wet**; **Ouderling vir Christus**; **God en die tiener**; **Jona en jy**; ensovoorts.

Dit is dus duidelik dat die winste uit die AKAE en die AJK, naamlik die aandrang op die toerusting van die indiwiduele lidmaat (of die aktivering en die ontplooiing van die amp van die gelowige) regdeur die sewende dekade in die Ned.Geref. Kerk in 'n groeiende sin na vore gekom het. Hierbo is dit in breë trekke beskrywe. Die rol van die gemeente as die gemeenskap waarbinne die lidmaat funksioneer, is egter eers na 1978 goed ingesien en voortgaande hierby betrek. 'n Dinamiese gemeenteboustudiegroep het die klemverskuiwing van die indiwiduele lidmaat na die kollektiwiteit van die gemeente as geloofsgemeenskap, beredeneer en toegepas in 'n aantal gemeentes.

Daarmee het die tweede fase in die ontwikkeling van die gemeentebouteologie in die Ned. Geref. Kerk aangebreek.

## 1.3. DIE VERSKUIWING VAN DIE AKSENT VAN DIE INDIWIDUELE LIDMAAT NA DIE GEMEENTE AS 'N GEMEENSKAP 1978-1994

Toe die gemeente as gemeenskap gedurende die tagtigerjare na die sentrum van belangstelling verskuif is, het 'n teologie van gemeentebou algaande daaruit gekristaliseer. Dit hang saam met die wetenskaplike en empiriese navorsingsprojekte wat oor die stand van die Ned. Geref. Kerk in sy geheel onderneem is. 'n Doelbewuste wetenskaplike belangstelling in die gemeente as gemeenskap het die implementering van 'n nuwe teologiese kursus, **Gemeentebou**, gestimuleer. Daarmee het dit deel geword van die beoefening van die teologie in die Ned. Geref. Kerk. Gedurende 1978 was 'n Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep al hiermee besig.

### 1.3.1. DIE DINAMIESE GEMEENTEBOU-STUDIEGROEP 1978-1982

Interessant genoeg, moet die ontstaan en werksaamhede van die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep teen die agtergrond van die Algemene Sinode van 1978 se afwysende houding teen **Campus Crusade for Christ** gesien word (Agenda 1978:640).

Vir die Algemene Sinode van 1978 was dit immers duidelik dat "al hoe meer leraars hul aanbied vir opleiding deur Campus Crusade for Christ" (Agenda 1978:639), en dat daar op hierdie wyse lektuur en die teologiese oortuigings van hierdie interkerklike beweging by die Ned. Geref. Kerk ingedra word. Sodoende is die eie kerklike skolingsmateriaal in die vergeethoekie gelaat, terwyl CCC "meedoen aan die opbou van gemeentes" (Agenda 1978:640; sien verder 677-682). Die sinode het met 'n meerderheidstem (vgl. ammendemente Handelinge 1978:912-13) leraars en gemeentes doelbewus aan skolingsmateriaal van die Ned. Geref. Kerk self gehou.

In die lig hiervan het 'n groep Oos-Randse predikante na afloop van die 1978-Sinode besluit om 'n werkgemeenskap te vorm (Agenda 1982:43). Hulle het 'n diepgevoelde behoefte aan 'n sistematiese en praktiese gemeenteboupro-gram, gebaseer op dissipelskap, gedeel (Schoeman 1984:7). Hulle wou die besinning verder voer, en ook oor die opbou van die gemeente waarin die skoling van die amp van die gelowige van deurslaggewende belang is, beraadslaag. In die arsenaal van die Ned. Geref. Kerk het toepaslike materiaal (vir die opbou van die gemeente) klaarblyklik nog ontbreek. Die beskikbare kursusse van Campus Crusade kon ook nie sonder meer gebruik word nie. Die studiegroep kon egter aansluiting soek by die lidmaattoerustingsprogram wat deur die 1978-Algemene Sinode goedgekeur is. Hy het egter ook kursusmateriaal vir eie gebruik opgestel (Agenda 1978:463; Schoeman 1984:14). Die programme wat die predikante van die studiegroep aangebied het, het gou bekend geraak. Hulle was in aanvraag en het kursusgangers by die dinamiek van die gemeente as gemeenskap betrek. Dit het by die kerk ingeslaan en belangstelling gewek (Agenda 1982:43).

Hiermee het die aanvanklike aandag vir die rol van die indiwiduele lidmaat ongemerk op die agtergrond geskuif. Die gemeente as 'n fenomeen of entiteit het in die gesigsveld gekom. Daarmee is in die hand van 'n objektivering van die gemeente gespeel. Op die keper beskou, hang die ontstaan van bogenoemde Studiegroep dus saam met wat

Schoeman (1984:6) in sy kritiese evaluering van **Dinamiese Gemeentebou** aandui as 'n toenemende "gemeente-bewussyn" wat by leraars en lidmate binne die Ned. Geref. Kerk aan die groei was (Schoeman 1984:6). Dat dit hier om 'n breëre bewuswording gegaan het, word onderstreep deur die feit dat die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie sy kongres gedurende 1982 aan gemeentebou afgestaan het. Hiermee is die besinning oor dinamiese gemeentebou in die kader van die vakwetenskaplike diskussie ter sprake gebring (Nel 1982b).

Oor die noodsaak van gemeentelike herstrukturering en die oogmerk van vernuwing in die bediening, kon die kongres nie uitgepraat raak nie. Die referate is agterna as **Die Kerk se werk** (Nel (red.) 1982b **Kongresreferate van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie 1981/1982**) gebundel. Veelseggend is die temas wat behandel is: "Gemeenteopbou" (Labuschagne 1982:60 e.v.), "Bedieningstrukture" (Pieterse 1982:75 e.v.), terwyl Nel (1982b:89 e.v.) 'n praktykgerigte "Program tot vernuwing" voorgestel het. Hiervolgens moet dinamiese gemeentebou binne die normale lidmaattoerustingsprogram van die gemeente toegepas en in werking gestel word (Nel 1982b:100). Hierdie kongres is 'n aanduiding van die breë belang wat aan gemeentebou toegeken is en verteenwoordig inderdaad die eerste treë in die beredenering van die prinsipiële grondslae daarvan.

Teen 1982 was die konsep "gemeentebou" as 'n praktiese bedieningsbenadering goed bekend (Agenda 1982:43). Uiteraard het die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep hierin 'n bepaalde rol gespeel. Nog voor die Algemene Sinode van 1982, het die AKAE gesprek gevoer met hierdie Studiegroep. Hulle gemeenteboumateriaal is aan die dagbestuur van die AKAE voorgelê vir beoordeling en keuring (Agenda 1982:43). Hiermee het 'n geleentheid gekom om die konsep, naamlik dié van "dinamiese gemeentebou" waarmee die Studiegroep gewerk het, by 'n invloedryke kommissie van die Algemene Sinode te beredeneer.

Die rigtinggewende gedagte of oortuiging van die Studiegroep was dat God se plan met die kerk gerealiseer word wanneer 'n "dinamiese gemeente" die wêreld vir Christus bereik, sodat God daardeur verheerlik kan word (Schoeman 1984:9). 'n Dinamiese gemeente vereis uiteraard geestelike leiers wat ander toerus, sodat gelowiges met die oog op dienswerk gevorm kan word (Schoeman 1984:9). Die begrip waarmee die toerusting en begeleiding van leiers aangedui word, is "dissipelskap" wat eintlik so kenmerkend is van dinamiese gemeentebou. Beide konsepte ("dinamiese gemeente" en "dissipelskap") word aan die hand van 'n sewepuntplan geïmplementeer. Hierdie plan herinner terloops ooglopend aan die benadering en werkswyse van Campus Crusade (vgl. Agenda 1978:678 e.v.). Die sewepuntplan om 'n "dinamiese gemeente" te skep, bestaan uit sewe opeenvolgende stappe. Die eerste stap is bedoel om die leraar te oortuig van die tekort aan deeglik gevormde dissipels in die gemeente (Schoeman 1984:9). Hy moet aangegryp word deur 'n visie vir die opleiding van dissipels wat weer ander kan oplei. Langs hierdie weg word 'n vermenigvuldigingsproses op tou gesit met die oog op die opbou van die gemeente tot 'n ware dissipelgemeenskap (Schoeman 1984:10). Naas die belangrike visie van die leraar is die tweede stap die oordra daarvan aan die kerkraad en ander gemeentelike leiers. Dit geskied deur middel van 'n **Gemeentebou Seminaar vir Kerkraadslede en Geestelike Leiers** (Schoeman 1984).

Nadat die kerkraad hierdie algemene oriëntering ontvang het, word 'n **Eerste Kursus in Dissipelskap** wat op alle lidmate gerig is, aangebied. Die doel hiervan is van om lidmate se geestelike lewe te verryk met die nodige kennis en waardering vir hulle verlossing en roeping as gelowiges (vgl. Schoeman 1984:11). 'n **Tweede Kursus in Dissipelskap** volg hierna met gewillige lidmate wat die eerste seminaar deurloop het. Die tweede geleentheid is

daarop bereken om die gemotiveerde lidmate tot die visie te bring dat getuienis 'n integrale deel van hulle lewenswyse is (vgl. Schoeman 1984:12). As vrug van hierdie tweede seminaar ontstaan dan op 'n spontane wyse diensspanne op alle vlakke van die gemeentelike lewe. Dit word mettertyd opgevolg met 'n langtermyn seminaar in dissipelskap wat daarop gerig is om diegene wat tot dusvêr in die program gedeel het, "dissipelmakers" in eie reg te maak (Schoeman 1984:13). In samewerking met hierdie kerngroep word die eerste seminaar in dissipelskap weer aangebied. So is die siklus voltooi en kom 'n volgende siklus al weer op dreef. Deur middel van hierdie sikliese sewepuntplan word gepoog om die beweging van dissipelskap in die gemeente aan die gang te sit (Schoeman 1984:13).

Dit is moeilik om vas te stel hoe wyd hierdie sewepuntplan rondom "dissipelskap" in 'n "dinamiese gemeentebouprogram" in gemeentes van die Ned. Geref. Kerk toegepas is. Feit is dat hierdie program gedurende 1981 deur die AKAE in behandeling geneem is, en na die Algemene Sinode van die volgende jaar gebring is. Op aanbeveling van die AKAE, en in die lig van sy gesprek met die studiegroep, het die Algemene Sinode van 1982 besluit om ondersoek in te stel na eenvormige skolingsmateriaal met die oog op toerusting en kursusse in belang van die voortsetting van die "intensiewe landwye Ampsbediening- en Evangelisasieaksie," soos die oorspronklike sending- en evangelisasieaksie nou genoem is (Agenda 1982:44). Die Sinode dra dit aan die AKAE op om in samewerking met die Algemene Jeugkommissie, Bybelkor en die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep aan eenvormige kursusse te werk en uit te gee as materiaal vir ampsbediening en evangelisasie "van die kerk en vir die kerk" (Handelinge 1982:1217). Op 'n werkbyeenkoms van vier dae is koppe bymekaar gesit en hulle materiaal krities geëvalueer. Die resultaat is in die hande van Bybelkor gestel wat uitgeloop het op 'n omvattende gemeenteboureeks (Agenda 1986:391). In al die sinodale streke is inleidende seminare gereël waarby predikante kennis gemaak het en gemotiveer is om die inhoud van die materiaal te benut (Agenda 1986:391). Dit het onmiddellik inslag gevind en gemeengoed in die Ned. Geref. Kerk geword.

Só het "Dinamiese Gemeentebou" die *gemeente* betrek by die groeiende aandrang in die Ned. Geref. Kerk om kursusmateriaal ter wille van geestelike toerusting te produseer. Die klem op die gemeente dui op 'n bepaalde ontwikkeling. In die begin sewentigerjare het die aksent nog geval op die skoling van die indiwiduele gelowige. Met die belangrike rol wat die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep, die AKAE, AJK en Bybelkor gespeel het, is die ideale van lidmaattoerusting en -skoling gekomplementeer met die konsep "dinamiese gemeentebou". Met die oorname van die konsepte van gemeentebou en met die hulp van Bybelkor se lidmaattoerustingsprogram, het *lidmaattoerusting* en *gemeenteopbou* 'n lewenskragtige tweeling binne die Ned. Geref. Kerk geword. Dit het trouens só ingeburger geraak in die kerklike lewe dat die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep sy werksaamhede kon opskort. Die Ned. Geref. Kerk het nou immers oor omvattende en goedgekeurde kursusmateriaal vir die opbou van die gemeente beskik. Gedurende 1985 is dit gepubliseer (Agenda 1986:391).

### 1.3.2. KURSUSMATERIAAL VIR DIE OPBOU VAN GEMEENTES VAN DIE NED. GEREF. KERK 1985

Die bekende **Gemeenteboureeks**, wat gedurende 1985 die lig gesien het, was die direkte gevolg van die opdragte van die Algemene Sinode van 1982 met betrekking tot eenvormige kursusse en skolingsmateriaal (Handelinge 1982:1216-1217). Die beduidende betekenis en invloed van hierdie reeks blyk uit die omset en oplaag wat versprei

is. Dit is vyf keer herdruk en 'n totale oplaag van 112 478 eksemplare is sedert 1985 versprei.[1] Die moontlikhede van gemeentebou het inderdaad die verbeelding van die kerk aangegryp.

Drie seminaarkursusse met die volgende titels het die lig gesien: **Doelgerigte gemeentebou** (Inleidende Seminaar), **Opgebou en uitgestuur** (Seminaar 1) en **Toegerus vir diens** (Seminaar 2). Dit is aangevul met drie gespreksboekies wat handel oor geloofsekerheid, "Dinamiese Christen-wees", en een gerig op kinders. Naas die gespreksboekies is tien sogenaamde "dissipelskapboekies" gedruk wat temas rondom geloofsekerheid, dissipelskap, diens en getuienis behandel. Deur middel van Bybelkor se publikasies kom die aanvanklike werksaamhede en resultate van die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep nou amptelik op die program van die kerk met betrekking tot gemeentelike vernuwing. Uit hierdie publikasies is dit ook duidelik dat die skrywers (di. A. Botha, J.J.H. du Plessis, G.F.E. Geldenhuys, N.J. Grobler, M.J. Lazenby, L.K. Louw, J.L.C. Pienaar, H.P. Potgieter, F.H. Snyman, C. Steyn, J.J. Steyn, M.J. Swart, H.C. van Zyl, J.H. Wildenboer) die leraars is wat deel uitgemaak het van die studiegroep (vgl. Inleiding tot Doelgerigte Gemeentebou: Inleidende Seminaar, 1985, Bybelkor).

Die kursusse word gekenmerk deur 'n sterk klem op persoonlike geloofsekerheid, op dissipelskap en op die insig van wat die wese van die kerk is. Die nuwe kursusmateriaal is, anders as wat tot dusvêr in die Ned. Geref. Kerk na vore gekom het, doelbewus gegrond op 'n bepaalde verstaan van kerkwees. Hoewel dit in die verlengde lê van die stof wat deur die landwye evangelisasieaksie geskep is, lê die wissels hier tog anders (Du Plessis et al. 1985:5,17,41). Die doel is om deur middel van die skoling van die lidmaat met die oog op 'n Geesvervulde lewe en ware dissipelskap, deur te stoot na die aanvaarding van die oortuiging dat die kerk 'n dinamiese getuienisgemeenskap is (Botha et al. 1985:2). Daarvoor is die rol van geestelike leiers onontbeerlik vir die opbou en getuienistaak van die gemeente (Du Plessis et al. 1985:37). Kenmerkend van hierdie kursusmateriaal is die heel praktiese en strategiese benadering. Die identifisering en die analise van die behoeftes en probleme sowel as die aanwys van die voordele vir die gemeente (Du Plessis et al. 1985:40), vorm 'n belangrike hoeksteen van die reeks. Eintlik loop alles daarop uit dat die lewe en suksesvolle bediening van die gemeente die vrug is van 'n geslaagde gemeentebouprogram. Dit is baie duidelik dat 'n dinamiese en funksionele kerkbegrip die duidende teologiese krag agter die bogenoemde gemeenteboureeks is.

Die gemeenteboureeks is hersien en aangevul. In die verwerking daarvan is die gespreksboekies en dissipelskapboekies behou, terwyl die seminaarkursusse uitgebrei is deur die toevoeging van 'n **Aksieplan Dissipelskap** en die **Lewende Gemeente-reeks** (Bybelkor-katalogus 1994:18-19). Die basiese uitgangspunt is egter behou. Die grondliggende teologiese aannames en oortuigings van hierdie kursusmateriaal het begin aandring op uitklaring. Daarom is gemeentebou by die Algemene Sinode van 1986 teologies omskrywe.

---

1 Hierdie inligting is ontvang van ds. Willie Botha van Bybelkor, Posbus 420, Wellington 7655.

### 1.3.3. GEMEENTEBOU TEOLOGIES GEDEFINIEER EN MET STRATEGIESE BEPLANNING VERSOEN 1986

By die Algemene Sinode van 1986 is *gemeentebou* omskrywe. Die AKAE het dit in sy verslag aan die sinode opgeneem. Gemeentebou is "'n handeling van die drie-enige God wat deur sy Woord en die diens van die besondere ampte en die amp van die gelowige sy gemeente opbou tot 'n teken van sy koninkryk in die wêreld" (Agenda 1986:391). Hierdie omskrywing word egter gekwalifiseer. Dit is "daardie bediening wat naas en met gebruikmaking van die liturgie, diens van die gebede, prediking, pastoraat, lering, getuienis, gerig is op die opbou van die gemeente" (Agenda 1986:390-391). Dit is die "besinning van die gemeente self oor sy wese en funksionering." Hieruit vloei voort dat die gemeente sy bedieningstrukture voortdurend moet evalueer en waar nodig in belang van effektiewe funksionering aanpas (Agenda 1986:391). Sodoende is die doelgerigte gemeentebou "'n bediening waarin die kerk voortdurend besin oor die Bybelse perspektief op sy wese en doel" en voortgaande vernuwe in die lig hiervan (Agenda 1986:391). Die gemeente as sodanig het voorwerp van bestudering geword. Gemeentebou het dus 'n duidelike teologiese moment waar gedink word vanuit die handelinge van God Drie-enig. Verder het dit 'n saaklike en praktiese kant wat beteken dat bedieningstrukture voortdurend geëvalueer en aanpassings gemaak moet word in die belang van goeie gemeentelike funksionering. Die verslag bied dan ook 'n werksformule aan waarin gemeentebou verstaan word as 'n studie met die oog op die duidelike formulering van die wesentlike van gemeentewees; navorsing met die oog op 'n diagnose van die toestand in die kerk; die formulering van beleid; en die inisiëring vir die voorbereiding van materiaal in hierdie verband (Agenda 1986:391).

Sinodes, ringe en gemeentes word in die lig hiervan opgeroep om op 'n deurlopende basis te besin oor die "stand van die kerk" en die vervulling van sy roeping in die moderne wêreld (Agenda 1986:391). Bowendien word dit die opdrag aan die AKAE om voortdurend navorsing te doen oor die stand van die kerk in die lig van die eise van die Woord en die wêreld waarin die kerk hom bevind (Agenda 1986:391). Die AKAE het hierdie opdrag gestand gedoen deur middel van volgehoue sensusondersoeke na die welstand van die Ned. Geref. Kerk (vgl. Smuts (red.) 1986).

Vir die doel van hierdie hoofstuk, naamlik om die ontwikkeling van gemeentebou in sy kerkhistoriese verloop te omlyn, moet die belang van die analitiese vraag na die "stand van die kerk in die moderne wêreld" nie onderskat word nie. Dit het immers uiteindelik een van die hoekstene van die gemeentebouprogram geword. As deel van sy opdrag om die kerk- en staatsensusse van die vroeë jare tagtig te verwerk (Handelinge 1982:1012), het 'n ad hoc-komitee van die AKAE 'n vorderingsverslag "met die oog op 'n strategiese beplanning vir die Ned. Geref. Kerk met die oog op die jaar 2000" (Agenda 1986:404 e.v., 400, 636) voorberei. Hierdie verslag het die Ned. Geref. Kerk en sy gemeentes aan 'n wetenskaplike metode gehelp om die "stand van die kerk" noukeurig te peil. Uiteraard kom hierdie metode, analise en strategiese beplanning uit die nie-teologiese sosiale wetenskappe. Ds. Mike Smuts (jr.), die destydse Predikant in Sinodale Diens met opdrag Ampsbediening en Evangelisasie en ds. Gert Olivier, die Sekretaris vir Jeug- en Gemeentebediening van die Suid-Transvaalse Sinode, het in hierdie verband die belang van strategiese beplanning deur middel van bestuurskonsultante by die AKAE en die Algemene Sinode ter sprake gebring. Omdat dit in die jare na 1986 oor 'n breë front na gemeentes "afgewentel" is (met aanpassing en aksentverleggings) vir ter plaatse toepassing, word kortliks hierby stilgestaan.

Na die 1985-kerksensus, begin die verslag, het die AKAE deskundige advies van professionele konsultante ingewin, "met die oog op 'n verantwoorde strategiese beplanning wat kan lei tot pro-aktiewe optrede deur die kerk" (Agenda 1986:404). In veranderende omstandighede moes die kerk ten alle koste waak teen reaktiewe optrede en liewer met "tydige en effektiewe regstellende aksie" vorendag kom om sy roeping in die wêreld te vervul (Agenda 1986:404). Vanselfsprekend word hier die Ned. Geref. Kerk in 'n algemene sin bedoel. Die werkswyse of "werksfilosofie" soos die verslag dit noem, om sinvolle strategiese beplanning te implementeer, word in vyf duidelike onderskeibare "stappe" wat in 'n proses na vore kom, aangedui. Die proses begin met die skets van 'n aantal scenario's of verwagte toekomsontwikkelinge, wat negatief en positief ingedink moet word. In die lig van hierdie scenario's is die volgende stap om 'n bondige ideaal te formuleer van hoe die kerk moet wees om in die verwagte wêreld van 2000 sy Bybelse roeping na te leef. Insiggewend is die ideaal wat die komitee vir die Ned. Geref. Kerk ingebeeld het. Daarvolgens slaag die kerk toenemend om in 'n veranderende wêreld vanuit die Woord en die belydenis "dinamies en voortreflik" te funksioneer en is hy rigtinggewend betrokke by "versoening, geregtigheid en vrede." Hierbenewens word die eenheid van kerke van gereformeerde belydenis te midde van hulle verskeidenheid meer sigbaar, terwyl die gesekulariseerde mens doeltreffend geëvangeliseer word. Die mens in nood word tegemoet getree met die effektiewe mobilisering van hulpbronne. Pligsgetroue leraars lewer doeltreffende, toegewyde prestasie-georiënteerde diens met die erediens as sentrale ontmoetingsgebeure tussen God en mens, terwyl toegeruste en toegewyde lidmate met dienswerk en getuienis God se koninkryk in die wêreld indra.

Met die oog op die bereiking van bogenoemde ideaal, word 'n analise gedoen van die geleenthede en die bedreiginge wat die toekoms inhou. Dit loop uit op die identifisering van sterk- en swak punte in die huidige opset van die kerk. Dit gee weer aanleiding tot die formulering van 'n aantal prioriteitsareas wat as strategiese doelstellings beskrywe word. Wat het die komitee vir die Ned.Geref. Kerk ingedink? Sewe prioriteitsareas kom in die verslag na vore: bewuste afhanklikheid van die leiding van God, eenheid binne die kerk, die openheid om te verander, die benutting van hulpbronne, deurlopende toerusting van leraars (dit sluit in die ontwikkeling van bedieningspatrone, die benutting van gawes van lidmate en die bestuur van die totale gemeentebediening as 'n beplande en 'n gekoördineerde handeling), die toerusting van lidmate en laastens 'n sinvolle erediens. Al die prioriteitsareas word opgebreek in meetbare doelwitte en aksiestappe ter bereiking daarvan. Al die "ter saaklike instansies" moet doelwitte en beplanning van aksies hieruit beredeneer. Met "instansies" het die sinode blykbaar bedoel kommissies (Handelinge 1986:636) wat met gebruikmaking van kundiges, deurlopend navorsing moes doen oor die implikasies van die veranderende omstandighede vir die bediening van die kerk.

Hiermee is 'n werksfilosofie of metode aangelê om op 'n wetenskaplike wyse die empiriese kerk te analiseer met die oog op strategiese beplanning vir die toekoms. Op sy beurt moet dit ten nouste in verband gesien word met die opgang wat gemeentebou in dieselfde tyd gemaak het. Gemeentebou het immers dieselfde intensie, naamlik om in veranderende omstandighede aan te pas en te vernuwe ter wille van 'n effektiewe bediening. Soos hierbo aangeteken, is strategiese beplanning deur middel van empiriese situasie-analises in baie gemeentes van die Ned. Geref. Kerk toegepas. Met 'n metode uit die nie-teologiese wetenskappe is gepoog om nuwe bedieningsmoontlikhede in werking te stel en uitgediende bedieningspatrone uit te skakel. Daarmee is gemeentebou met strategiese beplanning versoen. Hierdie versoening word moontlik vanweë die uitgesproke funksionele kerkbegrip wat in die definisie van gemeentebou teologies gemotiveer is.

Die empiriese ondersoeke na die "stand van die kerk" is in werklikheid op groot skaal in die tagtigerjare onderneem. Bekend as Kerkspieëls, is die resultaat van die eerste gedurende 1981 gepubliseer. In die volgende paragraaf word op die rol en invloed van hierdie "kerklike sensusse" ingegaan.

### 1.3.4. KERKSPIEëLS SORG VIR 'N WETENSKAPLIKE DIAGNOSE VAN DIE KERK

Dit is nie toevallig nie dat omvangryke empiriese verslae oor die toestand in die Ned. Geref. Kerk die lig gesien het, juis in 'n tyd toe die gemeenteboubenadering in die kerklike lewe aan die ontwikkel was. Die **Kerkspieëls** wat onderskeidelik in 1981, 1985 en 1989 gepubliseer is (Agenda 1990:391), is voorafgegaan deur omvattende empiriese navorsing, hoofsaaklik met behulp van vraelyste. Die hele onderneming is aangepak as 'n navorsingsprojek van die Universiteit van Suid-Afrika en het onder leiding van die bekende sosioloog, prof. I.J. van Eeden, gestaan. Die verwerking van die gegewens het gevolglik 'n haalbare profiel van die Ned. Geref. Kerk daargestel. Dit is diagnosties, statisties en met die oog op projeksies (Agenda 1986:382) aangebied. Die groeiende onrustigheid dat alles nie pluis is met die bediening en lewe in die Ned. Geref. Kerk nie, is hiermee wetenskaplik bevestig.

Vanselfsprekend is die Kerkspieëls meer as net 'n analise van die "stand van die kerk." Dit was 'n diagnose. By die 1986-Sinode is dit uitgespel. Die bedoeling was "om die belangrikste knelpunte wat in die vorige opnames geïdentifiseer is, wetenskaplik te verklaar sodat die kerk in die lig daarvan herstellende optrede kan oorweeg" (Handelinge 1986:633). Om die kerk werklik tot hierdie optrede te beweeg, het die Algemene Sinode van 1990 daarop aangedring om van die "hoogs betroubare data" (Agenda 1990:392) van die Kerkspieëls gebruik te maak.

Dit het uiteraard soos 'n handskoen gepas in die sáák wat deur die gemeenteboureeks aangespreek is. Die Kerkspieëls het egter die belang van empiriese analise en dataverwerking as wetenskaplike basis vir die gemeentebou (en kerkbou) -proses onder die aandag gebring. Sprekende bewys hiervan is die toenemende mate waarin proefskrifte en publikasies aangeknoop het by resultate van diagnostiese en empiriese navorsing (Müller 1983; Louw 1984; Pieterse 1985). Louw (1984) klop in sy proefskrif, **Dienswerk- 'n eietydse bedieningsmodel vir die opbou van die gemeente**, byvoorbeeld direk aan die deur van die sensusgegewens van Kerkspieël 1982. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar ernstige gebreke in die Ned. Geref. Kerk se ampsbedieningspraktyk is en dat hierdie feit eventueel moet lei tot alternatiewe bedieningsmoontlikhede (Louw 1984:3). Ook in publikasies oor gemeentebou staan die belangrikheid van die gegewens en resultate van die Kerkspieëls aangeteken (vgl. Hendriks 1992a).

Die empiriese navorsingsmetode en situasie-analisering het hulleself as waardevolle instrumente vir die sinvolle "herstellende optrede", veral op gemeentelike vlak, gevestig. Uit alles wat tot dusvêr gesê is, behoort dit nou duidelik te wees dat die gemeenteboubenadering met bogenoemde navorsingsmetodologie in verband gebring is. Daarby is dit oor 'n breë front in die Ned. Geref. Kerk ingedra. Die lidmaattoerustingsprogram het byvoorbeeld ook hierby ingeskakel.

### 1.3.5. DIE VERBAND TUSSEN LIDMAATTOERUSTING EN GEMEENTEBOU

Die Lidmaattoerustingsprogram (voortaan LTP), wat in 1978 deur die AJK geïnisieer is, het voortgaande 'n belangrike rol in die Ned. Geref. Kerk gespeel. Dit is 'n uitvloeisel van 'n besluit van die 1982-Algemene Sinode

dat LTP 'n doelgerigte en deurlopende program moet wees wat op alle lidmate van die kerk gerig is (Agenda 1982:601). Die kommissie vir die LTP kry ook hier die opdrag om duidelike doelstellings en bereikbare kort- en langtermyn doelwitte vir toerustingswerk in die kerk op te stel (Handelinge 1982:1356). Hierdie beplanning moes ten minste rekening hou met die volgende tien jaar en moes ook die behoeftes van lidmate en gemeentes deeglik ondervang (Handelinge 1982:1356). Lidmate moes veral deur middel van Bybelstudie in terme van 'n wisselwerking tussen die praktiese en leerstellige toegerus word (Handelinge 1982:1355; Agenda 1986:407).

Bybelkor word amptelik versoek om as uitgewer van die LTP-program op te tree en streeksinodes word aangemoedig om hulle heelhartige steun aan hierdie program te verleen (Handelinge 1982:1355). Ook die Algemene Sinodes van 1986 en 1990 beklemtoon die belangrikheid dat álle gemeentes binne die Ned. Geref. Kerk besig moet wees met 'n doelgerigte en volgehoue program van lidmaattoerusting (Agenda 1986:407; Agenda 1990: 406). Net soos dit die geval was met gemeentebou, kom ook die LTP uit die Algemene Sinodale verband by gemeentes aan.

Vir die toerusting van lidmate was daar gevolglik 'n groot verskeidenheid materiaal om van te kies. Die kursusse sluit Bybelstudie-, leerstellige- en praktiese eenhede in (Agenda 1986:408; Agenda 1990:406). Vir 1986 word die gemeenteboureeks as deel van die praktiese kursuspakkette ingereken (Agenda Algemene Sinode 1986:408). Hoewel die LTP nog volop staan in die teken van die "lidmaatbenadering" van die sewentigerjare, pas dit goed in by die "gemeentebenadering" van die tagtigerjare in die sin dat dit vrugbaar in die gemeentebouprogramme gebruik kan word.

Laasgenoemde benadering en die aksentverlegging wat dit met hom meegebring het, is onteenseglik gesterk deur die empiriese navorsing en analises wat óók gedurende die tagtigerjare as institusionele selfevaluering 'n toenemende rol begin speel het. Hiermee is die beskrywing van die verskuiwing van die klem op die indiwiduele lidmaat na dié van die gemeente as gemeenskap egter nog nie afgehandel nie. Nog een saak verdien die aandag: gemeentebou het 'n teologiese dissipline geword. Dit is vakwetenskaplik beoefen en het aan die Teologiese Fakulteite van die Ned. Geref. Kerk in Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein as sodanig 'n deurslaggewende posisie in die kurrikulum verower.

### 1.3.6. GEMEENTEBOU AS TEOLOGIESE DISSIPLINE GEVESTIG

Die instelling van kursusse in gemeentebou aan die Teologiese Fakulteite van die Ned. Geref. Kerk teen die middel tagtigerjare, het hierdie hele aangeleentheid vakwetenskaplik bestendig. Gemeentebou is hiermee onherroeplik as bediening met kerklike sanksie, en nou ook as teologiese dissipline met 'n akademiese en wetenskaplike basis, in die Ned. Geref. Kerk gevestig.

In 1982 was daar nog nie sprake van kursusse in gemeentebou by die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Pretoria nie (Agenda 1982:442). Die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat lewer wel verslag van die instelling van 'n kursus in "Gemeentebediening" (Agenda 1982:454). Gedurende die volgende vier jaar het die situasie drasties verander. Die departemente vir Praktiese Teologie en Diakoniologie het kursusse in gemeentebou ingestel, voorgraads en nagraads. Die nagraadse M.Th.- of M.Div.-programme in

gemeentebou (gemeentebediening) het gou een van die gewildste teologiese kursusse in die Ned. Geref. Kerk geword. Sprekenderwys gaan dit in hierdie kursusse om sake soos 'n "teologie van die ekklesia", die belang van 'n "bibliologiese fundering van die gemeente", die beklemtoning van die belangrikheid van "empiriese studie oor die stand van die eie gemeente" en die beredenering van "bedieningsmodelle" en "strategiebepalings" (vgl. DK 23.11.1990:10; 22.11.1991:10). Dit is geen wonder nie dat die een navorsingsverslag na die ander in gemeentebou en bedieningspraktyk aan die drie Teologiese Fakulteite die lig gesien het (vgl. Van Zyl 1988; Marais 1989; Bergh 1990; Spies 1990; Maritz 1990; P.L. Louw 1990; Botha 1991; Van Niekerk 1991; Bisschoff 1991; C.M. van der Merwe 1991; Lategan 1992). Hiermee is die invloed wat gemeentebou as dissipline in 'n betreklik kort tydperk verwerf het, bevestig. Vir talle kerkrade is 'n kwalifikasie in gemeentebou selfs 'n voorvereiste in die uitbring van 'n beroep (vgl. advertensies, DK 23.07.1993:3; 10.09.1993:6,10; 01.04.1994:13).

Sedert 1986 word in die Ned. Geref. Kerk 'n hoë premie geplaas op die voortgesette teologiese opleiding van predikante. Ook in hierdie onderrig het gemeentebou deurgaans aan die orde gekom. Aan die Kweekskool op Stellenbosch is die Buro vir Voortgesette Teologiese Onderrig (BUVTON) reeds in 1988 in die lewe geroep (Agenda 1990:407). Mettertyd het BUVTON aan die voorpunt gaan staan ten opsigte van praktykgerigte kursusse in gemeentebou. Aan die Algemene Sinode van 1990 word gerapporteer oor geslaagde voortgesette opleidingskursusse in gemeentebou, gemeenteleiding, strategiese teologiese beplanning, fasette van leierskap, spanbou en die "fasilitering" van verandering in 'n gemeente (Agenda 1990:408).

Ook by die Universiteit van Pretoria kom die saak van gemeentebou op die fakulteit se program van voortgesette teologiese opleiding (Agenda 1986:414). So onlangs as 1993 is 'n omvattende **Gemeenteboukursus** deur sy Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (SEVTO) aangebied. Later in die jaar is dit aangevul met 'n SEVTO-werkswinkel wat gehandel het oor die uitdaging aan die leierskapstyl en spiritualiteit van die leraar met die oog op die bestuur van konflik en diversiteit in die gemeente ter wille van geslaagde gemeentebou (Hendriks 1993; Sevto-werkswinkel UP 1993).

Die Eenheid vir Voortgesette Teologiese Opleiding (EVTO) aan die UOVS se fokus op gemeentebediening en -opbou verskil effens van die benadering wat in die susterfakulteite gevolg is. Twee tersaaklike publikasies in hierdie verband is 'n aanduiding hiervan. In beide **Die bediening van die kerk in 'n veranderende Suid-Afrika** (Rossouw 1990) en **'n Visie vir die bediening** (Snyman & Tolmie 1991) val die klem op 'n kontekstualisering van die bediening waarin die missionêre dimensie aandag kry.

Ten spyte van onderlinge aksentverskille is gemeentebou deur middel van voortgesette teologiese onderrig verder gestimuleer. Dit het 'n besondere relevansie bekom deurdat die navorsingsresultate voortdurend met die praktyk van die gemeentebediening gekonfronteer is en ook dáár getoets is in terme van praktykteorieë en bedieningstrategieë. Naas teologiese begrondings oor die wese van die kerk, het leraars by voortgesette opleidingsgeleenthede ruim geleentheid gekry om deur middel van 'n veelheid van empiriese analises uitdrukking te gee aan nuwe benaderings met die oog op verbeterde en dinamiese gemeentemodelle.

Met gemeentebou is daar dus vir die Ned. Geref. Kerk 'n nuwe teologiese dissipline in die departemente Diakoniologie of Praktiese Teologie ingestel. Dit het die belangstelling gaande gemaak en by die Ned. Geref. Kerk

se predikante ingeslaan. Die kennisname van literatuur oor *"gemeenteopbouw"* (Goedhart 1984; Bons-Storm 1987; Te Velde 1989; Noordegraaf 1990) en *"gemeindeaufbau"* (Baümler 1974; Möller 1987; Schwarz & Schwarz 1987; Herbst 1988) uit Europese bodem het natuurlik die vakwetenskaplike onderneming in die Ned. Geref. Kerk aangehelp en van selfvertroue voorsien. Die Noord-Amerikaanse besinning oor kerklike vernuwing het die aandag ook voortdurend getrek en werke met tiperende titels soos **A New face for the Church** (Richards 1970) en **Sharpening the focus of the Church** (Getz 1974) is hoog opgegee in Ned. Geref. Kerk gemeentebouliteratuur (vgl. Nel 1986; 1988; Hendriks 1992a).

Dienooreenkomstig het gemeentebou ook aan 'n Suid-Afrikaanse literatuurkorpus gestalte gegee. In 1986 verskyn die eerste publikasie in 'n reeks van drie beplande dele oor gemeentebouteologie uit die pen van dr. Malan Nel (destyds dosent in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria): **Teologiese perspektiewe op gemeentebou.** Dit word in 1988 uitgebrei met 'n opvolgpublikasie, **Fases in gemeentebou** (Nel 1988). Ook in 1986 verskyn die proefskrif van dr. Louis Heyns verbonde aan die Departement Praktiese Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika met die titel: **'n Prakties-Teologiese ondersoek na die kerklike strukture van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.** Hierdie proefskrif het groot invloed uitgeoefen op die modelleteorie as bedieningsmodelle of bedieningstrukture wat as alternatiewe of selfs as botsende kerkbegrippe in die gemeentebouteologie hanteer word. Die liggaam-van-Christus- en herder-kudde-metafore het sedertdien sinonieme geword vir die besinning oor gemeentevernuwing vanuit die resultate en voorstelle van die gemeentebouteologie. Nog in die volgende jaar was **Gemeentebou: ons opdrag** 'n uitgemaakte saak vir Johan van Schalkwyk (1987). In 1991 volg nog 'n publikasie in hierdie verband uit sy pen: **Oppad na 2000** (1991). Jurgens Hendriks, wat in Stellenbosch gemeentebou as 'n teologiese dissipline gevestig het, stel gedurende 1992 sy gedagtes breedvoerig op skrif in **Strategiese beplanning in die gemeente - beginsels en praktyk van gemeentevernuwing** (1992a). Terselfdertyd is hy die redakteur van 'n bundel waarin **Gemeentes Vertel** (1992b) oor die beplanning van 'n gemeentebouprogram en die verandering wat dit teweeg gebring het. Die werk van Coenie Burger, **Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap** (1991a), waarvoor hy met die Andrew Murray-prys bekroon is (vgl. DK 16.04.1993:1), moet egter tot op datum as die belangrikste navorsing oor gemeentebou aangeteken word. Hierdie en ander wetenskaplike studies oor gemeentebou bewys dat dit inderdaad tot 'n volwaardige teologiese vak ontwikkel het.

Dit is al ingesien by die 1987-jaarkongres van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Die tema vir daardie jaar se referate was **Gemeentebou** (Smuts 1987). Dit is Malan Nel wat daarop wys dat die term "Gemeentebou" besig is om as tegniese term vir 'n bepaalde *studieveld* én *bediening* te ontwikkel (Nel 1987:30). Daarmee is die baan vir gemeentebou as akademiese dissipline goed geopen en het 'n substansiële deel van die teologiese literatuur en navorsingsverslae in praktiese teologie/diakoniologie in die volgende aantal jare uit hierdie stal te voorskyn getree.

Ook in die kerk se vakwetenskaplike teologiese tydskrifte is gemeentebou in navorsingsartikels vanaf die middel tagtigerjare behandel. Sake soos die klem op vernuwing in die bedieningstruktuur (Hendriks 1986), die rol van die kleingroep in gemeentebou (Dressel 1984; Kotze 1987; Simpson & Hendriks 1993) en die funksie van komplementerende koinonia-verbande (Hendriks 1990) het aanvanklik aandag geniet. Vanaf die negentigs is die verskillende konsepte en benaderings al hoe meer verfyn deur middel van strategies-teologiese beplanning (Van der Merwe & Hendriks 1990; 1992). Die belangrikheid van Bybelse metafore vir gemeentebou is ook algaande beklemtoon

(Bam 1992; Breytenbach 1992a). Van betekenis is die feit dat daar hier en daar 'n soeke was om gemeentebou (en die gemeentebediening in 'n ruimer sin) direk te verbind met die kerk se missionêre roeping (Du Preez 1990) en die belangrikheid van die gemeente as koinoniale- (D.J. Louw 1990) en diakonale diensgemeenskap (Rossouw 1991).

In een van die mees resente uitgawes van die **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif** is twee artikels van belang. Aan die een kant (d.i. die kant van die gemeentebouteologie) stip Kellerman (1993) as diakonioloog teologiese vertrekpunte vir gemeentebou vanuit 'n basisteorie aan. Aan die ánder kant maak Brown (1993b) as ekklesioloog 'n aantal kritiese opmerkinge in die vorm van 'n vraagstelling aan die beoefenaars van die gemeentebouteologie. Op voetspoor van Brown én gedagtig aan die versigtige kwalifikasies wat Kellerman daarop nahou, is die intensie van die onderhawige studie om die kerkberip wat die ontwikkeling van die gemeenteboubenadering hanteer, teologies-krities te toets. Uiteraard in die gereformeerde sin van die woord.

Maar genoeg. Dit moet nou duidelik wees dat die verwetenskapliking van gemeentebou gepaardgaande met deurlopende kerklike sanksie, ongetwyfeld daartoe bygedra het dat dit tans dié teologiese dissipline is wat 'n beduidende invloed uitoefen op die praktyk van die bediening binne die Ned. Geref. Kerk. Daarby is dit 'n dissipline wat doelbewus met 'n kerkbegrip opereer.

### 1.3.7. GEMEENTEBOU AS DISSIPLINE MET 'N DOELBEWUSTE KERKBEGRIP

As gevolg van die vestiging van gemeentebou as kerklike bediening en teologiese dissipline gedurende die tagtigerjare het baie gemeentes in die proses die moed gekry om, ná indringende beplanning, oor te skakel na nuwe bedieningstrukture (Hendriks et al. 1992b). Hierdie oorskakeling het gepaard gegaan met die integrering van 'n nuwe kerkbegrip. Dit is ten minste die indruk wat die literatuur oor gemeentebou by 'n mens laat.

As teoloog uit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika behandel Spoelstra in 1992 die **Dilemma tussen Praktiese Teologie en Ekklesiologie**. Daarin benadruk hy dat dit in gemeentebou as dissipline óók om 'n kenteoretiese vooronderstelling gaan. Enige wetenskap is immers teoreties begrond. Op hierdie aangeleentheid word later in die studie volledig teruggekom. Dit is genoeg om nou daarop te wys dat die besinning in hierdie verband aanleun teen 'n kenteoretiese benadering wat opereer met kritiese probleemgerigte teorieë. Daarvolgens kom gemeentebou as dissipline wat sy kenteoretiese grondslae betref, tuis binne die kader van die kommunikatiewe en handelingsteoretiese uitgangspunt vir die Praktiese Teologie as wetenskap.

In artikels oor gemeentebou in die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie se vaktydskrif staan die noodsaak van 'n nuwe operasionele en funksionele kerkbegrip sentraal (Louw 1992). In hulle **Doelwitte vir gemeentebou in die lig van 'n prakties-teologiese ekklesiologie** ontwikkel Breytenbach en Pieterse (1992) 'n ekklesiologie vanuit die "klassieke teologiese siening van die funksies van die kerk." Met hierdie vertrekpunt "van onder-af", naamlik vanuit die funksies van die kerk self (sien in die verband ook Hendriks 1994), kan dan doelwitte met die oog op gemeentebou ontwerp word (Breytenbach & Pieterse 1992:106). Hiermee kom die skrif helder aan die muur: 'n "ekklesiologie vanuit 'n prakties-teologiese perspektief" blyk uiters noodsaaklik te wees om 'n basisteorie as

teoretiese onderbou daar te stel vir die praxis en goeie funksionering van die gemeente (Breytenbach en Pieterse 1992:102).

Ook D.J. Louw (1992) sluit direk hierby aan wanneer hy pleit vir **Die ontwerp van 'n prakties-teologiese ekklesiologie vir gemeentebou** (Louw 1992:119-136). Volgens hom kan gemeentebou nie sonder 'n duidelik omlynde ekklesiologie/kerkbegrip klaarkom nie. Basisteorieë wat die kerk na sy funksionele dimensie beskryf (Louw 1992:119), is onontbeerlik vir die opbou en diens van die gemeente. In die kern van die saak gaan dit hier om 'n nuwe "selfverstaan" (Louw 1992:120) van die kerk: in die plek van dogmatiese en ontologiese refleksies oor die wese van die kerk moet laasgenoemde beweeg word tot 'n "hermeneutiese paradigma" op weg na 'n prakties-teologiese ekklesiologie ter wille van getuienis in en transformasie van die samelewing (Louw 1992:122). Hierdie funksionele ekklesiologie lei daartoe dat die kerk homself begryp in terme van sy teologiese funksiebestemming: die kerk as agent van bewaring, versorging, verandering en vernuwing (Louw 1992:134). Gemeentebou het die kerk dus voorsien van 'n nuwe kerkbegrip. Die ou kerkteorie is algaande vervang met 'n nuwe teorie: die herder-kudde-kerk het plek gemaak vir die liggaamsmodel-kerk (Heyns 1988b:55-59). Die ou institutêre verkondigingsmodel is vervang met 'n dinamiese diensmodel. Die kultuurkerk het kom plek maak vir 'n ware geloofskerk (Hendriks 1992b:20-21). Só het gemeentebou gaandeweg begin om die kerk anders te laat dink oor sy struktuur en funksionering.

Deels is die nuwe kerkbegrip ook gemotiveer uit die veranderende Suid-Afrikaanse konteks en die noodsaak om daarby aan te pas. Die dinamiese kerkbegrip is dus terselfdertyd 'n kontekstuele kerkbegrip.

Burger (1991a:14) sluit byvoorbeeld in sy **Dinamika** aan by die veranderde situasie wat spesifiek die Ned. Geref. Kerk en sy lidmate in die gesig staar met die veranderinge wat die Afrikaner op kulturele- en politieke terrein tegemoettree. Hendriks (1992a:7) volg naastenby dieselfde skema wanneer hy die veranderde politieke, ekonomiese, sosiaal-maatskaplike en kerklike kontekste gebruik as motivering vir die kerk om strategies en dinamies te begin beplan. Die kerk van ons Here Jesus Christus word deur die situasie gekonfronteer om nuut oor sy bestaan en funksionering te dink. Die dinamiese of funksionele kerkbegrip van gemeentebou het die soepelheid en aanpasbaarheid om in die nuwe sosio-politieke konteks op die mees effektiewe manier te funksioneer.

Met hierdie opmerkinge oor gemeentebou as 'n teologiese dissipline wat 'n bepaalde kerkbegrip daarop nahou, kan volstaan word. Die beredenering wat oorspronklik by 'n Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep begin het, het uitgeloop op die wetenskaplike beoefening van 'n teologiese dissipline. Die oorspronklike nadruk op die gemeente as gemeenskap eerder as op die rol van die indiwiduele lidmaat, het inderdaad 'n verrassende wending geneem en die Ned. Geref. Kerk en sy teologiese opleiding diepgaande beïnvloed.

## 1.4. SAMEVATTING

Die besinning in hoofstuk 1 dui daarop dat gemeentebou as ekklesiologiese inset en teologiese dissipline vanuit 'n historiese verwysingsraamwerk verstaan moet word. Die jaar 1970 het hierdie opwindende ontwikkeling aangekondig toe die gesprek in die kerk opnuut gefokus het op die getuienis en diens van die indiwiduele lidmaat. Terselfdertyd is belangrike klem gelê op die rol van die indiwiduele lidmaat in gemeenteverband. Hier het van die

eerste kontoere begin vorm aanneem wat later sou uitloop op 'n meer kollektiewe benadering waarin die opbou, toerusting en struktuur van die gemeente as geloofsgemeenskap die sentrum van die belangstelling verower het. Gedurende die middel tagtigerjare het gemeentebou aan die kerk se teologiese fakulteite vakwetenskaplike status verwerf. In die teologiese kurrikulum, by kerklike vergaderinge en in terme van gemeenteprogramme, het gemeentebou verskyn en gebly. Die praktiese gemeentebediening in die Ned.Geref. Kerk is voorsien van 'n kerkbegrip met 'n duidelike teologiese basis en praktykgerigte relevansie. Sonder 'n doelbewuste objektivering van die kerk of gemeente was dit nie.

Die kerkbegrip wat hier hanteer word, stoel dus deur en deur op 'n praktykteorie. Dit is ekklesiologies ver verwyder van die tradisionele kerkregtelike onderskeiding tussen kerk en kerkverband, en die dogmatiese begrip van die kerk van Christus. Hier loop alles ineen: gemeente, kerkverband, algemene kerk word as kerk of gemeente omskrywe.

Gemeentebouteologie werp alles in die stryd om vernuwing in die kerk te bewerkstellig en om optimale gemeentefunksionering te verseker. Die jare 1970 tot 1994 verteenwoordig dus 'n klemverskuiwing in die kerk se denke wat alles te make het met die wese, struktuur en funksionering van die gemeente as geloofsgemeenskap. Hierdie verskuiwing, wat as die ontwikkeling van 'n gemeentebouteologie in die Ned. Geref. Kerk omskrywe kan word, het nie sonder beïnvloeding van en aansluiting by 'n soortgelyke ontwikkeling veral in die VSA plaasgevind nie. In die volgende hoofstuk word hierop gewys. Eers dan kan 'n volledige prentjie gevorm word van die nuwe inset in die teologiese denke van die Ned. Geref. Kerk waarvoor gemeentebou verantwoordelik was.

# HOOFSTUK 2

# DIE NOORD-AMERIKAANSE, DUITSE EN NEDERLANDSE AGTERGROND VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTEBOUTEOLOGIE

## 2.1. INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die ontwikkeling van 'n gemeentebouteologie sedert 1970 in die Ned. Geref. Kerk histories nagegaan. Daaruit het reeds geblyk dat hierdie hele aangeleentheid nie van huis uit 'n Ned. Geref. teologiese ontwikkeling is nie. Ten opsigte van beide fases waarin die ontwikkeling na vore kom, naamlik die beklemtoning van die rol van die indiwiduele gelowige lidmaat én die objektivering van die gemeente as 'n gemeenskap, is die beïnvloeding en aansluiting by benaderings en oortuigings uit veral die Verenigde State van Amerika té doelbewus.

Op die verband met byvoorbeeld Evangelism-in-Depth en die evangelisasie- en gemeentebouprogramme van Campus Crusade is reeds kursories verwys. Maar, ook in die latere beredenering van gemeentebou dui die byna klakkelose aansluiting by Amerikaanse teoloë soos McGavran, Richards, Getz, Kennedy, Armstrong, Dulles, om 'n paar te noem, op 'n uitheemse aanknoping. Dit is doelbewus en word in die geledere van die Ned. Geref. Kerk positief geëvalueer. Jurgens Hendriks het reeds in 1988 berig oor **"Tendense in die Amerikaanse kerklike situasie en moontlike implikasies daarvan vir die kerk in Suid-Afrika"** (Hendriks 1988). Drie jaar later het Coenie Burger dit opgevolg en in 'n oorsig oor resente ontwikkelings in die Praktiese Teologie in die VSA (Burger 1991b) die belang hiervan vir die Suid-Afrikaanse situasie dubbel onderstreep.

In die Suid-Afrikaanse literatuur kom 'n mens hierbenewens ook verwysing na Duitse- (soos Herbst, Möller, C.A. Schwarz, F. Schwarz, Seitz) en Nederlandse praktiese teoloë (soos Jan Hendriks, Goedhart, Bons-Storm, Dingemans, Te Velde) teë. Daarom moet aanvaar word dat, in die ontwikkeling van die gemeentebouteologie in die Ned. Geref. Kerk, die insigte van 'n wyer horison hand bygesit het. In hierdie hoofstuk word gevolglik oorsigtelik gefokus op die Noord-Amerikaanse kerklik-teologiese toneel. Hierbenewens word enkele aantekeninge ook in verband met die Duitse- en Nederlandse gemeenteboubenadering gemaak. Verwysing hierna het die voordeel dat die breë raamwerk vir die verstaan van die ontwikkeling van die gemeentebouteologie in die Ned. Geref. Kerk in sy geheel verreken word.

## 2.2. DIE NOORD-AMERIKAANSE KERKLIK-TEOLOGIESE TONEEL GEDURENDE DIE TWEEDE HELFTE VAN DIE 20STE EEU

Hoewel die gebrek aan afstand in tyd dit vir kerkhistorici moeilik maak om die Amerikaanse kerkgeskiedenis van die tweede helfte van die 20 ste eeu sistematies in kaart te bring, is hulle dit min of meer met mekaar eens dat gedurende hierdie tyd die sogenaamde "Modernist-Fundamentalist controversy" (Walton 1986:66) die Protestantse kerklike toneel oorheers het. Dit het ten minste gevolg gegee aan teologiese standpuntstelling wat op denomi-

nasionele afskeidings uitgeloop het (Praamsma 1981:214 e.v.; Kuiper 1979:388 e.v.). Die "moderniste" word in verband met die liberale- en selfs sekulêre teologie gebring. Dit het 'n groeiende invloed in die Amerikaanse samelewing en -kerklike lewe uitgeoefen. Hierteenoor was die "fundamentaliste" 'n reaksie-verskynsel om die tanende invloed van die tradisionele *"revivalist evangelicalism"* te stuit (Marsden 1987:4). Vanaf 1890 tot in die dertigerjare van die huidige eeu het die invloed van hierdie Protestants-evangeliese rigting in die openbare lewe ernstig in die gedrang gekom. Binne die breë stroming van fundamentaliste was almal dit nie met mekaar eens nie. Daarby het die veranderde omstandighede tradisionele oortuigings gedateer en selfs in die verdagte hoekie laat beland. Gedurende die vierde dekade het daardie rigting in die kerklike lewe, wat evangelies-konserwatief en "fundamentalisties" was, weer nuwe momentum gekry. As 'n "neo-evangelical" beweging het dit ver oor kerklike grense heen sy invloed laat geld.

### 2.2.1. DIE "NEO-EVANGELICAL" BEWEGING

In hierdie beweging was daar 'n doelbewuste poging om die teologiese problematiek waarin die vroeëre "fundamentaliste" vasgeval het, te vermy. Marsden (1987) beskrywe dit uitstekend as 'n proses wat neerkom op **Reforming Fundamentalism**. Daarom was dit eintlik 'n poging om die fundamentalistiese inslag van die kerklik-teologiese toneel te hervorm (Marsden 1987:14). Verbind aan 'n gemeenskaplike verbondenheid aan die klassieke Protestantse Christendom en die Amerikaanse *"evangelical heritage"* het die neo-evangeliese rigting die sentrum gevorm van 'n wye koalisie van transdenominasionele- en ook denominasionele "evangelicals" (Marsden 1987:9) in die Amerikaanse kerklike lewe.

Kenmerkend is die instellings waaraan dit gevolg gegee het. Hierdie sogenaamde "evangelical institutions" in die VSA kan in twee kategorieë onderskei word. Die eerste is die "mainline" Protestantse denominasies "...most of which were, in America, at least at one time, evangelical" (Marsden 1987:2). In die tweede instansie het dit ook 'n transdenominasionele karakter gedra en interkerklike teologiese opleidingsentra het die lig gesien. Marsden (1987:2) is oortuig dat 'n tipiese moderne indiwidualisme agter die aandrang vir die oprigting van hierdie inrigtings sit. En - uiteraard - die Amerikaanse ondernemingsgees.

Die bekendste hiervan is die **Fuller Theological Seminary**. Dit is in 1947 gestig en vernoem na een van die stigterslede (van wie die inisiatief uitgegaan het), Charles Fuller (1887-1968), 'n Baptiste radio-evangelis. Saam met teoloë soos Harold Ockenga (destyds president van die Gordon-Conwell Theological Seminary, die eerste president van Fuller en die persoon wat die term "neo-evangelicalism" inslag laat vind het, Sheppard 1977:87; Muether 1988:343), Carl Henry en Edward Carnell het die oortuiging gegroei dat afstand gedoen moet word van die klassieke inslag van die fundamentalisme (Sheppard 1977:87). Die saak waaroor dit vir hulle gegaan het, was nie soseer die "fundamentalist confession" as sodanig nie, maar die feit dat "the emphasis and strategy of fundamentalism was misplaced" (Sheppard 1977:87). Hierdie gedagterigting het 'n aksentverskil ten opsigte van die tradisionele "evangelicalism" aangekondig en dit het onder andere uitdrukking gevind in die stigting van die Fuller Theological Seminary (Sheppard 1977:87). Fuller wou in 'n sin 'n konserwatiewe instelling wees, die bakermat vir "Calvinist orthodoxy," 'n "leading institution of evangelical scholarship" en wat gewis die rug wou keer op die "anti-intellectual impulses" van die Amerikaanse fundamentalisme (Mulder 1988:216). Sheppard (1977:87) som die impak van Fuller op as hy daarop wys dat dit "arose as part of the 'neo-evangelical' movement

and continues to be the most prestigious academic institution in the evangelical complex associated with the Northern Evangelical Establishment."

Binne die neo-evangelical beweging was daar dus aan die een kant die soeke na teologies-teoretiese verantwoording. Aan die ander kant het die kritiek teen die "emphasis and strategy of fundamentalism" (Sheppard 1977:87) gevolg gegee aan 'n tipiese Amerikaanse evangeliese pragmatisme wat die kerklik-teologiese lewe sedertdien gekenmerk het (Marsden 1987:296). Innoverende tegnieke en markgerigte oorwegings, toegepas op die kerk, het op die kerklike agenda verskyn (Muether 1988:343). Die outeurs van hierdie rigting wou hulle daarom al meer isoleer van "denominational involvement" (Muether 1988:343). Muether (1988:343) tipeer hierdie inslag op voetspoor van Marsden (1987) as die invloed van 'n "New School-direction" in die Amerikaanse kerklike lewe. Die geskiedenis van die Fuller Theological Seminary, wat 'n prominente rol hierin gespeel het, is die sprekendste bewys hiervan (Marsden 1987:296). Om bedag te wees op die geskiedenis en invloed van 'n instelling soos Fuller is vir die onderhawige studie van groot belang. Dit word duidelik uit die invloed van Fuller se gees op die breër Amerikaanse kerklike lewe - 'n invloed wat 'n weg sou vind na die gemeentebouteologie van die Ned. Geref. Kerk.

As Sheppard (1977:87) in hierdie verband wys op die belangrike rol wat Fuller gespeel het in die "shift in the attitude of evangelicalism," bring hy dit in verband met die internasionale sukses van die "crusades" van Billy Graham. Graham se belang by die gees en inslag van Fuller is ook deur Marsden (1987:153) geboekstaaf. In 'n deeglike resensie van **Reforming Fundamentalism** wys Muether (1988:343) daarop dat Marsden (1987) die invloed van McGavran en sy Institute for Church Growth ietwat onderskat. Dit is dus duidelik dat by 'n "neo-evangelical" instelling soos Fuller, belangrike lyne saamvloei wat nie onderskat moet word nie. Die name van Graham en McGavran in verband met Fuller loop onteenseglik uit op 'n konklusie wat vir hierdie studie van groot belang is: vanuit die invloed van instellings soos Fuller, het in die dampkring van die "neo-evangelical" oriëntering groot evangelisasie bewegings, gepaardgaande "crusades" en 'n aandrang op kerkgroei (kerkopbou; "church growth") beslag gekry. Pragmatisme en 'n "tegniekbenadering" tot die kerklike lewe staan hierin afgeteken (Muether 1988:343). 'n Oorsig oor hierdie bewegings is vir hierdie studie van belang. Immers, hierdie bewegings het die Ned. Geref. Kerk met teologiese oortuigings en aannames binnegedring. En, bygedra tot die ontwikkeling van 'n Ned. Geref. gemeentebouteologie.

## 2.3. VYF INVLOEDRYKE NOORD-AMERIKAANSE EVANGELISASIE-BEWEGINGS

Vyf invloedryke Amerikaanse evangelisasiebewegings het baie beslis ingang by die Ned. Geref. Kerk gevind. Na drie van hulle is reeds terloops in hoofstuk een verwys: **Evangelism-in-Depth, New Life for All** en **Campus Crusade for Christ**. Ook die bekende **Evangelism Explosion**-program van Kennedy het in die Ned. Geref. Kerk 'n tuiste gevind (Kennedy 1970). Ofskoon die Amerikaanse **Church Growth-beweging** in dieselfde asem genoem moet word, het dit tog 'n eie en unieke karakter. Daarom word dit afsonderlik behandel. Al vyf staan egter in 'n onderlinge verband en moet nie los van mekaar gesien word nie.

## 2.3.1. EVANGELISM-IN-DEPTH

Op sy Algemene Sinode van 1970 is die Ned. Geref. Kerk só beïndruk deur Evangelism-in-Depth dat besluit is om dit in 'n omvangryke sending- en evangelisasieaksie in Suid-Afrika te gebruik. In die eerste hoofstuk is hierop gewys. Daarby is vermeld dat twee invloedryke predikante van die Ned. Geref. Kerk (di. P.E.S. Smith en O.S.H. Raubenheimer) die groot kongres van Evangelism-in-Depth in Augustus 1969 in Kinshasa bygewoon het, en aan hulle onderskeie kommissies rapporteer het.

Evangelism-in-Depth het sy oorsprong in die Latyns-Amerikaanse konteks. Dr. Kenneth Strachen, sendeling en direkteur van die Latyns-Amerikaanse Missie (1950-1965), moet beskou word as die vader van hierdie beweging (Peters 1971:51). Hy was oortuig dat "the growth of any movement is in direct proportion to the success of that movement in mobilizing its total membership in the constant propagation of its beliefs" (Douglas 1974:361). Sy ideaal was om vir 'n jaar lank alle Christelike kragte in 'n bepaalde land in 'n "all-out" evangelisasiepoging só saam te snoer, dat dit 'n omvattende en blywende impak sou maak. Plaaslike voorbereidings moes telkens kulmineer in massabyeenkomste. Kenmerkend van hierdie evangelisasiemetode, was dus die mobilisering van alle gelowiges. Daarom verteenwoordig dit 'n konsep in evangelisasie wat die klem verskuif van die persoon van die evangelis na die gelowige. Hierbenewens was dit ook omvattend. Soveel as moontlik meewerkende kerke is in 'n gekoördineerde en goed gestruktureerde program van opleiding en evangelisasie-uitreik betrek. Op hierdie wyse is agente gevorm wat op 'n dinamiese wyse betrek word in die diens aan die Here van die kerk (Peters 1971:29). Die hele land moes vir Christus gewen word en gebedselle moes oral tot stand kom. So word bekeerlinge ingebring en word die plaaslike gemeentes versterk. Die totale mobilisasie van alle gelowiges om waardige lede van die kerk van Christus te wees was hierdie beweging se erns. Beginsels en metodes om kwalitatiewe kerklidmaatskap te bewerkstellig moes ware dissipelskap by gelowiges bewerkstellig.

"Evangelisasie in diepte" is daarom nie alleen gerig op die gemeenskap buite die kerk nie, maar ook na binne, op die kerk en gelowiges self (Peters 1971:39). Langs hierdie weg word die "selfbeeld van die kerk" versterk en verstewig. Die selfbeeld word bestendig wanneer die kerk nie alleen kwantitatief groei nie, maar ook kwalitatief. Hierdie "in diepte"- dimensie is dus die belangrike voorwaarde vir die sukses van die program en die evangeliserende diens van elke gelowige (Peters 1971:45). Peters (1971:45) stel dit prontuit: "There is a ministry in depth to be performed, which, if neglected, will prove disastrous to the church and the individual Christian. Believers must be discipled if they are not to become the baggage of the church and impair growth and a greater ministry."

Met hierdie inslag en begrippe-apparatuur het Evangelism-in-Depth nie net in Latyns-Amerika (of Afrika) kerklik 'n invloed uitgeoefen nie. Dit het ook by 'n belangrike Amerikaanse teologiese seminarium tereggekom. Die vader van die Evangelism-in-Depth-beweging, Strachen, is die begin sestigerjare deur die Fuller Theological Seminary benoem om beginsels en riglyne neer te lê vir 'n "Institute for World Evangelism" by Fuller. Ná Strachen se dood in 1965 is Donald McGavran na Fuller genooi om daar 'n instituut vir kerkgroei en sending te begin (Marsden 1987:238) en in 'n sin Strachen se werk voort te sit. Op hierdie uitnodiging het McGavran positief gereageer op voorwaarde dat sy **Institute for Church Growth** (wat hy in 1961 by die Northwest Christian College in Eugene, Oregan gestig het) by Fuller sy "integrity and identity" sou behou (Marsden 1987:238). In die aanvangsjare van Fuller het 'n aansienlike aantal studente na voltooiing van hul studies met die bediening in die sendingveld begin.

Teen die laat vyftigerjare het die getal aansienlik afgeneem. Hierdie toedrag van sake is met erns bejeën en in die lig hiervan is die advies en leiding van 'n ervare missioloog soos McGavran ingeroep (Marsden 1987:238).

Daarom is dit heeltemal begryplik dat daar groot ooreenkomste is in die aksente wat Evangelism-in-Depth gelê het en wat later net so teruggevind is in die Church Growth-beweging en die School of World Missions by Fuller. Die klem op die skoling van die indiwiduele gelowige en die kwalitatiewe opbou van die gelowige tot volwasse lid van die kerk, was belangrike boustene van die Church Growth beweging (Marsden 1985:241). Ook Peters (1970; 1981), wat die Evangelism-in-Depth-program deeglik ontleed en daarby aansluit, laat blyk in watter mate ook hy deur die denkers uit die Church Growth-skool beïnvloed is. In sy boek **A Theology of Church Growth** (1981) voer hy 'n kritiese gesprek met verskillende skole in die kerkgroeibeweging, maar erken dat hy tot 'n groot mate steun op die insigte van die Scool of World Missions aan die Fuller Theological Seminary (Peters 1981:9).

## 2.3.2. NEW LIFE FOR ALL

Anders as Evangelism-in-Depth, wat sy beslag in Latyns-Amerika gehad het, het **New Life for All** op die bodem van Afrika in Nigerië ontstaan (Peters 1971:88). Die beweging het by Gerald O. Swank, 'n sendeling van die Sudanese Interior Mission, begin. Dit is aan die einde van 1963 geloods en Swank erken die invloed van Evangelism-in-Depth in die vormgewing van hierdie program vir die inheemse bevolking van Nigerië (Peters 1971: 89). Ook New Life for All het erns gemaak met die mobilisering van alle gelowiges om vanuit die kerk die instrument tot evangelisasie te wees. Evangelisasie is 'n totale en omvangryke opdrag wat gerig moet wees op alle mense en wat so veel as moontlik kerke daarby moet betrek. Die getuienis van al die gelowiges vorm saam die totale getuienis van die liggaam van Christus (Peters 1971:95).

Van groot belang is die feit dat New Life for All, gerugsteun deur die beginsels en werkswyse van Evangelism-in-Depth, se invloed baie verder gestrek het as Nigerië. Peters (1971:115) is oortuig dat hierdie program in die meeste dele van Afrika 'n besliste invloed uitgeoefen het. Gedurende Julie 1968 vind die West African Congress on Evangelism in Ibadan plaas. Tydens hierdie kongres is die program en beginsels van New Life for All by werkswinkels behandel. As vrug van die kongres is groot dele van Suid-, Oos- en Sentraal-Afrika besoek. Op hierdie wyse is die konsepte van evangelisasie, soos dit deur New Life for All begryp is, in Afrika gevestig (Peters 1971:116).

Beide Evangelism-in-Depth en New Life for All het die Ned. Geref. Kerk beïnvloed. Die omvattende sending- en evangelisasieaksie waarop die Sinode van 1970 besluit het (Agenda 1974:283), verraai ongetwyfeld die invloed van Evangelism-in-Depth en New Life for All. Die sterk aksent op omvattende mobilisasie van alle gelowiges en die skoling van die amp van die gelowige (lidmaattoerusting), word net so teruggevind in die program van die Ned. Geref. Kerk (Agenda 1974:286). Ook die klem op kwalitatiewe kerklidmaatskap en 'n evangelisasiebenadering wat opereer vanuit die plaaslike kerk, stem saaklik ooreen met die Ned. Geref. Kerk se program (Agenda 1974:284). Die soeke na samewerking met soveel moontlik kerke in 'n goed gestruktureerde en gekoördineerde program, is inderdaad deur die Ned. Geref. Kerk nagevolg (Agenda 1974:286). Die massasaamtrekke van die 1974 Jeug-tot-Jeugaksie herinner aan die groot "crusades" wat New Life for All in Afrika van stapel gestuur het (vgl. Peters

1971:106). Ook die kritiese evaluering van die "selfbeeld van die kerk" en die aandrang op kwalitatiewe kerkwees (vgl. Peters 1971:45) van hierdie benaderings, het by die Ned. Geref. Kerk aanklank gevind.

Sodoende het evangelisasieprogramme wat ontwikkel is vir kerke wat eerste geslag Christene moes huisves, by die Ned. Geref. Kerk (met bykans geen eerste geslag Christene) in diens gekom van die kwalitatiewe groei van die kerk na binne. In die vorige hoofstuk is reeds daarop gewys hoedat "sending" ter wille van "evangelisasie" op die agtergrond beland het. Dit hang saam met die tradisionele onderskeiding binne die Ned. Geref. Kerk tussen sending en evangelisasie (De Klerk et al. 1979:20; Lubbe 1990:51). As sodanig is dit 'n aanduiding hoe die Ned. Geref. Kerk met eie voorkeure en oorwegings die genoemde programme in 'n benadering van sy eie geakkommodeer het. Geen een van die programme het hom uiteindelik werklik met die evangelisering van ongekerstendes gehelp nie.

Daar was egter nóg 'n evangelisasieprogram waarby die Ned. Geref. Kerk sou aansluit. Anders as Evangelism-in-Depth en New Life for All het Evangelism Explosion nie in 'n "sendingkonteks" ontstaan nie. Dit is gebore binne die situasie van 'n gevestigde kerk, wat gekonfronteer is met dalende lidmaatgetalle. Evangelisasie is hierin direk in verband met die herstel en kwalitatiewe groei van die kerk gebring.

## 2.3.3. EVANGELISM EXPLOSION

**Evangelism Explosion** ontstaan in die laat sestigerjare in die Coral Ridge Presbiteriaanse kerk in Fort Lauderdale, Florida. Wat hierdie program so merkwaardig maak en verdere stukrag daaraan verleen het, is die asemrowende sukses wat dit vir die plaaslike gemeente tot gevolg gehad het. In die woorde van dr. Billy Graham het James Kennedy, die predikant van die Coral Ridge, die Bybelse konsep van "every member evangelism" suksesvol deurgevoer (Kennedy 1970:7).

As 'n tipies Amerikaanse benadering het ons ook hier te make met 'n metodiese aanpak tot evangelisasie wat resultaat-gerig is met betrekking tot die groei van die kerk (Kennedy 1970:24-44). In sy boek **Evangelism Explosion - The Coral Ridge Program for Lay Witness** (1970) spel Kennedy dit uit hoe 'n hele gemeente gemotiveer kan word om sy evangelisasietaak uit te voer. Voorop staan die funksie van die geestelike leier of pastor om die program te inisieer en indiwiduele gelowiges op te lei in praktiese evangelisasiewerk, wat hy toespits op "house-to-house evangelism." Leiers lei weer ander op en so word 'n proses van skoling aan die gang gesit. Die ideaal is dat die hele gemeente uiteindelik geskool sal wees. Heel praktiese riglyne word in die opleidingsprogram ingebou wat raad bied oor persoonlike getuienis en die hantering van teenstand en verset teen die evangelie (Kennedy 1970:83-85). Die sukses van die program bestaan daarin dat die kerk gebou word (Kennedy 1970:8). In die woorde van 'n Kanadese predikant (soos aangehaal deur Billy Graham in Kennedy 1970:1) wat die verstommende effek van hierdie program beleef het, is Evangelism Explosion "the most revolutionary technique for personal evangelism to mobilize the sleeping giant of our laity to be discovered in the twentieth century."

Die opleidingsbenadering wat Kennedy geïnisieer het, het ontwikkel in die bekende bediening wat later bekend sou staan as **Evangelism Explosion III International** (Kennedy 1970; Nel 1974:113;119). Die bekende EE-programme het algaande effektiewe evangelisasie teruggevind in drie vlakke van dissipelskap: (1) indiensopleiding deur iemand wat reeds opgelei is en oor genoegsame ervaring beskik; (2) opleiding word deurlopend begelei deur

'n "prayer partner programme" waartydens daar persoonlik ingetree word vir die persoon wat opgelei word; (3) nuwe gelowiges word ook op 'n deurlopende basis deur "spiritual parents" begelei (Kennedy 1970:9). Vir die suksesvolle implementering van so 'n program in 'n kerk, moet die geestelike standaard van die gelowiges van 'n hoë gehalte wees. Dit kan selfs op 'n tragedie afstuur as kerke evangelisasieprogramme wil implementeer sonder om 'n duidelike voorraadopname te maak van die "geestesgesondheid" van die kerk (Kennedy 1970:9). Kennedy (1970:1) motiveer daarom die aanvanklike instelling van die program in die lig van "the specific problems and opportunities faced by our congregation." Met die goeie voorraadopname wat gedoen is en die program wat toegepas is, het die Coral Ridge Kerk van 'n ledetal van 17 aangegroei tot 'n ledetal van meer as 5000 (Clapp 1982:31). Kennedy boekstaaf die aanpasbaarheid van die program vir toepassing in verskillende kerke en omstandighede (Kennedy 1970:1). Daarom wil EE III die kerke tot hulp en tot diens wees. Dit maak erns met die konteks van elke plaaslike gemeente om vanuit 'n analise gelowiges te skool vir hul getuienistaak (Kennedy 1970:10).

Soos Evangelism-in-Depth en New Life for All, beskou EE III dus ook die lidmaat binne die konteks van die plaaslike gemeente as die belangrikste bousteen vir die opbou van die kerk en sy daarmee gepaardgaande getuienistaak. Die opbou van die kerk tot getuienisgemeenskap is 'n praktiese aangeleentheid wat met goeie opleiding en evaluering gerealiseer word. Die antwoord lê tot 'n groot mate in die metodiek en in hierdie behoefte het EE III uitnemend geslaag. 'n Goed gestruktureerde opleidingsprogram en 'n oefening in die geloofslewe verseker die beste resultate (Kennedy 1970;157-163). Hiermee is die diéns van gelowiges as die primêre gemeentelike bedieningsvorm duidelik uitgespel (Nel 1982b:91).

Ook in die Ned. Geref. Kerk het EE III aangekom en is daar 'n beduidende aantal predikante en lidmate wat van hierdie opleidingskursusse gebruik maak. Alreeds in die persoonlike werkershandleiding met die oog op die landswye sending- en evangelisasieprogram van 1970, is direkte aansluiting by die stof van Evangelism Explosion (Nel 1974:119). In Suid-Afrika is die Nasionale Sentrum, EE III Suid-Afrika, in 1979 in Pretoria-Noord gestig. Die kursus is selfs in Afrikaans beskikbaar (Hendriks 1992a:119). Tydens die 1982-jaarkongres van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie bied ds. M.J. Swart, een van die destydse lede van die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep, 'n bylae aan oor die bedieningswaarde van EE III as gemeenteopbouprogram (Swart 1982: **"EE III as Gemeente-opbou-program"** Bylae 2; Program tot vernuwing, in Nel, Die Kerk se Werk, 1982). Daarin prys hy die groot waarde van die EE III-program met die oog op gemeentevernuwing aan met vermelding van die wêreldwye suksesse wat reeds geboekstaaf is (Nel 1982b:100). Hendriks (1992a:119), in sy werk oor gemeentebou, maak ook melding van die waarde van hierdie program "as een van die bes gebalanseerde, gemeentegesentreerde evangelisasiekursusse wat letterlik wêreldwyd gebruik word."

Nog 'n Amerikaanse evangelisasieaksie waarmee die Ned. Geref. Kerk te make gekry het, was Campus Crusade for Christ. Oor hierdie beweging en sy benadering was die Ned. Geref. Kerk veral in die sewentigerjare nie ewe positief nie. In die volgende paragraaf word kortliks by hierdie "Crusade" stilgestaan.

### 2.3.4. CAMPUS CRUSADE FOR CHRIST

**Campus Crusade for Christ** vind sy beslag by Bill Bright wat in die laat veertigerjare student word aan die Fuller Theological Seminary (Hutcheson 1981:52; Marsden 1987:90). By Bright was daar 'n uitgesproke ongeduld om

aan die gang te kom met die taak van wêreldevangelisasie. Hierdie drang het hom reeds aan die begin van sy studentejare beweeg om betrokke te raak by studente en kampusleiers. Teen 1951 staak Bright sy studies om sy aandag voltyds te wy aan die nuut gestigte Campus Crusade for Christ (Marsden 1987:90) wat in Arrowhead Springs naby San Bernardino sy hoofkwartier het.

Campus was oorspronklik bedoel om 'n organisasie te wees wat die evangelie in 'n persoon-tot-persoon situasie aan studente wou kommunikeer. Dit word gedoen in die vorm van die sogenaamde "Four Spiritual Laws" (1965) waaruit 'n persoonlike ontmoeting met Christus en geestelike groei moet kom. Aanvanklik is die werk beperk tot kampusse, maar later het dit hoërskoolstudente, atlete, soldate, ensovoorts ingesluit. Vandag kom Campus Crusade wêreldwyd na vore in 'n verskeidenheid van aksies (Douglas 1974:185). As para-kerklike beweging val die aksent op die hulpverlening aan gevestigde kerke (Hutcheson 1981:109). Sy bedoeling is om kerke in hulle evangelisasiewerk nie te dwarsboom nie, maar, inteendeel te help. Baie kerke maak daarom van Campus Crusade gebruik. Ander weer het hom nie so hartlik ontvang nie. Die Ned. Geref. Kerk was een van die kerke wat nie vrede gehad het met die konfessionele basis van Campus nie.

Gedurende die sewentigerjare is die Ned. Geref. Kerk met die evangeliese en metodiese aanpak en aanslag van Campus gekonfronteer. By die Algemene Sinode van 1978 het hy hom gedistansieer van die beweging. Kritiese opmerkinge is gemaak oor CCC se sondeleer en die geringskatting van die betekenis van die verbond (Agenda 1978:640). In hierdie opsig kom die sakramente nie tot hul volle Skriftuurlike reg nie en 'n verskraalde verlossingsweg word geleer. Die gevaar dat "interkerklikheid" die eerbied vir en gesag van die belydenisskrifte in die gedrang kan laat kom, is ook beklemtoon (Agenda 1978:640). Leraars en lidmate is gemaan om nie van die materiaal van CCC gebruik te maak nie. Die vrees is uitgespreek dat die invloed van buitekerklike organisasies wat onder geen kerklike toesig en gesag staan nie, verder kan lei tot 'n dubbele lojaliteit by lidmate (Handelinge 1978:1037-1038). Ook die feit dat vreemde en "nie-kerklike lektuur" by die kerke in omloop raak, is met agterdog bejeën (Agenda 1978:640). Die Ned. Geref. Kerk het daarom in duidelike taal by monde van sy sinode die versoek tot CCC gerig om die lidmate van die kerk in vrede te laat, aangesien dit die onvervreembare verantwoordelikheid van die kerk is om sy eie lidmate te skool en toe te rus.

Die 1982-Sinode het dit ook aan sy Kommissie vir Leer en Aktuele Sake opgedra om 'n verdere ondersoek na CCC te doen en om by die volgende sinode verslag te doen (Handelinge 1982:1215-1216). In AKLAS se verslag aan die Sinode van 1986 is die vorige besware teen Campus Crusade wesentlik gehandhaaf. Die beweging is weereens versoek om hom nie te sien as 'n aanvullende diens vir die kerk nie (Agenda 1986:109). Die kerk aanvaar ook die roeping om die hand in eie boesem te steek en om die taak van geestelike vernuwing in sy eie geledere aan te pak (Agenda 1986:109). AKLAS gee toe dat die rede waarom sommige lidmate die behoefte voel om van die aanbiedinge van 'n buite-kerklike "hulpdiens" gebruik te maak, gesoek moet word in die rigting van die gebrek aan kwalitatiewe lidmaatskap en dienswerk binne die kerk (Agenda 1986:108). Betekenisvol is die opmerking van die kommissie: "Die enigste permanente oplossing vir die Ned. Geref. Kerk is dat elke plaaslike gemeente steeds meer moet word wat die kerk in belydenis en beleid sê dat hy is" (Agenda 1986:108).

Die polemiese gesprek met CCC het dus, só gesien, die saak van die kerklike bediening en die vernuwing daarvan vierkantig op die tafel van die Ned. Geref. Kerk geplaas. Vir die kerk was dit 'n uitdaging wat in geen onduidelike

taal aanvaar moes word nie (Handelinge 1982:1215). Lidmate moet sélf 'n lewende aandeel neem in die opbou van die gemeente. Die uitskakeling van lidmate uit die lewe van die gemeente skep die behoefte aan inskakeling elders. 'n Lewenskragtige kerk, so is die argument gevoer, maak die bestaan van 'n organisasie soos CCC oorbodig. Die verskillende sinodale gebiede se Kommissies vir Ampsbediening en Evangelisasie is daarom opnuut met vuur en drif geaktiveer om voortdurende beplanning vir gemeentevernuwing in elke streek en gemeente van stapel te stuur. En, hierdie vernuwingsbeweging moet op 'n strategiese wyse geskied in terme van bereikbare korttermyndoelwitte (Agenda 1986:108). Lidmate is dus opgeroep om hulle te gee om toegerus te word ter wille van die "allesoortreffende ideaal van die opbou en uitbreiding van die gemeente as liggaam van Christus (Ef. 4:11-16; 1 Kor. 14:12)" (Agenda 1986:109).

Die Ned. Geref. Kerk se binnegeveg met CCC het gevolglik die saak van vernuwing en gemeentebou bevorder. Die besluite oor vernuwing en gemeenteopbou (in reaksie op die invloed van CCC), moet ook as vrug gesien word van die al groter wordende invloed wat die gemeentebouteologie ná 1985 in die kerk uitgeoefen het.

Uit die oorsig van die Ned. Geref. Kerk se afwysende houding ten opsigte van CCC gedurende 1978 tot 1986, moet egter nié die afleiding gemaak word dat hierdie kerk slegs op 'n indirekte manier deur Campus beïnvloed is nie. Die aansluiting het - al klink dit na 'n teenstrydigheid - heel direk gekom. Alreeds in die literatuur van die landswye sending- en evangelisasieprogram van 1970 is die navolging van publikasies van Campus Crusade ooglopend (Nel 1973). Die persoonlike gespreksboekie van die Jeug-tot-Jeugaksie **Het u al van die geheim van die lewe gehoor?** (1974) kom byvoorbeeld woordeliks ooreen met Campus se **Four Spiritual Laws** (1965). Uit die besluite van die Algemene Sinode van 1978 moet die verdere afleiding gemaak word dat Campus Crusade ook onder lidmate en sekere leraars in die Ned. Geref. Kerk 'n beduidende invloed uitgeoefen het (Agenda 1978:640; Handelinge 1978:913-914).

Ook die publikasie van tien dissipelskapboekies van Bybelkor se Gemeenteboureeks (1985) bevestig die direkte en ooglopende aansluiting by die konsepte en benadering van Campus. Dit kom naamlik ooreen met laasgenoemde se publikasie, **"Ten basic steps towards Christian maturity"** (Louw 1984). Die konsep "dinamiese Christen" kom ook uit hierdie oord. Een van die leraars wat by die 1978-Algemene Sinode 'n sterk pleidooi gelewer het vir 'n amptelike akkommodering van die materiaal en metodes van CCC, was ds. N.J. Grobler (Handelinge 1978:912-913). Opvallend is die feit dat hy later een van die skrywers was van Bybelkor se gemeenteboureeks (Grobler 1985). Dit bied die logiese verklaring vir die ooreenkoms in die literatuur van die gemeenteboureeks en die publikasies van CCC.

In die lig hiervan moet aanvaar word dat die Ned. Geref. Kerk nooit die konsekwensies van sy eie kritiek teen Campus Crusade for Christ deurgevoer het nie. Ten spyte van sy kritiek het baie van die aksente van CCC amptelik op die agenda van die kerk gebly deur middel van die werksaamhede en invloed van die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep, die omvattende lidmaattoerustingsprogram gepaardgaande met die publikasies van Bybelkor. Sonder vrees vir teëspraak moet die invloed van CCC benewens Evangelism-in-Depth, New Life for All en Evangelism Explosion erken word.

Om die bespreking van die Noord-Amerikaanse konteks nou sinvol af te sluit, word gefokus op die Church Growth-beweging. Hiermee word gemeentebou se Noord-Amerikaanse konteks finaal in kaart gebring.

## 2.3.5. DIE AMERIKAANSE "CHURCH GROWTH MOVEMENT"

Oor die **Church Growth-beweging** is baie geskryf. Dit ontstaan in die vyftigerjare in die VSA en vandaar het dit dwarsoor die wêreld versprei (Marsden 1987:238). Dit val buite die opset van die studie om 'n volledige beskrywing van hierdie beweging in al sy fasette te gee. Daar word egter gekonsentreer op die relevansie van die beweging vir die Ned. Geref. Kerk.

Sinoniem met die Church Growth-beweging is die naam van Donald A. McGavran. Reeds met die publikasie van sy eerste twee belangwekkende boeke, **The Bridges of God - A Study in the strategy of missions** (1955) en **How churches grow** (1959), kom hy as strateeg/teoretikus vir sending en kerkgroei aan die woord (Marsden 1987:242). Daarin is hy geïnteresseerd in die verskynsel van groeiende en kwynende gemeentes in verskillende omstandighede en kulture (McGavran 1959:7; 1970:93). Op grond van empiriese navorsing lê hy patrone en tendense in hierdie verband vas; vandaar sy tiperende boek **How churches grow** (1959). In die gevallestudies oor kerke en gemeentes (McGavran 1970:453-454) pas hy metodes uit die sosiale wetenskappe toe om agter die kap van die byl te kom met betrekking tot die interaksie van sosiale kragte wat aan gemeentes beslag gee (Mcgavran 1959:7; 1970:207,412,434; Marsden 1987:239; Hutcheson 1981:119). Gedurende 1961 word sy benadering in die Institute for Church Growth by die Northwest Christian College in Eugene, Oregan verder gevoer en loop dit uit op skoolvorming. Vier jaar later word hy oortuig om sy instituut na die Fuller Theological Seminary te verskuif (Marsden 1987:238). Daar het dit die beroemde **School of World Missions and Institute for Church Growth** geword (Marsden 1987:238). Wagner, soos aangehaal deur De Wet (1986:85), som die diepste intensie van hierdie beweging mooi op: "all that is involved in bringing men and woman who do not have a personal relationship with Jesus Christ into fellowship with Him and into responsible church membership." Inderdaad is die motief om uit die ganse mensdom dissipels vir Christus te wen, soos McGavran (1970:26) self sê, refleksie van 'n "search theology and a theology of harvest" (McGavran 1970:26).

Gedurende 1970 publiseer McGavran die *magnum opus* van sy hele benadering, **Understanding Church Growth**. In 1980 word dit volledig hersien en met drie verdere hoofstukke aangevul. Hiermee is die beginsels, metodes en benadering van die Church Growth-beweging op 'n omvattende en gekonsolideerde wyse uiteengesit. Die "revitalization of His church" met die oog op "discipling of panta ta ethne," is die grondliggende tese daarvan (McGavran 1970:7). In 'n omvattende driedeling behandel hy sy sendingteologie, -teorie en -praktyk. Hoewel hy tog wil vashou aan die teologiese uitgangspunt, dat sending en kerkgroei as *missio Dei* primêr 'n Goddelike aktiwiteit is (McGavran 1970:23), hou hy enduit vol met 'n navorsings- en strategiese benadering (McGavran 1970:412,434) wat van die sosiologie en die antropologie baie belangrike boustene maak in 'n pragmatiese en funksionele opvatting van die kerk (McGavran 1970:112,126). Vir hom is "the influence of social structure on church growth" omvattend (McGavran 1970:222). Daarom moet strategies rekening gehou word met sosiologiese en antropologiese patrone. Hierdie strategie moes deur middel van sosiologiese analises en die formulering van patrone vir kerkgroei 'n "evangelical tool" daarstel vir "mainline use" (Hutcheson 1981:109) in 'n poging om die negatiewe tendense in die gevestigde kerke teen te werk (Burger 1991b:284).

As iemand wat in die Amerikaanse liberale teologiese tradisie geskool is (Marsden 1987:238), slaag McGavran en sy medestanders dus by uitnemendheid daarin om perspektiewe vanuit hierdie tradisie te kombineer met die ideale van kerkgroei en die uitbreiding van die evangelie (Peters 1981; McGavran & Arn 1984; Jenson & Stevens 1986). 'n Groot sensitiwiteit vir die menslike en die kulturele konteks waar die kerk geplant en die evangelie verder versprei moet word, voer 'n bepaalde botoon in hulle gedagtes (McGavran 1970:48,97; Marsden 1987:239; De Wet 1986:87). Insigte van die sosiologie en ander wetenskappe (waaronder die empirie en statistiese navorsingsmetodologie) staan in diens van die teologie en die ideale van kerkgroei (Krol 1982:109 e.v.; Hendriks 1988:46). Hierdie metodes en hulpmiddele moet aangevul en gerealiseer word deur gedetailleerde- en langtermynbeplanning (McGavran 1970:434 e.v.; De Wet 1986:87). Onder die invloed van die sosiale wetenskappe moet alle teorie in die praktyk deur middel van meetbare resultate getoets en toegepas word (Marsden 1987:275). Bosch (1988:20) tipeer die Church Growth beweging in hierdie verband heel gepas as 'n "answer theology" en 'n "happy ending religion," 'n benadering wat altyd soek na resultate. Maar, dan veral die resultate waarop in terme van strategie en beplanning vooraf besluit is (Bosch 1988:20).

Insiggewend is die opmerking van Hutcheson (1981:41,101,115-116) dat die metodes en benadering van die Church-Growth beweging ooreenkom met die sogenaamde *"managerial revolution"* wat in die tweede helfte van die twintigste eeu sy beslag gekry het. In die moderne tegnologiese samelewing het die gedrags- en bestuurswetenskappe al meer die basis vir die bestuur van veranderingsprosesse begin verskaf. Probleemoplossende benaderings uit die sekulêre bestuurswetenskap het aanloklike nuwe opsies vir die kerk daargestel (Hutcheson 1981:115). Die grootskaalse herstrukturering van "mainline" denominasies en verbeeldingryke doelwitformulering gedurende die sestiger- en sewentigerjare het dan ook die triomf van die bestuursrewolusie tot binne-in die organisasie van die kerklike lewe gedra (Hutcheson 1981:42,101).

Die Church Growth-beweging skroom nie om 'n magdom nie-teologiese insigte in die spel te bring nie (McGavran 1970:93,144,165). In hierdie pragmatiese onderneming is dit die *hoe-vraag* van die kerklike praktyk wat heeltyd domineer (vgl. Burger 1991a:19). Wanneer metodes wat "werk" so oorgedra word op die kerklike lewe, lei dit tot ongekende optimisme in die toekoms van die kerk en sy roeping (De Wet 1986:87). Veelseggend is die werke van praktiese teoloë in die VSA wat aangesluit het by hierdie rigting (vgl. Burger 1991b:284) en vir wie die funksionele kant van die kerk 'n baie belangrike blikpunt is: Getz se **Sharpening the focus of the Church** (1980) en Richards se **A New Face for the Church** (1978). In hierdie boeke word by name die gelaat van die kerk self 'n belangrike lens waardeur vernuwing beskou en gerealiseer moet word. Die klem op groepwerk en die strategiese belangrikheid van "goal-setting" en evaluering staan voorop (Richards 1970:193-194). Waar die Church Growth-beweging, vir die gereformeerde besef, weinig klem laat val op die teologiese funksie van die ampte (Buys 1988:14), kom die rol van die pastor in verandering in terme van 'n omvattende "theology of church leadership" aan die lig (Richards & Hoeldtke 1980). Maar genoeg. Hierdie teoloë het sáám met McGavran en die Church Growth-beweging 'n beduidende invloed uitgeoefen op die gemeentebouteologie van die Ned. Geref. Kerk. Die metodes en oortuigings van die beweging het in die tagtiger en negentigerjare heelhuids daarin neerslag gevind.

Die ooreenkomste tussen Church Growth en gemeentebou in die Ned. Geref. Kerk, is daarom opvallend. Nel (1988) se **Fases in Gemeentebou**, Hendriks (1992a) se **Strategiese Beplanning in die Gemeente** en Van Schalkwyk (1991) se **Oppad na 2000** is geknip op die patrone wat die Church Growth-beweging uitgelê het. Die so bekende

empiriese gevallestudies, die strategiese bestuursbenadering en die ontwerp van verbeeldingryke programme (vgl. Hutcheson 1981:115), het deur die toegangspoort van die gemeentebouteologie (Nel 1988; Hendriks 1992a; 1992b) reeds stewige houvas in die Ned. Geref. Kerk gekry. As Hendriks byvoorbeeld oor gemeentevernuwing praat, moet hy naas die teologiese begronding wat hy daarvoor in die Bybelse boubeeld vind, ook die belang van strategie en tegniek hieraan toevoeg: "....beplanning verwys na die proses waarin 'n reeks stappe logies en sistematies deurdink en geformuleer word" en strategie "beskryf die bestuur van 'n ordelike veranderingsproses waarmee 'n bepaalde visie en ideaal geïmplementeer word" (Hendriks 1992a:122). Sonder hierdie tegnieke kan gemeentebou nie slaag nie.

Die invloed van die Noord-Amerikaanse kerklik-teologiese toneel op die Ned. Geref. gemeentebouteologie word verder bevestig deur die belangrike artikels van Hendriks (1988) en Burger (1991b) in die **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**. Hulle bespreek onderskeidelik tendense in die Amerikaanse kerklike situasie, resente ontwikkelings in die Praktiese Teologie in die VSA en die implikasies hiervan vir die kerk in Suid-Afrika. Hierdie artikels verwoord baie duidelik waar die sentimente van die Ned. Geref. Kerk se gemeentebouteologie lê. Burger (1991b:20) pleit daarvoor dat die Amerikaanse pragmatistiese manier van doen nie te gou geringeskat moet word nie. Die Praktiese Teologie moet kennis neem van die teorieë en strategieë wat die Amerikaners by wyse van eksperimentering met kerkwees ontwerp het. Dat Burger en Hendriks getrou gebly het aan hierdie ideale, blyk duidelik uit hul verdere publikasies en die wyse waarop hulle hul insigte van die besinningsproses oor kerkgroei en -vernuwing in die VSA geput het (Burger 1991a:16-17; Hendriks 1992a:121-194). Gemeentebouteologie binne die Ned. Geref. Kerk staan dus in 'n direkte verband met die Church Growth-beweging.

Hiermee is min of meer daarop gewys hoedat insigte en konsepte van vyf omvangryke en resente Amerikaanse evangelisasiebewegings in die Ned. Geref. Kerk opgeneem en geïmplementeer is. Dit staan vas dat hierdie akkommodering eklekties, onkrities en met motiewe en bymotiewe plaasgevind het. Vir 'n begrip van die Ned. Geref. gemeentebouteologie is hierdie oorsig noodsaaklik. Is 'n mens egter ingestel op die oorsprong van 'n teologiese invloed op 'n kerk, kan die gebruikmaking van Ned. Geref. teoloë van Duitse en Nederlandse gemeentebouliteratuur nie oor die hoof gesien word nie.

## 2.4. KENNISNAME VAN EUROPESE GEMEENTEBOULITERATUUR

'n Bestudering van die gemeentebouliteratuur van die Ned. Geref. Kerk wys ook op die aansluiting by dergelike literatuur uit Europese bodem. Ongetwyfeld het die Amerikaanse Church Growth-beweging, sowel as die genoemde evangelisasiebewegings, hul invloed in Europa laat geld, sodat 'n mens nie werklik met 'n oorspronklike en ander gemeenteboubeweging in Europa te make het nie. Opvallend is die feit dat die Amerikaanse insigte in veral Duitsland van 'n beredeneerde prakties-teologiese kenteorie voorsien is. Kerkhistories is hierdie verbandlegging egter, na die beste van my wete, nie beskrywe nie. Op gevaar van noodwendige veralgemening af, word die volgende opmerkinge tog gemaak om daarmee die breë konteks van die Ned. Geref. gemeentebouteologie aan te dui.

## 2.4.1. DIE DUITSE GEMEENTEBOULITERATUUR

In die Duitse teologiese denke begin die besinning oor gemeentebou in die laat vyftigerjare waarna die belangstelling daarvoor in die sestigerjare weer kwyn (Herbst 1988:49). Met die internasionale kongres oor wêreldevangelisasie (1974) in Lausanne het die gemeentebouteologie in Duitsland egter nuwe impulse gekry (Herbst 1988:49-50; Te Velde 1989:6). Die aansluiting by die Church Growth-beweging is byna onvermydelik en doelbewus.

Herbst (1988:49-51) wys daarop dat gemeentebou in Duitsland teologies beïnvloed is deur die Lausanne-kongres, Billy Graham en Donald McGavran. Die stigting van die **Institut für Missionarischen Gemeindeaufbau** in Giessen, herinner in vele opsigte aan die soortgelyke instituut by Fuller in die VSA (Herbst 1988:51). Vir Herbst self is dit ook van die grootste belang dat die resultate van die Church Growth beweging binne die konteks van die Duitse Protestantse kerke aangepas en toegepas moet word (Herbst 1988:256-263). Ook wanneer Möller (1987:79,105) die eksponente en agtergronde van die Duitse "Missionarische Gemeindeaufbau" behandel, vind hy die Church Growth-beweging ("Gemeindewachstumsbewegung") daarin terug (Möller 1987:79,105). C.A. Schwarz (1987:11) meld die bruikbare stof wat hy van die navorsing wat aan die Fuller Seminary in die VSA gedoen is, verkry het. Die resultate vanuit hierdie wêreldbekende "gemeentebou-inrigting" het inderdaad, na sy oordeel, 'n substansiële deel uitgemaak van sy eie werk, **Praxis des Gemeindeaufbaus** (Schwarz 1987).

Soos in die VSA speel die bewuswording van die ontstellende kerkverlating en ontkerkliking in die **Evangelische Kirche in Deutschland** (vgl. Seitz 1985:39-40; Herbst 1988:49, 104-152) 'n baie belangrike rol om gemeentebou as 'n werkbare oplossing vir die probleem aan te lê (vgl. Möller 1987; Te Velde 1989:18). Die kerkvervreemdes moes weer deur middel van 'n evangeliserende (Herbst 1988:39) en programmatiese benadering vir die Duiste "volkskerk" teruggewen word (Herbst 1988:49; Schwarz 1987:191-217). Die saak word nie sonder 'n Skriftuurlike verbandlegging aangepak nie. So byvoorbeeld gee Herbst (1988:74-103) 'n uitvoerige bespreking van alle tekste in die Nuwe Testament wat betrekking het op die gemeente as 'n bouwerk. Ook Schwarz en Schwarz (1984:24) wil die Nuwe-Testamentiese beeld van die gemeente as maatstaf vir gemeentebou aanlê. Sterk klem word ook gelê op die feit dat gemeentebou in 'n Nuwe-Testamentiese sin 'n intensiewe én ekstensiewe dimensie vertoon (Herbst 1988:100). Die normatiewe Skrifgetuienis word dan die raamwerk vir die analisering van die feitelike situasie in die "volkskerk" (Herbst 1988:74-75; Noordegraaf 1990:132).

In hierdie proses word gebruik gemaak van wetenskappe soos die sosiologie, kommunikasiekunde en die empiriese navorsingsmetodologie, wat weer saamhang met die groot wending na die empiriese metodes in die tweede helfte van die twintigste eeu (Möller 1987:21). Ten spyte van die feit dat hierdie benadering poog om teologiese substansie te behou (Herbst 1988:42), gebeur dit in die aanbied van die konsepte dat teologiese motiewe deur die inhoude van ander wetenskappe verplaas word. So lê Bäumler (1974:417-429) in terme van 'n handelingsteoretiese benadering in der mate klem op die empiriese kant van die kerk, dat 'n Skriftuurlike ekklesiologie verlore gaan. Die praxisteorie vir die gemeente (wat verstelbaar is) kom as dinamiese teorie na vore en dien as operasionalisering vir statiese teologiese formules (Baümler 1974:421).

Reck (1991) bied in sy resente werk 'n gemeenteboubenadering aan vanuit die kommunikasiewetenskap. Hy doen dit deur die antieke kommunikasiestrukture in verband te bring met die kommunikasie-patrone wat gangbaar was in die Pauliniese gemeentes en verwerk dit dan vir eietydse gemeentebou (Reck 1991:68,158). Die vraag na die korrekte kommunikatiewe invalshoek staan hier voorop, en nié die normatiewe vraag na die wese van die kerk nie.

Fritz en Christian Schwarz (1984) het met hulle **"Theologie des Gemeindeaufbaus"** gepoog om 'n teologié vir gemeentebou daar te stel, wat dink vanuit die Triniteit en die spreke van die Skrif oor die kerk (Schwarz & Schwarz 1984:24,67). In opvolg van hierdie werk bied Christian Schwarz (1987) **'n Praxis des Gemeindeaufbaus** aan wat die aanvanklike fokus op die teologie verplaas na die rol van 'n aantal praxis-vorme: die leraar, die plek van die geestesgawes, die belangrikheid van die kleingroep, die rol van gemeente-analise en die waarde van 'n strategiese beplanningsproses vir die gemeente (Schwarz 1987:62,128,162,191).

Ofskoon Herbst (1988:74-75) aan 'n Skriftuurlike bouplan met die oog op die gemeente-praxis wil vashou, haal ook hy die rol van die sosiologie by om die situasie in die volkskerk te analiseer met die oog op die verbetering van die praxis van die kerk. Hiermee word die probleem van die verskil tussen die *"geglaubte"* en die *"erfahrene"* kerk aangespreek (Herbst 1988:105; Möller 1987:21). Die baie belangrike verband en wisselwerking tussen die teologie en die empirie stel die gemeentebouteologie in staat om teorieë te ontwerp wat die huidige situasie in die kerk kan transformeer om in lyn te kom met die opdrag van Christus en die Woord (Herbst 1988:105,152). As uitvloeisel hiervan moet kerklike strukture ook op basis van die resultate van die menswetenskappe verander word (Möller 1987:74). Die belangrike plek van sake soos leierskap, konflikhantering, deelname en organisatoriese vernuwing staan ewe-eens voorop (Möller 1987:74; Te Velde 1989:28). Al die bogenoemde rigtings en benaderinge in die Duitse gemeenteboubeweging het een saak in gemeen (ofskoon hulle aksente verskil), naamlik die groei en die kwalitatiewe opbou van die kerk.

Die Duitse gemeentebouteologie reflekteer ook op die bepaalde wetenskapsteorie wat die denke oor die voorvrae in die Praktiese Teologie sedert die begin van die sewentigerjare beheers het. In hierdie verband moet verwys word na Zerfass (1974:164-177), wat in terme van sy teologiese handelingswetenskaplike benadering, die handelinge van kerk ten behoewe van die evangelie as die primêre fokuspunt beskou. Teorievorming met die oog op 'n verbeterde kerklike praxis staan voorop in hierdie benadering. Ook Baümler (1974:417-429) sluit hom hierby aan. Vir gemeentebou om enigsens daarin te slaag om nuwe strukture vir die missionêre gemeente daar te stel, moet daar volgens hom 'n noukeurige analise van bestaande kerkteorieë met die oog op die verbetering daarvan gemaak word (Baümler 1974:419). In hierdie verband bied die handelingswetenskaplike model die teoretiese raamwerk om in terme van die teorie/praxis-interaksie nuwe praxisteorieë vir die lewe van die kerk op te stel (Baümler 1974:421).

Herbst (1988:42-43) maak belangrike opmerkinge met betrekking tot die plek van die Woord (in die sin van die Barmen-verklaring) en die geloof in die handelingswetenskaplike benadering. Hy vra die kritiese vraag, naamlik of die kerklike praxis wat deur die geloof gerealiseer word, "maakbaar" is in 'n handelingswetenskaplike sin (Herbst 1988:42). Hy waarsku dan ook teen 'n reduksie van die geloof en die gevaar dat die handelingsteoretiese benadering heeltemal in 'n soort "kerklike tegnokrasie" kan ontaard (Herbst 1988:43). Aangesien hierdie benadering met 'n

grondliggende spanning tussen teorie en praktyk werk, skyn dit of ook Herbst nie aan hierdie spanning ontkom nie. Die handelingsteoretiese uitgangspunt stel hom dan ook in staat om 'n nuwe *"kybernetische Programm"* (handelingsteorie) as konsep of teorie vir gemeentebou aan te bied (Herbst 1988:392).

Uit bogenoemde oorsig het dit duidelik geword dat Duitse teoloë aansluiting soek by die Amerikaanse Church Growth-benadering. Terselfdertyd is dit duidelik dat hierdie aansluiting 'n eie stempel dra. Dit blyk met name uit die groot moeite wat met die kenteoretiese vooronderstellings gemaak word. Die vraag is of die Ned. Geref. Kerk hom deur die Duitse aksente laat beïnvloed het? In die literatuurlyste van die publikasies van Suid-Afrikaanse gemeentebouteoloë is daar hier en daar kennisname van die Duitse literatuur (vgl. Nel 1986; Louw 1987b; Bischoff 1991). Van 'n diepgaande inhoudelike aansluiting en/of kritiek is daar egter nie sprake nie.

In 'n ander opsig het daar tóg 'n belangrike impuls uit Duitsland gekom. Die rol wat Duitse teoloë soos Zerfass (1974) en Bäumler (1974) gespeel het in die ontwerp van 'n handelingswetenskaplike benadering tot die praktiese teologie, het in Suid-Afrika navolging gevind en verskeie teoloë gehelp aan verantwoording van 'n eie wetenskaplike kenteorie (vgl. Burger 1991c:7).

### 2.4.2. "GEMEENTEOPBOUW" IN DIE NEDERLANDSE KONTEKS

In Nederland het gemeentebouliteratuur gedurende die sewentigerjare hand oor hand toegeneem. Dit verteenwoordig die derde buitelandse oord by wie teoloë van die Ned. Geref. Kerk in leer gaan. Nederlandse publikasies in verband met gemeentebou moet in twee algemene kategorieë onderskei word. Aan die een kant is daar 'n positiewe evaluering van gemeentebou en kenteoretiese integrering van die veronderstelde handelingswetenskaplike begronding van die Praktiese Teologie. Aan die ander kant word dit meer krities bejeën, veral vanuit 'n diakoniologiese vooronderstelling vir die sogenaamde "Praktiese Teologie."

Wat laasgenoemde benadering betref, is dit veral teoloë van die **Vrygemaakte Gereformeerde Kerke** (Broederweg, Kampen) en teoloë van die **Christelijk Gereformeerde Kerk** (Appeldoorn) wat die oog vang en standpunt stel. In hierdie verband kan verwys word na die intreerede van Te Velde (1989), **Gereformeerde Gemeenteopbouw - Een eerste koersbepaling voor een nieuw theologisch vak**. Hy het dit opgevolg met 'n vierledige werk oor **Gemeenteopbouw** (Te Velde 1992a; 1992b; 1993a; 1993b). In deel 1 en 2 bied hy sy uitgangspunte vir "gereformeerde gemeenteopbouw" asook "bijbelse basisprincipes voor het functioneren van de christelijke gemeente." Interessant is die feit dat hy by sy Skriftuurlike en gereformeerde vertrekpunt vir gemeentebou (ofskoon hy dit krities bejeën) ook die rol van die "menswetenschappen," "organisatie," "eigentijds werken in de kerk," "beleidvorming en planmatig en doelgericht werken in die gemeente," die belang van "visie" en "basis-principes" (Te Velde 1992a:54,68,81,89) met die oog op gemeentebou beklemtoon. Sy deel 3 en 4 is afgestem op die weg waarlangs gemeentebou gerealiseer kan word deur middel van 'n "metodische beleid" met nie minder nie as tien strategiese stappe (Te Velde 1993a: 105 e.v.). Hieraan word 'n "gemeente-werkplan" toegevoeg wat voorsiening maak vir 'n sestal diensterreine: verkondiging, "levens-wijding," onderrig, opsig, "samen-leven" en barmhartigheid (Te Velde 1993b:30 e.v.). Ofskoon Te Velde sy voet in die deur van die gereformeerde Diakoniologie wil hou, doen hy dit egter nie sonder 'n opvallende aansluiting by die sosiale en bestuurswetenskappe nie (Te Velde 1993a:105-140) asook by Duitse literatuur oor gemeentebou. Met hom kan selfs saamgestem word wanneer hy sê

dat dinge soos "organisatie en methodiek" nie die werk van die Gees en die Woord ophef nie en dat die negering van hierdie hulpmiddele sou neerkom op 'n "spiritualistische benadering, waarbij het leven op onaanvaardbare wijze vergeestelijk word" (Te Velde 1992a:58). Maar, toon Te Velde genoeg begrip vir die handelingswetenskaplike kenteoretiese motief met betrekking tot die benutting van nie-teologiese wetenskappe, wanneer hy put van die insigte van praktiese teoloë soos Greinacher en J. Hendriks en 'n term soos "basis-principe" (dit is 'n basis-teorie) hanteer? (Te Velde 1993a:143). Dit is duidelik dat sy aanvanklike uitgesproke teologiese uitgangspunte hier aangevul word met 'n planmatige strategiese bestuursbenadering. Sou hy daarmee oor die grens beweeg en binne die kader van 'n handelingswetenskaplike benadering beland? Sou die doktorale proefskrif van E.J. Hempenius (1993: Kampen) **Gemeente-analyse: waarom? wat? hoe?** nie verraai dat die wyse waarop "gemeenteopbouw" in die Departement Ekklesiologie aan die Theologische Hogeschool te Kampen gestalte kry, inderdaad in die veld van die empiriese beoefening van die Praktiese Teologie inbeweeg het nie?

In sy onlangse publikasie, **Een Levende Gemeente - met het oog op gemeenteopbouw**, hou Velema (1992) (CGK, Appeldoorn) voet by stuk in 'n ongekwalifiseerde gereformeerd-diakoniologiese benadering. Ook 'n artikel van Noordegraaf (1990), **Oorwegingen rondom het thema gemeenteopbouw**, sluit hierby aan. Dat hierdie teoloë gemeentebou Skriftuurlik en gereformeerd-konfessioneel wil begrond en verantwoord, staan voorop. Hier is nie sprake van verbeeldingryke programmatiese vernuwingsprogramme nie. Wel deeglik is hier 'n afgrensing ten opsigte van gemeentebou wat nie aan die Skrif, die belydenis en die ampte die regmatige teologiese funksie toeken nie. Op 'n pakkende wyse verbind Velema (1992) die lewe van die gemeente met die oog op gemeentebou aan die bediening van en diens aan die Woord (Velema 1992:33-80). In sy werk oor gereformeerde spritualiteit lê hy ook die verband tussen gereformeerde spiritualiteit en - gemeenteopbou (Velema:1990:58-59; 166-167).

Aan die ander kant oefen Nederlandse teoloë wat met 'n handelingsteoretiese benadering werk, 'n bepaalde invloed uit. Die Amsterdamse teoloog, Jacob Firet (1980), het hieraan met 'n bepaalde handelingswetenskaplike inslag koers aangedui. Nog 'n bekende op die terrein van gemeentebou is sekerlik J. Hendriks (1977; 1987; 1992) van die **Instituut voor Praktische Theologie aan de Vrije Universiteit.** Alreeds in 1977 roep Hendriks uit: **Zo kan het niet blijven! - Werken aan verandering**, en motiveer hy die selfwerksaamheid van die gemeente tot verandering met die hulp van metodes uit die sosiale wetenskappe (Hendriks 1977:88 e.v.). Tiperend is die titel van sy jongste publikasie: **Een vitale en aantrekkelijke gemeente - Model en methode van gemeenteopbouw** (J. Hendriks 1992). Hierin domineer ook sosiaal-wetenskaplike insigte ten koste van die teologie en word die slag vir vitale gemeentewees gelewer by 'n positiewe klimaat waarin mense met vreugde hulle gemeentewees beleef, stimulerende leierskap, verbeeldingryke kernverhoudings tussen indiwidue en groepe, aantreklike doelwitformulering en 'n gemeentelike identiteitsbewussyn (J. Hendriks 1992:41-139). By hierdie werk lê duidelik 'n ander aksent as die van 'n vroeëre publikasie oor die teologiese verstaan en funksie van die kleingroep in die opbou van die gemeente (J. Hendriks 1987).

By die naam van J. Hendriks kan ook dié van Goedhart (1984: **Gemeenteopbouw**), Bons-Storm (1987: **Geloofwaardig: Stappen op de weg van gemeenteopbouw**) en Dingemans (1987: **Een Huis om in te wonen**) om slegs enkeles te noem, gevoeg word. In 1992 promoveer J. Bruin onder die promotorskap van Dingemans met 'n proefskrif getiteld: **Kerkvernieuwing - Een praktisch-ecclesiologisch onderzoek naar de betekenis van 'Gemeenteopbouw' voor de Nederlands Hervormde Kerk** (Bruin 1992). Op voetspoor van Dingemans is ook

by Bruin (1992) sterk klem op die analise van die kerk met die oog op 'n veranderde "zelfbeeld" terwille van "de dienst der Kerk in de wereld" (Bruin 1992:95,164). Dingemans, wat doelbewus kies vir 'n handelingswetenspalike benadering, is ook een van die outeurs, saam met onder andere die Nijmegense Rooms-Katolieke teoloog, J.A. van der Ven, van die **Handboek Praktische Theologie** waarvan reeds dele oor die kategetiek (1991), homiletiek (1991) en ekklesiologie (1993) verskyn het.

In die geledere van die Ned. Geref. Kerk kom die aansluiting veel meer by hierdie groep teoloë. Trouens, die werk van die Suid-Afrikaanse Hendriks oor strategiese beplanning in die gemeente (1992a) kom in 'n groot mate ooreen met die gedagtes wat die Nederlandse Hendriks in sy **Een vitale en aantrekkelijke gemeente** uitgewerk het. In die Ned. Geref. Kerk word nog nie teologies-krities en konfessioneel-gereformeerd 'n verantwoording van die konsepte en benaderings eie aan gemeentebou opgestel nie. 'n Kritiese benadering soortgelyk aan die van Noordegraaf (1990:125-127), Te Velde (1989:10, 15, 16, 18, 26 e.v.) en Heering (et al. 1989: **De Kerk verbouwen: Dingemans' ecclesiologie kritisch bekeken**) bly nog uit. Die onderhawige evaluering van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie by die Ned. Geref. Kerk verteenwoordig 'n omvattende poging om in die rigting van 'n kritiese toetsing daarvan die weg te baan.

## 2.5. SAMEVATTING

Die oorsigtelike behandeling van die Noord-Amerikaanse, Duitse en Nederlandse beredenering en beoefening van gemeentebou in hoofstuk 2 is slegs bedoel om die breë verwysingsraam van die ontwikkeling van 'n gemeente-bouteologie binne die Ned. Geref. Kerk daar te stel. Daarmee is aangedui dat hierdie Ned. Geref. teologie 'n buitelandse konteks het en dat hy met voorkeure van sy eie hierby aansluiting gevind het sonder 'n teologies-kritiese verantwoording daarvan. Dit behoort ook nou duidelik te wees dat die ontwikkeling van die Ned. Geref. gemeentebouteologie gedurende 1970 tot 1994 'n verband het wat noodsaaklike lig werp op hierdie teologiese bedrywigheid in een van Suidelike-Afrika se oudste kerke. Sonder twyfel is gemeentebou die belangrikste teologiese ontwikkeling in die Ned. Geref. Kerk sedert 1970. Maar, dit is 'n teologiese ontwikkeling wat aan die kerk oorgebring is. Dit het klaarblyklik toegang tot die Ned. Geref. Kerk gevind vanweë die tradisionele begrip en benadering ten opsigte van evangelisasie wat hierdie kerk huisves. Hiermee saam is die teologiese dissipline waarin gemeentebou teregkom, aansienlik uitgebou en van 'n handelingswetenskaplike basis voorsien. Daarmee het 'n teologie van gemeentebou hom in die Ned. Geref. Kerk aangekondig.

## GEVOLGTREKKING: DEEL I

Word die pad van gemeentebou in die Ned. Geref. Kerk histories nagegaan en in verband gebring met die Amerikaanse en Europese beïnvloeding daarvan, is dit duidelik dat hier 'n beweging in die kerk losgekom het wat daadwerklik alles insit om 'n onbehaaglike situasie wat kerklike meelewing en diens betref, te verander. Die Ned. Geref. Kerk is eenvoudig gekonfronteer met dalende getalle, tanende werksaamhede en 'n gebrek aan betrokkenheid. Op die keper beskou staan die ou spanningsverhouding tussen teorie en praktyk, tussen ideaal en werklikheid hier op die agtergrond. Met hierdie probleem maak gemeentebou 'n plan. Gemeentebou staan dus in die teken van 'n nuwe ondernemingsgees wat met innoverende denke en teologiese oorwegings die saak aanspreek waar dit werklik saakmaak, naamlik in die plaaslike gemeente. Daarom kom die gemeente in die sentrum van belangstelling. In gemeentebou en sy teologie gaan dit doelbewus om die herstel, die groei, die opbou en vernuwing van die kerk. Dit gaan metodologies om die kerk en sy (her)opbou.

Uit hoofstukke een en twee is dit ewe-eens duidelik dat die belangstelling in die praktiese sy van kerkwees nie lukraak hanteer word nie. Met behulp van insigte en metodes uit die sosiale wetenskappe, empiriese analises en strategie, word dit 'n wetenskaplike poging om met kerklike herstrukturering blywende vernuwing te bewerkstellig. Die teorieë wat hiervoor ontwerp word, is daarop gerig om die situasie (huidige praktyk) te transendeer, sodat ideaal en werklikheid versoen kan word. Dit loop praktyk- en basisteoreties uit op 'n teologie van die kerk waarin die kerk "van onder" as 'n empiriese (sosiale) gemeenskap verstaan word.

Dat dit in gemeentebou primêr om die kerk en sy opbou gaan (m.a.w. om 'n kerkbegrip), is egter nie ál wat deur die geskiedenis van die gemeentebouteologie blootgelê word nie. 'n Ander baie belangrike saak is dat die handelingswetenskaplike model die kenteoretiese raamwerk bied waarin die teorie/praxis interaksie verdiskonteer word. Veral in die Europese literatuur is hierdie kenteoretiese model bespreek. En, soos aangedui, het gemeentebouteoloë in Suid-Afrika hulle hierin gevolg. Dit beteken dat gemeentebou kenteoreties in Praktiese Teologie begrond word. En, dat die diakoniologiese uitgangspunt, soos Jonker dit nog in 1974 vir die Ned. Geref. Kerk beredeneer het (vgl. Heyns & Jonker 1974:296-301), nie meer die aanvaarde is nie. Dit verteenwoordig 'n paradigma-verskuiwing wat die wetenskapsteoretiese basis van die beoefening van Praktiese Teologie betref. Gemeentebou, en sy funksionele opvatting van die kerk as 'n gemeenskap, staan dus in lyn met hierdie kenteoretiese tradisie. Dit beteken dat die vernuwing wat hierdeur na vore kom, in sy metode en praktiese toepassing óók versoenbaar hiermee is.

'n Derde saak wat uit die kerkhistoriese omlysting na vore gekom het, verdien die aandag. Dit is implisiet aanwesig as een van die sterkste motiewe in die gemeentebouteologie. Hierdie teologie pretendeer om 'n nuwe begrip en organisasie van die kerk daar te stel - téénoor die oue of tradisioneel gangbare. Dit kom dus neer op 'n kerkbegrip in kontras, wat vir die analise en verstaan van hierdie teologie uiters belangrik is.

Die kerkhistoriese oorsig (Deel I) van die ontwikkeling van die gemeentebouteologie het dus sake uitgewys wat verantwoord en geanaliseer moet word. Die belangrikste hiervan is dat gemeentebou hom doelbewus toelê op die verandering van die praktyk van kerkwees. Vanselfsprekend staan dit in verband met 'n kerkbegrip. In Deel II word hierdie kerkbegrip geanaliseer.

# DEEL II

# TEOLOGIES-KRITIESE ANALISE

Die tweede deel van die navorsing is daarop gemik om die kerkbegrip van die Ned. Geref. gemeentebouteologie teologies-krities bloot te lê. Die resultaat van die kerkhistoriese omlysting in Deel I het daarop gewys dat die opbou en vernuwing van die kerklike lewe deur 'n bétеr begrip van die kerk (kerkbegrip) bemiddel en uiteindelik finaal bewerkstellig moet word. Gemeentebouteologie deurbreek doelbewus statiese en dogmatiese kategorieë, sodat die kerkbegrip wat dit hanteer, nie in soveel eienskappe of kenmerke opgestel kan word nie. In hierdie onderneming bied die kenteoretiese basis tot die beoefening van die Praktiese Teologie die belangrike wetenskaplike verwysingsraamwerk. Word die kerkbergip van die gemeentebouteologie uit die tersaaklike literatuur nagespeur, dien dit in tipiese handelingswetenskaplike kategorieë as 'n "basisteorie" en 'n "praktykteorie" aan. Hierdie funksionele denke in verband met die kerk bring konsepte of modelle eerder as teologiese definisies na vore.

Dit is die oorwoë mening van gemeentebouteoloë dat die liggaam-van-Christus-metafoor genoegsaam basisteoretiese (teologiese) en praktykteoretiese (praxis-relevante) moontlikhede beliggaam om tot 'n dinamiese en funksionele kerkbergip verwerk te word. As 'n omvattende liggaamsmodel word dit vir gemeentebou as 'n kerkbegrip "van onder" (hoofstuk 3) uitgewerk. Dit is ontwerp om wesenlike Bybelse uitgangspunte ten opsigte van die gemeente se bestaan aan 'n relevante en toeganklike praktiese begrip en verwysingsraamwerk te bind. Hierdie kerkbegrip is allermins abstrak of "dogmaties" van aard. Trouens, Pieterse (1991:37; 1993:157; vgl. ook Louw 1992:122,124; Breytenbach & Pieterse 1992:102) het as praktiese teoloog by meer as een geleentheid aangevoer dat die Praktiese Teologie op 'n ánder wyse as die sistematiese teologie wil werk aan 'n "prakties-teologiese-ekklesiologie." Daarom gaan dit in gemeentebou se kerkbegrip "van onder" om méér as net 'n begrip. Dit gaan om die kerk as 'n empiriese gemeenskap, wat as 'n sosiologiese sisteem benader moet word.

Die nuwe kerkbegrip, om werklik prakties te wees, veronderstel ook kerklike herstrukturering. Die wesenlike diensfunksies van die geloofsgemeenskap moet met die hulp van die insigte van nie-teologiese wetenskappe deur middel van kerklike herstrukturering "van onder af" bewerkstellig word. Daarom, nie net in 'n basisteoretiese sin nie, maar ook praktykteoreties wil gemeentebou die liggaamsmodel in die kerklike lewe institusionaliseer. Hiermee word te kenne gegee dat die gemeenskap van die gelowiges (lidmate) die uitgangspunt vorm. Dit is 'n kerkvorm vir en van die lidmate. Onder hulle word die dienswerk van die gemeente gerealiseer. Vir hulle word die kerkstruktuur gerasionaliseer. Dit voorsien in hulle behoeftes en spreek die moderne omgewing waarin lidmate woon en werk, aan. Dit maak teologies volledig erns met die praktiese kant van die kerk. Ook in hierdie sin is dit 'n kerkbegrip "van onder." Dogmatiese premisse en vooronderstellings "van bo" kom eenvoudig nie aan die bod nie.

As met die lewe en diens van die kerk van Christus in terme van teorieë en begrippe omgegaan word, kom dit logieserwys daarop neer dat die "ou pratykteorie" aan die kaak gestel moet word. In die Ned. Geref. gemeentebouteologie skep die kerkbergip "van onder" daarom ook 'n kerkbegrip "in kontras" (hoofstuk 4). Die insigte wat vanuit die dinamiese moontlikhede van die liggaamsmodel gewen is, speel een na die ander klaar met die tradisionele en statiese praktyke in die sogenaamde herder-kudde-model. Die begrip vir hierdie kontraste bevestig

hoe ver die prakties-teologiese liggaamskerkbegrip verwyder lê van die herder-kudde-model wat bloot in sogenaamde abstrakte en deduktiewe terme opereer. Die aanwysing van hierdie spanning tussen 'n "deduktiewe" en 'n "induktiewe" kerkbegrip in gemeentebou baan ook die weg dat hierdie teologie in die laaste deel tot hierdie studie behoorlik verantwoord kan word. Alles word op gang gesit deur 'n kerkbegrip wat "van onder" na die oppervlakte kom.

# HOOFSTUK 3

# GEMEENTEBOU: 'N KERKBEGRIP "VAN ONDER"

## 3.1. INLEIDING

Hierdie hoofstuk word die aandag bepaal by die wyse waarop die gemeentebouteologie van die Ned. Geref. Kerk sy kerkbegrip "van onder" opstel, én dit in die praktyk laat realiseer. Vir hierdie teologie is die kerk of gemeente 'n dinamiese en empiriese verskynsel, 'n gelóófsgemeenskap. Dáárin lê die wese van die kerk/gemeente. Dit verteenwoordig 'n benadering wat vreemd is aan die denkpatroon van die Ned. Geref. Kerk. Immers, tradisioneel het hierdie kerk dogmaties of kerkregtelik sy begrip van die kerk gedefinieer. In die gemeentebouteologie word dit vanuit die dinamika van 'n menslike geloofsgemeenskap as 'n sosiale sisteem gedoen. Hiervoor word, met verwysing na die Skriftuurlike spreke van die kerk as liggaam van Christus, 'n bepaalde model ontwerp. Byna sonder uitsondering beredeneer die een gemeentebouteoloog na die ander 'n "basisteorie" (d.i. 'n prakties-teologiese ekklesiologie) met die oog op die funksionering en die bestuur van die plaaslike gemeente (vgl. Heyns & Pieterse 1990:57 e.v.; Bisschoff 1991:58; Pieterse 1991a:37 e.v.; Burger 1991c:76; Breytenbach & Pieterse 1992:101 e.v.; DJ Louw 1992:119; Heyns 1993b:126 e.v.). Die model word tiperend in 'n verskeidenheid fasette as liggaamsdiens uitgewerk. Dit word die responderende "praktykteorie" genoem. Dit word as kerklike herstrukturering prakties geïmplementeer deur middel van strategiese teologiese beplanning. Daarvoor word die teorieë van verandering ten opsigte van sosiale sisteme ingespan. Op hierdie wyse word die basisteorie en praktykteorie met mekaar in 'n spanningslose samehang geplaas. Teen hierdie agtergrond wil hoofstuk 3 dus aantoon waarom die kerkbegrip by die gemeentebouteologie "van onder" bepaal word.

## 3.2. DIE LIGGAAM-VAN-CHRISTUS-MODEL AS BASISTEORIE EN VERGESTALTING VAN DIE WESE VAN DIE GEMEENTE

Die grondliggende motief waarmee gemeentebou werk - dit was al duidelik by die historiese oorsig - is om 'n nuwe kerkbegrip in die Ned. Geref. Kerk en sy gemeentes te vestig (Pieterse 1991a:37 e.v.; vgl. ook Te Velde 1989:12). Die negatiewe ervaring en situasie in gemeentes ten opsigte van lidmate se diens en meelewing, word breedweg as 'n "strukturele- en funksioneringsprobleem" beskryf (C.M. van der Merwe 1991:6) wat setel in 'n verkeerde of uitgediende kerkbegrip. Gemeentebou moet dus 'n nuwe "gemeentebeskouing" skep wat nouer gekoppel is aan die optimalisering van die praktiese funksionering daarvan (Pieterse 1991:36). Gemeentebou is dus daarop uit om 'n kerkbegrip te ontwerp uit die funksies van die kerk en wat die geloofsgemeenskap doeltreffend kan help aan 'n begrip van sy wese, taak en struktuur (Heyns & Pieterse 1990:57; Pieterse 1991a:80). Eerder as om dit in "statiese" dogmatiese of konfessionele kategorieë uit te druk, kies gemeentebou doelbewus daarvoor om 'n modelleteorie oor kerkwees daar te stel. In die liggaam-van-Christus, wat as 'n funksionele konsep van die kerk/gemeente aangewend word, word 'n kerkmodel gevind wat voorsien in die aandrang, oortuigings en motiewe van die gemeentebouteologie van die Ned. Geref. Kerk. Die "liggaamsmodel" spel die funksies en struktuur van die gemeente as gemeenskap die beste uit. Daarby leen dit hom vir 'n Skriftuurlike verwysing. In die Bybel lees ons

immers van die liggaam van Christus (1 Kor. 12, Rom. 12, Ef. 4). Gemeentebouteoloë aanvaar dat dit hier om 'n metafoor gaan waaruit 'n kerkmodel gerekonstrueer kan word. Hierdie "model" vergestalt 'n eenvoudige, begryplike en betroubare konsep van die kerk/gemeente. Die objektivering van die kerk in die gemeentebouteologie word dus bepaal deur die konsep van die liggaam van Christus en word beredeneer vanuit die Bybelse metafoor. Daarin word die kontoere van 'n basisteorie gevind.

### 3.2.1. DIE FUNKSIE VAN BYBELSE METAFORE

Die gebruik van sogenaamde metafore uit die Skrif wat beeldende lig op die kerk en sy funksionering werp, het bekende en bruikbare apparatuur in die gemeentebouteologie geword (vgl. Breytenbach 1992a:391 e.v.; Bam 1992:97 e.v.; C.M. van der Merwe 1991). In 'n sekere sin vind gemeentebou se kerkbegrip sy "Skriftuurlike basis" in 'n Bybelse metafoor. Met sy duidelike definieerbare skopus wil die metafoor as beperkte beeld slegs één faset van kerkwees beklemtoon (Rossouw 1988:16; vgl. ook Tolmie 1991:66). Deur middel van beeldspraak en analogie word beskryf wat moeilik met gewone woorde uitgedruk kan word.

Van die bekendste metafore wat in die gemeentebouteologie hanteer word, is die **herder-kudde-metafoor** en die **liggaam-van-Christus-metafoor** (Heyns 1986; Heyns 1988b; C.M. van der Merwe 1991:6; Breytenbach 1992a:391). Klem word deurgaans daarop gelê dat hierdie twee metafore 'n bepaalde perspektief op die kerk verteenwoordig en dat daar nie een ábsolute metafoor vir die kerk is nie (Breytenbach 1992a:403). Elke metafoor moet daarom in sy eksegetiese en perspektiwiese konteks begryp word en moet ook voortdurend in vergelyking en in samehang met ander metafore beskou word (Rossouw 1988:16; Breytenbach 1992a:404).

In die gemeentebouteologie beeld die herder-kudde-metafoor die bestaande kerklike praktyk uit. Hierdie metafoor, of liewer die inbeelding waarmee dit werk, is 'n belangrike struktuurdraer in gemeentebou. In hoofstuk 4 word breedvoerig hierop ingegaan. Daarom word dit vir die oomblik daar gelaat. Die liggaam-van-Christus-metafoor word hierteenoor aangewend om 'n ideale kerklike praktyk te konseptualiseer. Dit is eweneens 'n belangrike struktuurdraer by hierdie teologie. Ten einde die kerkbegrip "van onder" die beste te begryp, moet die aanwending van laasgenoemde metafoor deeglik verreken word. Uit hierdie metafoor word afleidings gemaak wat op wese, taak en struktuur van die gemeente toegepas word. Die metafoor is gevolglik daarop gerig om die basis en vertrekpunt te verskaf in terme waarvan die teorie oor die gemeente se opbou en funksionering beskryf kan word (Bisschoff 1991:37). Voordat die aanwending van die liggaam-van-Christus-metafoor in die gemeentebouteologie aangedui kan word, moet eers op twee sake gewys word. In die eerste plek moet daarop gewys word dat metafore, (dus ook die liggaam-van-Christus-metafoor) verwerk word tot kerkmodelle. Samehangend hiermee is die kerklike modelleteorie, wat ook ingeslaan het in die beredenering van 'n kerkbegrip "van onder."

### 3.2.2. DIE METAFOOR VERWERK TOT 'N KERKMODEL

In die gemeentebouteologie word nie enduit met 'n metafoor in 'n Skriftuurlike sin gewerk nie. Met teologiese en ekklesiologiese verbandlegging word verder gegaan. Van 'n metafoor word 'n model gemaak. Op hierdie werkswyse van gemeentebou moet noukeurig gelet word, aangesien modelle konstruksies is wat buite die perke van die Bybelse metafoor beweeg. Hendriks (1992a) erken dit ronduit. Hy is van mening dat die metafoor die meer

primêre beskrywing verteenwoordig, terwyl "modelle" op 'n sekondêre (meer wetenskaplik-verantwoorde) vlak ontstaan (Hendriks 1992a:210). Die model wil gevolglik "die saak wat die metafoor stel, verder uitbou" (Hendriks 1992a:210). Dit het die voordeel dat die model in die hand van kontekstualisering speel. Wanneer 'n beeld of metafoor byvoorbeeld op hierdie wyse ekklesiosentries omgewerk word (tot 'n model gemaak word), lei dit daartoe dat lidmate in die model 'n kerkbegrip erken. Die model vorm 'n konseptuele inkleding wat bedoel is om die wese, taak en struktuur van die kerk te reflekteer. Dit wil nie sê dat die model wat ontwerp word, geheel en al los van Skriftuurlike verwysing staan nie. Inteendeel, dit word gevorm na aanleiding van die "Bybelse beeld" (Hendriks 1992a:13) waarmee dit in 'n metaforiese verband staan.

Uit die literatuur is dit duidelik dat die gemeentebouteologie en sy beoefening eerder die "model" as die "metafoor" as uitgangspunt neem. Hierdie wissel is vir die verstaan van die kerkbegrip by die gemeentebouteologie van kardinale belang. Dit kan sekerlik aanvaar word dat indien die uitgangspunt die matafoor was, dit die gemeentebouteologie ten opsigte van sy kerkbegrip sou lei na 'n meer Bybelse spreke daaroor. Deur vanuit 'n model te redeneer, bring dit die argumentasie oor in 'n ander omgewing - in die omgewing van die denktradisie en woordkeuses van die sosiale- en bestuurswetenskappe.

Daarom word modelle wat gerig is op die tipering van die gemeentelike bediening, as "strukturele modelle" beskryf (Heyns 1986:28). Heyns (1986:37) kies vir die begrip "kerkstrukture" as die omvattende uitdrukking van die wyse waarop die gemeentelike lewe in die Ned. Geref. Kerk georganiseer is. Pieterse (1982:75) kies op sy beurt vir die term "bedieningstrukture." Vir die realisering van die voortgesette diakonia van Christus in en deur die gemeente is die ontwerp van doelmatige bedieningstrukture 'n absolute voorwaarde (Pieterse 1982:75). Die kerkmodel, kerstruktuur en/of bedieningstruktuur wil daarom die wese en taak van die gemeente se bestaan in terme van 'n spesifieke strukturering realiseer. Die strukturering is op sy beurt weer uitdrukking van die kerkbegrip of kerkmodel waarvoor gekies word, met die oog op die bediening en opbou van die gemeente.

Die funksie van 'n model in die gemeentebouteologie korreleer met die wetenskapsteoretiese uitgangspunt van hierdie dissipline. In hierdie verband maak Heyns (1986:21; vgl. ook Mouton & Marais 1989:139; Zerfass 1974:164 e.v.; Dulles 1976:21 e.v.) die opmerking dat modelle in die wetenskap gebruik word om insig in 'n teorie of konkrete situasie te vergemaklik. Hy praat selfs van die "hermeneutiese funksie" van modelle (Heyns 1986:22). Dulles (1976:21; ook Mouton & Marais 1989:139 e.v.) verwys met betrekking tot die gebruik van modelle in die teologie na die erfenis en invloed van wetenskapsfilosofieë en kenteorieë uit die sosiale-, natuur- en geesteswetenskappe. Ofskoon 'n model nie aanspraak maak op algemene praktiese geldigheid nie, word die teoretiese beginsels waarop die model gegrond is, as geldig aangebied vir 'n spesifieke objek in die wetenskap (Van Zyl 1989:331). Vir die teologie ontwikkel Zerfass (1974:166 e.v.) byvoorbeeld, soos in hoofstuk 2 al gesien, 'n handelingswetenskaplike model met die oog op die verbetering van die Christelike en kerklike praxis. Hieruit word dit ineens duidelik dat abstrahering van kerkmodelle uit die metaforiese beeldspraak van die Skrif veel meer inhou as dat dit 'n toeganklike, begrypbare konseptualisering van kerkwees by lidmate ter wille sou wees. Die gebruikmaking van modelle wat op sy beurt basisteorieë moontlik maak, veronderstel dat gemeentebou metodologies 'n handelingsteoretiese basis het. Die gebruik van modelle in die wetenskap en die toepassing daarvan op die kerklike lewe, moet noodwendig lei tot 'n kerklike modelleteorie.

### 3.2.3. DIE BELANG VAN 'N "KERKLIKE MODELLETEORIE"

Gemeentebouteoloë maak dus gebruik van 'n kerklike modelleteorie (Hendriks 1992a:9). Uiteraard staan dit in 'n dubbele verband: Eerstens is die verwysing na Bybelse metafore en beeldspraak oor die kerk voor die hand liggend. Tweedens word dit aangewend om teologiese- en kerklike tradisies uit te klaar (vgl. Dulles 1976; Denecke 1983; D.J. Louw 1990:222 e.v.). Dit is met name hierdie tweede gebruik van die kerklike modelleteorie wat in die gemeentebouteologie benut word. Dit dien ook as belangrike verwysingsraamwerk om die verskille in die kerkbegrip en -praktyk van bepaalde konfessionele tradisies te begryp (Hendriks 1992a:9).

In die Afrikaanse literatuur is die uiteensetting van Hendriks (1992a) hieroor in sy **Strategiese beplanning in die gemeente** die skoolvoorbeeld. Hy onderskei vier heersende ekklesiologiese of kerkmodelle, te wete die instituutmodel, die verkondigingsmodel, die liggaamsmodel en die transformasiemodel (Hendriks 1992a:13-35). Sy beredenering is tot 'n groot mate geskoei op die modelleteorie van Dulles (1976), wat laasgenoemde in 1976 as **Models of the Church** uitgewerk het. Ook D.J. Louw (1990:222-226) sluit hierby aan. Hy verwerk die insigte van Denecke (1983: **Treffpunkt Gottesdienst**) en bied die homiletiese-, kultiese-, kommunikasie- en transformasiemodel aan as verwysingsraamwerk om die uiteenlopende kerkbegrippe te ontsluit.

Dit is belangrik om in hierdie verband op te merk dat die modelle doelbewus nie ontwerp is op grond van dogmatiese of konfessionele uitgangspunte nie (Hendriks 1992a:35). Dit is eerder 'n refleksie van die praktykteorie en bedieningstrategie van bestaande kerklike tradisies (Hendriks 1992a:13) soos dit in die lig van sosiologiese- en kulturele faktore aanwesig is (D.J. Louw 1990:222). Dit verduidelik of verwoord die kerkbegrip en kerklike praktyk soos dit in die lidmate se optrede sigbaar word. Dit kan selfs gebeur dat gemeentes 'n balans tussen aspekte van verskillende modelle vertoon (vgl. Bergh 1990:4; Hendriks 1992a:35). Normaalweg word 'n oorheersende patroon egter sigbaar en kom dit tot uitdrukking in 'n enkele model. Die model konseptualiseer uiteraard blootleggende insig in 'n bestaande situasie, maar dit kan natuurlik ook 'n ideale situasie inbeeld.

Die modelleteorie open, so gesien, 'n wêreld van nuwe opsies en perspektiewe vir 'n gemeente (Hendriks 1992a:11). Dit bevestig positiewe- en negatiewe fasette van bestaande kerklike praktyk. En, daarby vervul dit 'n regstellende of "normerende" funksie vir die ontwerp van 'n nuwe (korrekte) model. Gemeentes kan op hierdie wyse tot 'n beter selfverstaan begelei word met die oog op korreksie en aanpassing (Van Rensburg 1990:84). Ook lede wat uit die groewe van passiewe lidmaatskap wil breek, moet aan die hand van die modelleteorie opnuut aan 'n toepaslike en verbeterde kerkbegrip gebind word. Die modelleteorie bied daarom verskillende moontlikhede vir gemeentebou-praktikers in die vernuwing van die bediening (Bergh 1990:4; Hendriks 1992a:12).

Die kerklike modelleteorie is daarom van uiterste belang om die gemeente aan die regte kerkbegrip te oriënteer. Die korrekte kerkbegrip is die onmiskenbare sleutel in die deurgang na die wêreld van gemeentevernuwing.

Noudat die belang van die metafoor, kerkmodel en modelleteorie in hulle onderlinge verband in die gemeentebouteologie deurgemeet is, kan teruggekeer word na die gemeenskaplike kerkteorie (of konsep) waarin gemeentebou metafoor, model en modelleteorie saambind, naamlik die liggaam van Christus. Hierdie keuse maak dit by

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY

uitstek moontlik om in die Ned. Geref. Kerk 'n kerkbegrip "van onder" te implementeer. Hieruit word 'n basisteorie, praktykteorie en strategie vir kerklike herstrukturering afgelei.

### 3.2.4. DIE KEUSE VIR 'N LIGGAAM-VAN-CHRISTUS-MODEL

As 'n voorganger in hierdie verband is Hendriks (1992a:123) baie oortuig: "Weens 'n verskeidenheid van faktore vorm die liggaamsmodel al hoe meer ons kerkbegrip." Saam met hom is 'n hele aantal leidinggewende teoloë ewe oortuig dat die Bybelse liggaammetafoor 'n rykdom van moontlikhede met die oog op effektiewe en doeltreffende gemeentefunksionering huisves (Heyns 1988b:57; Breytenbach & Pieterse 1992:103; Louw 1992:125; C.M. van der Merwe 1991:6). Deur die bank knoop hulle aan by Skrifgedeeltes soos 1 Kor. 12, Rom. 12 en Ef. 4 (Van Zyl 1988:13,88; Maritz 1990:80; Pieterse 1991a:73; Breytenbach 1992a:391).

Die keuse vir die "liggaamsmodel" word gerugsteun deur die feit dat 'n prakties-teologiese en funksionele ekklesiologie daaruit afgelei kan word (Louw 1992:119,121). En, wat dan in terme van 'n kerkmodel geïdentifiseer kan word. Die liggaamsmodel leen hom by uitstek vir 'n basisteorie "wat probeer om die teologiese aard van die kerk te verstaan en te vertolk in terme van die lewe van die kerk binne psigologiese, maatskaplike, sosiale en politieke kontekste" (Louw 1992:121). Daarom gaan dit hierin nie om 'n kerkbegrip in die dogmatiese sin van die woord nie. Dit gaan om die "praktiese" wat in onderskeiding van die "dogmatiese" beklemtoon word. In die woorde van Louw (1992:121) gaan dit dus nie om "die *wese* van die kerk nie, maar op die *lewe* van die kerk." Élke lidmaat se verantwoordelikheid en selfstandigheid (vgl. Heyns 1993b:133) in die opbou van die gemeente as liggaam van Christus en die uitbreiding van die koninkryk van God (vgl. Heyns 1986:95) word beklemtoon (Heyns & Pieterse 1990:58). Daarom plaas die liggaamsmodel die amp van die gelowige in die sentrum (Heyns 1988b:58). Hendriks (1992a:14) sien dit in dat die liggaamsmodel wesenlik "van onder" ontwikkel is, aangesien dit konsentreer op die "gewone mense" se betrokkenheid.

Heyns (1990:63 e.v.) praat dienooreenkomstig van die "dienswerkmodel" wat uitsluitlik gerig is op lidmaatbetrokkenheid as die essensiële faset van die gemeente se bestaan (Heyns 1990:66). Met die klem op die onderlinge opbou van die liggaam staan alles gevolglik in die teken van die omvattende diakonia, intensief en ekstensief, in en deur die gemeente (Louw 1992:123,127). Die liggaamsmodel as konkretisering van 'n prakties-teologiese ekklesiologie het dus te make met "die diensgestaltes van die heil" (DJ Louw 1992:124). Hierdie diensgestaltes kom op uit die korporatiewe verbondenheid van die gemeente aan mekaar (Bisschoff 1991:65-68,70; Heyns 1986:102; P.L. Louw 1990:17; Spies 1990:109) op grond van die gemeenskap met en die verbondenheid aan die opgestane Christus (Louw 1992:125). In die lig van die verbondenheid aan Christus en aan mekaar vind die liggaam dus sy wesensbestaan daarin om diens te lewer (Heyns 1986:105). Die keuse vir die "liggaam-van-Christus-model" het dus ook dié voordeel dat dit die beredenering daarvan teologies verbind aan 'n onderlinge verbondenheid.

Hierbenewens beskrywe die model van die liggaam, en sy klem op onderlinge verbondenheid, die kerk as 'n "werkende funksionerende organisme" (Heyns 1986:105) wat soos 'n liggaam lewe. Lede dien mekaar en saam lewer hulle diens in die kerk en in die wêreld (Heyns 1986:106). Hierdie diens geskied op basis van 'n verskeidenheid van genadegawes sodat elkeen sy plek in die liggaam van Christus kan volstaan (Heyns 1986:106; Spies 1990:116; Pieterse 1991a:75). Hiermee is die wesenseenheid van die kerk as liggaam van Christus ook

bevestig. Vanuit die eenheid van die kerk op grond van elkeen se gawes en geroepenheid tot diens moet die kerk en gelowiges medeverantwoordelikheid vir mekaar aanvaar (Spies 1990:114). Spiritualiteit, onderlinge sorg en diepgaande interpersoonlike verhoudinge kry 'n regmatige plek (Pieterse 1991a:75).

Die gemeente word dus op hierdie manier opgevat as die liggaam van Christus. Dit word aangewend as 'n model of konsep om 'n prakties-teologiese teorie te beskryf, wat die funksies van die kerk as diensgestaltes in die praktyk kan laat realiseer (Heyns 1986:92; Breytenbach & Pieterse 1992:101). Die feit dat juis 'n Bybelse metafoor verwerk word tot en aansluit by 'n kerkmodel, bied die waarborg dat die prakties-teologiese ekklesiologie nie sy teologiese karakter prysgee nie. Met ander woorde, die sáák waarom dit gaan, is dat die model terselfdertyd geskik is om die praktiese sy van kerkwees te operasionaliseer. Die opgawe van 'n prakties-teologiese ekklesiologie is immers "funksie, handeling, praxis en operasionalisering" (Louw 1992:125). Begelei deur 'n kerkmodel wat sy wortels en verwysing in 'n Bybelse metafoor het, is die teologiese én praktiese kante van kerkwees gevolglik gewaarborg (Louw 1992:125).

Navorsing in spesifieke gemeentes in die Ned. Geref. Kerk het die waarde van die liggaamsmodel in hierdie verband, so word geoordeel, reeds bevestig. So berig die Ned. Geref. Gemeente Burgersdorp dat hy ná indringende beplanning oorgeskakel het na die liggaamsmodel en van hiérdie oomblik af "het dinge begin verander" (Hendriks et al. 1992b:52; P.L. Louw 1990). Ook die Ned. Geref. Gemeente Elarduspark identifiseer die "NG problematiek in terme van kerkbegrip en rolverwagting en kies ondubbelsinning vir die liggaamsmodel" (Hendriks et al. 1992b:113; Van Rensburg 1990). In die resente publikasie, **Gemeentes vertel** (Hendriks et al. 1992b) bevestig die een predikant na die ander die sukses wat die oorskakeling na die liggaamsmodel teweeg gebring het.

Ook die kerkverband baat by die liggaamsmodel. Spies (1990) bevind byvoorbeeld in sy ondersoek na die daling van lidmaatgetalle in die Ring van Parow dat juis die afwesigheid van die liggaamsmodel daartoe gelei het dat gemeentes mekaar nie op basis van onderlinge verbondenheid kon ondersteun nie. Die kérk, in sy gestalte as liggaam-van-Christus, moet die norme neerlê vir die onderlinge liefdesbeginsels wat ook in die kerkverband moet geld (Spies 1990:109). Marais (1989) op sy beurt, ag die herstel van lidmate se kerkbegrip in terme van die liggaamsmetafoor as wesenlik belangrik met die oog op 'n bedieningspraktyk van onderlinge hulpverlening binne die Ned. Geref. Kerk-familie (Marais 1989:69). Sending-, ekumeniese- en onderlinge diakonale betrokkenheid is bitter afhanklik van die regte kerkbegrip wat aan die hand van die liggaamsmodel geïmplementeer moet word (Marais 1989:50). In die gemeentebouteologie staan die toepassing van die liggaamsmodel op die kerkverband egter nie op die voorgrond nie. Die liggaamskerkbegrip is veel eerder op die plaaslike gemeente gerig en moet die gemeentelike lewe vir lidmate aantreklik en vol lewe voorstel (Bisschoff 1991:139).

'n Laaste rede vir die voorkeur wat aan die liggaamskerkbegrip gegee word, hou verband met die feit dat hierdie model aanpasbaar is by die moderne konteks waarin die gemeente sigself bevind. Dit hang daarmee saam dat dit nie in 'n dogmaties-eksegetiese uiteensetting vashaak nie, maar "van onder," vanuit die sosiale konteks en die behoeftes van die samelewing gestalte kry (Louw 1992:125; Pieterse 1991a:81). In die woorde van Louw (1992:119) moet "die kerk self haar sosiologiese gestruktureerdheid ontdek." In die moderne kultuursituasie en die proses van sekularisasie sal die liggaamsmodel voorsien in die moderne mens se behoefte aan humaniteit en intimiteit (Louw 1992:125). Die liggaamsmodel is funksioneel en kontekstueel genoeg om te beantwoord aan die

eise van die moderne samelewing. 'n Opmerking van Louw (1992:125) bevestig dit: "Met die oog op hierdie belangrike eksistensiële behoeftes doen 'n prakties-teologiese ekklesiologie die keuse vir die liggaam-metafoor. Die verstaan van die kerk as liggaam van Christus gee die beste uitdrukking aan die primêre funksie van die kerk binne die een-en-twintigste eeu...naamlik om te versorg, te dien, betrokke te raak, gemeenskap te beoefen en tot eenheid saam te snoer" (Louw 1992:125). Samelewingsveranderinge soos die verstedelikingsproses plaaslik en oorsee het die stimulus verskaf vir die versugting na gemeenskap en koinonia (Marais 1989:72; Pieterse 1991a:81; Hendriks 1992a:91). Gepaardgaande met die materiële vooruitgang en die invloed van die massamedia het die moderne vereensaamde mens ook indiwidualisties en gesofistikeerd geraak. In hierdie opsig staan die kerk voor die uitdaging om in 'n tyd waar daar 'n groot behoefte aan diepgang-sosiale verhoudings bestaan, die leemte te vul met koinonia binne die opbou van die geloofsgemeenskap as liggaam van Christus (Hendriks 1992a:92).

Daar is dus goeie redes waarom die voorkeurkeuse in die gemeentebouteologie op die liggaamsmodel val. Hierdie konsep bied 'n belangrike perspektief op die funksies van die kerk vanuit 'n prakties-teologiese ekklesiologie (Breytenbach & Pieterse 1992:104). Hiermee is 'n "ekklesiologiese beskouing as vertrekpunt vir gemeente-opbou" beklemtoon (Breytenbach & Pieterse 1992:101). Vanuit die teoretiese basis van die liggaamsmodel kan die handelinge van die geloofsgemeenskap (vgl. Breytenbach & Pieterse 1992:102), wat sentraal staan in hierdie konsep, gerealiseer word.

### 3.2.5. DIE GELOOFSGEMEENSKAP STAAN SENTRAAL IN DIE LIGGAAMSMODEL

In die historiese oorsig van Deel I, het dit al duidelik geword dat die gemeentebouteologie 'n baie hoë premie plaas op die gemeente as 'n gemeenskap waarin die lidmate ongehinderd tot hulle reg kan kom, of behoort te kom. Om elke lidmaat by daadwerklike diens ter wille van die opbou van die gemeente te betrek, hanteer die liggaamsmodel die gemeente na sy wese as 'n *geloofsgemeenskap* (Van Zyl 1988:88; Bisschoff 1991:75; Hendriks 1992a:91). Dit is die grondliggende oortuiging in die gemeentebouteologie van die Ned. Geref. Kerk. Die liggaamsmodel is met ander woorde die mees bruikbare konsep om die realisering van die gemeenskap van die gelowiges onder woorde te bring. Daaruit kan 'n basisteorie ontwikkel word waaruit die funksies (vgl. Pieterse 1991a:66), handelinge, handelingsvelde (vgl Heyns & Pieterse 1990:59; Louw 1992:130 e.v.) en doelwitte (vgl. Breytenbach & Pieterse 1992:105 e.v.) van die geloofsgemeenskap met die oog op gemeentebou tot volle ontplooiing kom.

Dit is gevolglik duidelik dat die gemeentebouteologie se fokus op die geloofsgemeenskap nie geskied vanuit die indikatief van die heil in Christus nie. So 'n uitgangspunt loop immers die gevaar om in abstrakte dogmatiese en bo-historiese konsepte vas te steek. Veel meer modelleer dit die imperatiwiese en funksionele kante van die bestaan van die geloofsgemeenskap. Die klem op die gemeenskap van die gelowiges in 'n veelheid van verhoudings sorg daarom vir die noodsaaklike ekklesiologiese aanpassing wat in terme van die ontwerp van die liggaamsmodel gerealiseer word (Hendriks 1992a:93). Onwillekeurig herinner dit aan die oorheersende funksie wat Dulles (1976:54) in sy boek **Models of the Church** aan koinonia ("communion") toeken. Daarom kan hierdie teologie nie uitgeskryf raak oor die netwerk van verhoudings of koinonia-verbande van die gemeente as geloofsgemeenskap nie (Hendriks 1992a:93). Die verskillende koinonia-verbande begin by die enkel-gelowige in die gesins- en huweliksverband en loop reg deur tot by die bediening in groot groepe en die erediens. Langs hierdie weg word 'n lewende en dinamiese gemeente gerealiseer (Hendriks 1992a:93).

Die liggaam-van-Christus-model waarin die geloofsgemeenskap sentraal staan, bied gevolglik die ruimte vir 'n prakties-teologiese ekklesiologie wat die eise van die tyd kan ondervang (Pieterse 1991a:81). By Pieterse (1991a:81) funksioneer dit as basisteorie wanneer "die gemeente as liggaam van Christus" tot 'n "ekklesiologiese teorie" ontwikkel word. Met die term "integrasiemodel" wil hy dan sê dat hierdie basisteorie die wesenlike funksies van die gemeente as liggaam van Christus behoorlik integreer. Dit open die perspektief op die geloofsgemeenskap as gemeenskap van die heiliges wat inhou dat die kerk opnuut "die nuwe gemeenskap van inklusiewe (totaal-omvattend), integrerende (saambindende) en korporatiewe (liggaamsverbondenheid in Christus) geloofsgenote sal wees" (Louw 1980:147, soos aangehaal deur Pieterse 1991a:82). Die funksie van 'n basisteorie soos wat dit hier deur die liggaamsmodel uitgedruk word, is dus om 'n omvattende en geïntegreerde skopus te bied op 'n fasset van die kerk of gelowiges se lewe en diens.

### 3.2.6. SAMEVATTING

Tot dusvêr is aangedui hoedat die Ned. Geref. gemeentebouteologie sy kerkbegrip koppel aan wat hy noem die "liggaam-van-Christus-model." Uiteraard is dit 'n bekende Bybelse metafoor wat in hierdie teologie tot 'n konseptuele kerkmodel verwerk word, sodat daaruit 'n basisteorie vir die kerklike praxis afgelei kan word. Dit hou vir die gemeente 'n verskuiwing in "weg van 'n abstrakte teorie oor die wese van die kerk na 'n kritiese refleksie oor die praxis van die kerk" (Louw 1992:120). Hieragter lê natuurlik 'n verskuiwing in die Praktiese Teologie self: "Hierdie verskuiwing hang saam met 'n hoë mate van terugval op die teorieë en metodes van die empiriese wetenskapsmodelle met groot aksent op die handelinge/aksies van mense en die transformering van menslike lyding en ellende" (Louw 1992:119). Die liggaamsmodel bed dus die "praxis" van die geloofsgemeenskap in 'n prakties-teologiese ekklesiologie in (vgl. Louw 1992:119).

Sonder hierdie herinterpretasie van die kerk se selfverstaan is verandering en vernuwing, volgens die gemeentebouteologie, nie moontlik nie. Die kerkbegrip van hierdie teologie is dus nie uitsluitlik 'n Skriftuurlike en konfessionele aangeleentheid nie. Dit kom tuis in 'n paradigmatiese verband wat tiperend is van 'n wetenskapsteorie wat in terme van modelle dink en wat met die hulp van die empirie en die sosiale wetenskappe uitgediende modelle vervang of verbeter.

Die opstel van 'n basisteorie vanuit die liggaamsmodel het gevolglik ingrypende konsekwensies. Daarop word later teruggekom. Dit is voldoende om op hierdie punt dit duidelik te stel dat die basisteorie "van onder", vanuit die gemeenskap bedink word. Daarom dra dit 'n funksionele karakter wat ewe-eens in die praktykteorie wat hiermee gepaardgaan, weerspieël word.

## 3.3. LIGGAAMSDIENS AS PRAKTYKTEORIE IN GEMEENTEBOU

In gemeentebou word die praktykteorie verstaan as die teologiese teorie wat beskryf hoe die basisteorie oor kerkwees in die praktyk behoort te funksioneer. Dit word gewoonlik in terme van 'n aantal kernfunksies beskrywe met verwysing na die realisering daarvan deur indiwidue, kleingroepe en ander verbande in die gemeente as 'n geloofsgemeenskap.[2] In ooreenstemming met die liggaam-van-Christus-model, word die praktykteorie in gemeentebou as liggaamsdiens uitgedruk. Dit kom neer op 'n gemeentelike diensstruktuur wat prakties en konkreet die

wese van die gemeente as liggaam van Christus honoreer. Hendriks (1992a:90) praat in hierdie verband van die praktykteorie vir die diens van die kerk.

### 3.3.1. LIGGAAMSDIENS SAAMGEVAT IN 'N AANTAL KERNFUNKSIES

Kernfunksies of "verrigtinge" moet volgens gemeentebou die gemeente in staat stel om aan sy wese as geloofsgemeenskap te beantwoord (Pieterse 1991a:68). So word die gemeente opgebou tot 'n diensgemeenskap (Bisschoff 1991:77). Drie oorhoofse kernfunksies as uitgangspunt geneem: **kerugma, koinonia en diakonia** (Heyns & Pieterse 1990:57; Pieterse 1991a:66; Bisschoff 1991:77). Veral Bisschoff (1991:86-92) en Pieterse (1991a:80-89) gaan breedvoerig op hierdie kernfunksies van 'n gemeente se dienswerk in. Deur die verkondiging (kerugma) van die evangelie word die gemeente as koinoniale gemeenskap gevestig. Hierdie gemeenskap met God en met mekaar mond uit in die diakonia, die dienswerk van die gelowiges (Pieterse 1991a:80-84). 'n Gemeente wat nie betrokke is by die kerugma, koinonia en diakonia nie, is ondenkbaar (Heyns & Pieterse 1990:58). Dit is daarom wesensfunksies van die gemeente. As teologiese omskrywings - die Bybelse strekking daarvan is ooglopend - verwoord hierdie drie kernfunksies die ideale funksionering van die gemeente (Pieterse 1991a:66) en kom as sodanig in die praktykteorie aan die orde.

Hendriks (1992a:106) gaan verder as die bogenoemde kernfunksies. Hy brei dit uit na al die tradisionele modi wat in die dienswerk van die Ned. Geref. Kerk na vore kom. Die bespreking hiervan laat hom nie van drie nie, maar van tien kernfunksies of diensterreine in terme waarvan die gemeente se dienswerk verdeel moet word, praat: (1) dienswerk of diakonia; (2) pastoraat; (3) prediking; (4) liturgie; (5) onderrig en toerusting; (6) getuienis; (7) gemeenskap; (8) beplanning en bestuur; (9) eenheid en ekumene; (10) sosiale verantwoordelikheid (Hendriks 1992a:105 e.v.). Hierdie verskillende diensterreine dien dan as kontrole of die gemeente in sy koinoniale bestaan as geloofsgemeenskap optimaal funksioneer (Hendriks 1992a:106). Die punt waarop dit uiteindelik vir hom aankom, is dat die gemeente in terme van die liggaamsmodel vanuit sy verskillende koinonia-verbande (1992a:92-101) al meer self die subjek van die dienswerk moet word.

Die praktykteoretiese klem op kernfunksies as handelinge van die geloofsgemeenskap hou in dat lidmate "baie meer ekklesiologies georiënteer word" (Van der Merwe 1992:62). Dit beteken dat 'n beter begrip van kerkwees (soos uitgedruk in die kernfunksies) lidmate aan insig help ten opsigte van "hul verantwoordelikheid teenoor die kerk" (Van der Merwe 1992:63). Vir die gemeentebouteologie hou hierdie verantwoordelikheid in dat diakonale diensterreine soos bejaarde- en inrigtingsorg byvoorbeeld al meer deur die gemeente self oorgeneem moet word (Hendriks 1992a:107). Die gemeente sal vanuit sy koinoniale bestaanswyse ook meer betrokke moet raak by die funksies van die pastoraat (Hendriks 1992a:108). Die gemeente sal ook nouer as in die verlede by die prediking betrek kan word deur middel van preekbeplannings- en besprekingsgroepe. Langs hierdie weg sal die prediking

2 Betekenisvol met die oog op die konklussie van hierdie studie is Hendriks (1992a:91) se opmerking dat die praktykteorie vir die diens van die kerk gewoonlik af te lei is van die Kerkorde en Bepalings van die kerk. Ten spyte van hierdie opmerking het sy benadering hom uiteindelik nie uitgebring by die Kerkorde en Bepalinge van die Ned. Geref. Kerk nie, maar wel by 'n strategies-ontwikkelde kerkbegrip as antwoord op die gemeentelike- en bedieningsnood binne die kerk.

die klem nie net op dogmatiese lering laat val nie, maar moet dit in diens staan van die ontvriesing en toerusting van die gemeente (Hendriks 1992a:109). Ook in die erediens moet groter ruimte geskep word vir affektiewe en konatiewe betrokkenheid (Hendriks 1992a:109) en lidmate sal baie meer by onderrig en toerusting betrokke kan wees as wat in die verlede die geval was (Hendriks 1992a:110).

Die kernfunksies waarin die liggaamsdiens tot uiting kom, is soos in die geval van 'n basisteorie gegrond op die liggaamsmodel (vgl. 3.2.4), ook uitnemend geskik om die gemeente by die wêreld waarin hy bestaan, te betrek. Daarom het dit 'n sosiale dimensie (Louw 1992:132-133; Hendriks 1992a:114-115). Indien die gemeente vanuit sy basiese geloofshandelinge of kernfunksies leef, word dit vir die geloofsgemeenskap moontlik om sosiale analises te maak en vraagstukke soos lyding, geweld, verhoudingsproblematieke en ideologie aan te spreek (Hendriks 1992a:116; Louw 1992:134). Die koinoniale bestaan van die gemeente as dinamies-funksionerende organisme in 'n netwerk van verbande uitgedruk in liggaamsdiens, maak dit moontlik.

Gemeentebou lê heelwat klem op die rol van die indiwiduele lidmaat. Dit staan sekerlik in verband met die noue relasie tussen gemeentebou en die toerusting van die lidmaat. In die historiese skets van die ontwikkeling van gemeentebou by die Ned. Geref. Kerk is telkens hierop gewys. In die volgende paragrawe word op die "agente" (die enkelgelowige, die kleingroep en ander verbande) waardeur liggaamsdiens praktyk word, ingegaan. In die praktykteorie word hierdie subjekte van die kernfunksies dus volledig verreken.

### 3.3.2. DIE ENKELGELOWIGE AS SUBJEK VAN DIE LIGGAAMSDIENS

Volgens die praktykteorie is die belangrikste taak van die liggaamsmodel om lidmate aktief by die opbou van die gemeente en by dienswerk betrokke te kry. Dit is immers die enigste manier om die liggaam tot liggaamsdiens te beweeg. In sy empiriese ondersoek na 'n prakties-teologiese basisteorie vir gemeentebou toon Bisschoff (1991:255) aan dat die Ned. Geref. Kerk ernstig moet besin oor die weë waarlangs gemeentes begelei word om gelowiges die verantwoordelikheid van die wesenlike funksies van die gemeente te laat aanvaar. Die rol van elke enkelgelowige is van beslissende betekenis en dié belangrike steen om die liggaam tot liggaamsdiens op te bou.

Die gemeentebouteologie is baie eksplisiet daaroor dat dit die verantwoordelikheid van elke gelowige is om mee te werk aan die taak- en funksievervulling van die gemeente. Die kerugma, koinonia en diakonia moet deur elkeen nagejaag en uitgeleef word (Bisschoff 1991:95). Die kern van gemeentebou is gevolglik daarin geleë dat elke gelowige subjek tot diens is. Alle beplanning en bedieningstrategieë moet daarom die groot saak van gemeentebetrokkenheid in die hand werk (Bergh 1990:210). Elke lidmaat moet met sy volle potensiaal diensbaar wees binne en buite die gemeente (Bisschoff 1991:100). Dit hou in dat lidmate bewus gemaak word van eie moontlikhede (Bisschoff 1991:101).

In hierdie teologie word die eie moontlikhede en potensiaal deurgaans in verband met die benutting van gawes gebring. Die bekende Ontdek jou gawes- kursus[3] het 'n bruikbare instrument geword om lidmate bewus te maak

3 Die Ontdek jou gawes-kursus is oorspronklik in die VSA vir die Christian Reformed Church uitgegee onder die titel **Discover your gifts** en is in Suid-Afrika in 1983 vertaal en verwerk deur F. Buys en uitgegee deur die Reformatoriese

van hulle bydrae tot die opbou van die gemeente (vgl. Hendriks et al. 1992b:107). Dit het aanleiding daartoe gegee dat die belangrikheid van 'n "gawe-bediening" met die oog op gemeentebou beklemtoon word (Grey 1990:189). Uit die aard van die saak moes die sukses hiervan daartoe lei dat lidmate se gawes in sommige gemeentes op "gawebanke" gelys is (Van Schalkwyk 1991:138; vgl. Grey 1990:326).

Die klem op elke gelowige as subjek van gemeentewees plaas ook die saak van dissipelskap in die kalklig. Daarvolgens moet gelowiges allereers in 'n persoonlike verhouding leef met Christus. Die roeping om in hierdie verhouding navolger en leerling van Christus te wees staan ewe-eens voorop (Nel 1986:41; Bisschoff 1991:102). Funksievervulling in die gemeente word eers deur middel van ware dissipelskap gerealiseer en daarom is dit begryplik waarom gemeentebou so 'n groot erns het met dissipelskap (Bisschoff 1991:103). Dit vind konkreet neerslag waar lidmate met visie deur die inhoud van hul geloof aangegryp word. Die visie kan en moet behou en verdiep word en dit geskied deur omvattende geloofstoerusting (Burger 1991a:40). Die doel van 'n geloofstoerustingsprogram in die gemeente is dus om elke gelowige te help om te word wat hy in Christus kan wees, om volle potensiaal en selfvervulling te bereik (Bisschoff 1991:107). Dit vind plaas wanneer die lidmaat gelei word om bewus te wees van sy gawes, toegerus word om die gawes effektief te gebruik en dan ook toelaat dat die gawes behoorlik in en deur die kerk gekanaliseer word (Bisschoff 1991:108). Dissipelskap laat dus die klem val op gelowiges, hul belangstellings en opleidingsbehoeftes (Bisschoff 1991:108). Hierin word lidmate se verstand, wil en emosie betrek. Burger (1991a:37), wat die saak deurdink het, sê dat die noodwendige antropologiese faset van dissipelskap hiermee aan die lig tree (Burger 1991a:37).

Gemeentebou ken aan die indiwiduele lidmaat as subjek van die bediening en die konsep van dissippelskap 'n sentrale plek toe. Hiermee is die belangrike klem wat vanaf die laat sewentigerjare en tagtigerjare geval het op die rol van die indiwiduele lidmaat in die konteks van die opbou van die gemeente, opgeneem. Die aanvanklike invloed van die Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep en die kursusmateriaal van Campus Crusade met betrekking tot dissipelskap is in die praktykteorie vir gemeentebou (Bisschoff 1991:103) opgeneem. Hiermee is die belang van die lidmaat as deel van 'n dissipelgemeenskap vir doelgerigte gemeentebou onderstreep (vgl. Nel 1986:45).

### 3.3.3. KLEINGROEPE AS SUBJEK VAN LIGGAAMSDIENS

Die verdere wyse waarop die liggaamsdiens-praktykteorie voorsiening maak dat lidmate tot selfstandige taakvervulling begelei word, is deur middel van kleingroepe (Heyns 1986:140; Burger 1991a:114; Van Rensburg 1992:36). Kleingroepe het die unieke funksie om toe te sien dat elke lidmaat in die geloofsgemeenskap sy regmatige plek bekom (vgl. Te Velde 1989:25).

Vanselfsprekend kan 'n verskeidenheid groepe onderskei of geskep word. Hendriks (1992a:97) praat van groeigroepe wat koinonia en onderlinge betrokkenheid bevorder: die huwelik en huisgesin, die pastorale ondersteuningsgroep en die geografiese wyk. Die kleingroep kan in hierdie verskillende verbande met reg as 'n geestelike groeigroep beskou word wat die normale groeiproses van die indiwiduele gelowige aanvul (Hendriks 1992a:97).

---

Uitgewers, Posbus 1251, Vereeniging 1930.

Binne die kleingroep maak gelowiges vir mekaar oop, ondersteun mekaar en bou mekaar in die geloof op (Heyns 1986:142). Dit lei daartoe dat kleingroepe ook bedieningsgerig raak. In hierdie opsig sou gepraat kon word van die "gawe-georiënteerde diensgroep" (Hendriks 1992a:97). Dit is volgens Hendriks (1992a:97) 'n "kleingroep van gelowiges wat deur die Here tot 'n bepaalde bediening geroep is en wat gereeld bymekaar kom om mekaar te bemoedig, op te bou, te deel, te beplan, te bid en te organiseer." Betrokkenheid by kleiner groepe lewer daarom 'n belangrike bydrae tot lidmate se vorming en skep tegelyk ook 'n geleentheid vir inspraak (Heyns 1986:141).

Die funksionering van groepe word ook sosiologies gemotiveer en die negatiewe gevolg van te groot groepe word gewoonlik uitgewys (Hendriks 1992a:97,104; Burger 1991a:107). In groot samekomste raak indiwidue gewoon weg. Ook pleit Burger (1991a:107) daarvoor dat in die samestelling van groepe ruimte geskep moet word vir "eenders- en andersdenkendes." Sonder om die Church Growth-beweging se "homogenous unit"-beginsel onkrities toe te pas, oordeel hy dat daar tog gewaak moet word teen die saamgroepering van "andersdenkendes" (Burger 1991a:107). Omdat Burger vanuit die ewewig en die dinamika van die geloofgemeenskap as 'n sisteem dink, is dit logies dat die denke oor groepe ook van hieruit bepaal sal word. Groepe word immers gekonstitueer deur persoonlike kontak, betrokkenheid by mekaar se lief en leed, emosionele geborgenheid, konflikhantering en geloofsgroei deur middel van die interaksie met ander groeplede (Van Rensburg 1990:65).

Die benutting van die kleingroep in gemeenteverband ter wille van liggaamsdiens word dus algemeen aanvaar as een van die belangrikste fasette met die oog op die opbou van die gemeente (vgl. Kotze 1987:170). Met die uitgangspunte van die liggaamsmodel kom 'n nuwe praktykteorie vir die bediening dus na vore wat die teologiese begrip koinonia in terme van 'n nuwe bedieningstrategie van komplementerende koinonia-verbande operasionaliseer (Hendriks 1990b:99; 1992a:101). Langs hierdie weg kan elke indiwidu in een of meer van die gemeenskapsverbande tot sy reg kom (Burger 1991a:107). Dit is belangrik om in hierdie verband op te merk dat die belang van aanvullende gemeenskapsverbande in die konteks van die gemeentebouideaal 'n "geloofsbemiddelende" funksie het. 'n Opmerking van Burger (1991a:107) is sprekend: "Die normale is dat 'n indiwidu tereg sal kom in meer as een gemeenskapsverband binne die geloofsgemeenskap - en dat dit minstens 'n klein en 'n groot groep sal insluit. Wesenlike momente in die geloof bly agterweë as beide nie tot hul reg kom nie" (Burger 1991a:107).

### 3.3.4. SAMEVATTING

As die basisteorie wat gemeentebou hanteer, gegrond is op die liggaamsmodel, kom die praktykteorie dienooreenkomstig tot uitdrukking in liggaamsdiens. Dit veronderstel 'n aantal kernfunksies waarvan die gemeenskap (indiwidueel en in groepsverband) die subjek vorm. In die gemeentebouteologie word aanvaar dat die praktykteorie gebaseer is op die basisteorie. En, dat die praktykteorie tegnies of metodologies wáár gemaak moet kan word. Wat liggaamsdiens as praktykteorie betref, dring dit in hierdie sin aan op kerklike herstrukturering. Trouens, gemeentebouteoloë is daarvan oortuig dat die *model* waarvoor hulle gekies het, nie net die *diens* bepaal nie, maar alreeds 'n verbeterde *kerkstruktuur* veronderstel. Hierdie oortuiging word in die volgende paragraaf beredeneer.

## 3.4. KERKLIKE HERSTRUKTURERING IN DIENS VAN DIE LIGGAAMSMODEL AS STRATEGIE OM BASIS- EN PRAKTYKTEORIE FUNKSIONEEL TE VERSOEN

In die gemeentebouteologie bestaan daar nie twyfel daaroor dat die basisteorie en praktykteorie as 'n prakties-teologiese ekklesiologie gerealiseer moet word nie. Dit kom neer op kerklike herstrukturering. Die parameters waarbinne die herstrukturering plaasvind, is die "liggaam-van-Christus-model" en sy gepaardgaande dinamiese "liggaamsdiens" wat in 'n verskeidenheid koinoniale verbande gerealiseer word. Die struktuur vergestalt met ander woorde die wyse en proses in terme waarvan die gemeente as "liggaam" georganiseer moet word om aan sy wese en taak te beantwoord (Van Rensburg 1990:15; Meistre 1991:37). Die liggaamsmodel en sy kerkteorie is van huis uit anti-dogmaties. Dit is funksioneel en beskrywend van die aard en gerig op die behoeftes van die geloofsgemeenskap op grondvlak, dit wil sê "van onder." Die vormgewing (strukturering) van hierdie prakties-teologiese ekklesiologie sluit aan by insigte van die empiriese en sosiale wetenskappe én die kenteoretiese vooronderstellings waarop dit rus. Die herstrukturering van die kerk by die Ned. Geref. Kerk (dit is waarop gemeentebou neerkom) is dus 'n proses wat doelbewus gegrond is op 'n wetenskaplike basis. Vir die gemeentebouteologie is dit dus nie om 't ewe hoe die struktuur (of herstrukturering) hanteer word nie. Dit is 'n aangeleentheid wat op basis van 'n veelheid van insigte, benaderings en metodes poog om kerkwees aan 'n geslaagde en funksionele kerkstruktuur vas te bind (Van Zyl 1988:119). In werklikheid beskou gemeentebou op hierdie punt die gemeente gewoon as 'n sosiologiese sisteem. In die volgende paragrawe word die proses van herstrukturering bespreek, met verwysing na die voorveronderstellings en uitgangspunte.

### 3.4.1. KERKLIKE HERSTRUKTURERING EN DIE INSIGTE VAN DIE SOSIOLOGIE

Vroeër is daarop gewys (vgl. 3.2.5) dat die liggaamsmodel van die gemeentebouteologie die geloofsgemeenskap in die sentrum plaas. Hoe die geloofsgemeenskap empiries funksioneer, interesseer meer as een gemeentebouteoloog. Vir hulle gaan dit nie om die geloofsgemeenskap as 'n begrip nie, maar om die gemeenskap as 'n verskynsel in die samelewing. In hierdie verband kom die aansluiting by die sosiologie. Die geloofsgemeenskap word as 'n sosiologiese werklikheid en -sisteem opgevat (Van Rensburg 1990:37; Hendriks et al. 1992b:79). Hendriks (1992b:79) stel dit padlangs: "Die gemeente is 'n sisteem." Sodoende word die wye wêreld van die sosiologie en die bestuurswetenskappe verken en gebruik om die kerklike herstrukturering te enkadreer.

Die herstrukturering van die gemeente ooreenkomstig die liggaamsmodel geskied "as 'n sosiale proses" en daarom is "dit voor-die-hand-liggend om aan te sluit by 'n sosiologiese teorie in hierdie verband" (Pieterse 1991a:68). Dit hang daarmee saam dat alle gemeentebouteoloë dit met mekaar eens is dat die teologies-dogmatiese verstaan van en refleksie oor die kerk in abstrakte kategorieë vasgevang sit. Hierteenoor werp 'n sosiologiese verstaan van die kerk 'n helder lig op sy praktiese funksionering (Van Rensburg 1990:37; vgl. ook Berkhof 1979:361). Nie objektiewe beginsels "van bo" nie, maar die interaktiewe wisselwerking tussen dinamies-sosiologiese prosesse, toegepas op 'n Christelike geloofsgemeenskap (Burger 1991a:21), konstitueer die geloofsgemeenskap. Die sosiale wetenskappe beklemtoon dat die kerk (of geloofsgemeenskap) daarom nie alléén aan 'n Skriftuurlike of teologiese ekklesiologie gebind kan word nie (Van Rensburg 1990:37). Omdat die gemeente ook sosiologies "van onder"

geanaliseer moet word, moet die kerkbegrip "van onder" met behulp van die sosiale wetenskappe ontwerp word. Hierdie kerkbegrip waarborg dan die struktuur en die benadering wat reg sal laat geskied aan die geloofsgemeenskap as sosiologiese werklikheid.

Met die fokus op die geloofsgemeenskap as 'n sosiologiese en antropologiese werklikheid, word die moontlikhede en insigte van die sisteembenadering, wat aanvanklik vanuit die natuurwetenskappe ontwikkel is (vgl. Kotze 1987:170), benut (Van Niekerk 1986:77 e.v.; Bisschoff 1991:28 e.v.). Alreeds het die Church Growth-beweging (vgl. McGavran 1980:137) die belang van 'n sisteem-benadering en die antropologie tot kerklike vernuwing beredeneer. In Suid-Afrika het 'n teoloog soos Burger (1991a) die debat in die VSA oor die tema "understanding congregations" opgeneem en dit in 'n dinamies-sosiologiese sisteembenadering, gerig op 'n Christelike geloofsgemeenskap, uitgewerk. Daarmee het hy dit wat lank reeds in die geledere van die gemeentebouteoloë beoefen is, van 'n breë basis voorsien.

Die sisteemteorie vestig ook die aandag op die noodsaaklikheid van deeglike sisteemanalise voordat stappe met die oog op verandering geneem kan word (Bisschoff 1991:273; Firet 1980a:23). 'n Goeie sisteemanalise vereis dat die gemeente as 'n "oop sisteem" beskou moet word wat sistemiese invloede van buite deeglik in berekening bring (Van Niekerk 1986:78; Bisschoff 1991:28). Kontekstuele veranderinge moet daarom altyd in interaksie gebring word met die veranderingsproses binne die gemeente self (Hendriks et al. 1922b:92). Dit hou in dat die gemeente as sosiologiese sisteem altyd in interaksie met die wyere sosiale Umwelt begryp moet word (Hendriks et al. 1992b:92).

Aan die hand van die algemene sisteemteorie word die gemeente gevolglik gehelp om bedag te wees op die invloed van veranderlikes van binne en buite (Firet 1980a:22). Die interaksie van binne en buite is gesond en help mee dat die sisteem optimaal kan funksioneer en gekorrigeer kan word indien nodig (Van Niekerk 1986:79; Bisschoff 1991:30). Die resultaat is dat verskillende dele of elemente georganiseer en gekoördineer kan word tot 'n begrensde geheel (Firet 1980a:23; Bisschoff 1991:29). As die gemeentebouteoloog dus tegelyk ook sisteemteoretikus (en praktiker) kan wees, open dit dinamiese uitsigte vir die opbou van die gemeente as sisteem. Sisteemvernuwing kan dan plaasvind wanneer bestaande strukture beoordeel word en indien nodig as nie-funksioneel verander en aangepas word (Bisschoff 1991:30).

Die sisteembenadering bied nie alleen belangrike insigte vir die funksionering van die gemeente nie, maar het ook spesifieke waarde vir die benutting van die kleingroep met die oog op gemeentebou (Kotze 1987:170 e.v.). Die kleingroep kan eers van werklike betekenis wees wanneer die kenmerke van die groepsdinamika en die sisteembenadering tot intermenslike verhoudinge in die gemeentebouprogram verreken word (Kotze 1987:170). Die kleingroep is in hierdie sin 'n logiese bousteen in gemeentebou (Kotze 1987:170).[4] Dit word as 'n subsisteem binne die gemeentesisteem beskou. In hierdie opsig moet die kleingroep dan meewerk tot die doeltreffende funksionering

4 Vergelyk Kotze (1987:171) vir sy uiteensetting van die verskillende kenmerke van 'n sisteem wat van belang is met die oog op die kleingroep in gemeentebou. Hy wys daarop dat 'n sisteem as eenheid funksioneer met die volgende kenmerke: openheid, geslotenheid en homeostase. Hieraan word toegevoeg die kenmerk van "sirkulêre kousaliteit" wat inhou dat die sisteem 'n kompleksiteit van wederkerige (en nie eensydige) funksionering vertoon (Kotze 1987:171).

van die gemeente in ooreenstemming met die wese en taak van die kerk (Kotze 1987:172). Dit geskied wanneer die subsisteem daarop gerig is om die groter sisteem te help om sy funksies te kan verrig (Kotze 1987:174).[5]

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat die sosiologiese en antropologiese kante van die kerk se bestaan belangrike "strukturele uitgangspunte" vorm in die kerkbegrip van die gemeentebouteologie. Naas die klem wat op die sosiologiese sisteembenadering val, word ook die moderne lewensgevoel en bewussyn van lidmate belangrike faktore wat in aanmerking geneem moet word in die herstrukturering van die gemeente (Van Rensburg 1990:43). Die verstedelikingsproses en die hoë premie wat die moderne mens op demokrasie plaas, moet voortdurend verreken word wanneer aan 'n funksionele gemeentestrukturering gewerk word (Van Rensburg 1990:43). Die deelname van die hele gemeente is gevolglik krities belangrik in die strukturering van die gemeente (Van Rensburg 1990:44).

Vanselfsprekend hou die herstrukturering van die geloofsgemeenskap as 'n sisteem in dat dit geskoei moet wees op die teorieë oor verandering wat soveel aandag in die vakwetenskaplike beredenering van die sosiologie kry.

### 3.4.2. KERKLIKE HERSTRUKTURERING EN DIE TEORIE OOR VERANDERING

Die "teorie oor verandering" staan in 'n noue verband met die sisteembenadering wat hierbo bespreek is (Bisschoff 1991:260). Insig in die teorie van verandering gee aan die kerklike herstrukturering 'n wetenskaplike basis. In hierdie teorie kom die "hoe-vraag" op grond waarvan verandering plaasvind, aan die orde. Op voetspoor van Firet (1982) bring Bisschoff (1991) die teorie oor verandering onder die koepelterm "agologie" tuis (Bisschoff 1991:259). Omdat agogiek op 'n beplande en omvattende veranderingsproses slaan, omvat dit die hele veld wat gerig is op verandering en betrek daarom wetenskappe soos die sosiale sielkunde en die sosiologie (Bisschoff 1991:260). Dit is die taak van die Praktiese Teologie om hiermee op 'n teologies-verantwoordbare wyse om te gaan. Verandering toegespits op die gemeente moet dan in die sin van vernuwing en as 'n proses van metamorfose begryp word (Bisschoff 1991:262).

Soos dit deurgaans die geval is, is dit weereens opvallend hoedat gemeentebou nuwe kenteoretiese insigte probeer versoen met die teologiese opgaaf waarvan nie weggekom kan word nie. Bisschoff (1991:264) betrek die teorie van verandering by die pneumatologie. Verandering word dan gesien as deel van die heiliging wat die Heilige Gees bewerk en wat berus op die regverdiging in Christus (Bisschoff 1991:264). Verandering in die gemeente geskied egter nie buite die mens om nie, maar skakel die mens as méns in. Hiertoe verleen die Heilige Gees aan die mens gawes om te kan meewerk aan verandering (Bisschoff 1991:264). In hierdie opsig is die gemeente subjek van die proses van verandering aangesien die veranderingsproses deur die gemeente onderneem en ondergaan word (Bisschoff 1991:268). Wanneer daar dan gepraat word van klimaatskepping in die gemeente met die oog op verandering, moet die God-mens-verhouding en wisselwerking soos saamgetrek in die pneumatologie, voortdurend verreken word (Bisschoff 1991:268).

---

5 Vergelyk Kotze (1987:172-174) vir volledige riglyne vir die funksionering van die kleingroep vanuit die insigte van die sisteembenadering.

Die veranderingsproses moet ook sy "ekklesiologiese fokus" behou. Daarom is dit nie maar verandering ter wille van verandering nie, maar verandering wat gerig is op die opbou van die gemeente, korporatief en kollektief (Bisschoff 1991:268). Binne die verskeidenheid van liggaamsdele en -funksies moet die een liggaam van die Here sy oorkoepelende funksie verrig (Bisschoff 1991:269). Gemeentebou sal dus aan die diepste intensie van die veranderingsplan beantwoord wanneer die wese van die gemeente as liggaam herstel is, wanneer elke lidmaat in die geloof opgebou is in die gerigtheid op die diens aan God en die uitbreiding van sy koninkryk.

Die teorie van verandering is nie net versoenbaar met teologiese premisse wat in gemeentebou aanwesig is nie. Dit is ewe handig om, wanneer die proses van verandering en vernuwing nie na wense vorder nie, meganismes aan te beveel wat die dooiepunt kan oplos. Hendriks (1993:95) meld dat gemeentes wat binne die liggaamsmodel funksioneer, volgehoue groei beleef, maar dikwels in 'n plato-ervaring momentum verloor. Die teorie oor verandering bied insig in hierdie problematiek. Hendriks vind die rede hiervoor in die konflik wat ontstaan tussen lidmate wat die herder-kudde-model aanhang en lidmate wat die liggaamsmodel geïmplementeer wil sien (Hendriks 1993:95). Hierdie "konflik", volgens die teorie van verandering, is die konflik wat ontstaan tussen groepe wat in verskillende fases van geestelike groei verkeer (Hendriks 1993:3). Die dinamika van konflik en diversiteit in die gemeente as gevolg van die verskillende fases waarin groepe hulself bevind, is dus 'n verklaring vir die plato-ervaring waarop die gemeentebouproses uitgeloop het (Hendriks 1993:98). Wanneer hierdie ontwikkelingsgang wat homself in elke groep afspeel reg begryp word, kan die konflik bestuur word en die veranderingsproses in die gemeente deur goeie spirituele situasie-leierskap op gang gehou word (Hendriks 1993:105).

Leraars wat hierdie "polarity management," gerugsteun deur 'n bepaalde spiritualiteit kan bemeester, ontwikkel en besit uiteindelik die vermoë om met die verskillende groepe te werk en om selfs met onversoenbare pole saam te leef (Hendriks 1993:98). Op hierdie punt bied die "Stages of faith"- teorie van Fowler waardevolle insig. Die teorie wat hy uit 'n "pastoral care" benadering ontwikkel het en gegrond het op praktiese ervaring, maak voorsiening vir 'n verskeidenheid geloofsfases ooreenkomstig bepaalde denkparadigmas. Hendriks (1993:98 e.v.) beroep hom in sy teorie op vyf belangrike fases wat Fowler (1991) aangetoon het: (1) die kindfase; (2) die groepfase; (3) die kritiese fase; (4) die akkomoderende fase en (5) die sogenaamde priesterlike fase. As leraars dus hierdie teorie oor geloofsfases onder die knie het, stel dit hulle in staat om nie met 'n eensydig-christologiese teologie na lidmate te kyk in terme van wat hulle in beginsel in Christus is nie (Hendriks 1993:99). Nee, dan kom die insig met betrekking tot die prosesmatige verwerkliking van heiligmaking en volharding by. Die insig in hierdie proses is noodsaaklik om die konflik en diversiteit in die gemeente reg te bestuur, sodat die gemeentebouproses op skedule kan bly (Hendriks 1993:1,3).

So word die teorie oor verandering 'n belangrike komponent om basis- en praktykteorie as herstrukturering van die gemeente te verwerklik (Bisschoff 1991:257).

### 3.4.3. KERKLIKE HERSTRUKTURERING EN DIE INSIGTE VAN DIE KOMMUNIKASIE- EN BESTUURSWETENSKAPPE

In die gemeentebouteologie word die belang van die kommunikasie- en bestuurswetenskappe eweneens hoog geag. Trouens, dit is te begrype, omdat die kerklike herstrukturering as 'n sosiologiese proses vanuit die teorie van

verandering wetenskaplik deurdink word. Juis die klem op verandering dien as motivering waarom die hele gemeente op basis van die kommunikasiestruktuur in die besluitnemingsproses betrek moet word (Van Rensburg 1990:47). Die konsep van die gemeente as liggaam van Christus veronderstel alreeds 'n kommunikasiestruktuur (Breytenbach & Pieterse 1992:104). Die geloofsgemeenskap is immers 'n "kommunikatiewe gemeenskap" (vgl. Pieterse 1991c:40-44).

In die liggaamsmodel realiseer die "kommunikasie van die evangelie in en deur die gemeente" (Breytenbach & Pieterse 1992:102) op sy beste as dit in 'n funksionele kommunikasiestruktuur na vore kom. Dit moet egter 'n "simmetriese" kommunikasiestruktuur wees wat geen formele hiërargie inhou nie. Dit vertoon die kenmerke van 'n "samewerkingsmodel" (Bisschoff 1991:113) wat die lidmaat met sy gawes en behoeftes ernstig opneem (Bisschoff 1991:114). Die leiding binne die kommunikasiestruktuur moet daarom op so 'n wyse geskied dat maksimum deelname van elke lidmaat aan die funksievervulling van die gemeente moontlik is (Bisschoff 1991:118). Omdat die liggaamsmodel 'n groot mate van selfstandigheid aan die lidmate toeken, is die sogenaamde "mensbenuttingsteorie" die toepaslike teorie om die geloofsgemeenskap na sy aard as 'n "organisasie van vrywilligers" te bestuur (Heyns 1993b:133). Die mensbenuttingsteorie (wat hand aan hand loop met 'n sogenaamde "selfvervullingsteorie") gee groter beweegruimte en selfstandigheid aan lidmate en stel hulle ook in staat om hul verantwoordelikhede na gelang van die eise van die liggaamsmodel na te kom (Heyns 1993b:133).

Indien die hele gemeente nie van die begin af planmatig en strategies by die gemeentebouproses betrek word nie, is dit ongetwyfeld gedoem tot mislukking (Van Rensburg 1990:44). In hierdie verband lê Van der Merwe en Hendriks (1992:579) klem op die beginsel van "deelnemende bestuur." Die lidmaat se mening oor gemeentesake moet as van strategiese belangrikheid geag word. Gelykwaardige en deurlopende betrokkenheid van alle lidmate in interaksie met die "gemeenteleiding", is van absolute belang in die vormgewing van die gemeentestruktuur (Van Rensburg 1990:47).

Die kerklike herstrukturering van die gemeente benut daarvoor insigte uit die kommunikatiewe - en bestuurswetenskappe. Gemeentebouteoloë het in hierdie verband 'n omvattende kommunikatiewe bestuursteorie uitgewerk. Daarin wou hulle teologiese uitgangspunte behou. Veral Hendriks en Van der Merwe is verantwoordelik vir die beredenering van die sogenaamde Strategies-Teologiese Beplanning vir die Ned. Geref. Kerk (Hendriks & Van der Merwe 1990; 1992).

### 3.4.4. KERKLIKE HERSTRUKTURERING EN STRATEGIES-TEOLOGIESE BEPLANNING

Met behulp van die insigte wat die sisteemteorie, die wetenskap van verandering, die kommunikasiekunde en die bestuurswetenskap vir die gemeentebouteologie bied, word die prosesmatige herstrukturering van die kerk (gemeente) deur middel van die konsep van Strategies-Teologiese Beplanning verwoord (Nel 1988; Hendriks 1992a:122 e.v.; Hendriks & Van der Merwe 1990; 1992). Dit is as sodanig geknip op die patroon van 'n bestuurstyl wat in die sekulêre wêreld ontwikkel is om in 'n deelnemende sin doeltreffend te beplan (Hendriks 1992a:124). Hutcheson (1981) wys in hierdie verband op die "managerial revolution" wat sedert die sestigerjare sy invloed in die VSA laat geld het en ook sy vastrapplek in die gevestigde kerke wêreldwyd gekry het.

In die Ned. Geref. Kerk het strategiese beplanning by die Algemene Sinode van 1986 op die kerklike agenda verskyn. Toe is 'n verslag, "Strategiese beplanning vir die Ned. Geref. Kerk met die oog op die jaar 2000", aan die sinode voorgelê (Agenda 1986:404). In lyn met die metodes en benadering wat hierdie verslag kenmerk, en waarop reeds in hoofstuk 1 ingegaan is (vgl. 1.3.3), is dit die bedoeling van Strategies-Teologiese Beplanning (voortaan STB) om 'n strategie daar te stel in terme waarvan die liggaamsdiens van die "liggaamsmodel-kerk" gerealiseer kan word (Hendriks 1992a:122). Daadwerklike verandering van die kerkbegrip in 'n gemeente (herstrukturering) vind nie oornag plaas nie. Dit moet strategies deur middel van goeie beplanning as 'n prosesmatige gebeure verdiskonteer word (Van Zyl 1988:125; Bisschoff 1991:273; Hendriks 1992a:122).

Die verskuiwing in die Ned. Geref. Kerk na die liggaamsmodel maak dit nou moontlik om die gemeente "van onder" by die strategiese beplanningsproses te betrek (Hendriks 1992a:123). Die moderne indiwidualisme en demokrasie maak dit in elk geval dringend noodsaaklik dat die bediening (indien dit relevant wil wees) "van onder" gestruktureer moet word (Hendriks 1992a:123). Gelowiges (van 'n kommissie tot by 'n sinode) word deur middel van hierdie benadering gehelp om in spanverband sistematies en teologies oor die kerk se roeping na te dink, te beplan en dit ook te kan evalueer (Hendriks & Van der Merwe 1990:464-465).

Dit geskied in 'n aantal fases wat die veranderingsproses as't ware begelei (Nel 1988:8 e.v.; Bergh 1990:187; Bisschoff 1991:276; Hendriks 1992a:122). In sy soepel en funksionele benadering is dit selfs moontlik om die fases aan te pas en van alternatiewe metodes gebruik te maak en is hier daarom geen sprake van 'n té rigiede toepassing nie (Hendriks & Van der Merwe 1992:577). Indien die fases reg bestuur word, ongeag die spesifieke metode en benadering, sal die saak van gemeentebou gedien word (Bisschoff 1991:277). Dit gaan dus om 'n strategie wat in die praktyk gekonkretiseer moet word.

Die gemeente-analise as deel van die diagnostiese probleemidentifiseringsfase is die eerste belangrike strategiese stap. Navorsingsverslae wat sedert die middel tagtigerjare in gemeentebou en bedieningspraktyk verskyn het, het almal van die empiriese metode van gemeente-analise gebruik gemaak (Van Zyl 1988:40 e.v.; Maritz 1990:10,27,49; Bergh 1990:116 e.v.; P.L. Louw 1990:118 e.v.; Spies 1990:10 e.v.; Botha 1991:32 e.v.; Van Niekerk 1991:74 e.v.). Die uitgangspunt is dié van deelnemende bestuur en wil uiteraard wegkom van die ou gedagte dat die leraar outoritêr die koers aandui (Hendriks 1992a:129). Die praxis van 'n spesifieke gemeente moet daarom aan verantwoordbare ondersoek onderwerp en wetenskaplik bestudeer word (Bisschoff 1991:142).

Hendriks (1992a:131-182) wys verskillende moontlikhede aan waarvolgens 'n gemeente-analise gedoen kan word. Hy onderskei tussen die volgende tipe gemeente-analises: (1) die meganiese analise wat gerig is op die opstel van 'n gemeenteprofiel; (2) die kontekstuele analise wat die gemeente se demografiese en sosiale konteks wil onderken; (3) die organiese prosesanalise wat die interaksie tussen die gemeente se waardesisteem en sy doelstellings as 'n dinamiese proses ondersoek en (4) die identiteitsanalise wat die unieke "gesamentlike persoonlikheid en kultuur" van die gemeente wil naspeur (Hendriks 1992a:164). Met die eerste oogopslag is dit al duidelik dat, vergeleke by die 1986-hantering van die situasie-analise, dit hier 'n aansienlike verfyning en skrutinering deurloop het. Die gemeente-analises is by uitstek daarop gemik om 'n begrip van die empiriese bestaan van die gemeentes vir gemeentelede toeganklik te maak. Gebrek aan hierdie insig word as van die belangrikste redes aangeteken waarom gemeentes nie in staat is om te verander nie (Bisschoff 1991:293). Ook die samelewingskonteks waarbinne die

gemeente funksioneer, word geanaliseer om te bepaal wat die roeping en verantwoordelikheid van die kerk is (Hendriks & Van der Merwe 1992:578). Daarom vervul die interne gemeente-analise en die eksterne samelewings-analise die kritiese funksie om die gemeente tot selfinsig en roepingvervulling te bring (Hendriks & Van der Merwe 1992:578; Hendriks 1992a:130).

Om die veranderingsproses op dreef te kry is die tweede fase van ontvriesing en motivering krities belangrik (Nel 1988:8). Met ontvriesing word die gemeente bewus gemaak dat die huidige situasie onbevredigend is en dat die noodsaak vir verandering (herstrukturering) onontwykbaar is (Bisschoff 1991:291). In die woorde van Hendriks (1992a:188) is dit 'n goeie beplannings-doelwit om die "teikengehoor (in hierdie geval die gemeente - L.M.E.) te ontvries, te oortuig en te motiveer." Met die visie van die leraar in hierdie verband as noodsaaklike koersaanduider, moet die gemeente nie net op die negatiewe nie, maar ook op die positiewe potensiaal van verandering gewys word (Bisschoff 1991:291).

Waar ontvriesing gerig is op bewusmaking en voorbereiding, is motivering gerig op die aanvaarding van 'n besluit en die wil om die voorgestelde gemeentebouprogram te laat slaag (Bisschoff 1991:291). Motivering geskied deur middel van inspirerende, ondersteunende en uitdagende leierskap en nie deur enige vorm van dwang nie. Wanneer motivering deeglik beplan en gemonitor word, weet lidmate ook waarheen hulle op pad is en hoe elkeen se bydrae daar moet uitsien (Bisschoff 1991:292). Lidmate word in die proses ten diepste gemotiveer tot gehoorsaamheid deur daders van die Woord te wees (Nel 1988:11). Motivering en ontvriesing moet egter heeltyd gedra word deur die wete dat dit God is wat mense bewus maak van sy plan en van die noodsaak om te verander (Bisschoff 1991:292).

Die gemeente-analise, ontvriesing en motivering word opgevolg deur die fase waar doelwitte geformuleer en strategiebeplanning gedoen word. Hendriks (1992a:182) noem hierdie fase die fase van "skeppende teologiese aktiwiteit." Hendriks (1992a:105 e.v., 183) verwys in hierdie verband na die "struktuurmodi" of tien kernfunksies van die gemeente se diens wat reeds by 4.3.1 vermeld is.

Die formulering van algemene doelstellings bring die gemeente hierna by die formulering van 'n missie en visie (Hendriks 1992a:184; Burger 1991a:37 e.v.; 1991c:91). 'n Missie word beskou as die "langer uiteensetting van 'n gemeente se roeping" terwyl 'n visie die kort samevatting, "die spitspunt" daarvan is (Hendriks 1992a:184). Die missie en visie wat as samevattende kern die doelstellings van die gemeente verwoord, is van deurslaggewende belang vir die kerklike herstrukturering en vir die verdere verloop van die strategiese beplanningsproses (Van Rensburg 1990:180). Daarom mond dit logieserwys uit in 'n geskeduleerde beplanningsfase (Hendriks 1992a:185). Die sleutelsuksesfaktore en prioriteite word bepaal, meetbare en bereikbare doelwitte word geformuleer en vanuit die doelwitte word 'n gedetailleerde aksieprogram opgestel (Bisschoff 1991:298; Hendriks 1992a:187).

Die struktuur- en bedieningsvernuwing wat deur die proses van STB gerealiseer word, word uiteindelik gekontroleer deur institusionele selfevaluering (Van Zyl 1988:141; Hendriks 1992a:188). Voorsiening word gemaak vir meetinstrumente, wat die verwagte resultate soos uitgespel in die doelwitte en aksieprogram, kan evalueer en kontroleer (Van Zyl 1988:141). Institusionele selfevaluering kan op verskillende wyses geskied: tydens broederlike onderhoude, by besprekingsdienste, kommissievergaderings, deur middel van evalueringsvraelyste en so meer

(Van Zyl 1988:153). Voortdurende evaluering lei dan tot die neem van regstellende aksies om te verseker of die gemeente binne die raamwerk van die nuwe kerkbegrip en -struktuur beweeg.

Strategies-Teologiese Beplanning is dus 'n omvattende strategie om basisteorie (liggaamsmodel) en praktykteorie (liggaamsdiens) in die konkrete sosiale werklikheid van gemeentewees te realiseer. Kerklike herstrukturering - dit is waarop dit neerkom - is dus net soos in die geval van die basis- en praktykteorie "van onder" beredeneer.

## 3.5. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is veel aandag geskenk aan die kerklike herstrukturering, wat die gevolg is van 'n beredeneerde kerkbegrip "van onder," wat só karakteristiek is van die gemeentebouteologie van die Ned. Geref. Kerk. Kerkhistories staan dit in verband met die ontwikkeling van 'n gemeentebouteologie gedurende die tagtigerjare. Teologies staan dit in verband met 'n verskuiwing vir sover dit die kerkbegrip by die Ned. Geref. Kerk betref. Hoedat prakties en metodologies inhoud gegee is aan die nuwe kerkbegrip - "van onder" - is breedvoerig hierbo aangetoon. Dit voltrek hom langs 'n bepaalde linie: die Bybelse metafoor van die liggaam van Christus word basisteoreties omskep in 'n liggaamsmodel wat na sy eienskappe afgetas kan word. Hoedat hierdie model praktykteoreties in soveel aspekte van "liggaamsdiens" uitval, is ewe-eens beskrywe. Die strategie om die gemeente "van onder" in terme van die nuwe kerkteorie (of -begrip) te herstruktureer, is in 'n aantal bladsye deurgepraat. Dit is duidelik dat die gemeentebouteologie die nood van 'n trae en mislukkende kerklike lewe aanspreek en daadwerklik wil verander deur die kerk as geloofsgemeenskap en sy struktuur in nuwe vorme te giet. Die liggaamsmodel word die voertuig en fasiliteerder om die gemeente te oriënteer aan die ideaalbeeld én ideale funksionering vir gemeentewees na die eise en omstandighede van die tyd. Daar kan nie twyfel bestaan dat 'n funksionele kerkbegrip wetenskaplik "van onder" in die gemeentebouteologie na die oppervlakte kom nie. Daarmee word 'n ander kerkbegrip - hierop is hierbo ook gesinspeel - natuurlik onder verdenking geplaas, of liewer vervang. Die kerkbegrip "van onder" in die gemeentebouteologie is terselfdertyd 'n kerkbegrip in kontras. As dit om 'n keuse vir die liggaam van Christus gaan, gaan dit om die afwysing van die herder-kudde-model. In hoofstuk 4 word die aandag by hierdie interessante aspek van die kerkbegrip bepaal.

# HOOFSTUK 4

# GEMEENTEBOU: 'N KERKBEGRIP IN KONTRAS

## 4.1. INLEIDING

Dit sou halwe werk wees om te volstaan met die beskrywing van die "van onder" kerkbegrip van die Ned. Geref. gemeentebouteologie. Daar steek heelwat meer agter die opkoms van hierdie nuwe kerkbegrip by die Ned. Geref. Kerk. Die beredenering hiervan in die gemeentebouteologie word opvallend kontrasterend gedoen. Dit word elke keer gestel teenoor die oue, die eertydse, die tradisionele, die statiese en dogmatiese verstaan van die kerk. Die konsep van 'n liggaamsmodel wat "van onder" geherstruktureer moet word, is die verwoording van 'n aanklag uit die situasie. Maar, dit is ook die aanklag van die geskiedenis, meer spesifiek die gemeentegeskiedenis. In die gemeentebouteologie word beide die bestaande situasie ('n mens kan selfs praat van die "Sitz im Leben") sowel as die geskiedenis van die gemeente gebruik as die horison waarteen die liggaamsmodel afgeteken word. Om dit bondig te sê: Hier is 'n kerkbegrip in kontras aan die werk. Daarom verraai dit ook 'n polemiese ingesteldheid. In die vierde hoofstuk word die betrokke kerkbegrip in sy teenstelling met 'n uitgediende kerkteorie, 'n eensydige verkondigingsmodel, die tradisionele ampsbeskouing, 'n enkelvoudige gemeentestruktuur en vasgelegde kerkpatrone bespreek. Dit word aangevul met die afwysing van 'n dogmaties-statiese ekklesiologiese disposisie. Heel laaste word enkele kantaantekeninge by die gebruik van die geskiedenis - om die kontras af te ets - gemaak.

## 4.2. IN KONTRAS MET 'N UITGEDIENDE KERKTEORIE: DIE HERDER-KUDDE-MODEL

Die kerkbegrip "van onder" en die verstaan van die gemeente as liggaam-van-Christus in terme van sosiologiese en antropologiese kategorieë, lei daartoe dat die gemeentebouteologie eenvoudig afstap van ou en tradisionele kerkteorieë (Van Rensburg 1990:37). Niks minder nie as 'n "kerkbegripbekering" is nodig in 'n situasie waar die kerk en lidmate hulself al die tyd aan 'n uitgediende kerkteorie georiënteer het (Van der Merwe 1992:62). Daar moet dus weggekom word van die ekklesiologiese model wat so lank reeds 'n sentrale plek inneem in die teologiese denke van die Ned. Geref. Kerk. Soos aangedui, is dit 'n onderliggende motief in die hele kerkhistoriese ontwikkeling van die Ned. Geref. gemeentebouteologie. In die gemeentebouliteratuur en navorsing van die tagtigerjare word dit doelbewus en pertinent aangedui. In die vorige hoofstuk is terloops daarop gewys dat, net soos gemeentebou sy funksionele kerkbegrip oorwegend verbind aan die liggaamsmodel, net so verbind hy die kerkbegrip wat hy afwys oorwegend aan wat genoem word die herder-kudde-model. Die gesprek binne hierdie teologie oor die kerk en sy funksionering wentel tot 'n groot mate om die herder-kudde- en die liggaam-van-Christus-inbeeldinge (vgl. Heyns 1988b:55 e.v.; Breytenbach 1992a:391). In die begrippe lê al die kontras uitgespel. Wat gemeentebou betref, het die herder-kudde-model soos 'n meulsteen om die nek van die Ned. Geref. Kerk geword (Heyns 1988b:55).

## 4.2.1. DIE HERDER-KUDDE-MODEL

Van al die gemeentebouteoloë het Heyns (1986) op sy deeglike manier die uitvoerigste daarop ingegaan om die kerklike bediening in die Ned. Geref. Kerk in terme van die herder-kudde-model te tipeer (Heyns 1986:83-84). Hy is oortuig dat hierdie model uit die staanspoor in die geskiedenis van die kerk gevestig geraak het (Heyns 1986:72). Nadat die aanvanklike groei van die kerk in terme van gemeentevorming stadig was, het gemeentes vanaf die begin van die negentiende eeu vinniger in getal toegeneem en kon die kudde van die Here beter versorg word (Heyns 1986:71). Omdat gemeentes ook geografies kleiner geword het, is die herder in staat gestel om die kudde effektief te bearbei (Heyns 1986:75). Vakatures kon ook vinniger gevul word namate al meer studente aan die Kweekskool op Stellenbosch afgestudeer het. Die feit dat leraars nie net op kerklike gebied leiding gegee het nie, maar ook in die gemeenskap (Heyns 1986:73), het hulle posisie as herders van die kudde hierbenewens aansienlik versterk.

Ook in die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk word, sê Heyns (1986:78), die vername rol van die leraar in die herder-kudde-model bevestig. Die amp van die leraar, deeglik omskrywe in 'n aantal artikels, staan voorop, terwyl die arbeid van die kerk (waaroor veel minder gesê word) eers veel later bespreek word. Sekere woordkeuses, waaronder die verwysing na die verbeuring en die behoud van die status van predikante, verraai watter belangrike funksie die amp van leraar binne die herder-kudde-model het (Heyns 1986:78). Daarom is dit begryplik waarom die formulier vir die bevestiging van leraars vermelding maak van die "verhewe en hoër kwaliteit" (Heyns 1986:79) dienswerk van leraars. Uitdrukkinge soos "hierdie heilige amp" en "hierdie heilige diens" is sprekend van die "primaat" van die predikant in die herder-kudde-benadering vir die gemeentebediening (Heyns 1986:79). Die herder-kudde-model by die Ned. Geref. Kerk is gevolglik nie net 'n produk van sy geskiedenis nie, maar dit sit ook in sy kerklike strukturering.

Hierbenewens is talle navorsingsverslae oor bedieningspraktyk dit met mekaar eens dat daar in die Ned. Geref. Kerk 'n eensydige oriëntasie aan die herder-kudde-model is (vgl. Van Zyl 1988:91; Maritz 1990:77; P.L. Louw 1990:17; Botha 1991:4). Dit word eintlik 'n soort "ekklesiologiese paradigma" (Bergh 1990:183; P.L. Louw 1990:3) in die hand van die gemeentebouteologie. Dit verteenwoordig 'n "ou kerkteorie" en sou ook getipeer kon word as 'n "eensydig ontwikkelde institutêre verkondigingsmodel" (Hendriks 1992a:38) of 'n "kerugmatiese model" (Hendriks et al. 1990b:101).

Met gebruikmaking van die herder-kudde-model probeer die gemeentebouteologie om tot insig te kom tot die praktyk van die tradisionele Ned. Geref. bediening. Daarom is dit verteenwoordigend van 'n prakties-teologiese teorie wat ten grondslag van die bedieningspraktyk in Ned. Geref. gemeentes lê (Heyns 1986:48). In hierdie model word die herder en kudde nie betrek op Christus en sy volk nie. Hierin is die predikant die herder terwyl die gemeente die kudde is. Tussen die herder en die kudde is daar 'n besondere band. Hierdie vertrouensverhouding is die gevolg van liefdevolle oorgawe en diens deur die herder aan die kudde en die gehoorsame volg van die kudde (Heyns 1986:67). Dit is dus 'n beeld van die pastorale verhouding - waarvoor daar waardering is (Heyns 1986:84) - tussen leraar en gemeente. Vir sover dit verband hou met die Bybelse gedagte van 'n voorganger en volgelinge vir wie hy verantwoordelik is (vgl. bv. 1 Pet. 5:1-4), gaan dit hier om 'n pastorale beeld (Heyns 1986:48-65; Maritz 1990:77-78). In gemeentebou word die metafoor - wat hier ook tot 'n kerkmodel omgewerk word - uit sy pastorale konteks en Skriftuurlike omlysting gehaal en as 'n strukturele beeld hanteer om die kerkstrukture en kerkbegrip

wat in gemeentes oor die jare heen gangbaar geword het, te beskryf (Heyns 1986:48). Toegepas op kerklike strukture het die herder-kudde-model 'n negatiewe konnotasie. Die herder neem by die kudde oor. So word dit 'n beeld van die feit dat vanweë die sterk en duidelike leiding van die herder dit gebeur dat die kudde van die herder afhanklik word. Omdat hierdie model in die Ned. Geref. Kerk gekoester is, is die gedagte gevestig dat die bediening in die gemeente alleen op die skouers van die leraar as herder rus (Van Rensburg 1990:85). Die amp van die gelowige bly daardeur in die slag (Heyns 1986:80; Maritz 1990:71) terwyl die leraarsamp totaal oorlaai word (Van Zyl 1988:108). Die patriargale herder word al te maklik 'n outokraat en die gehoorsame volgelingskap van die kudde draai vas in passiwiteit (Heyns 1986:85; Hendriks 1992b:81). Die gevolg is dat die lidmate onmondig bly. Dit ontneem hulle struktureel van die ruimte van dienslewering in die gemeente.

Die herder-kudde-model met sy statiese bedieningstrategie pas ook nie in by die moderne samelewing nie (Heyns 1986:91; Van Rensburg 1990:101). Die herder-kudde-model was in die Ned. Geref. Kerk eens op 'n tyd bruikbaar en dienstig toe die situasie nog bestaan het waar die herder op basis van 'n eenmanbediening 'n gemeente in 'n klein afgeslote gemeenskappie kon bedien (Van Rensburg 1990:102). Met die proses van verstedeliking, waarin die kerk meegeneem is, kan die herder-kudde-model egter nie daarin slaag om ruimte te bied vir die groot behoefte aan koinonia en intimiteit nie. Dit lei daartoe dat die kerk as irrelevant ervaar word en dit werk onbetrokkenheid ten opsigte van kerklike aktiwiteite in die hand (Bergh 1990:183).

In 'n veranderde en gedifferensieerde samelewing moet die herder-kudde-model daarom plek maak vir die liggaamsmodel. In die vorige hoofstuk is dit oor en oor geïmpliseer dat die liggaamsmodel oor al die eienskappe beskik om die rykdom en die geskakeerdheid van die Christelike geloofslewe in die moderne samelewing waar te maak (Van Rensburg 1990:102; Bergh 1990:183). Daarom dring die gemeentebouteologie daarop aan om die herder-kudde-model te vervang met 'n meer dinamiese "kommunikasiemodel," die liggaamsmodel (P.L. Louw 1990:103; Van Rensburg 1990:103).

### 4.2.2. DIE LIGGAAMSMODEL IN DIE PLEK VAN DIE HERDER-KUDDE-MODEL

Die keuse vir die liggaam-van-Christus-model is die antwoord vir die uitgediende benadering van die herder-kudde-model (Heyns 1986:92; P.L. Louw 1990:96; Maritz 1990:82). Hierdie twee modelle funksioneer daarom dwarsdeur die gemeentebouteologie as werklikheid en ideaal wat teenoor mekaar gestel word. Die ontworsteling van 'n eensydige institutêre model na die meer funksionele liggaamsmodel, is dié kenmerk van die gemeentebouteologie (Pieterse 1991a:94; Hendriks 1992a:38). In hierdie kontras kom die keuse vir die liggaam-van-Christus-model dus tot volle ontplooiing. Verandering na die liggaam-van-Christus-model is die noodsaaklike korrektief. Trouens, gemeentebou is daarvan oortuig dat die funksionering op grond van die herder-kudde-model teenstrydig is met die wese van die kerk as liggaam van Christus. Om dit in terme van die saak wat in hoofstuk 3 beredeneer is, te stel: Die herder-kudde-basisteorie skep 'n praktykteorie wat 'n strategie veronderstel wat uitloop op die teenoorgestelde van liggaamsdiens. Daarom is dit noodsaaklik om aan 'n kerkbegrip en gemeentekonsep wat die lewe van die gemeente "van onder" af rig, te heroriënteer.

Die ou institusionele kerkteorie en die gevolglike vasgelegde strukturering van die bediening vra om vernuwing. Deur die liggaamsmodel as uitgangspunt te neem, stel gemeentebou dus meganismes aan die werk wat 'n dinamiese

en funksionele kerkbegrip skep waarvolgens die gemeente weer volwaardige subjek van die bediening kan word. Waar die liggaamsmodel meer erns maak met die sosiologiese dimensie van kerkwees, gaan die moontlikhede van medemenslikheid, humaniteit, nabyheid en diepteverhoudinge in die gemeente nou oop (Van Rensburg 1990:73). Teenoor die institusionele inslag van die herder-kudde-model, oorheers die spontane in die kerkbegrip van die liggaamsmodel (Hendriks 1992a:26). Die weg van die institutêr-formele na die organies-informele word hiermee gebaan (Van Rensburg 1990:73).

In die lig van die voorafgaande bespreking is dit duidelik in watter mate gemeentebouteologie kerkbegrippe kontrasterend aanlê. Die herder-kudde-model staan teenoor die liggaamsmodel. Eersgenoemde is 'n verklaring van die problematiek in die bediening binne die Ned. Geref. Kerk. Laasgenoemde is die oplossing daarvoor. Hierdie verwisseling van kerkbegrippe is tot heil van die kerk of gemeente.

## 4.3. IN KONTRAS MET 'N VERKONDIGINGSMODEL

Die herder-kudde-model waarop die kerkbegrip van lidmate by die Ned. Geref. Kerk geskoei is, bring nie net die noodsaak van kerklike herstrukturering te berde nie. Ook ander tipiese fasette van hierdie kerkteorie word deur gemeentebou belig met die oog op verandering. Die plek en die funksionering van die Woordbediening in die gemeente is só 'n faset. Burger (1991a:133) sê ronduit dat, teen die agtergrond van Dulles (1976) se **Models of the Church**, dat die Ned. Geref. Kerk met die tipiese probleme sit wat saamhang met die keuse vir 'n "institusionele verkondigingsmodel" (Burger 1991a:133; Hendriks et al. 1992b:81). Dit beteken dat in die herder-kudde-kerkteorie die amptelike Woordbediening die sentrale posisie inneem. Dit word die spil waaromheen alles in die gemeente draai (Van Rensburg 1990:37). Daarvolgens is die eintlike bediening die Woordverkondiging en die eintlike funksie van die lidmaat is om die Woord te hoor en as geestelike voedsel in te neem (Van Rensburg 1990:91). Vir gemeentebou is dit 'n eensydige klemtoon wat die moontlikhede van gemeentebediening dwarsboom.

### 4.3.1. DIE EENSYDIGE KLEM OP WOORDVERKONDIGING

Gemeentebouteoloë redeneer dat die vrug van die reformatoriese klem op die Woord meegebring het dat 'n "verkondigingsmodel" of "kerugmatiese model" (Marais 1989:72) in die kerklike praktyk geïnstitusionaliseer is (Hendriks 1992a:23). Hierdie toedrag van sake lei tot 'n vereensydiging waarin verkondiging en lering die pas aangee. Die verkondiging in hierdie benadering is lerend, skools, eenrigting en formeel (Hendriks et al. 1992b:81). Dit bring mee dat die bedieningspatroon as "kerugmaties" getipeer word, waar die leraar die "heil bloot moet aankondig" in plaas dat elke lidmaat sy plek volstaan in die werk van die hele gemeente (Maritz 1990:71).

Dit gaan gepaard met 'n kognitiewe ingesteldheid wat daartoe lei dat die godsdiens intellektualisties beleef word (Hendriks 1992a:23). Hierdie fokus op 'n "intellektuele leerproses" hou gelowiges onmondig. Hulle is nie in staat om by dienswerk betrokke te raak nie (Hendriks 1992a:95). Die "vleeswording" van die Woord in terme van 'n praktykteoretiese gemeentebediening word dus deur die verkondigingsmodel teëgehou (Hendriks 1992a:23). Die Woord moet maar alleen gesaai word en verder sal God vir die vrug sorg. Die verantwoordelikheid vir die uitbreiding van die koninkryk van God is sodoende gemaklik afgeskuif op God en die Woordbediening alleen (Van

Rensburg 1990:38). Op hierdie wyse is die gemeente alleen maar objek van die handelinge van God en nie ook subjek binne 'n funksionele gemeentebedieningsmodel nie.

Die eenrigtingkommunikasie deur middel van die Woordverkondiging ry die onderlinge betrokkenheid van gelowiges by mekaar in die wiele (Marais 1989:72). Die verkondigingsmodel slaag gevolglik nie daarin om die geloofsgemeenskap by die dienswerk van die kerk vanuit 'n koinoniale bestaanswyse betrokke te kry nie (Hendriks et al. 1992b:81). Trouens, hierdie tradisionele denkstruktuur belemmer eintlik die koinonia in die gemeente. Dit tas ook die erediens aan. In die tersaaklike literatuur word dikwels daarop gewys dat in die "kerugmatiese erediens" waar die preek 'n dominante rol speel, daar min ruimte is vir deelname deur die lidmate (Heyns 1990:66).

Erediens en liturgie moet gevolglik uit die kake van die "institusionele verkondigingsmodel" (Hendriks 1992a:109) onder leiding van die "in-swart-geklede-dominee" (Hendriks 1992a:109) gehaal word. Burger (1991a:63) oordeel dat die tradisionele gereformeerde erediens eintlik armoedig is aan liturgiese handelinge en simbole (Burger 1991a:63). Die aanvaarding van die regte gemeentemodel, dit wil sê die afstap van die verkondigingsmodel, is daarom krities belangrik vir eredienshernuwing (Pieterse 1991a:22 e.v.; Hendriks et al. 1992b:80). Namate lidmate se kerkbegrip in die proses minder staties word, sal die verandering ook in die erediens, toewyding en oorgawe sigbaar word.

Gemeentebou is nie teen die bediening van die Woord nie. Die punt waarop dit aankom, is dat die herder-kudde-model 'n verkondigingstruktuur huisves wat van die oorheersing van 'n "eksklusiewe Woord-teologie" getuig. Burger (1993) het op hierdie saak genuanseerd ingegaan. Hy is van oordeel dat dit 'n vertekening van die Reformasie is om te dink dat mens met 'n "eksklusiewe Woord-teologie" reg kan laat geskied aan die volle rykdom van die evangelie en sy bediening en kommunikasie in die wêreld (Burger 1993:8). In sy soeke na dinamika met die oog op die funksionering van 'n Christelike geloofsgemeenskap meen hy dat gemeentes "swaar trek" onder 'n Woordbediening waarin die prediking verabsoluteer word (Burger 1991a:21). Hy meen dat die reformatore se beklemtoning van die Woord nie as 'n tetiese uitgangspunt vir alle praktiese teologie verstaan moet word nie, maar dat dit as 'n anti-tetiese, kritiese en kontrolerende element bedoel is om te funksioneer binne 'n groter prentjie (Burger 1993:8). Die groter prentjie is dan dat God besluit het om mense te help deur die diens van mense (Burger 1993:8). Naas die tradisionele gereformeerde bediening in terme van die Woord is 'n definiëring van die bediening in antropologiese terme dus ewe noodsaaklik (Burger 1991a:78). Eers wanneer die Woordbediening in 'n sinvolle interaksie met die funksionele gemeentebediening gebring word, word uitdrukking gegee aan 'n Bybelse bediening (Burger 1991c:62; Hendriks 1992a:101). Dit word moontlik as die herder-kudde-denke se verkondigingsmodel met die gemeentebediening van die liggaamsmodel vervang word.

### 4.3.2. WOORDVERKONDIGING WORD GEMEENTEBEDIENING

Die belemmerende gevolge van 'n eensydige verkondigingsmodel word opgeruim deur 'n omvattende gemeente-bediening. Daarom dat Burger (1991a:21) met oortuiging kan sê dat die Woordverkondiging nooit "verabsoluteer" moet word ten koste van ander wesenlike elemente van die Christelike lewe en bediening nie (Burger 1991a:21). Daar kan nie maar net volstaan word met Woordstudie en -bediening alleen nie (Burger 1991c:84).

In die plek van die "verkondigend-didaktiese" benadering kom nou die "dienend-koinoniale" komponente van kerkwees (Van Rensburg 1990:74; Burger 1991a:128). Die "institusioneel-verkondigende" aksent van die herder-kudde-model word deur die "gemeentelik-funksionele" benadering van die liggaamsmodel vervang (Van Rensburg 1990:94; D.J. Louw 1990:230). Waar die eensydige klem op die Woordbediening die gemeente binne die kaders van die abstrakte leerinhoude van die geloof vasgehou het, word daar nou vrylik beweeg na konkrete gemeenskap en die belewingselemente van die geloof. Die klemverskuiwing na die bediening in en deur die gemeente lei daartoe dat die groeipotensiaal van die gemeente tot sy eie opbou ook groter word (Van Rensburg 1990:86). In hierdie verband toon Burger (1991a:129) byvoorbeeld aan dat diens in en deur die gemeente deel is van die proses waardeur die geloof deur die gemeente geleer word (Burger 1991a:129).

Wanneer die amptelike en institusionele Woordbediening al meer plek maak vir die bediening in en deur die gemeente, is daar alreeds ook aksentverskuiwinge ten opsigte van die ampsbeskouing by gemeentebou in die weer. Ook dít word kontrasterend uitgewerk. 'n Kontrasterende kerkbegrip loop konsekwent uit op 'n kontrasterende ampsbeskouing.

## 4.4. IN KONTRAS MET DIE TRADISIONELE AMPSBESKOUING

Gemeentebouteologie wil wegbeweeg van die tradisionele eensydige fokus op die rol en taak van die amptelike Woordbediening. Die keuse vir die liggaamsmodel hou in dat in die plek van die "verkondigingsmodel," 'n benadering kom wat die amp van die gelowige in die gemeentebediening weer in ere kan herstel. Hierdie beklemtoning lei daartoe dat die liggaamsmodel 'n ampsbeskouing daarop nahou wat in kontras kom met die tradisionele ampsopvatting.

### 4.4.1. DIE HIëRARGIESE AMPSBESKOUING IN TERME VAN DIE HERDER-KUDDE-MODEL

Die gemeentebouteologie is tot 'n groot mate eenstemmig daaroor dat die tradisionele kerkteorie 'n ampsopvatting veronderstel wat die amp van die gelowige in die skadu stel. 'n Noodsaaklike insig en klemverskuiwing ten aansien van die heersende ampsbeskouing moet gevolglik deur die nuwe kerkteorie bewerkstellig word. Hendriks (1992a:101) wil so 'n weg bewandel wanneer hy beweer dat die heersende ampspraktyk van die Protestantse kerke eerder in die tradisie as in die Skrif gefundeer is (Hendriks 1992a:101). Ook Heyns (1993a:355) sluit hierby aan. Die herder-kudde-model het vir lank 'n diens bewys aan die tradisionele gereformeerde ampsbeskouing, uitgaande van die drievoudige amp van Christus as Profeet, Priester en Koning (Van Rensburg 1990:89). Dit is 'n opvatting wat Christus se dienswerk volgens Hendriks (1990a:29) konfessioneel in 'n dogmatiese skema vaslê (Hendriks 1990a:29). Ofskoon dit in beginsel nie verkeerd is nie, word geoordeel dat dit binne 'n bepaalde historiese konteks ontstaan het en op 'n oorvereenvoudigde wyse terugslaan op die drie dienswerke in die Ou Testament. Dit kom prakties neer op 'n "afgeslote ampstruktuur" wat die Skrifbeginsels geweld aandoen, aldus Hendriks (1990a:29).

Die ou herder-kudde-benadering steun op hierdie tradisionele ampsbeskouing. Daarvolgens word bloot op die ampsbediening van die sogenaamde "ampte" gekonsentreer (Hendriks 1990a:31). Alhoewel die herder-kudde-

model erns maak met die onties-fundamentele oorsprong van die amp, word die funksioneel-pragmatiese as diakonia van die hele gemeente in die proses genegeer (Van Rensburg 1990:95). Dit beteken dat die amp en die dienende gemeente as liggaam in 'n voortdurende hiërargiese spanningsverhouding tot mekaar staan. Dit hou verder verband met die feit dat juis die herder-kudde-model 'n ingeboude hiërargie met homself saamdra (Heyns 1986:83). Die predikant staan hiervolgens as herder en leier in die sentrum van die kerklike lewe (Heyns 1986:83; Maritz 1990:5). Maar, ook die ampte van ouderling en diaken kom in die gedrang. Die amp van ouderling word hiervolgens verskraal tot 'n seremoniële figuur wie se taak gerig is op die optimale funksievervulling van die leraar (Maritz 1990:5). Die diakenamp word weer afgegrens tot die van kollektant met weinig ruimte vir die uitoefening van die diens van barmhartigheid (Maritz 1990:5). Die rol en funksie van die leraar en die tradisionele besondere ampte in die herder-kudde-model moet gevolglik dringend hersien word (Maritz 1990:4; Van Rensburg 1990:37).

Hierdie ampsbeskouing en -praktyk kondisioneer dienooreenkomstig 'n hiërargiese ampstruktuur in die gemeente (Van Rensburg 1990:90). Dit verteenwoordig 'n teologiese teorie oor die ampte wat lei tot "die institusionalisering van die kerklike lewe" (Van Rensburg 1990:93). In die gemeentebouteologie ryp die gedagte dus dat vir té lank die amp van die gelowige geen bydrae tot beslissings in die kerk gelewer het nie (Heyns 1986:80; Maritz 1990:4).

Hierdie toedrag van sake roep om die noodsaaklike proses van "demokratisering" in die kerklike lewe (vgl. Te Velde 1989:23). In nuwe omstandighede, 'n veranderde samelewing en in terme van 'n nuwe dinamiese kerkbegrip moet daar weer krities na die funksie van die tradisionele ampsbeskouing gekyk word. Teenoor die herder-kudde-model verhoed die liggaamsmodel dat die ampte van leraar, ouderling en diaken "gekanoniseer" én in die proses hiërargies opgestel word (Van Rensburg 1990:111). Hiermee open die liggaamsmodel die weg vir 'n meer dinamiese ampsbeskouing wat in diens staan van 'n praktykteorie waarin die hele gemeente in die opbouproses betrek is (Hendriks 1990a:31).

Daarom, in die tipering van die bestaanswyse van die gemeente as liggaam-van-Christus en met die oog op 'n "bediening in en deur die gemeente" (Hendriks 1990a), sal die tradisionele "minus triplex-skema" in 'n ander lig beskou moet word (Hendriks 1990a:29). Dit word vervolgens beredeneer.

### 4.4.2. DIE DEMOKRATISERING VAN DIE AMP IN TERME VAN DIE LIGGAAMSMODEL

In 'n resente artikel van Heyns (1993a:356) sê hy dat die verskuiwinge ten opsigte van die tradisionele ampsopvatting, verband hou met die feit dat 'n "gemeenteteologie" in die plek gekom het van 'n "ampsteologie." Die liggaamsmodel as uitdrukking van 'n prakties-teologiese ekklesiologie vanuit die funksies van die gemeente, baan inderdaad die weg vir 'n verruimde ampsopvatting. Sy ampsopvatting word met die begrip "demokratisering" (vgl. Breytenbach 1992b:87) of selfs "desentralisasie" beskryf. In hierdie verband toon Hendriks (1992c:26) aan dat die ontwikkeling van die liggaamsmodel juis plaasvind in die konteks van 'n samelewing waar wegbeweeg word van van die "feodale-monargistiese lewenspatroon" waar alles van bo af gereël is, na die "demokraties-humanistiese lewenspatroon" waar die waarde en rol van elke mens baie sterker na vore tree (Hendriks 1992c:26; vgl. Marais 1989:73). Die "van bo" strukture is geleidelik vervang met strukture "van onder." Dienooreenkomstig moet daar ook 'n aanpassing met betrekking tot die ampsfunksionering in die kerk kom.

Die noodsaaklike "desentralisasie" van die amp hou in dat dit nie meer met aktiwiteite oorvra word nie (Van der Merwe 1992:64). Die ampte is eerder afgestem om die lidmate met hul gawes te aktiveer. Heyns (1993b:133) maak dit duidelik wanneer hy sê dat in die liggaamsmodel die "lidmate die sentrale figure en die ampsdraers die randfigure is wat lidmate begelei tot geestelike volwassenheid en selfstandigheid."

Die gemeentebouteologie kies dan om liewers van "bedieninge" en "funksies" te praat (Krüger 1989; Hendriks 1990a:30; Van Rensburg 1990:110,177). Die "leidinggewende en lerend-toerustende bedieninge" (Hendriks 1990a:30) en die "regerend-organisatoriese funksies" (Krüger 1989) staan in diens van die aktivering van 'n verskeidenheid van bedieninge in en deur die gemeente. Ampsdraers word in die proses "gesprekspartners en begeleiders" (Te Velde 1989:25) wat die ledemate van die liggaam tot optimale betrokkenheid en funksievervulling moet lei. Met Te Velde (1989:26) sou hier gepraat kon word van 'n situasie van "koöperatiewe leierskap."

Die regerend-organisatoriese funksies en die lerend-toerustende bedieninge betrek die ganse gemeente by die opbou daarvan (Pieterse 1991a:86). Dit moet duidelik wees dat die ou hiërargies-outokratiese ampstruktuur plek maak vir 'n demokratiese verbreding van die amp tot diens en funksie met die oog op die opbou van die gemeente. Hierdie model lei daartoe dat elke lidmaat 'n leier word (Krüger 1989:320) en sy plek inneem in die arsenaal van bedieninge tot opbou van die liggaam. Bedieninge wat ooreenkomstig lidmate se gawes en in terme van behoeftes binne die gemeente na vore tree, is: siekebediening; bejaardebediening; nuwe-intrekker-bediening; huwelik- en gesinsbediening; reklamebediening; seniorbediening; vrouebediening; erediens- en musiekbediening; jeugbediening; kategesebediening; sendingbediening; ekumeniese-bediening ensovoorts (Van Rensburg 1990:111,138-141; Pieterse 1991a:92). Die regmatige gesag van lidmate word in dié proses oor bogenoemde terreine herstel (Pieterse 1991a:92).

Naas die tradisionele ampte van leraar, ouderling en diaken is dit heel moontlik om ook nuwe "ampte" en dienste met die oog op gemeentebou in werking te stel. Hierin word die besondere ampte se rol en plek nie ontken nie, maar word dit egter gekwalifiseer en uitgebrei met 'n leierskapsbenadering in terme waarvan die lidmate se gawes en insigte erken en met die opbou van die gemeente gekoördineer word (Van Rensburg 1990:48,86).

Dit moet duidelik wees dat die dienswerk van die gemeente hiervolgens nie meer verstar is in geïnstitusionaliseerde strukture van 'n ou herder-kudde-benadering nie. Die nuwe kerkverstaan en ampsbegrip beantwoord aan die behoefte van die tyd en dien die opbou van die liggaam as diens in en deur die hele gemeente (Van Rensburg 1990:112,114).

### 4.4.3. DIE AMP VAN LERAAR IN DIE LIGGAAMSMODEL

Soos te verwagte word in hierdie nuwe benadering 'n nuwe betekenisinhoud aan die amp van leraar gegee. Die rol van die leraar (ook sy meer periferiale rol) is deurslaggewend in gemeentebou en sy visie en entoesiasme bepaal hoe die gemeente gebou gaan word (P.L. Louw 1990:41; Maritz 1990:103; Bisschoff 1991:126). Daarom word die posisie van leraar funksioneel eerder as hiërargies-outoritêr ingeklee (vgl. Heyns 1993a:359).

Vir Van Niekerk (1986:77) is die leraar 'n "fasiliteerder" wat die funksionering van die hele liggaam moet bestuur. Dit beteken dat hy 'n eksplisiete "gemeenteboufunksie" het met die opdrag om toerusting vir dienswerk te gee (Bisschoff 1991:126). Die pastor word minder herder en méér leraar en so word sy rol meer professioneel (Heyns 1986:156). In die woorde van Van Schalkwyk (1991:68) word hy 'n "entrepeneur" wat met "inisiatief, dryfkrag en doelgerigtheid" die nodige kundigheid met die arbeidsmag van die kerk in verband bring om sodoende "bloeiende gemeentes" te skep. Hy is minder doener en meer denker wat "besin, bepeins, beplan en soms bestuur, maar nooit beheer nie" (Heyns 1986:157). So word hy 'n ware "enabler" wat al die lede van die liggaam in staat moet stel om ooreenkomstig hul gawes as 'n eenheid te funksioneer (Van Niekerk 1986:77). Van die leraar word vereis om die proses van strategies-teologiese beplanning goed te beheer, aangesien die ritme en gang van die verandering in die gemeente op hierdie wyse gerig en bepaal word (Hendriks et al. 1992b:44).

In die plek van die klassieke herder en leraar kom dus 'n funksionaris wat in samewerking met deskundiges en strategieë uit die wêreld van die sosiale wetenskappe die gemeentebeleid uitspel en ten uitvoer bring (vgl. Noordegraaf 1990:135). Die ideaal bly dat die predikant al meer na die periferie verskuif en die gemeente al meer selfstandig word (Heyns 1986:154). Hy moet hom in die sin van die tradisionele herder so oorbodig moontlik maak en in die sin van fasiliteerder so onmisbaar moontlik. Waar die leraar in die herder-kudde-model die rol van leier vervul het, vervul hy in die liggaam-van-Christus-model al meer die funksie van begeleier wat die gemeente moet help om self te ontdek, te groei en verantwoordelikheid te aanvaar (Van Niekerk 1986:89; Heyns 1986:155).

Teen die agtergrond van bogenoemde bly dit 'n vraag of die leraar van die liggaamsmodel werklik minder herder is as wat met die herder in die herder-kudde-model die geval is. Ofskoon die leraarsamp binne die ideaal van die liggaamsmodel 'n baie beperkte profiel moet hê, lyk dit of hierdie soort teologie hom weer op 'n ander manier in die sentrum plaas. Want, die leraar is lank nie net meer herder nie, maar nou agoog, strateeg, hermeneut, toeruster en dinamiese leier ter wille van die realisering én instandhouding van die liggaamsmodel. Dit verklaar ook die feit waarom die verhale van die totstandkoming van die liggaamsmodel in die boek **Gemeentes vertel** (Hendriks et al. 1992b) deur die leraars (en nie lidmate nie!) vertel word. Deel van die sukses van die gemeentebouprogramme is immers die vrug van leraars se dinamiese leierskapstyle.

### 4.4.4. DIE LIGGAAMSMODEL EN 'N TOEPASLIKE LEIERSKAPSTYL

Die nuwe kerkmodel vereis leierskapstyle wat die aard en karakter van die liggaamsmodel kan begelei. Dit moet ten minste neerkom op dinamiese en inspirerende leierskap (vgl. Van Schalkwyk 1991:130; Richards & Hoeldtke 1980:177 e.v.). Om die soort leierskap wat vereis word te omskrywe, sluit gemeentebouteoloë graag aan by uitgangspunte en oorwegings van die sosiale en bestuurswetenskappe. Hierdie wetenskappe opereer met 'n leierskapbegrip wat in verband met 'n "visie" gebring word. Visie skep gegrepenheid wat uitloop op doelgerigte en inspirerende leierskap. Hierdie konsep word in gemeentebou min of meer op die leraar toegepas wat dan in die gemeente as sosiale sisteem voorgaan.

Met groot verwagting word gevolglik op die moontlikhede van die "visionêre leier" gewys (Burger 1991a:53; Van Schalkwyk 1991:130). Vir hulle is dit voor die hand liggend - om soos Burger te redeneer - dat dit aan sekere mense gegee is om "ter wille van die geloofsgemeenskap die plan van God helderder te verstaan as ander" (Burger

1991a:53). Met die oog op geslaagde gemeentebou word daarom klem gelê op die feit dat die regte leraar op die regte tyd die regte benadering moet volg (P.L. Louw 1990:33). Die gemeentebouteologie verg leiers wat met visie en dinamiek die proses van strategies-teologiese beplanning met die oog op gemeentevernuwing kan implementeer. Omdat die strategiese beplanningsproses in 'n aantal fases verloop (vgl. Nel 1988), is dit belangrik dat goeie situasie-leierskap en 'n fase-georiënteerde leierskap (vgl. Hendriks 1993:99-113) die proses moet rugsteun (Nel 1988:85). Vaardighede in konflikhantering en kommunikasie moet ook bemeester kan word (Hendriks 1993:95 e.v.). In hierdie verband stel Breytenbach (1992b:93) 'n leierskapstyl vir gemeentebou voor wat gerig is op "vaardigheidsvestiging."

Dit moet dus leierskap wees wat die "demokrasie" in die kerk dien en wat die "outokrasie" uit die kerk uithou. Dit vra na 'n leierskapstyl wat nie-outoritêr is en wat 'n koördinerende en demokratiese styl verteenwoordig (Van Rensburg 1990:115). Die styl van leiding wat pas by die liggaamsmodel, is gevolglik dié wat die aksent plaas op selfwerksaamheid en mede-verantwoordelikheid (Bisschoff 1991:126). In situasies waar meer as een leraar leiding moet gee (bv. in die sg. makrogemeentes), moet 'n leierskapstrategie voorsiening maak vir 'n spanbenadering waarin deelnemende leierskap geakkommodeer word (A. Smit 1992:55-56).

Uit hierdie paar opmerkings behoort dit duidelik te wees dat die tipe leierskap, en die doelbewuste beredenering daarvan, in kontras staan met die geykte opdrag aan bedienaars van die Woord in die klassieke Ned. Geref. Kerkorde (Art. 9). Dit is 'n leierskapstyl wat voorsiening maak vir deelnemende bestuur.

### 4.4.5. DIE AMPSOPVATTING IN DIENS VAN "DEELNEMENDE BESTUUR"

Vir die implementering van 'n demokratiese leierskapstyl is dit dus belangrik dat daar in die gemeente 'n goeie kommunikasiestruktuur geskep sal word wat erkennning kan gee aan die insette van die hele gemeente (Van Rensburg 1990:115; Bisschoff 1991:112). Een van die groot probleme wat gemeentebou ten opsigte van die bediening uitwys, is juis die feit dat daar 'n kloof ontstaan tussen dit wat die kerk is en dit wat die behoefte van die lidmaat is (C.M. Van der Merwe 1991:5). Die gebrek aan "deelnemende bestuur" werk hierdie toedrag van sake in die hand.

By gemeentebou is daar konsensus dat lidmate nie meer op grond van 'n eenrigting-kommunikasiestyl "van bo" af voorgesê kan word nie. Dit word allerweë aanvaar dat lidmate bereik word deur middel van 'n bestuursbenadering "van onder" waar hulle by die gesprek betrek word en eienaarskap vir besluite kan aanvaar (M.A.V. van der Merwe 1991:141). In 'n demokratiese en gesekulariseerde samelewing waar die rol van die indiwidu voorop staan en enige vorm van gesag en onderdanigheid vreemd aan is, sal die toepassing van 'n deelnemende kommunikasiestruktuur help om die moderne mens te bereik met die evangelie (Bisschoff 1991:115). Die "pastorale basismodel" moet vervang word met 'n "kommunikatiewe basismodel" in terme waarvan kommunikasiemoontlikhede vir die hele gemeente geskep word (Van Rensburg 1990:115).

Teen hierdie tyd behoort dit duidelik te wees dat die gemeentebouteologie 'n ampsbeskouing hanteer wat geheel en al verskil van die manier waarop die tradisionele gereformeerde teologie die ampte van leraar, ouderling en diaken begryp het. Die nuwe verstaan daarvan is 'n konsekwensie van die kerkbegrip wat in die gemeentebouteolo-

gie geoperasionaliseer word. Daarom is dit hier in 'n lang paragraaf behandel. Met die vrymoedigheid om nuwe inhoud aan die tradisionele ampsopvatting te gee, is die ruimte vir groter pluriformiteit in die gemeentelike lewe en -strukturering reeds veronderstel.

## 4.5. IN KONTRAS MET 'N ENKELVOUDIGE GEMEENTESTRUKTUUR

Die dinamiese kerkteorie wat gemeentebou hanteer, baan die weg vir die erkenning van die pluriformiteit in die gemeentelike bediening en -strukturering (Van Rensburg 1990:23). Hierteenoor pretendeer die gemeentebouteologie om 'n kerkbegrip daar te stel wat pluriform en pluraal genoeg is om die moderne mens te akkommodeer, sowel as om "'n bevredigende oplossing van die probleem van die eenheid en verskeidenheid van die kerk" (Breytenbach & Pieterse 1992:104) te bied. Gemeentebou se liggaamsmodel staan dus ook in kontras met 'n "enkelvoudige gemeentestruktuur" wat gangbaar is in die herder-kudde-model. Die noodsaak vir groter pluriformiteit in die kerklike lewe word gemotiveer vanuit die gedifferensieerdheid van die moderne samelewing (Breytenbach & Pieterse 1992:104). Dit is 'n samelewing wat sy landelike karakter vir 'n verstedelikte karakter verruil het. Dit vertoon gevolglik nie meer 'n oorsigtelike, eenvormige en geïntegreerde geheel nie (Heyns 1986:88). Daarom is dit gewoon nie meer moontlik vir mense om tuis te voel in "a homogeneous type of congregation" nie (Heyns & Pieterse 1990:58). Die tradisionele enkelvoudige gemeentestruktuur is eenvoudig agterhaal.

### 4.5.1. DIE LIGGAAMSMODEL EN 'N PLURALE KERKBEGRIP

Waar die lidmaat se rol en funksionaliteit in terme van die liggaamsmodel herstel is, word groter ruimte vir keusevryheid en gevolglik vir pluraliteit in die gemeentelike lewe geskep. Omdat die liggaamsmodel in wese met 'n groepsbenadering of 'n "gemeenskapsbenadering" werk, word ruimte geskep vir verskillende behoeftes, belange en religieuse ervaringe in die organisering en inrigting van die gemeente (Heyns & Pieterse 1990:58). Die lewenskragtigheid van die gemeente word verhoog wanneer hy soveel verskillende vorme as moontlik kan aanneem in die vervulling van sy roeping (Van Rensburg 1990:29).

Die liggaamsmodel maak dit dus moontlik dat die eenheid in Christus en pluriformiteit in bestaanswyse mekaar nie uitsluit nie (Pieterse 1991a:88). Die eenheid in Christus omsluit juis die pluriformiteit in charismata, insigte, geaardheid en standpunte. Met die moontlikheid van groter verskeidenheid binne die eenheid van die liggaamsmodel, word die werklikheid van die bestaande situasie en die ideaalbeeld vir die gemeentelike lewe nader aan mekaar gebring. Te Velde (1989:37) maak in die verband melding van die sogenaamde "onvrede-meganisme" wat in die kerklike lewe ingebou word en wat impliseer dat lidmate alternatiewe strukture en werkvorme vir die gemeente kan ontwikkel uit 'n gevoel van ontevredenheid oor die bestaande. Op hierdie wyse word gemeentebou diensbaar gemaak aan die ideaal van alternatiewe gemeentewees wat noodwendig lei tot 'n plurale kerkbegrip. Dit hou in dat die gemeentelike lewe en -inrigting 'n veelheid van verskillende vorme sou kon aanneem waarby in die afdeling hiernaas gehandel word.

Waar die eenheid van die kerk in Christus lê, berus die verskeidenheid op "die wyse waarop mense die heil aanvaar en verwerk" (Breytenbach & Pieterse 1992:104). Die feit dat die mens se antwoord op die heil verskillend is, moet dan in terme van 'n meer plurale inrigting van die kerklike lewe gehonoreer word. Verskeidenheid in die kerk moet

dus in verskillende "dialogiese verbande" (vgl. Breytenbach & Pieterse 1992:104) hanteer word. Wanneer die liggaamsmodel in dialogiese verband tot die Here en die Skrif en tot homself kom (Breytenbach & Pieterse 1992:105), word die "pluraliteit van die antwoordende mensen" (Dingemans 1987:102) in die konteks van 'n prakties-teologiese ekklesiologie met sy klem op kommunikasie geplaas (Breytenbach & Pieterse 1992:105).

Pluriformiteit in die kerklike lewe en die kontras met 'n enkelvoudige kerkstruktuur moet ook in verband gesien word met die raakvlakke tussen die liggaamsmodel en die "homogene-eenheidsbeginsel", wat deur die Church Growth-beweging ontwikkel is (McGavran 1980:207; De Wet 1986:90). 'n Homogene eenheid is 'n groep wat gemeenskaplike karaktertrekke het en wat op grond hiervan glo dat hulle bymekaar hoort (McGavran 1980:207-223; De Wet 1986:90). Vir die verskillende homogene groepe moet ruimte geskep word binne die eenheid van die kerk ter wille van die groei van die kerk. Die homogene-eenheidsbeginsel wat afgelei word uit sosiale- en samelewingspatrone, word daarom as baie belangrik geag vir die gang en kommunikasie van die evangelie. Dit is duidelik aanwysbaar by McGavran (1980) wanneer hy oor hierdie saak skryf: "The influence of social structure on church growth is great. The strategy of evangelism must take serious account of social structure..." (McGavran 1980:222).

Hierdie uitgangspunt word dan 'n deurslaggewende oorweging in die formasie van die plaaslike kerk. Van homogene eenhede kan selfs as "ekklesiologiese prinsiepes" gepraat word. Gepaar met die insigte van die liggaamsmodel, is dit juis hierdie homogene "liggaamseenhede" wat hulself so pluriform en onafhanklik as moontlik kan inrig met die oog op eie opbou. Dit lei tot die vorming van 'n pluriforme kerkbegrip. 'n Onbekommerde aanvaarding van pluraliteit in uitdrukkingsvorme en werkswyses in die kerk en plaaslike gemeente kom gevolglik op dreef (vgl. Te Velde 1989:27).

Hierdie nuwe vryheid mag nie tot spanning en polarisasie lei nie, aangesien alles die "liggaam" en sy homogene eenhede ten goede wil kom. Die fundamentele uitgangspunt is dat elke lid binne die liggaam as gevolg van die meer pluralistiese verstaan van die kerk tot sy reg moet kan kom (vgl. Te Velde 1989:28). Daarom is die ruimte en openheid vir alternatiewe vorme van gemeentewees 'n vanselfsprekendheid.

## 4.6. IN KONTRAS MET VASGELEGDE GEMEENTEPATRONE

Die herstrukturering wat die liggaamsmodel teweeg wil bring, lei noodwendig daartoe dat vasgelegde gemeentepatrone in 'n ander lig te staan kom. Met 'n kerkbegrip wat kontrasterend beredeneer word, moet die afgebakende of geslote karakter van die herder-kudde-model deur die "oop gemeenskap" van die liggaamsmodel verplaas word. Waar die liggaamsmodel soveel klem plaas op die herstrukturering van die plaaslike gemeente ooreenkomstig die opgaaf vir 'n dinamies-funksionerende gemeenskap, moet die vraag gevra word wat die rol van die kerkverband nog hier is? Word die kontras met die herder-kudde-model nie ook verder gevoer na die verband wat al die tyd so 'n belangrike rol gespeel het in die statiese en institusionele gelaat van hierdie model nie? Hierdie vrae word vervolgens beantwoord.

### 4.6.1. DIE FUNKSIE VAN DIE KERKVERBAND HERSIEN

Die gemeentebouteologie is baie krities teenoor 'n kerkverband wat kerklike gesag sentraliseer en wat "van bo" af aan gemeentes voorskrifte wil bied (Van Rensburg 1990:28). Juis die funksionele inslag van die dinamiese liggaamskerkbegrip maak dit onmoontlik vir gemeentes om te wag vir die sentrale beheer van meerdere kerklike vergaderinge. Gemeentes moet eerder in staat gestel word om hulleself meer onafhanklik en sonder voorskrif van die wyer kerkverband in te rig (C.M. van der Merwe 1991:33). Die gedagte word selfs geopper dat die gemeente, wat as "liggaam" alle kerklike funksies kan en moet beliggaam, sonder die ring en streeksinode kan klaarkom (C.M. van der Merwe 1991:33). Op hierdie wyse kom die tradisionele struktuur waarin die kerkverband by die Ned. Geref. Kerk as presbiteriaans-sinodaal (vgl. Britz 1985) uitgewerk is, in die gedrang. Die gesag en bevoegdheid van meerdere vergaderings is die punt wat sekerlik hier onder die loep geneem word.

Uitgaande van die argument dat die inrigting van die gemeentebediening óók deur die wyer samelewingskonteks medebepaal word, moet gemeentes dienooreenkomstig hul eie situasie beplan en struktureer (Van Rensburg 1990:28). Gedagtig aan die verdere feit dat die gemeente as subjek van die bediening sentraal funksioneer in die gemeentebouteologie, moet die kerkverband volstaan met algemene riglyne en beginsels wat nie die gemeente aan bande kan lê nie (Van Rensburg 1990:28).

Ook die Kerkorde en Bepalinge sal minder taakgeoriënteerd en reglementerend moet wees en sal meer vryheid moet laat vir spesifieke toepassings (Hendriks 1992c:27). Die strukturering van die gemeente berus immers primêr by die gemeente self, en nie by die kerkverband nie (Van Rensburg 1990:30). Daarom moet die moontlikhede van die plaaslike gemeente herontdek word en moet die kerkverband nie in 'n te direkte sin hierop inkom nie (C.M. van der Merwe 1991:33).

In hierdie meer onafhanklike benadering los van "sentrale kerklike beheer," word nuut gedink oor sake soos parogiale en of kategoriale gemeentevorming, gemeentegrense, vrye pastor/gemeente-keuse, liturgiese vormgewing en die kerkraadsamestelling (Van Rensburg 1990:37).

### 4.6.2. DIE MOONTLIKHEDE VAN KATEGORIALE BEDIENINGE EN -GEMEENTEVORMING

Die nuwe kerkbegrip wat in kontras kom met die ou statiese kerkteorie, bring mee dat gemeentes onafhanklik en nuut moet dink oor parogiale (territoriale) of kategoriale gemeentevorming. Dit is 'n algemene oortuiging dat die herder-kudde-benadering die gemeente in 'n "parogie" vasgeverf het. Dit het die gemeente 'n "deur die ampte versorgingskerk " gemaak (Van Rensburg 1990:88) waar die herder as die versorger van die afgegrensde kudde die sentrale plek ingeneem het.

In die moderne verstedelikte samelewing is dit onmoontlik om nog alleen vanuit die ou parogiale benadering te dink (Van Rensburg 1990:178). Kerklike strukture sal gevolglik by sosiale strukture moet aanpas om steeds optimale effektiwiteit te verseker (Heyns 1986:125). Die kerk is immers deel van die samelewing. Dit beteken dat

die kerk al meer moet kyk na die spelreëls wat vir die moderne mens in die samelewing geld en dus dienooreenkomstig sal moet herstruktureer.

Die moderne stadsamelewing vereis 'n sterker klem op kategoriale bearbeiding as 'n noodsaaklike toevoeging tot die parogiale stelsel (Pieterse 1982:83; Heyns 1986:125). Belangegroepe in die samelewing moet kategoriaal bedien word, omdat die moderne verstedelikte mens hom nie laat indwing in 'n afgegrensde bedieningsarea nie (Heyns 1986:125; Van Rensburg 1990:55). Naas die tradisionele geografiese wyke moet dus "belange- en belangstellingsgroepe" gevorm word wat erkenning kan gee aan die gedifferensieerdheid van die stad en die "stadskerk" (Heyns 1986:126). Die ideaal is dat kategoriale bedieningsgroepe binne die normale geografiese gemeentes bedien moet word (Pieterse 1982:86). 'n Groot aantal kategoriale bedieningsgroepe word onderskei: verloofdes; jong-getroudes; bejaardes; beroepsgroepe; besprekingsgroepe; diensgroepe (Pieterse 1982:86; Heyns 1986:145-147). In gevalle waar omstandighede dit vereis, sal kategoriale groepe selfs oor gemeentegrense gevorm moet word (Heyns 1986:126).

Naas kategoriale groepsbediening in territoriale gemeentes en selfs óór gemeentegrense heen, moet ook voorsiening gemaak word vir die vorming van volbloed kategoriale gemeentes (Heyns 1986:126). In hierdie benadering kan daar selfs sprake wees van gemeentes vir "charismate" (Heyns 1986:126) of sogenaamde "vernuwingsgemeentes" wat as lewende voorbeeld kan dien vir ander gemeentes wat ook die weg van vernuwing wil bewandel (DK, 07.05.1993). Binne 'n studentegemeenskap sal kategoriale gemeentevorming byvoorbeeld sorgdra dat die liggaam-van-Christus-model tot sy reg kom. Studente sal in hierdie opsig verplig wees om meer verantwoordelikheid vir die hele spektrum van die kerklike lewe te aanvaar (Heyns 1986:127). Sodra studente saam met gevestigde volwasse lidmate in 'n gemeente is, gebeur dit te maklik dat eersgenoemdes hul verantwoordelikhede afskuif (Heyns 1986:127). Kerklike herstrukturering moet sorgdra dat studente hul verantwoordelikhede as lidmate nakom.

Met 'n kerkbegrip wat in kontras met statiese formules gedink word, kom ook die bestaande reëling ten opsigte van gemeentegrense in die spel.

### 4.6.3. 'N MEER SOEPEL BENADERING TEN OPSIGTE VAN GEMEENTEGRENSE

Om afstand te doen van vasgelegde gemeentelike patrone, is dit logies dat 'n minder rigiede benadering ten opsigte van gemeentegrense gevolg moet word. Niks mag in die weg staan van die volle ontplooiing van die liggaamsmodel nie. Reeds by die Algemene Sinode van 1990 het die AKAE opdrag ontvang om 'n omvattende ondersoek te doen na die wenslikheid daarvan dat aanpassings gedoen word met betrekking tot die huidige stelsel waarvolgens gemeentegrense gereël word (Handelinge 1990:701). Sedertdien het 'n lewendige debat in die amptelike blad van die Ned.Geref. Kerk ten opsigte van hierdie aangeleentheid na vore getree.[6] Aan die Teologiese Fakulteit (Afdeling B) van die Universiteit van Pretoria word 'n SEVTO-kursus gedurende 1992 aangebied waarby ses sprekers met mekaar in debat tree oor die behoud van gemeentegrense al dan nie (vgl. Heyns 1992:530). Te midde van wyd

6 Vergelyk hier die debat in Die Kerkbode oor die kwessie van gemeentegrense (DK, 14.02.1991:11; 16.07.1991:5; 16.08.1991:8; 23.08.1991:7; 24.01.1992:4; 17.03.1992:7; 01.05.1992:7; 26.06.1992).

uiteenlopende menings (vgl. Heyns 1991:5; Kleynhans 1992:11), is die aandrang op die minder rigiede toepassing van gemeentegrense 'n saak wat die gemeentebouteologie met sy tiperende kerksentriese benadering soos 'n handskoen pas. Eie aan gemeentebou se "mensmiddelpuntige" benadering (Te Velde 1989:20,33), is dit gewoon nie meer geldend om mense wat verswelg raak in samelewingsverbande náás die woonmilieu, nog binne grense in die parogiale stelsel te bedien nie (Van Rensburg 1990:69).

Gemeentegrense kan in die weg daarvan staan dat lidmate se verwagting ten opsigte van kwaliteit- en behoeftebediening bevredig word (Van Rensburg 1992:38). Die vraag word gevra of dit in die beste belang van die koninkryk is dat lidmate sonder 'n keuse aangewese moet wees op die bediening in die spesifieke gemeente waar hulle woon? (Van Rensburg 1992:38). Ook as daar byvoorbeeld binne 'n ringsverband groter insig kom vir die moontlikhede en opgaaf van die liggaamsmodel, kan territoriale grensverdelinge nie rigied gehandhaaf word nie (Spies 1990:151; Hendriks et al.1992b:140). Die Ring van Elarduspark het reeds uitdrukking aan hierdie benadering gegee deur te besluit dat gemeentegrense as "stippellyne" beskou word, met dien verstande dat lidmate kan inskakel by die gemeente waar hulle "die natuurlikste teregkom" (Hendriks et al.1992b:114). Die offers wat die "liggaamsbewussyn" vra, sal gebring moet word, ook met betrekking tot die bestaande reëling ten opsigte van gemeentegrense (Spies 1990:151).

Alles is dus geoorloof, solank dit die "liggaam" ten goede kom. Verbandhoudend met die kwessie van gemeentegrense, is die moontlikheid van vrye gemeente- en pastorkeuse. Hieragter lê 'n tipiese Amerikaanse kapitalistiese verbruikersetos (Bosch 1981:94) in terme waarvan gemeentes "deur middel van die uitnemendheid van hulle bediening sélf hul lidmatetal verseker" (Van Rensburg 1990:69). Die vrugte van groter pluriformiteit en 'n meer independentistiese benadering ten opsigte van die inrigting van die bediening is hiermee duidelik.

'n Verruimde benadering ten opsigte van gemeentegrense bevestig dat die gemeentebouteologie in die Ned. Geref. Kerk ten alle koste wil wegkom van 'n enkelvoudige gemeentelike struktuur. Die liggaamsmodel skep die moontlikheid van pluriformiteit en daarom moet uitdrukking hieraan gegee word in die praktiese inrigting van die gemeentelike lewe. Die klem op die behoeftes van die mens en die wyse waarop hy in die "liggaam" teregkom, speel deurgaans 'n belangrike rol. Die liggaamsmodel bevestig dat dit vir funksionaliteit en aanpasbaarheid begroot. Dit tree ook na vore in die benadering tot die kerkregering.

### 4.6.4. 'N NUWE BENADERING TOT DIE SAMESTELLING VAN KERKRADE

Ten opsigte van die kerkregering op plaaslike gemeentevlak word belangrike verstellings ingevoer, wat uitdrukking kan gee aan die funksionele en vaartbelynde inslag van die liggaamsmodel. 'n Interessante verskynsel wat hier en daar uit die literatuur oor gemeentebou na vore tree is die verkleining van kerkrade (vgl. Van Schalkwyk 1991:137; Hendriks et al. 1992b:109,113). Te Velde (1989:25) wys daarop dat die kerkraad verklein word om beter te kan funksioneer as "leierskapsentrum" in die koördinering van die baie gemeentebou-aktiwiteite (Hendriks 1992c:29). Die verkleinde kerkraad bestaan uit leidinggewende dienswerkers wat 'n belangrike skolingsfunksie het ten opsigte van die ander dienswerkers en bedieninge in die gemeente (Hendriks 1992c:29). Op hierdie wyse word die kerkraad die ontmoetingspunt van al die aktiwiteite van die gemeente waar die oorleg en koördinering geskied.

By die einde van hierdie paragraaf duik die vraag op: Watter motiewe en bymotiewe is aanwesig in die liggaamsmodel se aandrang om weg te kom van vasgelegde gemeentelike patrone? Uit die aard van die saak kan die belang van kerklike herstrukturering nie vassteek by die patroon van 'n statiese kerkteorie (herder-kudde-model) nie. Die kontrasterende beredenering van die liggaamskerkbegrip lei daartoe dat interpretasies uit die kontras afgelei word. Die spanning tussen 'n ou en 'n nuwe kerkteorie vra na nuwe uitdrukkingsvorme vir gemeentewees. Of dit primêr met die Skrif en die belydenis in verband staan, is 'n vraagstelling wat in die verloop van die studie verantwoord sal word. Die wyse waarop dinamies-sosiologiese beginsels en die gemeentegeskiedenis in diens staan van herstrukturering en ook die genoemde kontras verder aandui, moet eers ter sprake gebring word.

## 4.7. IN KONTRAS MET 'N STATIESE BELYDENISKERK

Burger (1991a) is van oortuiging dat die klem in die Ned. Geref. Kerk op die inhoud van die geloof (die fides quae) in die praktyk soms ten koste van die daad van die geloof (die fides qua) geskied (Burger 1991a:51). Die klem op die korrekte inhoud van die geloofsbelydenis skep 'n intellektualistiese geloofsverstaan. Dit lei daartoe dat die belydenisse van die kerk, ofskoon korrek geformuleer, nie in die harte van lidmate leef as 'n positiewe "droom of visie" nie (Burger 1991a:51). Daarom is dit belangrik dat afskeid geneem moet word van 'n "dogmatiese" of "doktrinêre" opvatting ten opsigte van kerkwees.

Die wyse waarop dit moet gebeur, is deur die gemeente effektief geestelik op te bou tot 'n daadkerk (Burger 1991a:51). Statiese belydenisformules moet vervang word met 'n hoopvolle visie wat die gemeente se verbeelding kan aangryp en elke lid van die geloofgemeenskap tot diens kan motiveer (Burger 1991a:37). Die visie word op sy beurt aangevul met 'n kontroleerbare geloofsverbintenis (Burger 1991a:73). Solank indiwidue nie 'n vaste, kontroleerbare geloofsverbintenis aan die visie van die gemeente het nie, kan daar volgens Burger (1991a:73) geen sprake wees van 'n lewende en effektief-funksionerende geloofsgemeenskap nie.

Wanneer hierdie verbintenis egter deurgevoer word, kan ook erns gemaak word met die ménslike kant van geloof. Dit lei daartoe dat die bediening pertinent gerig moet wees op "geloofsgroei" en "geloofsformasie". As dít nie gedoen word nie, hou dit in dat die tradisionele bediening voortgaan in die hoop dat op 'n geheimenisvolle wyse iets sal gebeur (Burger 1991a:78). 'n Bediening wat daarom nie intensioneel erns maak met geloofsgroei en geloofsformasie nie, sal nooit die vrugte kan pluk van 'n gemeente wat beantwoord aan die eienskappe van die ware kerk nie. Wanneer die menslike kant van die geloofsproses egter beter begryp word, word 'n diens bewys aan die herskeppingswerk van die Gees in mense se lewens en die vestiging van dinamies-funksionerende gemeentes (Burger 1991a:78).[7] Die doel van geloofsformasie is om mense op daardie punt te bring om hulle geloof te bely en tot 'n verbreding en verdieping van hulle geloofslewe te kom (Burger 1991a:80). Daarmee saam sal die kerk dringend moet werk aan belydenisse (credo's) wat lidmate beter kan begelei in die verskillende fases van geloofsgroei (Burger 1991a:54).

7 Vergelyk Burger (1991a:79 e.v.) vir sy bespreking van die saak van geloofsvormimg en -formasie aan die hand van die insigte van Protestantse teoloë soos Nelson, Westerhoff, Fowler, Erikson en Capps op hierdie terrein.

Langs hierdie weg sal die huidige situasie in die Ned. Geref. Kerk met goeie gevolg verander kan word. Die diskrepansie tussen dit wat ons glo aan die een kant, en die praktiese toepassing van hierdie sake aan die ander kant, sal deurbreek en opgehef kan word (Burger 1991a:81). Die "kultuurkerk" wat altyd half "mogge troffe" probeer vashou het aan abstrakte en statiese belydenisformules sal op basis van eietydse credo's weer in lyn kan kom met die eeue-oue eienskappe vir kerkwees soos verwoord in die Apostolicum (Burger 1991a:82).

Wanneer lidmate weer 'n vaste en gekontroleerde geloofsverbintenis gemaak het, stel dit hulle in staat om in 'n veelheid van geloofsgemeenskappe of koinonia-verbande diens aan mekaar en die wêreld te lewer. Die geloof in Christus word immers gevestig en versterk, nie net deur 'n intellektuele verstaan en instemming nie, maar deur selfverloënende dade van diens en liefde aan God, die naaste en die hele wêreld (Burger 1991a:123). Die vier eienskappe van die kerk soos verwoord in die Apostolicum dien deurgaans as belangrike kontrolepunte ten opsigte van die kerk en sy funksionering (Burger 1991a:67).

Dat Burger (1991a) die soeke na ware kerkwees deur middel van die eienskappe van die kerk wil kontroleer, is hiermee duidelik. Dit kondig die beweging aan van 'n statiese belydeniskerk na 'n dinamiese eienskappe-kerk. Verre daarvan dat dit hier om 'n dogmatiese kerkopvatting sou gaan, bied die konfessie eerder die kontrole dat die beginsels vir die funksionering van die geloofsgemeenskap met mekaar in ewewig is. Dat die gemeente as geloofsgemeenskap in hierdie onderneming 'n leeue-aandeel het, is ewe-eens duidelik. In hierdie benadering is die kerk die kerk van gelowiges, wat deur middel van hulle visie, geloofsverbintenis, gemeenskap en diensbaarheid die seël kom plaas op 'n dinamies funksionerende geloofsgemeenskap.

Om die kontras tussen 'n statiese en dinamiese kerkopvatting finaal in kaart te bring, word die wyse waarop die geskiedenis in hierdie verband aangewend word, ten slotte bespreek.

## 4.8. IN KONTRAS MET DIE GEMEENTEGESKIEDENIS

Die gemeentebouteologie maak gebruik van die kerk - en spesifiek die gemeentegeskiedenis - om die kontras tussen die herder-kudde-model en die liggaamsmodel ook in 'n historiese sin te belig. Sodoende word geskiedenis 'n motivering vir vernuwing, verandering en herstrukturering. In die navorsingsliteratuur van gemeentebou sluit die omvang daarvan dikwels 'n historiese profiel in (vgl. Maritz 1990:14 e.v.; P.L. Louw 1990:21 e.v.; Botha 1991:62; Hendriks et al. 1992b). Die historiese analises van gemeentes wat gewoonlik verkry word uit 'n oorsig uit notuleboeke en ringsverslae, wys telkens uit dat die betrokke gemeente vir jare en dekades op grond van 'n uitgediende kerkteorie (die herder-kudde-model) gefunksioneer het (Botha 1991:73). Hierin was die leraars ook aandadig, aangesien hulle "bedieningsfilosofie" op die lees van die herder-kudde-model geskoei was (Maritz 1990:27; P.L. Louw 1990:23).

Die gemeentegeskiedenis word dus gebruik om aan te toon in watter mate die bediening uit 'n institusionele handhawing van die herder-kudde-model opgekom het (Maritz 1990:27). Hieraan kon gemeentes hulleself moeilik ontworstel. Die rede is voor die hand liggend: die gebrek aan doelgerigte en konstruktiewe opbouwerk (in terme van die benadering van die gemeentebouteologie - L.M.E.) deur die leraars en kerkraad (Maritz 1990:27). Kerkrade was met ander woorde tevrede om bestaande bedieningspatrone en die kerk as instituut in stand te hou (Maritz

1990:30). Hulle kon nie daarin slaag om die herder-kudde-model te deurbreek nie. Van die skoling en toerusting van lidmate het weinig tereggekom.[8] Leraars wat nog nie in die moderne idioom van gemeentebou en strategies-teologiese beplanning opgelei is en die nodige vaardighede aangeleer het nie, kan nie die gemeente doelbewus tot geestelike volwassenheid lei nie (Maritz 1990:48). Die gemeentegeskiedenis bevestig gevolglik ondubbelsinnig dat die gemeente nog altyd vasgevang gesit het binne die beperkinge en uitsigloosheid van 'n ou statiese kerkteorie.

Met die verdoemende getuienis van die geskiedenis opgediep, moet die proses van ontvriesing en gemeentevernuwing deur middel van die gemeentebouteorie aan die gang gesit word (Hendriks et al. 1992b:26). Immers, histories gesproke was die gemeente al die jare "gevries" (Hendriks et al. 1992b:26).

## 4.9. SAMEVATTING

Die kerkbegrip "van onder" met sy basisteorie en praktykteorie en strategie om dit te verwerklik, staan in kontras met die Ned. Geref. Kerk se tradisie en geskiedenis. Daaroor kan nie twyfel bestaan nie. In hierdie hoofstuk is nie minder nie as sewe sake aangedui waarteenoor die kerkbegrip gestel word. Dit staan teenoor die herder-kudde-model, wat 'n uitgediende kerkteorie is; dit staan in kontras met die verkondigingsmodel, wat die bediening van die gemeente inperk en formaliseer. Hieruit volg dat die kerkbegrip "van onder", vanuit die lidmate, ook teenoor die tradisionele ampsopvatting en posisie van die leraar staan. Goed gesien, vorm hierdie "kontraste" 'n eenheid en is dit met name afgestem op die "herder" binne die herder-kudde-model.

Hiernaas kom die "kudde" van die herder-kudde-model ook in die gedrang. Gemeentebou kontrasteer sy kerkbegrip met die enkelvoudige gemeentestruktuur én die vasgelegde gemeentepatrone daarvan. So kom dit in kontras met 'n statiese belydeniskerk sowel as die plaaslike gemeentegeskiedenis. Hiermee word weereens bevestig dat die kerkbegrip van die gemeentebouteologie nie in 'n aantal eienskappe afgetas kan word nie. Dit moet vanuit sy aanwending en funksie begryp word. Sy kontrasterende posisionering getuig van 'n negatiewe benadering. Dit staan in die teken van verwerping van uitgediende patrone. Dit is inderwaarheid 'n kerkbegrip in kontras.

8 Maritz (1990:32) meld met betrekking tot die geskiedenis van die Ned. Geref. Gemeente Hartebeesfontein dat een van die leraars (ds. Eloff 1954-1959) die taak van die leraar omskryf het as prediking, herderlike sorg, kategese-onderrig, evangelisasie, sending, bediening van die gebede, die kerkregering en die werk op breër kerklike terrein. Maritz (1990:32) oordeel dat daar binne hierdie definisie nie ruimte geskep word vir *toerusting* en *skoling* nie. Dit is duidelik dat die gemeentebouteologie onder skoling en toerusting iets ánders verstaan as die toerusting wat in die normale gemeentebediening by wyse van die prediking, pastoraat en kategese-onderrig geskied.

# GEVOLGTREKKING: DEEL II

Die teologies-kritiese bespreking van gemeentebou se kerkbegrip "van onder" en kerkbegrip "in kontras" het bevestig dat die problematiek in die lewe van die kerk en die dienswerk van gelowiges deur middel van 'n kerkbegrip oorbrug wil word. Alreeds in die gevolgtrekking by Deel I is uitgewys in watter mate die gemeentebouteologie in die Ned. Geref. Kerk ingebed is in die handelingswetenskaplike benadering tot die Praktiese Teologie. Die bespreking van die kerkbegrip in die voorafgaande twee hoofstukke het hierdie kenteoretiese inslag glashelder bevestig. Die liggaamsmodel is uit en uit ontwerp om die brug tussen ideaal en werklikheid, tussen teorie en pratyk op 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse te skep. Die teorie vir die handelinge (Praktiese Teologie verteenwoordig 'n *handelings-teoretiese* benadering) van die geloofsgemeenskap tot sy eie opbou word in 'n kerkbegrip gegiet (die liggaamsmodel) wat voldoende ruimte bied vir praktykteoretiese toepassings. Daarmee is die onvermoë van die model wat dit nié kon bewerkstellig nie, naamlik die herder-kudde-model, na verskillende kante toe uitgewys. As sodanig is die kerkbegrip van die gemeentebouteologie 'n abstraksie uit die praktyk en verteenwoordig dit uitdruklik nie 'n omvattende teologiese refleksie oor die lewe van die kerk nie. Die wyse waarop dit geskied, asook die inhoud van die kerkbegrip lei tot 'n aantal gevolgtrekkings.

Die kerkbegrip wat in die gemeentebouteologie van die Ned. Geref. Kerk hanteer word, is nie 'n teologiese verwoording van die lewe van die kerk in die gereformeerd-konfessionele sin van die woord nie. Ofskoon die liggaamskerkbegrip en die diensfunksies van gelowiges aan 'n Bybelse metafoor en -begrippe gehaak word, is die inspraak van nie-teologiese insigte en tegnieke duidend onmiskenbaar. In die voorafgaande twee hoofstukke het dit duidelik aan die lig gekom. As sodanig is die benutting van nie-teologiese insigte vir die beoefening van die gereformeerde teologie nie onverantwoordbaar nie. In die gemeentebouteologie kry hierdie insigte egter normatiewe en konstitutiewe betekenis vir 'n sogenaamde teologiese basis- en praktykteorie (die liggaamsmodel) wat die lewe, opbou en diens van die kerk van Christus moet fasiliteer. Gemeentebouteoloë sal in hierdie verband antwoord dat die kerkteorie nie reflekteer op die wese van die kerk in 'n dogmatiese sin nie, maar dat dit bloot 'n praktykgerigte teorie is wat 'n gemeente in 'n spesifieke situasie kan help om aan sy wesenlike doel te beantwoord. Op die klank af is hierdie gedagte ook nie onder verdenking nie. Namate die herder-kudde-model egter met die liggaamsmodel in kontras gebring is, het dit duidelik geword watter veronderstellings in die herstrukturering tot die liggaamsmodel meegeneem word. As die liggaamsmodel byvoorbeeld kritiek begin uitoefen teen die "eensydigheid" van die Woordbediening, die "hiërargiese inslag" van die gereformeerde ampsopvatting en die kerkgeskiedenis op die koop toe ook ter sprake bring, word sake geoperasionaliseer wat meebring dat gemeentebou se liggaamskerkbegrip juis onder verdenking kom. Die kerkbegrip word inderwaarheid die bril waardeur die gemeentegeskiedenis, die karakter en funksie van die amptelike Woordbediening, die leer oor die ampte en die inrigting van die gemeentelike lewe beoordeel word. In hierdie proses verskuif die norm van die Skrif en belydenis na dit wat vanuit die praktyk oor die kerklike lewe in terme van 'n kerkbegrip geabstraheer word. Dit skep vrae wat na die oppervlak kom en wat teologies-krities verantwoord moet word. Veral ook as die herstrukturering wat deur die liggaamskerkbegrip op tou gesit word, sosiologies of empiries gemotiveer en uitgewerk word, en nie teologies nie. Dan word aan die vraag geraak of die liggaamsmodel as basisteorie en praktykteorie vir gemeentebou nog in die huis van 'n gereformeerde ekklesiologie en benadering tuiskom.

Uit al die praktiese werksaamhede, empiriese navorsing en ekklesiologiese bedrywighede, wat nie sonder teologiese verwysing is nie, rys die vraag onwillekeurig op of hier nog werklik sprake kan wees van Skriftuurlike en teologiese begronding? Is die grootste probleem van hierdie teologie nie eerder 'n spanning tussen teologie en uitgangspunt as tussen teorie en praktyk nie? Kan die roeping en taak van die gemeente aan die hand van geponeerde en kontrasterende kerkbegrippe begryp word? Moet die problematiek in die bediening in die rigting van die kerkbegrip en -strukture gesoek word of gaan dit eerder om 'n gebrek aan geloof en gehoorsaamheid aan die kant van die lidmaat? (Vgl. Te Velde 1989:32.) Met Brown (1993:414) moet gevra word of die kerk se veragtering van die Skrif nie eerder kerkhistories en teologies uitgemaak moet word nie?

Die kenteoretiese inslag van gemeentebou se kerkbegrip werp met ander woorde die vraag na die gereformeerde haalbaarheid daarvan op. Hierin word die opgaaf van die verantwoording in Deel III aangekondig. Dit is hier aan die einde van die analitiese deel van die studie nog duideliker dat die lyn van denke wat die gemeentebou-kerkbegrip skep, vooraf bepaal word deur die kenteoretiese paradigma-verskuiwing weg van die Diakoniologie na die Praktiese Teologie as handelingswetenskap toe. Daarom moet die verantwoording van die kerkbegrip geskied vanuit die basis, vanuit die kenteorie vanwaaruit die kerkbegrip geprogrammeer word. Die wyse waarop die Skrif en die gereformeerde ekklesiologie gegewe hierdie kenteorie funksioneer, kom logieserwys ook in die verantwoording ter sprake.

# DEEL III

# VERANTWOORDING

Reg aan die begin van die studie is dit uitgespel dat die tema vanuit 'n gereformeerde teologiese vertrekpunt en oorweging aangepak word. Dit gaan hier immers om meer as die blote beskrywing van 'n teologiese ontwikkeling by die Ned. Geref. Kerk. Hierdie teologie, met sy empiriese aanpak en sosiologiese kerkbegrip, is die gevolg van 'n keuse vir kerklike reformasie in die Ned. Geref. Kerk, daarom moet dit teologies-krities verantwoord word. Verantwoording is trouens kenmerkend van die gereformeerde beoefening van die teologie. Maar meer nog: gemeentebou verteenwoordig 'n teologiese ontwikkeling en verskynsel (gemeentebou) by 'n kerk, die Ned. Geref. Kerk, wat die Drie Formuliere van Enigheid *qua* onderskrywe. Vir 'n kerk wat erns wil maak met sy Skriftuurlike belydenisgrondslag, is dit van groot belang om die kerkbegrip van gemeentebou, met sy wydlopende invloed, op grond van konfessionele stellingnames krities te verantwoord. Deel I en II was dus nie sonder kritiese vraagstelling nie. In Deel III word die verantwoording breedvoerig uitgewerk.

Nêrens in hierdie studie is die goeie intensies van die gemeentebouteologie, naamlik om die kerklike praktyk te verbeter, bevraagteken nie. Trouens, vir gereformeerdes was praktiese kerkwees en diens nog altyd 'n saak en opdrag wat hoog opgegee is. Die dieperliggende vraag is of die keuse wat die Ned. Geref. Kerk gedurende die afgelope twee dekades gemaak het om 'n gemeentebouteologie te ontwikkel om kerklike deformasie die hoof te bied, versoenbaar is met die gereformeerde oortuiging dat die Woord en sy bediening die reformasie van die kerk bewerkstellig? Het die keuse wat gemaak is, die kerk na die Woord toe gelei? Ten minste het die keuse vir gemeentebou na twee kante toe gesny. Aan die een kant is ooreengekom om die bestaande haglike kerkbegrip te deurbreek. Aan die ander kant moes 'n nuwe dinamiese kerkbegrip in die plek daarvan gestel word. Dit kom neer op 'n hersiening van die uitgediende kerkbegrip en die aanvaarding van 'n veranderende konteks en situasie waarin 'n relevante en nuwe leer oor die kerk gemunt moet word. In dít alles voorsien gemeentebou, 'n teologie wat immers soepel genoeg is om verwaarloosde aspekte van 'n Skriftuurlike bedieningspatroon te akkommodeer. Op die keper beskou, is dit egter 'n motivering vir 'n funksionele en samelewingsrelevante kerkbegrip, waarin weggekom word van dogmatiese en deduktiewe kategorieë oor die kerk. Die kerkbegrip van gemeentebou vertoon 'n funksionele en kontekstuele karakter, gebaseer op afleidings en aannames dat dit náás die teologiese, ook 'n sosiale werklikheid en - sisteem is. Kenteoreties is hierdie gedagtegoed ingebed in die handelingswetenskaplike beoefening van die Praktiese Teologie.

Weer eens is die vraag of die herstel van die kerklike lewe by kerklike herstrukturering lê? Is die saak nie véél eenvoudiger as empiriese en sosiaal-wetenskaplike analises of die uitwerk van nuwe bedieningsfilosofieë en -strategieë nie? Kan 'n institusionele ekklesiologie met 'n dinamiese ekklesiologie vervang word? Bly dit nie prinsipieel dieselfde nie?

Dit spreek dus vanself dat die verantwoording van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie by die basis moet begin. Daarom is hoofstuk 5 'n verantwoording van dit waarop gemeentebou sy kerkbegrip grond. Hiermee word die handelingswetenskaplike basis waarop die spesifieke begrip van die kerk stoel, krities uitgeklaar. In die volgende hoofstuk word die konsekwensies aangedui wanneer 'n sosiologiese opvatting van die kerk op 'n

kerksentriese wyse oorneem in die herstrukturering van die kerklike lewe. Daarmee bly die onbevange spreke van die Skrif en die belydenis in die slag. In die laaste hoofstuk van Deel III word op die betekenis van 'n Skriftuurlike kerkorde gewys. In 'n Skriftuurlike kerkorde word Christus se Heerskap tot opbou van die kerk verwoord, eerder as die planne en strukture van sy volgelinge. Hiermee word reeds daarop gesinspeel dat die keuse vir gemeentebou as 'n oplossing vir die tersaaklike probleem, nie net sonder vooronderstellings is nie, maar inderdaad ook teologiese konsekwensies het.

# HOOFSTUK 5

# DIE HANDELINGSWETENSKAPLIKE BASIS VAN DIE KERKBEGRIP VAN DIE GEMEENTEBOUTEOLOGIE: 'N KENTEORETIESE VERANTWOORDING

## 5.1. INLEIDING

Die funksionele kerkbegrip van die gemeentebouteologie staan in verband met die wetenskaplike beoefening daarvan. Die kerklike herstrukturering wat as strategie bedoel word om 'n ekklesiologiese basisteorie en praktykteorie te verbind, word akademies vanuit die sosiale wetenskappe en navorsingsmetodes gemotiveer. Die opvatting van die kerk as 'n sosiale sisteem, wat 'n kerkbegrip "van onder" en "in kontras" moontlik maak, bring die implementering hiervan onwillekeurig in verband met die kenteoretiese vooronderstellings van hierdie wetenskappe. Hierna is in Deel I en II reeds verwys. Dit kan in die teologie geakkommodeer word mits dit as Praktiese Teologie met 'n handelingswetenskaplike kenteoretiese basis opgevat word. 'n Verantwoording van die kerkbegrip by die gemeentebouteologie betrek onmiddellik dus die kenteoretiese basis waarop hierdie opvatting van die kerk gebou word. Eintlik maak hierdie basis die kerkbegrip moontlik. Vanselfsprekend is 'n verantwoording hiervan, gerig op die basis waarmee gemeentebou en sy kerkbegrip staan of val, vir die gereformeerde teoloog 'n noodwendige opgaaf. In die onderhawige hoofstuk word eers aangetoon hoedat die navorsingsmetodes van Praktiese Teologie 'n handelingswetenskaplike kenteorie poneer. Nadat hierdie kenteorie en sy vooronderstellings belig is, word die konsekwensies daarvan vir die wetenskaplike beoefening van gemeentebou en die gepaardgaande kerkbegrip uitgemeet. Die lyn van denke - waarna in die Inleiding van die studie verwys is - wat in die gemeentebouteologie sigbaar word, dit wil sê van gemeentebou na Praktiese Teologie na die handelingswetenskaplike kenteorie, kom in die onderhawige hoofstuk baie helder aan die lig. En, dit word verantwoord en in verband gebring met die ander linie van denke waarna toe ook verwys is, naamlik dié van die Woord en die Gees wat in Diakoniologie saamkom.

## 5.2. GEMEENTEBOU: WETENSKAPLIK EN METODOLOGIES BEGROND

Gemeentebou word deur die bank as 'n onderdeel of vertakking van Praktiese Teologie of Diakoniologie gesien. Dit het immers, soos die vak in die algemeen, te make met die praktiese kant van kerkwees. Metodologiese of kenteoretiese besinning oor hierdie teologiese dissipline raak dus noodwendig ook die wetenskaplike beoefening van gemeentebou. Die beredeneerde en navorsingsgebaseerde kerklike herstrukturering van gemeentebou is hiervan die sprekendste voorbeeld. Dit is dus noodsaaklik om die wetenskapsteoretiese begronding van die dissipline goed na te gaan en te verantwoord. Die denke hieroor bring mens by 'n kenteoretiese basis sowel as die metodes van Praktiese Teologie as dissipline.

## 5.2.1. PRAKTIESE TEOLOGIE AS TEOLOGIESE HANDELINGSWETENSKAP

In die jongste verlede is praktiese teoloë in Suid-Afrika in toenemende mate bewus van die kenteoretiese vooronderstelling van die beoefening van hul dissipline. Teenoor die begrip en die hantering van die vak as **Diakoniologie** (Jonker 1968; 1981a; Trimp 1978) word 'n sterk saak vir **Praktiese Teologie** uitgemaak. As Praktiese Teologie is die dissipline gegrond op die wydaanvaarde handelingswetenskaplike paradigma. Uit die staanspoor is dit dus duidelik dat die kerkbegrip (soos dit in hoofstuk 3 en 4 uiteengesit is), 'n paradigma-verskuiwing met betrekking tot die kenteoretiese vooronderstelling impliseer.

Die keuse vir die handelingswetenskaplike benadering word baie goed beredeneer en gemotiveer. Vir Heyns en Pieterse (1990:10) is die saak voor die hand liggend: Praktiese Teologie het alles te make met die wetenskaplike analise van die kerklike praktyk soos dit uitdrukking vind in die geloofshandelinge van die geloofsgemeenskap. Vir die uiteensetting van hierdie benadering beroep Suid-Afrikaanse teoloë hulle heel bepaald veral op Firet, Dingemans en Zerfass. In Nederland het Firet (1980a; 1980b) die handelingswetenskaplike benadering in gereformeerde kringe bekendgestel. Hy verteenwoordig 'n beweging weg van die tradisionele Kuyperiaanse posisie waarvolgens uit die Skrif teorieë geformuleer is met die oog op die realisering van die heil deur die kerk en die ampte (Burger 1991c:13). Sonder om die normerende funksie van die Skrif prys te gee, poog Firet hierteenoor om die insigte van die fenomenologie en die empiriese wetenskap in 'n handelingwetenskaplike model vir Praktiese Teologie tereg te laat kom (Burger 1991c:12). Daarvolgens moet alle kerklike handelinge deur 'n analise van die situasie omlys word (Firet 1980b:14). Dit word opgevolg deur 'n hermeneutiese aktiwiteit wat poog om tot verstaan te kom van die handelingstrategieë wat die praktyk kan verander of verbeter (Firet 1980b:14). Dit geskied egter onder 'n teologiese "koepel" wat die intrinsieke teologiese karakter van die Praktiese Teologie as handelingswetenskap moet behou (Firet 1980c:14).

Die Nederlandse Hervormde Teoloog Dingemans (1989) sluit by Firet aan, alhoewel hy 'n groter openheid het vir die sosiale wetenskappe (Burger 1991c:14). Dit gaan vir hom in die Praktiese Teologie ook om die ontwikkeling van 'n "praktisch-theologische handelingstheorie" (Dingemans 1989:198). Daarin soek hy na 'n breë verstaansgerigte toegang tot religieuse en kerklike handelinge. Dit kan vasgestel word deur middel van goed gestruktureerde empiriese ondersoeke wat teologies geïnterpreteer moet word (Dingemans 1989:206). Praktiese Teologie is dus 'n handelingswetenskap omdat dit nie maar net uitloop op die toepassing van 'n aantal Bybelse en dogmatiese waarhede nie, maar by uitstek afgestem is op die handelinge van mense.

Ook Zerfass word in die Suid-Afrikaanse konteks rigtinggewend in hierdie verband aangehaal. Hy werk 'n omvattende handelingswetenskaplike model uit met die oog op die korrigering en verbetering van die Christelike praxis. Sy model het groot bekendheid verwerf vir die wyse waarop hy die teorie/praktyk refleksieproses beskrywe het (Burger 1991c:11). Sy model word in 'n kringloop aangebied. Daarin word die situasie van 'n bestaande praktyk deur middel van empiriese analise ontleed. Die empiriese navorsing geskied in interaksie met die agterliggende teologiese teorie. Hierdie teorie is histories-teologies van aard. Op basis van 'n interpretasie van die interaksie, word deurgestoot na 'n nuwe veranderde praktyk (Zerfass 1974:167-170; Dingemans 1989:202; Burger 1991c:11). Dit resulteer in 'n prakties-teologiese teorie wat die vernuwing van die praxis wetenskaplik moet begelei.

In die aanpak van die Praktiese Teologie as teologiese handelingswetenskap vorm die bestudering van die handelinge van die kerk dus die grondmotief (Zerfass 1974:169; Burger 1991c:7,60). Daar word gefokus op spesifiéke handelinge en die situasie waarin hulle uitgevoer word. Gewoonlik word vyf basiese handelinge onderskei, naamlik kommunikasie, onderrig, sorg, diens en viering (Heyns 1986:29). Hierdie handelinge word dan krities geëvalueer met die oog op aanpassings en verbetering (Heyns & Pieterse 1990:39). Op hierdie wyse word die bestaande praktyk deur middel van die empiriese navorsing indringend geëvalueer, die onderliggende teorieë word blootgelê en waar nodig word nuwe teorieë met die oog op veranderde kerklike handelinge ontwerp (Heyns en Pieterse 1990:39). Net soos dit gebeur met die liggaamsmodel waarin basisteorie en praktykteorie deur middel van strategies-teologiese beplanning in 'n relasie geplaas word waarin die spanning tussen ideaal en werklikheid opgelos is (hierdie verloop is volledig in hoofstuk 3 as kerklike herstrukturering beskrywe, vgl. 3.4).

As handelingswetenskap is Praktiese Teologie dus voortdurend gerig op bepaalde "handelingsvelde" wat feitelik korrek geanaliseer moet word (Firet 1980a:13). Hierdie analises moet uitgevoer word met die oog op die hervorming van die kerklike praktyk. Dit lei eventueel tot die ontwerp van nuwe handelingsmodelle en handelingstrategieë as vrug van die empiries-kritiese teorie van die handelingswetenskaplike benadering (Firet 1980a:13).

## 5.2.2. GEMEENTEBOU AS HANDELINGSVELD IN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE

Praktiese teoloë in die Ned. Geref. Kerk ken aan gemeentebou 'n eie plek toe binne die veld van die Praktiese Teologie. Dit word afgegrens van die kubernetiek, omdat dit die handelinge van die geloofsgemeenskap en die funksionering van die gemeente in die samelewing bestudeer. Gemeentebou is ook méér as kerkreg (Te Velde 1989:11), Poimeniek, Evangelistiek, Gemeentebeplanning en -administrasie (De Klerk 1985:55). Dit val ook nie saam met die "laïek" nie, aangesien laasgenoemde op teorieë oor die uitoefening van gelowiges se funksies fokus (Te Velde 1989:11; Bisschoff 1991:47). Gemeentebou - dit moet nou reeds uit die historiese en analitiese gedeeltes van die studie helder voor oë wees - laat val die klem op die korporatiewe dienswerk van gelowiges binne teorieë oor die opbou van die gemeente as geloofsgemeenskap. Die bestuursfunksie van die gemeente moet daarom teológies betrek word op sy eie opbou en uitbou om sodoende die totale werksaamhede van die gemeente te kanaliseer na 'n gemeenskaplike gemeentedoel (Bisschoff 1991:48). Of, om Nel (1986:3) se uitdrukking te gebruik, is gemeentebou "komprehensief-intensioneel gerig op die sentrale vernuwing van die gemeente - in wese, bestaan en funksionering." In hoofstuk 1 is breedvoerig verwys na die wetenskaplike beoefening hiervan in die Ned. Geref. Kerk as 'n nuwe en gewilde vak waarin soveel nagraadse navorsing gedoen word (vgl. 1.3.6). Vanselfsprekend kom sake soos die prediking, pastoraat, kategetiek, liturgiek - wat almal binne die Praktiese Teologie deeldissiplines vorm - ter sprake. Hulle word egter met die oog op die gemeente se funksionering in 'n bepaalde konteks geïntegreer, sonder om die inhoud daarvan te bestudeer (Nel 1987:33). So funksioneer gemeentebou "selfstandig" binne die interverweefdheid van die Praktiese Teologie (Nel 1987:36).

Alle kerklike handelinge word op grond van 'n oorhoofse doel, naamlik 'n verbeterde kerkbegrip, ten dienste van gemeentebou aangewend. In gemeentebou as handelingsveld binne die Praktiese Teologie kan dit daarom allermins nét oor die handelinge van leraars en besondere ampsdraers gaan. Die gelowiges se handelinge vervul 'n kritiese belangrike funksie (Heyns & Pieterse 1990:17), daarom dat die funksionele liggaamsmodel as nuwe kerkteorie op so 'n verbeeldingryke wyse begroot vir die handelinge van die lede van die geloofsgemeenskap.

Die veld van gemeentebou as dissipline in die Praktiese Teologie is dus die konkrete praktyk van 'n bepaalde gemeente of geloofsgemeenskap. Die brandpunt van bestudering is die religieuse handelingsvelde as godsdienstige handelinge in en deur die kerk as geloofsgemeenskap. Gemeentebou stel hom dus op 'n breë wetenskaplike oriëntering. In die beoefening daarvan is kenmerkende drywende kragte aanwesig. Die mees opvallende is sekerlik dat hy die de facto situasie van die gemeente teenoor die ideale bestaanswyse stel, en dit op 'n wetenskaplike wyse aanspreek ter wille van gemeenteopbou. In hierdie sin moet teorie en praktyk op mekaar betrek word. Metodologies is ook dit aanduiding daarvan dat gemeentebou (en sy kerkbegrip) doelbewus binne die kader van Praktiese Teologie beoefen word.

### 5.2.3. GEMEENTEBOU OORBRUG DOELBEWUS DIE SPANNING TUSSEN TEORIE EN PRAKTYK

Die Praktiese Teologie stel hom daarop in om die spanning tussen ideaal en werklikheid in die bedieningspraktyk bloot te lê. Die opgaaf is dan om dit hok te slaan, deur op 'n programmatiese wyse die kloof tussen ideaal en werklikheid te oorbrug. So vervul Nel (1988) se **Fases in gemeentebou** die funksie om dogmatiese uitgangspunte in die praktyk van die kerklike lewe te laat realiseer. Hendriks (1992a) se ideaal van 'n gemeente wat funksioneer in terme van die Bybelse boubeeld en aanvullende koinonia-verbande, word werklikheid deur middel van strategies-teologiese beplanning. Burger (1991a) bedink die gemeente se funksionering as 'n teologiese en pneumatologiese geheim deur middel van 'n dinamies-sosiologiese kerkteorie. As prakties-teologiese dissipline is gemeentebou dus daarop ingestel om ideaal en werklikheid by mekaar uit te bring. Dit is immers 'n dissipline wat kragtens sy "konstitusie" die praktiese sy van kerkwees en die teologie aan mekaar wil verbind. Deur middel van teorieë en strategieë moet die lewe en diens van die gemeente in prakties haalbare terme vertaal word met die oog op verandering. In die woorde van Heyns en Pieterse (1990:65) is dit "an attempt to translate the theory with a view to its practical application." Hieruit ontvou 'n benadering wat teorie en praktyk wisselwerkend op mekaar betrek (Nel 1987:31; Heyns & Pieterse 1990:63; Bisschoff 1991; Nel 1991; vgl. Noordegraaf 1990:126; Burger 1991c:23).

Gemeentebouteoloë beklemtoon in die lig hiervan dat Praktiese Teologie vir té lank net op 'n deduktiewe wyse uitgegaan het van die primaat van die teorie (Burger 1991c:23; Heyns & Pieterse 1990:24). Daarmee het hulle sekerlik die benadering wat in die diakoniologiese perspektief setel, in gedagte. Hierteenoor het die insig algaande gegroei dat die belang van die praktyk op 'n induktiewe wyse ter sprake gebring moet word (Burger 1991c:23; Heyns & Pieterse 1990:25; Louw 1990:12). Dit kan alleen geskied wanneer teorie en praktyk dinamies in 'n verband gebring word (Heyns & Pieterse 1990:26). Hierdie wisselwerking is egter veel ingewikkelder as om dit op 'n simplistiese manier in 'n hiërargiese sin te verstaan (Burger 1991c:23). Teorie en praktyk mag nie teenoor mekaar staan nie (Bisschoff 1991:10). Dit moet as ekwiwalente gehandhaaf word (Heyns & Pieterse 1990:30). In 'n kritiese interaksie staan hulle oop ten opsigte van mekaar (Pieterse 1986:64; Bisschoff 1991:10). Op hierdie manier vermy gemeentebou die gevaar om óf in bo-historiese dogmatiese kategorieë vas te val, óf om sy teologiese inslag in 'n oewerlose beheptheid met die praktyk te verloor.

Met hierdie "simbiose" meen gemeentebouteoloë om die spanning tussen ideaal en werklikheid, teorie en praktyk, te ondervang. Beide moet deur middel van kenteoretiese wysheid en vakwetenskaplike tegnieke op mekaar betrek word (vgl. Nel 1987:31; Burger 1991c:23). Deurgaans is daar 'n sensitiwiteit om in 'n Skriftuurlike en teologiese

verwysing vir die teorieë te begroot deur die band tussen teorie en praktyk in terme van 'n bipolêre spanningsverhouding voor te stel. Nel (1991:31,35) vergelyk die bipolêre spanningsverhouding tussen teorie en praktyk met 'n boog waarvan die twee punte van teorie en praktyk ewe sterk moet span om 'n "nuwe praxis af te skiet" (Nel 1991:309). Die beoefening van die Praktiese Teologie word hier multidissiplinêr, interdissiplinêr en intradissiplinêr voorgestel in terme waarvan die teologie as "teorie" en die sosiale wetenskappe as "praktyk" in 'n dinamiese en kreatiewe ewewig gehou moet word (Nel 1991:309; vgl. Spoelstra 1992:309). Ook Wolvaardt (1980:289) wil teorie en praxis interaktief op mekaar betrek. Vir hom is Praktiese Teologie 'n "dialogiserende, praktiserende selfbesinning van indiwidue en groepe binne die kerk." In sy benadering hanteer hy dan 'n dubbele norm. Die dissipline maak enersyds afleidinge uit die "saak van Jesus en sy oorleweringsgeskiedenis" (soos hy dit stel) en andersyds uit die "konkrete situasie van die kerk in die samelewing" (Wolvaardt 1980:285).

Die teorie/praktyk wisselwerking is gerig op die optimalisering van die funksionering van die gemeente. Beide word ernstig opgeneem, daarom beteken dit dat die "praktyk" wetenskaplik ondersoek én verander (herstrukturering) moet word. As vrug hiervan word praktiese aanbevelings, strategieë en praktykteorieë aan die hand gedoen ter wille van verbetering of regstelling (Spies 1990:147; vgl. ook Dingemans 1989:200). Weereens kan herinner word aan wat in hoofstuk drie behandel is. Daar is lank stilgestaan by kerklike herstrukturering - die presiese saak wat hier aan die orde is. Hierdie benadering het aan die hand gedoen dat die liggaamsmodel 'n beter "praktykteorie" as die herder-kudde-model daarstel en dat teorie en praktyk juis in die liggaamsmodel op mekaar betrek kan word.

Goed beskou, maak die argument dat die praktyk op 'n induktiewe manier bestudeer moet word, noodwendig voorsiening daarvoor dat dit met behulp van empiriese navorsing gedoen moet word.

## 5.2.4. DIE NOODSAAK VAN EMPIRIESE NAVORSING

Omdat gemeentebouteologie die handelinge van gelowiges in die gemeente met die oog op sy opbou bestudeer, is empiriese navorsing toepaslik om hierdie handelinge analities korrek te kan beskryf (Pieterse 1986:65; Burger 1991c:80). Empiriese navorsing is die enigste haalbare instrument om die handelinge van gelowiges met die oog op die verstelling daarvan te meet (Pieterse 1986:65; Heyns & Pieterse 1990:68). Op hierdie wyse word die spanningsrelasie tussen teorie en praktyk (ideaal en werklikheid) empiries-krities en dus metodologies verdiskonteer.

Elke keer wanneer daar in die gemeentebouteologie van die praktiese kant van die kerk gepraat word, is daar - opvallend genoeg - 'n sensitiwiteit om die teologiese posisie (d.w.s. die ideaal of die teorie) te beveilig. Daarom verseker praktiese teoloë dat empiriese ondersoeke op 'n prakties-teologiese wyse geskied en dat data teologies (nié sosiologies) geïnterpreteer word (Pieterse 1986:69; Burger 1991c:80). Ofskoon sosiaal-wetenskaplike metodes gebruik word, is die veronderstelling dat die metodes toegepas moet word met 'n tipiese teologiese vraagstelling (vgl. Dingemans 1989:202). Die Skrif "is openbaringsbron en die praktyk van die gemeente ook 'n kennisbron vir die verfyning van die praktyk" (Pieterse 1986:69). In hierdie sin kan gepraat word van 'n "teologies-empiriese interaksiebenadering." Wanneer die teologiese tradisie in interaksie gebring word met die empiries-feitelike situasie, word die weg gebaan vir nuwe en verbeterde praktykteorievorming (vgl. Zerfass 1974:164; Grey 1990:31; Rossouw 1991:16) Bestaande teologiese teorieë word geslyp, verbeter en waar nodig word ook nuwes ingevoer

(Pieterse 1986:71). Burger (1991c:75) is van oordeel dat empiries-beskrywende studies die gemeentebouteologie juis kan help om teologies-krities om te gaan met eie vooronderstellings en om die onderliggende teorieë van gemeentebou te artikuleer.

Met hierdie navorsingsmetode het die gemeentebouteologie 'n wetenskaplike basis gevind om die praktiese kant van kerkwees só te bestudeer en bloot te lê dat die regstellende aksie wat moet kom, verantwoord en gerig sal wees op die teoretiese (teologiese) kant van kerkwees. Hiermee is by nóg 'n saak met betrekking tot gemeentebou aangeland: sy doelbewuste benutting van die metodes van die sosiale wetenskappe.

### 5.2.5. DIE METODOLOGIESE AANSLUITING BY SOSIALE WETENSKAPPE

Empiriese navorsing baan die weg om gebruik te maak van die metodes en insigte van die sosiale wetenskappe. In hoofstuk drie is reeds gewys op die belang van die sosiologiese sisteembenadering tot die gemeente en die kleingroep (3.3.3), die teorie oor verandering (3.4.4) en die rol van die kommunikasie- en die bestuurswetenskappe (3.4.5) in die vormgewing van die kerklike praktyk "van onder." Sonder om te herhaal word nou kortliks aangetoon op watter wyse die insigte van hierdie wetenskappe in gemeentebou metodologies verantwoord word.

Die funksie van die nie-teologiese wetenskappe is "de normering en de regulering van de kerkelijke of christelijk-religieuze praxis" (Dingemans 1989:211). Hiermee word die gemeente aan insig gehelp om uitgediende bedieningspraktyke te evalueer, terwyl lidmate in staat gestel word om hul menslike verantwoordelikhede in die bediening beter na te kom (Burger 1991a:30). Daarvoor word teorieë vir die kerklike praktyk ontwerp. Toegepas op die gemeentebouteologie het die sosiale wetenskappe dus 'n metodologiese funksie in die ontwerp van 'n funksionele kerkbegrip. Sosiaal-wetenskaplike uitklaring van die gemeente as 'n ménslike geloofsgemeenskap loop uit op die skepping van teorieë vir die kerklike praktyk.

Die empiriese navorsing en die sosiale wetenskappe help dus om in die prakties-teologiese refleksieproses te kom tot nuwe basis- en praktykteorieë (Heyns & Pieterse 1990:57; Bisschoff 1991:14; Firet 1980a:9). 'n Basisteorie is volgens Firet (1980a:18) nié 'n omvangryke sistematies-teologiese refleksie nie. Die aard daarvan moet gesoek word in die rigting van "een theorie van de (theologische - eigenlijk zou gezegd moeten worden: diakonische) handelings - 'competence'." (Firet 1980a:18). Praktiese "handelings"-beginsels wat uitdrukking kan gee aan agterliggende teologiese uitgangspunte word dus beklemtoon.

Praktykteorieë funksioneer op húl beurt weer as "performance-theorieën" om praktykgerigte metodes daar te stel wat uitdrukking sal gee aan die basisteorie as normatiewe oriënteringspunt (Firet 1980a:19). Die praktykteorie is daarom die toespitsing van die basisteorie in 'n bepaalde situasie (Bisschoff 1991:14). Sonder vrees vir teëspraak kan beweer word dat die liggaamsmodel in die gemeentebouteologie as dié beste basis- en praktykteorie aangebied word (Burger 1991c:75-76; Breytenbach & Pieterse 1992:101; Louw 1992:119; Van Schalkwyk 1987; 1991; Hendriks 1992a; et al. 1992b). Heyns en Pieterse (1990:23-32) oordeel dat die "liggaamsmodel" met sy basisteoretiese vertrekpunt en praktiese relevansie al die karaktertrekke het wat die gemeente in staat sal stel om in die onpersoonlike verstedelikte Suid-Afrika aan lidmate 'n veilige tuiste te bied (Heyns & Pieterse 1990:57). Louw (1992:125) se keuse vir die liggaamsmodel lê by die belangrike "ekklesiologiese paradigma-verskuiwing" wat

hierdie model meebring en wat geloofshandelinge soos viering, getuienis, diens en gemeenskap in gemeentebou na vore laat tree (vgl. ook Burger 1991a:21). Die diens waartoe hierdie model die gemeente moet lei, word basisteoreties begrond in Bybelse kernfunksies (kerugma, diakonia, koinonia) en die gemeenskapsverbande wat die model veronderstel, is aan die Bybelse konsep, koinonia gebind. Praktykteoreties kom die liggaamsmodel tot uitdrukking in kerklike herstrukturering. So word dit 'n nuwe praktykteorie vir die opbou van die gemeente.

Uit alles wat tot dusver oor die metode van gemeentebou gesê is, moet dit duidelik wees dat die wetenskaplike beoefening daarvan hom kenteoreties grond op die kommunikatiewe handelingsteoretiese paradigma. Daarmee word verseker dat die praktiese kant van kerkwees volledig in 'n wetenskaplike sin opgeneem kan word, daarom kom daar aansluiting by die sosiale wetenskappe en het empiriese navorsing so 'n hoë profiel. Dit is onnodig om daarop te wys dat die beskrywing van basisteorieë en praktykteorieë tipies is van die sosiale wetenskappe. Probleemgerigte teorieë moet die beweging tussen teorie en praktyk fasiliteer. Die implementering van hierdie teorieë bevestig onherroepelik dat die kenteoretiese basis van die sosiale wetenskappe aangelê word vir die Praktiese Teologie en gemeentebou. Dit word deur en deur aangewend om die kerkbegrip van hierdie teologie te beskrywe én te realiseer.

### 5.2.6. DIE IMPLEMENTERING VAN KRITIESE PROBLEEMGERIGTE TEORIEë

Van die mees basiese konstrukte van die handelingswetenskaplike benadering is die feit dat met verbeterde basis- en praktykteorieë gewerk word. In werklikheid is dit kritiese probleemgerigte teorieë wat op die praktyk aangelê word. Wat die gemeentebouteologie betref, maak dit voorsiening vir die verbetering van die kerklike praxis. In hierdie sin funksioneer die verbeterde kerkbegrip van die gemeentebouteologie as 'n kritiese teorie wat daarop gerig is om die opbou van die gemeente te bevorder. Die fokus word dus op die bestudering van kerklike en geloofshandelinge toegespits met die oog op die ontwerp van kritiese teorieë.

Trimp (1978:16) het by geleentheid daarop gewys dat die hantering van kritiese teorieë deur die moderne wetenskap verband hou met die siening dat die wetenskap diensbaar moet wees aan die kritiek op die kerk en sy Umwelt en aan die bevryding van die mens (vgl. Trimp 1978:16 se verwysing na die Frankfurter Schule, o.a. Horkheimer, Habermas, Adorno). Met die oog hierop moet strategiese modelle ontwerp word waarvan 'n kritiese teorie uiteraard 'n intrinsieke deel uitmaak. Jonker (1981a:24) toon aan dat die hantering van 'n kritiese teorie kenmerkend is van alle genitief-teologieë en ook deurgaans beheers word deur die vraag na die verhouding tussen teorie en praxis. Omdat die gemeentebouteologie dan in die lig van die handelingswetenskaplike benadering met 'n kerkbegrip as 'n kritiese teorie werk, kan laasgenoemde teorie alleenlik ontwerp word op basis van die riglyne wat die onderliggende kenteorie voorstel. Andersom, as die handelingswetenskaplike kenteorie met 'n kerkbegrip werk, moet dit in terme van die teorie/praxis spanningsverhouding ontwerp word, en kan dit nie dogmaties-deduktief van bo, vanuit die Skrif of die konfessie afgelees word nie.

Die kritiese vraag wat die gemeentebouteologie homself deurgaans afvra, is of die kerk hom van die regte teorie bedien met die oog op sy praktiese diens en relevansie vir die samelewing. Dit is dan ook eie aan die handelings-wetenskaplike aard van die Praktiese Teologie om die geldende kerklike teorieë voortdurend te toets en met nuwes te vervang indien nodig (Jonker 1981a:22). Trouens, gemeentebou kan vanuit hierdie wetenskapsteoretiese en

wetenskapsfilosofiese voorondersteliings op geen manier sy arbeid verrig as kritiese teorieë nie ter sprake gebring word nie. Kritiese teorieë is die manier waarop teologie in die praktyk gerealiseer word.

Die handelingswetenskaplike benadering het die gemeentebouteologie dus voorsien van 'n kritiese teorie en stellingname ten opsigte van die bestaande kerklike praxis in die gemeentes van die Ned. Geref. Kerk. Gemeentebou het op basis van hierdie benadering die kerk in handelings-, kommunikatiewe- en verhoudingskategorieë begryp. Langs hierdie weg is 'n prakties-teologiese "hermeneutiek" ('n leer vir die vertolking en evaluering van die praktyk van gemeentewees) op die praxis van gemeentewees aangelê (Burger 1991c:9). Die voorveronderstellings én die inhoud van die handelingswetenskaplike benadering het gevolglik 'n onmiskenbare stempel op die gemeentebouteologie afgedruk. Hierdie voorveronderstellings kom neer op 'n aantal wetenskapsfilosofiese en meta-teoretiese aannames wat ten grondslag van die handelingsteoretiese kenteorie lê.

## 5.2.7. DIE META-TEORETIESE VOORONDERSTELLINGS VAN DIE HANDELINGS-WETENSKAPLIKE KENTEORIE

Die handelingswetenskap maak van verskillende filosofiese vooronderstellings gebruik wat as metateorieë funksioneer. Hiervan is die moderne wetenskapsfilosofie terdeë bewus. Die gemeentebouteologie neem trouens deeglik kennis van die belangwekkende resultate van die wetenskapsteoretiese diskussie op die terreine van die filosofie, sosiologie, fenomenologie en die hermeneutiek. Praktiese teoloë is eerlik genoeg om die belang van die wetenskapsteoretiese diskussie te erken, aangesien dit lig werp op teorie- en praxisvorming in die Praktiese Teologie (Burger 1991c:5,8,23; Pieterse 1986:64).

Praktiese teoloë soos Van Wyk (1989) en Pieterse (1986:64; 1991c:41-50) verwys telkens na denkers uit die kader van die rasionalisme en kritiese rasionalisme. Swaar klem word gelê op die feit dat sinvolle wetenskapsbeoefening nie kan geskied sonder rasioneel- en empiries-geldende teorieë nie (Pieterse 1986:64). So duik die name van onder andere Popper, Kuhn en Habermas dikwels op (vgl. Pieterse 1991c:38-43; Venter 1992:36-37). Die belang van Popper se kritiese rasionalisme en Kuhn se paradigmateorie in hul breuk met die wetenskapsteorie van die logiese positiwisme word as 'n winspunt aangeteken (Venter 1992:36-37; Pieterse 1991c:39). Met hierdie stewige wetenskapsfilosofiese begronding vir die handelingswetenskaplike benadering, poog die Praktiese Teologie om 'n epistemologiese bydrae tot die teologie te maak (Van Wyk 1989:196).

Met die oog op die beoefening van die teologie is dit belangrik om kennis te neem van hierdie denkers en hul kenteorieë, aangesien die belang van 'n "ultimate commitment" vir wetenskapsbeoefening deur hulle erken word (vgl. Venter 1992:36; D.F.M. Strauss 1993:10). Dat hieragter 'n rasionalisties geïnspireerde wetenskapsfilosofie lê, wat wel begelei word deur 'n "kritiese geloofsverantwoording" (vgl. Van Huyssteen 1987) as "ultimate commitment," maar wat nie anders kan as om in terme van rasioneel-geldende teorieë te opereer nie, word vertel deur die verhaal van nuwe kerkteorieë wat aangebied word met die oog op die verbetering van die kerklike praxis.

Gemeentebou, en noodwendig die funksionele kerkbegrip (of kerkteorie) wat daarin na vore kom, word kenteoreties en metodologies as 'n (teologiese) handelingswetenskap beoefen. Dit skep die moontlikheid om aan die hand van die sosiale wetenskappe die praktiese sy van kerkwees te objektiveer. Met probleemgerigte teorieë kan die spanning

tussen teorie en praktyk oorbrug word. Sodoende word die praktyk nie net nagevors nie, maar ook verander of verbeter - en, hierdie verbetering word deur die wetenskaplike metode wat dit bewerkstellig, gewaarborg. Hierdie toedrag van sake in die beoefening van die Praktiese Teologie staan in die teken van 'n kenteoretiese paradigma-verskuiwing. Dit is baie duidelik waarom gemeentebou en sy kerkbegrip pas by 'n prakties-teologiese omgang met die vak. Die belangrike vraag is, of dit nog werklik met die teologiese uitgangspunte versoen kan word? Dit kan ook andersom gestel word: Is die teologiese verwysing wat in die handelingswetenskaplike beoefening van dié Praktiese Teologie aanwesig is, diepliggend en begrond; of is dit oppervlakkig en retories?

## 5.2.8. TEOLOGIESE RETORIEK OF UITGANGSPUNT?

Met bogenoemde opmerking is die vraag na die teologiese inslag van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie in terme van sy kenteoretiese vertrekpunte aan die orde. Hierdie kenteoretiese inslag is in die vorige aantal paragrawe belig. Hieruit het dit aan die lig getree dat die kerkbegrip as teologiese teorie vir die praxis van die kerklike lewe nie meer 'n universele normatiewe teologiese teorie is nie. In die woorde van Burger (1991c:8) is dit eerder die resultaat van 'n "konstruktiewe, kritiese, teologiese refleksie" tussen empiriese en teoretiese uitgangspunte (Burger 1991c:8). 'n Veelheid van alternatiewe probleemgerigte teorieë (waaronder die kerkbegrip van die gemeentebouteologie) tree na vore wat via empiriese ondersoeke en sosiaal-wetenskaplike uitklaring die handelinge van die Christelik-kerklike praxis moet rig (Burger 1991c:8). Hiéragter funksioneer 'n wetenskapsidee wat om die praxis roep en wat die teologie motiveer om sy praktiese aard uit te leef (Jonker 1981:24). Wat in die tradisionele Skrifteologie oor die praktyk van die kerklike lewe gesê is, is dus nie meer voldoende nie. Wat egter in die proses gebeur, is dat die "teologiese teorie" sy ongekwalifiseerde Skriftuurlike karakter in die gereformeerde sin van die woord verloor.

Dit blyk byvoorbeeld duidelik uit die *inkongruensie* tussen teologiese uitgangspunte en die praktyk van die bediening, soos wat dit aan die lig kom in die kerkbegrip van die gemeentebouteologie. Tussen Nel (1986) se **Teologiese perspektiewe op gemeentebou** en sy **Fases in gemeentebou** (1988) is daar nie 'n teologiese kongruensie nie. Ook nie tussen Hendriks (1992a) se Bybelse boubeeld, die aanvullende koinonia-verbande en die bedieningstrategie van strategies-teologiese beplanning nie. Burger (1991a) se dinamies-sosiologiese kerkteorie word uiteindelik ook nie in die pneumatologiese geheim van die Christelike geloofsgemeenskap begrond nie. Die gemeentebouteologie benodig inderwaarheid 'n "genootskaplike praxisbegrip," begelei deur die empirie en die sosiale wetenskappe en wat net so op die kerk en die daarmee gepaardgaande teologiese besinning oorgedra word (Spoelstra 1992:311). Die klem op 'n praxisbegrip moet dus 'n "alternatiewe rasionaliteitsmodel" (Spoelstra 1992:312) daarstel, in terme waarvan 'n magdom van ander insigte nááS die teologiese met die oog op die kerklike praktyk ter sprake gebring kan word. Die bogenoemde verwysing na gemeentebouteoloë bevestig dit. In die refleksieproses tussen teorie, empirie en sosiale wetenskappe word teologiese uitgangspunte in die proses verbuig tot teologiese verwysings.

Die kongruensie tussen teorie en praktyk in die gemeentebouteologie word gevolglik nie ongekwalifiseerd in teologiese uitgangspunte begrond nie. Op 'n prakties-teologiese wyse word dit bewerkstellig deur teorievorming. In die gemeentebouteologie geskied dit deur 'n funksionele kerkbegrip. As gevolg van die samespraak van nie-teologiese insigte in die proses van teorievorming, stuit die resultaat myns insiens op 'n inkongruensie tussen

teologiese vertrekpunte en die praktiese realisering daarvan, aangesien kritiese probleemgerigte teorieë nie ongekwalifiseerd uit die Skrif opkom nie. In die woorde van Spoelstra (1992:316) word die Praktiese Teologie in hierdie benadering in werklikheid 'n "alternatiewe teologie" wat in sy bondgenootskap met die sosiale wetenskappe dreig om heeltemal in 'n antropologiese godsdienswetenskap te ontaard. In 'n poging om teologie te bly en nie op te gaan in die sosiale wetenskappe (of fenomenologie) nie, word allerlei pogings aangewend om teologiese substansie te behou en die Skrif ter sprake te hou. Hiermee ontkom die gemeentebouteologie ook nie aan die gevaar wat die Praktiese Teologie as teologiese dissipline aldeur bedreig nie, naamlik om te beland in die vaarwaters van 'n kerkkritiese handelingsteorie wat die verhouding tussen teorie en praxis deurentyd problematiseer (Trimp 1978:18). Op teologiese en diakoniologiese gronde moet hierdie werkswyse ernstig bevraagteken word. Die dilemma van die gemeentebouteologie om in hierdie benadering nog teologié te bly, word al groter.

Ofskoon die inténsie nie is om volledig op te gaan in 'n praktiese empiriese wetenskap en die funksie van die Skrif eksplisiet buite rekening te laat nie, bestaan die gevaar dat dit juis in hierdie teologiebeoefening gebeur (Jonker 1968:16). Reeds by die vorige paragraaf is daarop gewys dat hierdie wyse van teologisering in die teken van 'n kenteoretiese paradigma-verskuiwing staan. Gegewe die kerkbegrip van die gemeentebouteologie het hierdie verskuiwing wydlopende konsekwensies. In die hart van die saak gaan dit nie nét oor 'n kenteoretiese verskuiwing nie. Dit gaan oor 'n verskuiwing in die teologie self.

## 5.3. DIE PARADIGMA VERSKUIWING VAN DIAKONIOLOGIE NA PRAKTIESE TEOLOGIE

By die inleiding tot Deel III is die oortuiging uitgespreek dat verantwoording deel is van die opgaaf van die gereformeerde beoefening van die teologie. Waar die Ned. Geref. Kerk in sy belydenisgrondslag die gesag van die Skrif vir heel sy lewe en diens aanvaar en bely, moet nou gevra word tot watter mate die handelingsteoretiese basis van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie die kerk/gemeente help om, na sy Skriftuurlike singewing en opdrag, kerk van Christus te wees. Die punt waarop dit aankom, is of die prakties-teologiese uitgangspunt waarmee hierdie kerkbegrip in verband staan, nie dalk op só 'n wyse met die praktiese kant van kerkwees omgaan, dat daarin alreeds prinsipieel 'n verskuiwing wég van Diakoniologie aanwesig is nie.

### 5.3.1. GEMEENTEBOU: VELD BINNE DIE DIAKONIOLOGIE?

In die lig van die verantwoording van die kenteoretiese basis van gemeentebou se kerkbegrip, duik die vraag op of hierdie benadering nog in die huis van die Diakoniologie kan tuiskom? By 5.2.8 is reeds daarop gewys dat in die ontwerp van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie (as kritiese probleemgerigte teorie) hoofsaaklik met teologiese verwysings gewerk word en nie met teologiese uitgangspunte nie. Hoe rym hierdie benadering met die vertrekpunt van die Diakoniologie wat die primaat van die Skrif met die oog op die teologiese karakter van die dissipline onverkort handhaaf? (Jonker 1968; 1981a ; Trimp 1978). Hierdie studie word vanuit 'n diakoniologiese vertrekpunt onderneem, daarom kan aan hierdie vraagstelling nie verbygegaan word nie - veral ook nie as aangemerk word dat die handelingswetenskaplike benadering eintlik alreeds in sy metode en werkswyse (wat by paragraaf 5.2 volledig uitgeklaar is) 'n ander weg opgaan as Diakoniologie.

Heyns en Pieterse (1990:91) tipeer Diakoniologie as 'n "hermeneuties-teologiese benadering". Volgens hulle kom dit neer op 'n "normatief-deduktiewe benadering" wat pretendeer om aan sy teorieë blywende en onaantasbare Bybelse gesag te verleen (Heyns & Pieterse 1990:45;91; Burger 1990c:7). Ook Bisschoff (1991:16), in sy prakties-teologiese basisteorie vir gemeentebou vind by teoloë soos Jonker (1968; 1981a), Barnard (1988) en Rossouw (1986) 'n deduktiewe benadering waar die Skrif ongekwalifiseerd gebruik word om riglyne vir die praktyk af te lei. Hierteenoor pleit hy vir 'n benadering waarin die Skrif in 'n gekwalifiseerde sin aan die orde kom. Die Woord geld vir die teologie, maar in die teorie/praxis-wisselwerking geld die Woord nie alléén nie (Bisschoff 1991:18). Ook die menslike handelinge wat deur die Heilige Gees gebruik en in diens geneem word, word in terme van die teorie/praxis-verhouding bestudeer (Bisschoff 1991:18). Hierdie induktiewe benadering bied gevolglik 'n antwoord op die deduktiewe benadering wat nié die metodologie ter hand het om die praxis van die kerklike handelinge na te vors en die data te interpreteer nie. Op hierdie toedrag van sake, binne die prakties-teologiese benadering van gemeentebou, is telkens gewys. Die konfessionele Diakoniologie kan daarom ook nie 'n bydrae lewer tot die verbetering van die kerklike praktyk deur middel van praktykteorieë wat via empiriese navorsing vasgestel word nie (Heyns & Pieterse 1990:91).

Van Wyk (1989) wys voorts daarop dat juis die inslag van die gereformeerde teologie met sy klem op die Skrif as die onbetwisbare kenbron van die teologie, nie met die aard en karakter van die handelingswetenskaplike benadering korelleer nie. Dit stel dus ook die Diakoniologie (vir Van Wyk, 1989 se besef) ver buite die gesigsveld van die handelingswetenskaplike benadering. Eersgenoemde kan byvoorbeeld nie die bestudering van geloofshandelinge deur middel van empiriese navorsing tot sy taak verreken nie (Van Wyk 1989:155). As die Skrif as enigste norm en kontrole vir teologiese uitsprake geld, kom die gebondenheid aan die belydenisskrifte en die Kerkorde op die koop toe ter sprake (Van Wyk 1989:182; 1993:62). Dit impliseer 'n werkswyse wat, vir handelingswetenskaplikes se besef, "normatief-deduktiefwerkend is en gevolglik nie kriteria vir die praxis kan ontwikkel nie" (Van Wyk 1989:182). Die ernstige gevolg is dat hierdie diakoniologiese metode nie 'n epistemologiese bydrae tot die geheel van die teologie kan maak nie. Die deduktiewe werkswyse, eksegetiese metode en waarheids- en werklikheidsbeskouing het nie erns met die ervaring en die handelingsmodaliteit van die teologie nie (Van Wyk 1989:196). Om los te kom van 'n "Skrifteologie" en 'n "dogmatiese werkswyse" moet eerder 'n prakties-teologiese benadering gevolg word (Van Wyk 1989:3). Langs hierdie weg sal die wetenskaplikheid van die dissipline weer gewaarborg kan word. Ook sal afstand gedoen kan word van die diakoniologiese benadering wat via 'n "ortodoks-fundamentalistiese werkswyse" 'n "Woord van God" daargestel het (Van Wyk 1989:98). Vir 'n vakgebied wat gedwing word tot teorievorming in die praktyk van die kerklike lewe en samelewing, is die "dogmaties-deduktiewe" benadering van die Diakoniologie dus nie voldoende nie - veral nie gesien vanuit die wetenskapsteoretiese eise van die handelingswetenskaplike benadering nie.

Die Praktiese Teologie moet kontra hierdie misplaaste diakoniologiese benadering weer aantoon dat die waarheid en die werklikheid ook 'n ervarings- en empiriese modaliteit besit (Van Wyk 1989:190). Die wyse waarop die kerkbegrip van die gemeentebouteologie van nie-teologiese insigte gebruik maak, bevestig dat inderdaad erns gemaak word met hierdie "modaliteite."

Die studie het tot hiertoe aangetoon dat die kerkbegrip van die gemeentebouteologie ingebed is in die handelingswetenskaplike kenteorie. Agter die empiriese metode in die gemeentebouteologie en Praktiese Teologie lê 'n

diepgrypende wetenskapsfilosofiese basis wat soek na rasionaliteit en objektiwiteit in wetenskapsbeoefening. Met die empiriese metode, verbandhoudend met sy wetenskapsfilosofiese verpakking, kom die gemeentebouteologie nie meer tuis in die veld van die Diakoniologie nie. As die kerkbegrip van die gemeentebouteologie uit die gesigsveld van die Diakoniologie beweeg, kom dit neer op 'n paradigma-verskuiwing van Diakoniologie na Praktiese Teologie.

## 5.3.2. GEMEENTEBOU: 'N VERSKUIWING VAN DIAKONIOLOGIE NA PRAKTIESE TEOLOGIE

Voorstanders van die diakoniologiese benadering soos Jonker (1968; 1981a) en Trimp (1978) lê deurentyd klem op die teologiese karakter van die dissipline in die bestudering van die Skrif onder die gesigspunt van die kerklike diakonia. Dit is 'n teologiese benadering wat die betekenis van die kerklike diakonia in 'n Skriftuurlike, konfessionele en histories verantwoorde sin opdiep met die oog op die bediening van die Woord en die realisering van die kerklike diakonia. Nêrens maak diakonioloë van kritiese probleemgerigte teorieë gebruik om die afstand tussen teorie en praktyk te oorbrug nie. Allermins word van 'n funksionele kerkbegrip gebruik gemaak met die oog op die opbou van die gemeente. Die insigte van nie-teologiese wetenskappe word wel deur die Diakoniologie benut, maar dan nié in 'n kenteoreteise sin waar sodanige insigte normatiewe betekenis kry vir basis- en praktykteorieë nie. Diakoniologie werk ook nie met 'n "praktiese ekklesiologie" nie. Met 'n teologiese benadering wat veranker is in die Skrif en belydenis en wat vrykom van die dualisme tussen teorie en praktyk, is dit skynbaar nie nodig om 'n "alternatiewe ekklesiologie" in te voer om die beweging tussen teorie en praktyk te fasiliteer nie. Die teologiese aard en inslag van Diakoniologie kom dus nie ooreen met die wyse waarop die *teologie* in die Praktiese Teologie aangewend word nie. Dit is ook nie maar net 'n geval van 'n graduele verskil waarin die teologie verskillend aangelê word nie. Die weë loop uiteen, soos dit reeds opgesluit lê in die verhaal van die gebou wat in Hillbrow oor die waterskeiding gebou is.

In sy beredenering van 'n prakties-teologiese ekklesiologie vir gemeentebou probeer Louw (1992:124) wel aantoon dat daar nié 'n wesenlike verskil bestaan tussen 'n "ontologiese" en 'n "hermeneutiese" aanpak nie, tussen 'n diakoniologiese en 'n prakties-teologiese benadering nie. Die volgende aanhaling illustreer die kern van sy argument: "Het dit nie tyd geword dat die sogenaamde teologiese benadering (d.i. Diakoniologie - L.M.E.) met die aksent op diakoniese gestaltes en die sogenaamde empiriese benadering (d.i. Praktiese Teologie as handelingswetenskap - L.M.E.) met die aksent op kommunikatiewe handelinge albei sal besef dat beide diakoniese gestalte en kommunikatiewe handeling buite die konsepte van geloof en kerk om hul teologiese karakter en relevansie verloor nie?" (Louw 1992:124). Hy voeg hieraan toe: "Die kwalifiserende faktor is die dinamika van heil en diens. Of diakoniese gestaltes nou aangevul moet word deur kommunikatiewe geloofshandelinge en of laasgenoemde nou aangevul moet word met kerklike diakonia, die basiese grondvorm vir beide is en bly dieselfde: die kerk as instrument van die heil en die dienswerk van gelowiges in die wêreld" (Louw 1992:124). Louw wil dus die saak uitmaak dat hier twee benaderings na vore kom wat uiteindelik dieselfde resultaat oplewer.

Hy beroep hom daarvoor op Spoelstra (1991c) om sy gedagte te versterk dat Praktiese Teologie en Diakoniologie nie teenoor mekaar staan nie: "Daar kan dus met die volgende gevolgtrekking van B. Spoelstra saamgestem word. 'Indien "Praktiese Teologie" en "Diakoniologie" inherent verskil, sal 'n duidelike verskil in objek of veld van

ondersoek, metode of basisteorieë bewys moet word... Uit die geraadpleegde werke lyk dit eerder asof "diakoniologie" hoogstens 'n nuanseverskil, binne 'n ryk geskakeerde "praktiese teologie" vertoon (1991:214)'" (Louw 1992:125). Op hierdie punt verstrik Louw myns insiens sy eie argument.[9] Hy haal vir Spoelstra (1991c) buite konteks aan. In werklikheid bedoel Spoelstra presies die teenoorgestelde as wat Louw met die aanhaling wou bewys. Om dit aan te dui is van groot belang, aangesien die kenteoretiese paradigma-verskuiwing van Diakoniologie na Praktiese Teologie as 'n paradigma-verskuiwing en nie as 'n metodologiese opvatting opgevat kan word nie. Vir die doel van hierdie studie vorm dit 'n basisargument vir die kritiek teen die kerkbegrip wat daarin geoperasionaliseer word.

As Spoelstra in hierdie verband wys op "die geraadpleegde werke" en op die feit dat in die lig van hierdie werke daar "hoogstens 'n nuanseverskil" (Spoelstra 1991c:214) bestaan tussen Diakoniologie en Praktiese Teologie, dan het hy dit nie oor die ooreenstemming tussen die twee benaderings nie, maar oor die feit dat dit op 'n slordige wyse as wisselterme gebruik word. Spoelstra (1991c) wil júís aandui dat daar nié genoegsame kenteoretiese onderskeid en ensiklopediese verantwoording ten opsigte van beide dissiplines bestaan nie. Daarom dat hy elders in sy argument sê, met betrekking tot die "vakinhoud" en die "metode," dat "diakoniologie dikwels slegs 'n wisselterm vir praktiese teologie" vorm (Spoelstra 1991c:214). Die verantwoording van agterliggende kenteoretiese vooronderstellings is vir hom van groot belang, daarom voeg hy daaraan toe dat "wie Kant en Schleiermacher se dualisme tussen leer en lewe, teorie en praktyk, verwerp, moet die benaming diakoniologie bo "praktiese teologie" verkies (Spoelstra 1991c:214).

Die feit dat teologiese en kenteoretiese vooronderstellings tussen Diakoniologie en Praktiese Teologie nie uitgeklaar is nie, word in 'n latere artikel van Spoelstra (1992) weer 'n keer onderstreep. Vir die gereformeerde ekklesioloog van Potchefstroom, wat aan die einde van sy bediening die opdrag om Diakoniologie te doseer ontvang, kom dit neer op **'n Dilemma tussen Praktiese Teologie en Ekklesiologie**. Daarin sê hy dat "reformatoriese en neo-protestantse teoloë" by interfakultêre vakwetenskaplike werkgemeenskappe saamwerk, "asof hulle onder teologie dieselfde verstaan en dit eners beoefen. So word verhoed dat die resultate vanuit *die twee verskillende vooronderstellings* (my kursivering, L.M.E.) logies deurgetrek word" (Spoelstra 1992:304). Trouens, dit is sy indruk dat "'reformatoriese of konfessionele' teoloë (d.i. diakonioloë - L.M.E.) ...in die huidige teologiese geselskap ongemerk in die neo-protestantse of rasionaliteitsmodel (d.i. praktiese teologie as handelingswetenskap - L.M.E.) vir teologie oorgly" (Spoelstra 1992:303). In verband hiermee meen hy dat die diakoniologiese benadering van Kuyper, Jonker

9 Om vir D.J. Louw op 'n ongekwalifiseerde wyse in die raam van die handelingsteoretiese en empiriese benadering tot die praktiese teologie te plaas, sou onverantwoord wees. In 'n artikel wat in 1993 verskyn, waarsku hy immers teen 'n "fenomenologiese stuiptrekking" in die handelingswetenskaplike benadering tot die praktiese teologie. Die behoud van die teologiese karakter van die dissipline is vir hom van groot belang. 'n Praktiese teoloog aan UNISA soos Van Wyk (1989), plaas Louw dan ook binne die diakoniologiese en konfessionele benadering tot die dissipline. Die vraag na die kenteoretiese inslag van Louw se teologiese benadering sal egter deur navorsing uitgeklaar moet word, veral ook in die lig van die feit dat hy op die terrein van die pastoraat publiseer en daar noodwendig baie van die hulpverlener-dissiplines in die spel kom. Ek sou die voorlopige opmerking wou maak dat Louw op 'n bepaalde wyse die gereformeerde teologie en diakoniologie in 'n kritiese verband wil bring met die insigte van die prakties-teologiese handelingswetenskaplike benadering. Die feit dat hy nié wil werk met 'n wesensverskil tussen praktiese teologie en diakoniologie nie, is hierbo aangetoon. Hy werk dus met 'n prakties-teologiese ekklesiologie (wat uit en uit 'n handelingswetenskaplike konstruksie is), maar wil dit dan tog teologies en dogmaties inklee wanneer hy gereformeerdes soos Van Genderen en Balke aanhaal (Louw 1992:124).

en De Klerk op sy beurt nie op genoegsame wyse die identiteit van die gereformeerde teologie teenoor die aannames in die basisteorieë van die rasionalistiese wetenskapsteorie in die moderne maatskappygerigte teologie aandui nie (Spoelstra 1992:316).

Spoelstra is tereg oortuig dat "Praktiese Teologie" en "Diakoniologie" alreeds, wat die voorveronderstellings (kenteorie) betref, verskillende weë opgaan. Die poging om Praktiese Teologie teologies te regverdig, slaag nie. Dit gaan daarin om die byhaal van teologiese aannames eerder as die normatiewe Skriftuurlike uitgangspunte. Die Praktiese Teologie verraai volgens hom 'n doelbewuste poging om weg te kom van 'n "Skrifgenormeerde diakoniologie" (Spoelstra 1992:316). Dit bring hom by die slotsom dat Praktiese Teologie in werklikheid poog om 'n alternatiewe teologie in bondgenootskap met die menswetenskappe te wees. Dit kom neer op "antropologiese godsdienswetenskap" (Spoelstra 1992:316). "Praktiese Teologie," teenoor diakoniologie, staan dus binne die raamwerk van die neo-protestantse teologie in sy gerigtheid op die kerk as mense (Spoelstra 1992:316). Dit word 'n poging "om teenoor Skrif-teologie 'n alternatiewe 'rasionaliteitsmodel' teologie ('godsdienswetenskap'?) te lewer" (Spoelstra 1992:312). Dit is dus nie so eenvoudig om "Praktiese Teologie" en "Diakoniologie" in terme van nuanseverskille oor mekaar te skuif nie. Dit gaan hier inderdaad om twee verskillende kenteoretiese paradigmas.

Praktiese Teologie en Diakoniologie kan dus nie gelykgeskakel word nie. Gedagtig aan die verhaal van die Inleiding gaan dit hier om water wat nog oënskynlik op dieselfde dak val, maar uiteindelik in twee verskillende oseane beland. Hier het 'n mens dus met twee uiteenlopende oortuigings te make. Hulle kán nie versoen word nie, want nie die geloof van mense óf die kerk as gemeenskap óf 'n prakties-teologiese ekklesiologie konstitueer die diakonia van Christus nie. Christus beskik self daaroor: deur Sy Woord en Gees. Dit is die rede waarom Spoelstra (1992:316) vra vir dialoog tussen die gereformeerde Ekklesiologie en die Praktiese Teologie (wat tans glad nie bestaan nie) om tot groter duidelikheid te kom oor 'n "diakoniologie van die dienste" in die kerk as liggaam van Christus (Spoelstra 1992:316-317).

Gemeentebou in die Ned. Geref. Kerk plaas homself doelbewus op die standpunte van die Praktiese Teologie. Dit verteenwoordig 'n paradigma-verskuiwing wég van die teologiese begronding van die Diakoniologie na die funksionele benadering van die Praktiese Teologie. Dit is 'n verskuiwing van die Skrif en die Diakoniologie na die handelinge van die geloofsgemeenskap, soos bemiddel deur 'n kerkbegrip in die gemeentebouteologie.

### 5.3.3. DIE NAWERKING VAN DIE INVLOED VAN SCHLEIERMACHER?

Die verantwoording van die kenteoretiese basis van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie én die beredenering van 'n verskuiwing van Diakoniologie na Praktiese Teologie in hierdie benadering, laat 'n belangrike vraag nog onbeantwoord. Wat is die teologiese en historiese agtergrond van die teorie/praxis-problematiek wat hierdie kenteoretiese benadering voortdurend beheers en wat gemeentebouteologie juis buite die skopus van 'n gereformeerd-diakoniologiese benadering stel? Spoelstra (1992:299) wys in hierdie verband op die invloed van die rasionalisme wat in die geskiedenis van die teologie 'n breuk geslaan het tussen teorie en praktyk, tussen teologie en Christelike lewe.

Die nalatenskap van Kant was die dualisme tussen kennis en geloof, die objektiewe en die subjektiewe, die teorie en die praktyk (Spoelstra 1991a:226). Op basis van die rasionalistiese Kantiaanse filosofie word gesê dat die teorie oor die werklikheid nog nie die werklikheid self is nie. Dit het 'n kloof geskep tussen die redelike aktiwiteit en die werklikheid waaroor gedink word. Hierdie denkrigting lei tot die rasionalistiese dualisme tussen leer en lewe, tussen "objektiewe kennis" en "subjektiewe geloof" (Spoelstra 1991a:232). Onderliggend aan hierdie denke is 'n ontkenning van die bestaansreg van die teologie as wetenskap (Spoelstra 1993:77). Dit het die plek van die teologie as wetenskap in die gedrang gebring, omdat die objek van teologiese navorsing naamlik God, nie vir ondersoek deur die rede beskikbaar was nie. Daarmee het die rasionalisme in die teologie 'n breuk geslaan tussen teorie en praktyk, tussen die teologie en die Christelike lewe (Spoelstra 1992:299).

By hierdie denkrigtings het Schleiermacher, die vader van die moderne Praktiese Teologie hom direk aangesluit. Die rasionalisme en Kant se onderskeiding tussen teoretiese en praktiese kennis het hom deurgaans sterk beïnvloed (Spoelstra 1992:304). Hy wou gevolglik die teologie red deur die menslike godsdienstige ervaring van God en godsdiens as fenomeen tot voorwerp van teologiese studie te maak (Spoelstra 1993:77; 1992:304). Jonker (1977:3-7) tipeer Schleiermacher as die belangrike eksponent en ook grondlegger (vgl. Spoelstra 1992:304) van die "neo-protestantse-model" van teologie beoefening. In hierdie model word die empiriese godsdiensverskynsel en godsdienservaring tot objek van teologiese ondersoek verklaar (Jonker 1977b:5; Spoelstra 1992:304). Hiermee het ook die empiriese metode vir die teologie as wetenskap na vore getree (Spoelstra 1993:77) en het Schleiermacher die stof vir die vak nie primêr aan die Skrif nie, maar aan die religieuse ervaring ontleen (Jonker 1968:14). Hy wou met hierdie "teorie van die praxis", op basis van die ondersoek na menslike religieusiteit, kerklike voorgangers oplei om Christelike religie te bevorder (Spoelstra 1991c:215). Dit het ingehou dat ook die ander wetenskappe op die beoefening van die Praktiese Teologie kon inkom. In alles moet die kerklike praktyk gedien word en daarom kan enige kenniselement wat dienstig is aan die teorie vir die verbetering van die kerklike praxis, aanspraak maak op die benaming teologie. Alles wat die kerklike funksionering dien, word teologie (Jonker 1981a:19).

Schleiermacher wou dus Kant se rasionele uitsluiting van die kennis van God afwys deur op die kennis en bestudering van die religieuse ervaring te wys (Spoelstra 1991c:209). Jonker (1968:14) wys daarop dat die subjektiewe geloof en ervaring só sentraal gestaan het in sy denke, dat God self nie in die teologie en in die kerklike bediening tereg kon kom nie (Jonker 1968:14).

Een van die belangrike konsekwensies van Schleiermacher se gedagtes, en wat vir hierdie studie van groot belang is, is dat hy onder invloed van die rasionalistiese filosofie steeds 'n spanningsgebeure tussen teorie en praktyk veronderstel het (Spoelstra 1992:308). In hierdie benadering het hy die taak van die Praktiese Teologie bloot gesien as die opstel van die teorie vir die kerklike praktyk (Jonker 1968:14). Die verhouding tussen teologie en praktyk word geproblematiseer, daarom verloor die Praktiese Teologie as empiriese wetenskap sy teologiese karakter, omdat dit nie meer die Openbaring van God as voorwerp van teologiese studie het nie, maar die kerk as empiriese en historiese grootheid. In navolging van Schleiermacher het die teologie teorie en praktyk dus van mekaar geskei.

Uit hierdie oorsig is dit duidelik uit watter denktradisie die Praktiese Teologie met sy gemeentebou uit 'n funksionele en sosiologiese kerkbegrip stam. In hierdie teologie (en sy kerkverstaan) is die Christelike geloof en die religieuse ervaring van die mens (en die hele geloofsgemeenskap) die sentrale uitgangspunt. Daarmee verdring die aksent op

die kérk en sy lede se handelinge die handelinge van God en die Skrifopenbaring (vgl. Spoelstra 1992:304). In hierdie benadering word die Skrif met ander woorde deur die *kérk* as vertrekpunt vir die teologie verplaas (Spoelstra 1992:307). Die "teologie" in die gemeentebouteologie word inderwaarheid die teologie van die kerklike aktiwiteite, indiwidueel en gemeentelik, in lyn met die nuutste insigte van wetenskappe wat die samelewing bestudeer. Wat ter sake is, is om so veel as moontlik kenniselemente met die teologiese fenomeen van die kerk in interaksie te bring in die poging om die kerk en sy lidmate se funksievervulling te optimaliseer.

Gemeentebouteologie loop dus die gevaar om die objek van die teologiese studie te "ontgrens" (Jonker 1981a:20). Nie die skopus van die Openbaring nie, maar die fenomeen van die kerk, die religie van die mens en die eise van die samelewing waarin die kerk homself bevind, word die voorwerp van teologiese studie. Gemeentebouteologie sal dus eerlik rekenskap moet gee van sy diepste dryfvere en die konsekwensies van sy benadering vir die gereformeerde beoefening van die teologie.

Die nawerking van die invloed van Schleiermacher hou gevolglik in dat die ou probleem in die Praktiese Teologie, naamlik die dualisme tussen teorie en praktyk, steeds in die kontemporêre benadering na vore tree. Ofskoon dit in 'n nuwe gewaad aandoen en teorie en praktyk in terme van 'n "kritiese rasionalisme" interaktief op mekaar betrek word onder die vaandel van 'n teologiese "commitment," bly die teologiese substansie van hierdie benadering onder verdenking.

Ten grondslag van hierdie verskuiwing is die fundamentele verskil oor wat teologie en by name "Praktiese Teologie" werklik is (Spoelstra 1992:309). Die gereformeerde en diakoniologiese benadering op voetspoor van Kuyper (1909) stel dit onomwonde dat die Skrif die norm vir die teologie is (Spoelstra 1992:310). Die prakties-teologiese benadering, wat in die gees van Schleiermacher se blywende invloed as "neo-protestantse teologie" getipeer kan word, ondersoek die empiries waarneembare kerk en handelinge van die godsdienstige mens naas die Skrif (Spoelstra 1992:310). In hierdie benadering ontvang die teologie 'n antroposentriese inslag. Die Skrif is nie meer die enigste gesagvolle norm vir die teologie nie. Die empiries-waarneembare menslike religieusiteit word medebepalend in die ontwerp van sogenaamde teologiese teorieë (Jonker 1981a:29). Die eensydig "hermeneuties-deduktiewe" werkswyse van diakonioloë word afgewys. Die strewe is na 'n "induktiewe benadering" wat kan deurdring na die empiriese werklikheid. In die gemeentebouteologie word hierdie werkswyse doelbewus aangelê.

Dit beteken dat gemeentebou nie erns maak met die waarskuwings van Jonker (1968;1981a) ten aansien van die primaat van die Skrif en die teologiese karakter van hierdie dissipline nie. Met die ontwerp van 'n veelheid van basisteorieë vir die kerklike praktyk is die gees van Schleiermacher, wat die taak van die Praktiese Teologie bloot gesien het as die opstel van die teorie vir die kerklike praktyk (Jonker 1968:14), gewis nog nie dood nie.

Uit die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie is dit duidelik dat die prakties-teologiese benadering al hoe meer oor die diakoniologiese benadering domineer. Die rol van die Skrif en die belydenisskrifte in die kerklike bediening en in gemeentebou kry feitlik geen aandag nie, terwyl teorieë wat die brug tussen die Skrif en die praktyk kan bewerkstellig, al hoe meer na vore tree (vgl. Spoelstra 1991a:236). Spoelstra (1991a:236) wys daarop dat dit skyn asof die muur tussen teologie en praktyk, tussen 'n prakties-teolo-

giese en 'n diakoniologiese benadering so hoog loop, dat die "praktiese teologie" eeue vêr van die Skrif en belydenis moet bly om werklik prakties te wees (Spoelstra 1991a:236).

Die verskuiwing van Kuyper na Schleiermacher in die kontemporêre handelingswetenskaplike benadering tot die Praktiese Teologie het die baie belangrike implikasie, naamlik dat die diakoniologie ensiklopedies van hierdie benadering afgegrens sal moet word. Die gemeentebouteologie met sy tiperende benutting van kerkmodelle as kritiese teorieë kan in die lig van sy handelingswetenskaplike benadering gewoon nie meer onder die Diakoniologie tuisgebring word nie. Die voorwerp van studie word met ander woorde van die Openbaring van God verplaas na die beskrywing en teoretiese vormgewing van die God/mens-interaksie. Vir die Praktiese Teologie as handelingswetenskap gaan dit immers oor die God/mens- en tussen-menslike handelinge wat as middel kan dien vir die totstandkoming of bevordering van die religieuse geloof (Jonker 1981a:30). Of meer teologies uitgedruk, gaan dit om daardie handelinge wat die koms van God na die mens en die wêreld intermediërend dien (Firet 1980a:12,16,22; Jonker 1981a:30).

## 5.3.4. DIE SKRIF AS PRINCIPIUM THEOLOGIAE?

Die prakties-teologiese benadering én die gemeentebouteologie fokus primêr op die praxis van die kerk op basis van 'n verbeterde kerkteorie. Die reëls vir die praxis word nie uit die Skrif nie, maar uit die kerk en die menslike religieusiteit (vgl. Jonker 1981a:27) in relasie tot God en sy Woord afgelei. Die normvraag in hierdie soort beoefening van die Praktiese Teologie word dan vanuit die handelingswetenskaplike wetenskapsteorie beredeneer en verantwoord. Maar, wat gebeur met die Skrif as *principium theologiae* in hierdie benadering? Dit is ten minste die wyse waarop gereformeerdes tog oor die normering van teologiese arbeid wil dink.

Van Wyk (1989), wat eksplisiet nie vanuit 'n gereformeerde belydenisgrondslag teologiseer nie, is hierin eerlik genoeg om te sê dat die Skriftuurlike norm soos dit in die beoefening van die gereformeerde teologie hanteer word, gewoon nie meer dienstig is in 'n moderne samelewing met nuwe wetenskapsteoretiese eise nie. Die teorie/praxis-wisselwerking dien as verbetering en antwoord op 'n uitgediende Skriftuurlik-gereformeerde benadering wat geen noemenswaardige bydrae tot die praktyk van die kerklike lewe kan lewer nie (Van Wyk 1989:191). Dit is duidelik waarom hierdie benadering ook nie konfessioneel kan werk nie (Van Wyk 1989:3), aangesien die belydenis die vrye "wetenskaplike" beoefening van die teologie te veel bind aan 'n objektiwistiese Openbaringsbeskouing en starre konfessionalisme wat nie veel ruimte laat vir die kreatiewe inset van die geloofsgemeenskap nie (Van Wyk 1989:146). Spoelstra (1992:303) wys in hierdie verband daarop dat ten spyte van Van Wyk (1989) se felle kritiek teen 'n diakoniologiese en konfessionele benadering, hy met sy praktiese teologie as handelingswetenskap egter geen aanvaarbare alternatief bied nie.

As die Praktiese Teologie op hierdie wyse die teologiese kennis aangaande die Woord as't ware eers moet opskort om suiwer tegnies en empiries die God/mens-interaksie te bestudeer, word veronderstellings meegeneem wat ernstige konsekwensies het vir die beoefening van die teologie as sodanig (vgl. Jonker 1981a:35). By die gemeentebouteologie gebeur dit dat die resultate van empiriese navorsing en die insigte van sosiale wetenskappe tot 'n selfstandige funksie verhef word naas en in samespraak met die Skrif. Die gesag van die Skrif kom gevolglik in interaksie met die maatstawwe van die moderne maatskappy en die moderne mens.

Die primaat van die Skrif as norm word in bogenoemde benadering ingeruil vir die samespraak van menslike insigte en ervaringe oor God. Die gegrepenheid van die begenadigde sondaar tot geloof en gehoorsaamheid deur Gods Woord en Gees, word vervang met basis- en praktykteorieë wat tot stand gebring word deur middel van die noukeurige empiriese analise van die God/mens-interaksie. Die vrae ten aansien van die bedieningsproblematiek word nie hier gesoek by die Woord en by teologiese en kerkhistoriese verantwoording nie. Nee, die mens word op 'n byna onbarmhartige wyse weer terugverwys na homself, na sy ervaringe, voorstellinge en teorieë oor God, sy Woord en die kerklike lewe (Te Velde 1989:19).

Dan gebeur dit dat daar eintlik geen ander norm oorbly as die wetenskaplike werking en aard van die geloofsgemeenskap self nie (Britz 1993:6). By die grasie van 'n wetenskapsfilosofie wat met 'n onderliggende dualisme tussen teorie en praktyk werk, moet gepoog word om die dinamika van die kerk te begryp. Eers as die empirie en die sosiale wetenskappe in die raamwerk van 'n handelingsteoretiese kenteorie die kloof tussen teorie en praktyk oorbrug het, kan die kerk vorm gee aan sy eie teorieë met die oog op optimale funksionering. Dan is die dinamika en die wetenskaplike funksionering van die geloofsgemeenskap immers duidelik uitgeklaar. 'n Magdom elemente word in die gemeentebouproses ter sprake gebring, met die Skrif en die kerk as teologiese fenomeen in verband gebring, maar word uiteindelik ontbloot as die denkprodukte van die geloofsgemeenskap self. Die werking van die Woord en Gees versand dan elke keer in die eie geestesprodukte vir gemeentevernuwing op basis van die insigte van die nie-teologiese wetenskappe.

Met Jonker (1968:16,23) word tot die konklusie gekom dat ook die kontemporêre gemeentebouteologie opgegaan het in "een soort Kirchensoziologie of een stuk kerkelijke psychiatrie" waarin die geheimenis van die werk van die Heilige Gees (Jonker 1968:16,23; Spoelstra 1992:315) en gevolglik die gesag van die Skrif verlore gaan. Met die benadering van die kontemporêre gemeentebouteologie is hierdie opmerking van Jonker dus, ofskoon dit uitgespreek is etlike jare vóór die ontwikkeling daarvan in die Ned. Geref. Kerk, in hierdie kerk bewaarheid.

Die handelingswetenskaplike benadering se pogings om 'n volbloed teologiese dissipline te bly oortuig gevolglik nie. Die bestudering van die Skrif en die regering van Christus met die oog op die orde in sy kerk, word verplaas na die bestudering van en opheffing van die spanningsrelasie tussen teorie en praktyk (vgl. Trimp 1978:7). Op geen wyse kan die Skriftuurlike voorspraak en aanduiding ongekwalifiseerd gehandhaaf word in die raamwerk van 'n bipolêre spanningsverhouding wat aan die praktyk gelyke gewig en inspraak naas die Skrif wil bied nie. Gemeentebou slaag gevolglik nie daarin om die norm van die Skrif en die belydenis ten aansien van die kerkbegrip wat hanteer en veronderstel word, veilig te stel nie.

Die prakties-teologiese benadering het die stryd aangesê teen die diakoniologiese benadering wat vashou aan die primaat van die Skrif. Waar die gereformeerde Diakoniologie geroepe is om sy primêre interesse in die Openbaring van God in Jesus Christus te vestig (Jonker 1968:23), gebeur dit in die gemeentebouteologie dat die erns met empiriese en sosiaal-wetenskaplike gegewens selfstandig naas en langs die Skrif vooropstaan.

**SAMEVATTING**

Gemeentebou het in die handelingswetenskaplike benadering 'n vaste oriënteringspunt. Die opgaaf van hierdie hoofstuk was om die kenteoretiese basis hiervan op te diep en te verantwoord. Daarmee is aangedui dat dit in hierdie benadering basies nie om Skriftuurlik-gefundeerde beoefening van die teologie kan gaan nie. Begrip vir die interaktiewe verweefdheid tussen teorie en praktyk, die menslike kant van kerkwees en die ontwerp van basis- en praktykteorieë lei tot die konklusie dat die diakoniologiese benadering nie kan voorsien in hierdie wetenskaplike eise vir die verbetering van die kerklike praktyk nie. Die kerkbegrip van die gemeentebouteologie kom gevolglik nie tuis in die veld van die Diakoniologie nie. Trouens, dit kondig 'n paradigma-verskuiwing aan van Diakoniologie na Praktiese Teologie.

Uitgedruk in terme van 'n kerkbegrip, met al die implikasies van die onderliggende kenteorie, dui dit daarop dat die principium theologiae hiermee verplaas is van die Skrif na die interpretasie van die interaksie tussen teorie en praktyk. In die kerkbegrip van die gemeentebouteologie kom 'n mens wel Skriftuurlike verwysings teë, maar dit gaan daarin eerstens om die wetmatigheid en manipuleerbaarheid van die empiriese gemeentelike situasie en menslik-religieuse handelinge daarbinne.

Dat die handelingswetenskaplike benadering met sy vooronderstellings nog nie teologies-krities verantwoord is nie, sal in die volgende hoofstuk aan die lig tree wanneer die kerkbegrip en sy kenteoretiese basis aan die uitgangspunte wat vir die gereformeerde teologie van belang is, getoets gaan word.

# HOOFSTUK 6

# DIE GEREFORMEERDE SOLA SCRIPTURA DEUR DIE "SOLA ECCLESIA" VAN DIE GEMEENTEBOUTEOLOGIE VERPLAAS

## 6.1. INLEIDING

In hoofstuk 6 word die konsekwensies van die handelingswetenskaplike basis van die kerkbegrip van gemeentebouteologie verder aan die orde gestel. Die resultaat van die vorige hoofstuk bring die studie nou op daardie punt om eksplisiet te vra: Word die belydenis van die Sola Scriptura in 'n gereformeerd-konfessionele sin nog onverkort gehandhaaf in die kerkbegrip van die gemeentebouteologie van die Ned. Geref. Kerk? Is die wyse waarop die kerkbegrip van die gemeentebouteologie as 'n kritiese teorie ontwerp is en aangewend word, nog te versoen met die gereformeerde ekklesiologiese benadering vanuit die Skrif en belydenis? Kortom, word die Sola Scriptura nie deur 'n "sola ecclesia"-inslag van die gemeentebouteologie verplaas nie? Hierdie hoofstuk maak dus erns daarmee dat die **kérk** en sy lede, as empiriese geloofsgemeenskap, teologies oor die Skrif in gemeentebou domineer.

Hierbenewens is raakgesien dat die groot klem wat die empiriese inspraak van die geloofsgemeenskap (in 'n kenteoretiese sin) in die kerkbegrip van die gemeentebouteologie kry, alreeds 'n bepaalde **Skrifbeskouing** en **Skrifhantering** veronderstel. Die Skrif word op só 'n wyse hanteer dat dit inpas by die inbeelding van 'n kerkbegrip. Omdat die funksionele kerkbegrip die allesbepalende saak word en die Skrif op die koop toe in 'n handelingsteoretiese sin bygehaal word, word daar ook nie ongekwalifiseerd vasgehou aan die funksie en karakter van die gereformeerde belydenisskrifte nie. Hier kom dus sake in die spel wat die tradisionele gereformeerde standpunt laat kantel. Dit dring aan op behandeling. In die eklektiese Skrifhantering en -verwysing, die gebruik van die gemeentegeskiedenis en die kerksentrisme van gemeentebou word die lyn wat weglei van 'n Skrifgenormeerde en konfessionele aanpak, dus nog verder gevoer.

## 6.2. 'N EKLEKTIESE SKRIFHANTERING EN VERWYSING

Die Bybel word heel dikwels in gemeentebou hanteer. Trouens hierdie teologie maak aanspraak op sy Skriftuurlikheid. Daar word immers gewerk aan die opbou van die kerk as liggaam van Christus wat min of meer 'n Skriftuurlike aangeleentheid is. Die kerkbegrip wat hieraan diensbaar moet wees, vind sy verwysingspunt hierbenewens in 'n Bybelse metafoor. Die vraag is, veral noudat die konsekwensies van die kenteoretiese paradigma waarop gemeentebou gegrond is (hoofstuk 5) sowel as die konsekwensies van die implementering van 'n funksionele kerkbegrip deur middel van kerklike herstrukturering (vgl. Deel II) aangedui is, of die hele saak (teen sy eie bedoeling in) wel so vanselfsprekend Skriftuurlik is. Groei dit op uit 'n breë eksegetiese basis waarin die Skrif onverbloemd aan die woord kom? Dit is 'n akute vraag, veral as in gedagte gehou word dat dit in die literatuur algemeen aanvaar word dat die Skrif nié voorskrifte bevat vir die wyse waarop gemeentes ingerig moet word nie (vgl. Van Rensburg 1990:30). Met ander woorde, die Skrif stel nie bepaalde strukturerings en modelle voor nie -

daarom dat 'n modelleteorie, sosiaal-wetenskaplike insigte, empiriese situasie-analises, strategies-teologiese beplanning, ensovoorts ingebou word in die ontwerp van 'n funksionele kerkbegrip.

Hendriks (1992a:38) wil na die Skrif luister "wanneer dit praat oor gemeentebou." Daarmee wil hy die boumetafoor in die Ou- en Nuwe Testament nagaan om dit te konkretiseer met die oog op gemeentebou en -vernuwing in die bediening (Hendriks 1992a:38). As hy van hieraf uit vir die "liggaamsmodel" kies (Hendriks 1992a:117), word dit nie eksegeties beredeneer nie. Ten opsigte van die liggaamsmodel is die Bybelse aanwysing deur 'n metafoor egter voldoende. Die éintlike punt van verwysing is met ander woorde nie die eksegese van die boubeeld nie, maar die kerklike modelle-teorie in die lig van 'n aantal kerklik-teologiese tradisies. (Hendriks 1992a:11 e.v.; vgl. ook Dulles 1976). Die "liggaamsmodel" is immers die essensiële faset van hierdie teologie, aangesien dit as voertuig dien om die boukonsepte, soos dit op 'n omvangryke wyse uit die Ou- en Nuwe Testament afgelei word (vgl. Hendriks 1992a:37-88), in terme van 'n praktykteorie en bedieningstrategie in die praktyk te laat realiseer. Wat word in die proses van die Skrif? Nadat die kerkmodel aan die hand van 'n sekere metafoor bepaal is, moet daar wéér na die Skrif geluister word wanneer dit praat oor die amp en oor lidmate se dienswerk. Skrifgedeeltes soos 1 Kor. 12, Ef. 4 en Rom. 12 kom hierby ter sprake (Hendriks 1992a:90). Maar mag dit so? Kan die taak en dienswerk van gelowiges vanuit bepaalde Skrifgedeeltes afgelees word, net omdat dit binne die konteks van die dinamiese en suksesvolle funksionering van die liggaam pas en gevolglik uitdrukking sal gee aan die ideale en oogmerke van gemeentebou? Dit is duidelik dat die Skrif eklekties bygehaal word om deur die kronkelgange van die gemeente-bouproses darem in die oog te bly.

Ook Burger (1991a) haal telkens die Skrif by om as Bybelse fundering te dien vir die vier dinamiese beginsels van die funksionering van die christelike geloofsgemeenskap (Burger 1991a:39,74,100,125). Waar hierdie beginsels deur die sosiale wetenskappe uitgewerk en gekonkretiseer is, is dit telkens opmerklik hoe hulle in die Skrif teruggelees kan word. Is hier nie sprake van 'n eklektiese Skrifhantering nie? Kan 'n dinamies-sosiologiese kerkteorie in die Skrif "teruggelees" word en tot 'n bedieningstrategie met die oog op totale bedieningsvernuwing aangebied word? Kan die dinamika van die funksionering van 'n geloofsgemeenskap in terme van dinamies-sosiologiese beginsels die Skrif sommerso goedsmoeds byhaal om Bybelse begronding te verleen aan 'n geloofsgemeenskap wat per defenisie toevallig *Christelik* is? Myns insiens mag dit nie. Die byhaal van die Skrif waarborg lank nie die Skriftuurlikheid van 'n saak nie.

Uit hierdie voorbeelde, wat aansienlik uitgebrei kan word, blyk dit dat gemeentebou met byhaal van en verwysing na die Skrif volstaan. In werklikheid word dit 'n eklektiese Skrifhantering ter wille van die saak van gemeentebou. Daarom is dit 'n ope vraag of die gemeentebouteologie met 'n **ekklesiologie** werk wat uit die Skrif opkom en deur die Skrif genormeer word? Kan hier nog van 'n gereformeerde ekklesiologiese benadering gepraat word, wanneer 'n klompie geselekteerde gemeentebouteksté of konsepte die "pilare" word aan die hand waarvan die gemeente-bouteologie aanspraak op skriftuurlikheid en teologiese substansie wil behou? Laat die gemeentebouteologie reg geskied aan die Skrif as Openbaring en aan die kerk as instelling van God, wanneer die Skrif deur 'n genitiewe kerkteologie getregter word? Gaan dit in die kerklike bediening nie om méér as net die kerk en sy opbou nie, en gaan dit in die Skrif ook nie om méér as net die opbou van die gemeente en dit wat daarmee verband hou nie?

Die wyse waarop die gemeentebouteologie deur middel van struktuurvernuwing op basis van 'n alternatiewe kerkbegrip die deformasie in die kerklike lewe wil besweer, kom myns insiens in feite neer op 'n loslating van die Skrif en die gereformeerde belydenisskrifte. Omdat die kerk as geloofsgemeenskap met kommunikatiewe geloofshandelinge opgevat word, word afgestap van die onverkorte primaat van die Skrif en oorgehel na sosiologie, antropologie en sosiale sielkunde (vgl. Spoelstra 1992:304). In hierdie benadering kan die Skrif hoogstens nog 'n kritiese en kontrolerende funksie vervul binne 'n groter dinamies-sosiologiese prentjie (vgl. Burger 1993:8). Dit is uiteindelik die konsekwensie van 'n eklektiese Skrifhantering en verwysing. Die Skrif kom só in diens van 'n teologie met sy eie voorkeure, pretensies en aansprake.

## 6.3. 'N KRITIESE SKRIFBESKOUING

In die vorige hoofstuk is alreeds daarop gewys dat die wyse waarop die Skrif in die handelingswetenskaplike kenteorie ter sprake gebring word, probleme oproep vir die gereformeerde uitgangspunt waarvolgens die Skrif as principium theologiae aangelê word. In die gemeentebouteologie word geargumenteer dat die Skrif nie eensydig deduktief "van bo" oor die lewe van die kerk ingeskuif kan word nie. Dit moet op 'n ander wyse verdiskonteer word.

Burger (1991a:56), in sy dinamika-teorie vir die funksionering van die Christelike geloofsgemeenskap, verstaan die Skrif byvoorbeeld as die "tradisionele verhale van die betrokke geloofsgemeenskap (d.w.s. die Skrif)", wat "sin, betekenis en rigting aan die lewe van gelowiges gee." Die waarheid van die evangelie is in hierdie opvatting vervat in die kanonieke verhale van die Skrif. Hoe beter hierdie verhale gehoor, geken, verstaan en gehoorsaam word, hoe beter is die kanse dat die evangelie werklik die harte en lewens van lidmate in besit sal neem vir die voortgang van die saak van Christus. As die Skrif hier die eie geloofsgeskiedenis van die geloofsgemeenskap word, word die deure wawyd oopgestoot vir 'n "histories-kritiese en eksistensiale omgang met en interpretasie van die Skrif" (Britz 1993:6). Waar die aktiwiteit en inset van die mens in die gemeentebouteologie met die oog op 'n sinvolle God/mens-interaksie en dinamies-funksionerende geloofsgemeenskap so hoog opgegee word, is hierdie omgang met die Skrif nie maar net 'n denkbeeldige gevaar nie. Die mens in die moderne geloofsgemeenskap wend hom dan tot die histories-teologiese dokumente van die destydse Christelike geloofsgemeenskap. Hierdie dokumente bevat die Woord van God, daarom moet dit telkens op 'n dinamies-geestelike wyse geherinterpreteer word en deur die geloofsgemeenskap met die oog op sy eie funksionering geheraktualiseer word. Daar moet dus ook afgestap word van 'n Woordbediening wat eensydig op 'n intellektuele leerproses fokus, sodat die samespraak van die geloofsgemeenskap se belewing van hulle geloof in die proses verreken kan word.

Dieselfde klanke word by Van Wyk (1989) gevind wat in sy soeke na groter rasionaliteit in die beoefening van die Praktiese Teologie ook 'n **kritiese Skrifopvatting** daarop nahou. Hierop moet ingegaan word, aangesien die handelingswetenskaplike benadering tot die Praktiese Teologie tot 'n groot mate met hierdie agterliggende Skrifopvatting werk.

Volgens Van Wyk kan die Skrif nie beskou word as "'n objektiewe Openbaring van God" nie, maar eerder as 'n "geloofsboek" (Van Wyk 1989:63). In die Bybel word die skriftelike getuienis gevind vir die relasionele wyse waarop die mense van destyds in metaforiese geloofstaal die werklikheid van God vanuit 'n totale geloofsverbin-

tenis ervaar het (Van Wyk 1989:63), daarom is die Skrif 'n deur en deur menslike boek. Die relasionele waarheidsbegrip in die benadering van die moderne Praktiese Teologie kom hier in die plek van die diakoniologiese benadering wat met "objektiewe waarhede" werk, aldus Van Wyk (1989:190). Die reikwydte van 'n werklikheidsgetroue prakties-teologiese besinning kan daarom nooit net tot die Skrif afgegrens word nie (Van Wyk 1989:85). Dit kom immers in teëspraak met die Skrifopvatting wat deur handelingswetenskaplike gemeentebouteoloë gehuldig word en wat deur hulle kerkbegrip veronderstel word. Nee, naas die Skrif moet daar ook met ánder metodologiese vraagstellinge gewerk word, sodat die normvraag ook krities deur die Christelike en kommunikatiewe geloofshandelinge begelei kan word (Van Wyk 1989:196).

Dit is dus duidelik waarom met gereformeerdes se "konfessioneel-bepaalde Skrifbeskouing" gestoei word (Van Wyk 1991:82). Om dit bietjie bloot te lê help om agter die gees van die handelingswetenskaplike benadering se Skrifopvatting in te kom. Vir die kritiese ingesteldheid van die handelingswetenskaplike besef hanteer gereformeerdes 'n Skrifbeskouing wat ander wetenskappe maar net op 'n eklektiese wyse ter sprake kan bring (Van Wyk 1991:77). Omdat die "konfessionele Skrifhantering" op 'n "dogmatiese ekklesiologie" dui, hou dit in dat hulle met 'n kerkbeeld werk wat as normerend aangebied word vir die prakties-teologiese teorie en praktyk. Teologie kry dan meer die karakter van 'n "geloofsbelydenis", omdat dit nie oop staan vir rasionele empiriese kontrolering nie (Van Wyk 1991:79). Selfs teoloë wat aan die een kant empiries wil werk en aan die ander kant gereformeerd wil bly, sal vind dat hulle nie volledig die sprong kan maak vanuit die bindinge van die konfessionele benadering nie (Van Wyk 1991:84).

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat Van Wyk met aannames oor die gereformeerde teologie en Diakoniologie opereer wat juis sy eie wanbegrip ten opsigte van hierdie teologiese benadering boekstaaf. Hy beskuldig gereformeerdes van 'n konfessioneel-bepaalde Skrif- en kerkbeskouing, terwyl die gereformeerde belydenisskrifte juis nié 'n Skrif- en kerkbeskouing objektiveer nie. Hy oordeel dat gereformeerdes 'n Skrifbeskouing hanteer, terwyl sy eie Skrifbeskouing, ten spyte van sy klem op wetenskaplike objektiwiteit, vaag en verskuil bly. Sy eie "konfessionele vooronderstellings" bly in die duister. Agter die skyn van 'n voorveronderstellingslose teologie kruip egter die werklikheid van 'n kritiese Skrifbeskouing uit wat op 'n subjektiwistiese wyse relasioneel op die empiriese werklikheid aangelê word.

Dit sou onverantwoord wees om teoloë wat in die gereformeerde tradisie staan en tog die moontlikhede van die handelingswetenskaplike benadering wil ontgin (die sg. "gemengde tipe" teoloë i.t.v. van Van Wyk (1991:81 e.v.) se tipering), ongekwalifiseerd op een lyn met 'n kritiese Skrifbeskouing te assosieer. Wat wel aanvaar moet word, is dat teoloë wat gereformeerd wil bly en handelingswetenskaplik wil werk, moeilik ontkom aan die agterliggende konsekwensies van die handelingswetenskaplike benadering se kritiese Skrifbeskouing soos dit op 'n eksplisiete wyse deur Van Wyk (1989; 1991) uitgespel is. Om 'n soort van 'n "sintese" te bewerkstellig tussen die gereformeerde klem op die gesag en voorspraak van die Woord aan die een kant, en 'n wetenskapsteorie aan die ander kant, wat myns insiens nie anders kan as om met 'n kritiese Skrifbeskouing te werk nie, is 'n riskante onderneming.

Hierdie onderneming word gevind by teoloë soos Nel (1991), Pieterse (1992b) en Venter (1992). In terme van 'n persoonlike teologiese keuse word klem gelê op die gesag van die Skrif. Wat dan hieraan toegevoeg word, is die

belang van die feit dat die empiriese werklikheid in interaksie met die Skrif ook verreken moet word. Hiermee is op sigself nie fout te vind nie. Die probleem kom egter wanneer die wyse waarop die gesag van die Skrif tot spreke gebring word, deur middel van 'n wetenskapsteorie relasioneel op die empiriese werklikheid aangelê word om in die proses by beter rasioneel-verifieerbare teorieë uit te kom.

So wil Pieterse (1992b) vashou aan die gesag van die Woord op grond van die diakoniologiese benadering, maar is dit vir hom ewe belangrik om die empiriese werklikheid in 'n "hermeneutiese wisselwerking" met die Woord te bring (1992b:333). Ook Nel (1991:28 e.v.) wil die gesag van die Skrif deur 'n "bipolêre spanningsverhouding" tussen teorie en praxis bly handhaaf. Die gesag van die Skrif word dan veilig gestel in die lig van die feit dat die "teologiese dimensie" in die spanningsverhouding duidelik verdiskonteer is. Venter (1992), as gereformeerde teoloog aan die PU vir CHO, wil op 'n eienaardige wyse die beoefening van die Diakoniologie in verband bring met die eis van rasionaliteit in die moderne wetenskapsteorieë (vgl. Venter 1992:34-44). Handelingswetenskaplike taal word op die Diakoniologie geprojekteer wanneer hy praat van "diakoniologiese teorievorming" en die "rasionele opspoor van die diakoniologiese wetmatighede in die werklikheid van die Skrif en skepping" (Venter 1992:47). Om dan 'n werkbare rasionaliteitsmodel vir die beoefening van die Diakoniologie te produseer, word die gesag van die Skrif ook deur hom in 'n "hermeneutiese wisselwerking" met die empiriese werklikheid as "rigtinggewer" gekomplementeer (Venter 1992:49).

Die vraag ontstaan onwillekeurig of die handelingswetenskaplike benadering rekening hou met die aard van die Skrifgesag self? Manifesteer hier nie 'n Skrif*beskouing* wat in terme van die teologie/empirie-interaksie nie meer uitsluitlik kan uitgaan van die gesag van die Skrif self nie? Is die aard van die Skrifgesag nie alreeds geproblematiseer wanneer dit deur 'n bepaalde wetenskapsteorie gemotiveer moet word nie? Kan hierdie benadering nog ongekwalifiseerd uitgaan van die bediening van die Skrif as die gesaghebbende Woord van God? (Vgl. Graafland 1973:26.) Of moet die gesag en waarde van die Skrif telkens deur middel van handelingsteoretiese en empiriese vaardighede gemotiveer word? Dit lyk of daar eerder gesoek moet word na 'n verbinding en kritiese interaksie tussen die Skrif en die mens se ervaring (Graafland 1973:26). Die ideaal is dat 'n wisselwerking en dialoog tussen beide sal plaasvind om te kom tot die kennis van die waarheid. Nie net die getuienis van die Skrif nie, maar ook die kreatiewe inset van die mens is betrokke en medebepalend. Op grond van hierdie benadering kan die teorieë, soos dit onder andere ook by gemeentebou na vore tree, van tyd tot tyd en van situasie tot situasie verskil. Nie omdat die Skrif verander nie, maar omdat die inset en bydrae van die geloofsgemeenskap in 'n voortdurende proses van verandering en ontwikkeling is (vgl. Graafland 1973:26). Hiermee word die kerk, sy belydenis én die Skrif myns insiens in 'n ontwikkelingsproses tot beter en meer dinamiese kerkteorieë deur die gemeentebouteologie op sleeptou meegeneem.

Die kerk van Christus kan nooit in lyn met die gereformeerde belydenisgrondslag in die geloof opgebou word as sy bestaansgrond afhanklik gestel word van die empiriese en sosiaal-wetenskaplike inset van die geloofsgemeenskap in dialoog met die Skrif nie. Gemeentebouteoloë sal in hierdie verband antwoord dat hulle dit nie het oor die wese van die kerk se bestaan nie, aangesien dit duidelik in die Skrif en belydenisskrifte verwoord word (Burger 1991a:17; Hendriks 1992a:38). Vir hulle besef gaan dit eerder oor die kerk se praktiese funksionering, aangesien die dogma en belydenis se spreke oor die wese van die kerk, nie begroot vir riglyne en strategieë met die oog op die kerklike praktyk in steeds veranderende kontekste nie (Burger 1991a:17).

Op hierdie punt word die kritiek teen dié benadering net verder bevestig. Die Skrif en die belydenis se omvattende spreke moet aangevul word uit 'n ander bron naas God se Openbaring, naamlik deur die mens, sy analises, visies en strategieë. Hiermee word die diens en opbou van die gemeente afhanklik gestel van 'n proses wat nie vanuit die Skrif geskied nie, maar naas en tot aanvulling en konkretisering van die Skrif. Waar God en mens, Goddelike Woord en menslike ervaring/inset die gemeenskaplike bron en kriterium word vir die geloof (vgl. Graafland 1973:28) en die opbou van die gemeente, word die gereformeerde teologie op 'n kritieke punt losgelaat - op die punt van die belydenis van die Sola Scriptura. Dit is presies wat gebeur in die kerkteorie van die gemeentebouteologie wanneer dit sy beslag, ook vir sy diens en funksionering, nie kry in God en sy Woord alleen nie (Graafland 1973:28). 'n Onderliggende Skrifbeskouing bepaal altyd op 'n pragmatiese en kontekstuele wyse wat in die Skrif gesag dra en wat nie.

'n Eklektiese Skrifhantering en 'n kritiese Skrifbeskouing lei onvermydelik daartoe dat die belydenisskrifte nie tot hulle reg kan kom nie. Die gereformeerde belydenisskrifte wil die beoefening van die teologie tog op 'n omvattende wyse aan die gesag en die spreke van die Skrif bind. Nie om die teologie op grond van 'n starre konfessionalisme (vgl. S.A. Strauss 1993:1) by voorbaat aan vooronderstellings te bind nie, maar om juis die omvattende gesag van die Skrif vir die teologie te laat geld. Die gemeentebouteologie gaan egter, sover vasgestel kon word, mank aan verwysing na die gereformeerde belydenisskrifte. Dit val uiteraard saam met die anti-dogmatiese inslag van die dinamiese kerkbegrip wat die gemeentebouteologie hanteer. Vir hierdie teologie werp dogmatiese refleksies lig op die wese van die kerk, maar bied dit nie riglyne vir die praktiese funksionele sy van kerkwees nie (vgl. Burger 1991a:17).

Onderliggend aan hierdie lyn van denke lê 'n dualisme tussen dogma en lewe, belydenis en diens. Hierdie dualisme is in terme van die denke van die rasionalisme begryplik, maar is vreemd aan die spreke van die Skrif wat geen dualisme tussen belydenis en diens, tussen indikatief en imperatief leer nie. Hierdie dualisme is ook vreemd aan die karakter en funksie van die gereformeerde belydenisse wat afgestem is op die lewe en diens van die kerk in sy omvattende gebondenheid aan die Skrif. Dogma in hierdie sin is tog nie die uitdrukking van strakke leerstellinge nie, maar belydenis aangaande die wese van die kerk. In die belydenis van die wese van die kerk is daar alreeds die lewe, diens en funksionering van die gemeente ingebed. Die wese van die kerk se bestaan kan daarom nie dualisties losgemaak word van sy funksionering nie. Die belydenisskrifte van die kerk op grond van die Skrif en soos dit verder uitgewerk word in die gereformeerde dogmatieke, bied dus direkte lig op die regering en diens van die kerk in die praktyk. Wanneer die belydenis van die kerk egter nie meer die denke oor die gemeentebediening normeer en konstitueer nie, maar slegs moet kontroleer (vgl. Burger 1991a:32), is dit inderdaad die bevestiging van 'n kerkbegrip "van onder af."

Die Skrif en die belydenis bly in die gereformeerde sin van die woord by die gemeentebouteologie in die slag. Die aanwending daarvan is eklekties en nie normerend in 'n omvattende sin nie. Die Skrif kom hier in terme van 'n bepaalde opvatting in die hande van die geloofsgemeenskap wat daarop neerkom dat die belydenis van die Sola Scriptura in diens staan van die "sola ecclesia"-inslag by die gemeentebouteologie. Hiertoe dra die kenteoretiese grondslag van die gemeentebouteologie by. Dit verteenwoordig 'n lyn van denke wat die kerk as 'n sosiale sisteem opvat en die Skrif dienooreenstemmend byhaal.

Hoewel die reënwater op dieselfde dak van die Hillbrow-gebou val, lei die geute dit na verskillende oseane...

In 'n ander verband word dieselfde saak geïllustreer, by name in die aanwending van die gemeentegeskiedenis.

## 6.4. DIE GEBRUIK VAN DIE GEMEENTEGESKIEDENIS

In sy goed beredeneerde boek het Geyl (1936) op die **Gebruik en misbruik der geskiedenis** gewys. Daarmee lê hy die vinger op 'n belangrike probleem in die geskiedskrywing. Soos die geskiedenis kan die kerkgeskiedenis ook gebruik en misbruik word vir die een of ander doel. Hoedat dit op 'n onverantwoorde omgang met die kerkgeskiedenis neerkom en hoedat kerklike en teologiese vooroordele daarin oorwoeker in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing, is deur kerkhistorici ingesien én aangedui. Die Stellenbosse kerkhistorikus, Eddie Brown, het dit van almal in 'n reeks skitterende artikels te berde gebring. In 1973 beklemtoon hy dat **The necessity of a "Black" South African church history** (Brown 1973b) nie deur die kerkistiese en kultuurgeoriënteerde Afrikaanse en Engelse kerkgeskiedskrywing opgeroep word nie, maar veral deur die belang van 'n teologiese begrip en uitklaring van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. In die volgende jaar het hy dieselfde saak onderstreep toe hy **Die behoefte aan verantwoording van die kerk en sy gereformeerde geskiedenis in ons land** (Brown 1974) aan die orde gestel het. Gedurende 1976 maak hy weer 'n aantal **Kantaantekeninge by die formele en materiële beginsels van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing** (Brown 1976). Ook hierin pleit hy vir 'n teologiese verstaan en beoordeling van die kerkgeskiedenis. Daarmee moet weggekom word van motiewe en bymotiewe waarvoor die kerkgeskiedenis in diens geneem word. Na byna twintig jaar, in 1993, bevind hy dat die **Onverantwoorde kontekstuele kerkgeskiedskrywing in Suid-Afrika** (Brown 1993a) nie tot 'n verantwoorde metode gekom het nie, "omdat 'n kritiese benadering nie met selfkritiek beoefen en die historiografie nie deur die geskiedenis self getoets word nie" (Brown 1993a:111). Vrywaring van subjektiwisme en kerkisme kom as dit in die beoefening van die kerkgeskiedenis "allereers om dié kerk van Jesus Christus, ons Saligmaker gaan" (Brown 1993a:139). Metodologies moet die kerkgeskiedskrywing en interpretasie dus rekening hou met die teologiese inslag en momentum van die kerkgeskiedenis. Dit moet vanuit 'n "theologisch gezichtspunt" (Van't Spijker 1981:106 e.v.) gedoen word.

Hieruit is dit duidelik dat die kerkgeskiedenis nie sondermeer aangewend en geïnterpreteer kan word nie, veral nie omdat dit daarin steeds om die kerk van Jesus Christus gaan. Dit moet met teologiese onderskeiding en begrip vanuit die primêre bronne beskrywe en beoordeel word. Waarop dit metodologies neerkom, het Brown (1969) in sy intreerede in **'n Bespreking van die teologiese metode van kerkgeskiedenis met verwysing na die vaderlandse kerkgeskiedenis** gestel.

Gemeentebou skroom nie om die gemeentegeskiedenis aan te wend nie. Dit is met name in hoofstuk 4 aangedui. Die hele konsep van 'n kerkbegrip "in kontras" rus op die gebruik van die gemeentegeskiedenis. Kom dit neer op onverantwoorde en kontekstuele aanwending van die gemeentelike verlede? Verraai die wyse waarop die kerk- en gemeentegeskiedenis in die gemeentebouteologie gebruik word, nie 'n motief en 'n bymotief wat aan historiese singewing ontbreek en juis die geskiedenis verduister en misbruik nie?

In die boekie waarin **Gemeentes vertel** (Hendriks 1992b) is dit op die oog af duidelik dat gemeentebouteologie die gemeentegeskiedenis vir sy eie oogmerke en projeksies inspan, sonder om daardie geskiedenis teologies-krities in die lig van die Skrif te verantwoord. Hierdie geskiedenis word slegs 'n aanduiding van die kontras tussen die ou kerkteorie en die nuwe dinamiese liggaamsmodel. Reeds in 1973 het Brown aangetoon dat die benutting van die gemeentegeskiedenis met historiese besef en verantwoorde historiese ondersoek in verband met die Woord gebring moet word (Brown 1973a:197). Wat egter by die gemeentebouteologie gebeur, is dat die kerk van Christus, soos geopenbaar in die Skrif en bely in die konfessie, nie as norm funksioneer in die beoordeling van die geskiedenis nie (vgl. Brown 1969:5-6). In 'n handelingswetenskaplike sin moet 'n bepaalde projeksie van die kerk in terme van 'n kerkmodel of kerkbegrip die norm word aan die hand waarvan die geskiedenis geïnterpreteer en gebruik word. Of die Skrif in hierdie benadering nog die "principium ecclesiae historiae" (Brown 1969:6) is, is te betwyfel, aangesien die wese van 'n kerkmodel die perke van die Skrif oorskry (vgl. Hendriks 1992a:13).

As die kerk en gemeentegeskiedenis ter hand geneem word, kan die teologies-kritiese beoordeling daarvan tog op geen ander wyse geskied as aan die hand van die Skrif as principium nie (Brown 1969:7). As die kerk in die geskiedenis dan nie getrou was aan sy roeping nie, kan dit tog immers nie aan die hand van 'n veronderstelde kerkmodel beoordeel word nie. Die verantwoorde weg sal wees om die probleem objektief en krities aan die hand van die Skrif en belydenis kerkhistories uit te klaar en teologies te beoordeel (Brown 1969:7; 1993:414).

Dat die geskiedenis op hierdie wyse bygehaal word om die kerklike bediening aan te kla, is in stryd met die teologiese momentum en inslag van die kerk se geskiedenis soos wat Christus nog altyd daaraan deur sy **Woord** en Gees op sy eie manier beslag gegee het. Die gemeentebouteologie gaan dus op 'n onverantwoorde wyse met die gemeente- en kerkgeskiedenis om. Brown (1993:415) wys in hierdie verband daarop dat die afwesigheid van kerkhistoriese uitklaring daartoe lei dat kerke van gereformeerde tradisie juis nie kan begryp waarom hulle nie getrou aan hulleself gebly het nie. Wanneer die kerkgeskiedenis met die afwesigheid van Skriftuurlike verantwoording hanteer word, is dit nie alleen 'n onbehoorlike wyse van teologie beoefening nie, maar is dit gevolglik ook waardeloos om aan die kerk enigsins konstruktiewe leiding te bied (Brown 1993:415). In só 'n benadering loop die kerk die gevaar om foute van die verlede te herhaal en opnuut te dwaal (Brown 1993:2). Die eensydige aanwending van die kerkgeskiedenis by gemeentebou ter wille daarvan om 'n bepaalde kerkteorie te bewys en 'n ander teorie te bevoordeel, loop daarop uit dat dit nie onbevange ter wille van die kerk van Christus bedrywe word nie. In die beskrywing van die ontwikkeling van gemeentebou by die Ned. Geref. Kerk (hoofstuk 1) het die afwesigheid van 'n teologies-kritiese verantwoording van die kerk se geskiedenis al blyke gegee dat dit eerder om aanwending as verantwoording gaan. Die keuse vir die manier waarop die probleem aangespreek is, is immers evangelies, pragmaties en empiries gekondisioneer.

Die swaar klem op die feit dat die kerklike strukturering **samelewingsgebonde en histories bepaald** (Heyns 1986:39,47) is, werp ook vrae op ten opsigte van die Skrifhantering in hierdie verband. Die korrekte kerkhistoriese vraagstelling sou wees in watter mate die kerk hier te lande gehoorsaam was aan die Woord en die wil van God, ondanks en ten spyte van die kerk se strukturering. Die historiese en samelewingsgebonde struktuurvraag word egter 'n saak van die eerste orde en aan die eintlike punt word verbygegaan, naamlik die kerk se Skriftuurlik-teologiese inslag en momentum in die destydse samelewing. Met die "struktuurdwang" in die denke van die gemeentebouteologie is dit baie moeilik om met die Skrif te begin, omdat die Skrif juis nié strukture en modelle aan die hand

doen nie. Kerklike strukture is eintlik 'n saak wat tot die tweede orde behoort en neem vorm aan ter wille van die welwese van die kerk as vrug van laasgenoemde se gehoorsaamheid aan die Woord. Nooit kan strukture tog die primêre funksie in die gemeente vervul as middel of metode waardeur mense aan die Woord en aan Christus tot gehoorsaamheid verbind word nie. In die gemeentebouteologie kom staan die struktuurkwessie egter heel voorop en historiese en samelewingseise neem 'n leeue aandeel in die proses van strukturering. Dat aan strukture 'n funksie toegeken word wat vreemd is aan die Skrif, en dat Gods Openbaring in hierdie proses ter wille van die eise van die samelewing en die "historiese bepaaldheid" van die kerk ontkrag word, is duidelik.

Die **sola ecclesia-uitgangspunt** domineer dus ook ten aansien van die hantering kerkgeskiedenis oor die **Sola Scriptura**. In die eklektiese hantering van die gemeentegeskiedenis gaan die gemeentebouteologie aan die verstaan van die kerklike lewe in die Ned. Geref. Kerk in sy wydste historiese konteks verby. Kerkhistories kom daar nie 'n teologies-kritiese en konfessionele uitklaring nie.

## 6.5. DIE "SOLA ECCLESIA"-INSLAG VAN DIE GEMEENTEBOUTEOLOGIE BEVESTIG

Die kerkbegrip van die gemeentebouteologie wil in 'n teologiese sin die aandag vestig op die kerk en sy praktiese funksionering. In hierdie onderneming help die kontemporêre prakties-teologiese benadering deur 'n "ekklesiologie vanuit die perspektief van die vak" te ontwikkel (Breytenbach & Pieterse 1992:101). Die belang van die funksionele dimensie van kerklike handelinge, die gemeentelike "pragmatiek" en "funksionaliteit" kom op die voorgrond (Louw 1992:121). Dit is dus 'n ekklesiologie wat sy grondslag vind in die funksies van die kerk (Louw 1992:124; Breytenbach & Pieterse 1992:101). Die geloofsgemeenskap self, met al sy inherente moontlikhede, word konstitutief vir gemeentelike vernuwing. Die vraag moet dus nou beantwoord word of daar nie aan die kerk 'n rol en funksie toegeken word wat vreemd is aan die Skrif en die kerk se gereformeerde belydenisgrondslag nie? Dui gemeentebou nie op 'n kerksentriese benadering wanneer oor die kerk gepraat en gedink word in die konteks van die gemeentebouideaal nie? Dat op hierdie vrae bevestigend geantwoord kan word, dat 'n "sola ecclesia"-inslag by die kerkbegrip aanwysbaar is, is die logiese uitvloeisel van 'n problematiese Skrifbeskouing en Skrifhantering wat in die vorige paragraaf uitgewys is. As die Skrif nie regmatig aan die woord kom nie, vertoon teologiese stellingnames 'n kerksentrisme wat vreemd aan die Skrif is. In die Skrif gaan dit immers nie om die kerk nie.

### 6.5.1. TEOLOGIESE STELLINGNAMES VERTOON 'N KERKSENTRIESE KARAKTER

Die teologiese stellingnames wat die gemeentebouteologie oor die kerk inneem, vertoon ooglopend 'n **kerksentriese** karakter. In werklikheid moet 'n mens dit sterker stel. Dit word 'n kerksentrisme. As die vrugte van 'n eklektiese en fundamentalistiese Skrifhantering (waarop in die vorige paragraaf gewys is), word 'n teologie van die kerk diensbaar aan die ideale van 'n teologie van gemeentebou. Nie op 'n omvattende wyse aan die hand van die belydenis nie, maar op 'n verskraalde wyse word teologiese refleksies gewerp met die oog op die gemeente se selfverstaan en sy potensiaal om by sy eie opbou betrokke te raak.

Die gemeentebouteologie neem Skriftuurlik-teologiese konsepte eenvoudig in diens vir sy eie oogmerke. Feitlik enige Bybelse konsep kan op hierdie wyse omgebou word, met die kerk in verband gebring word, en as 'n prinsiepe ingespan word wat diensbaar aan gemeentebou is. Dit word 'n teologie wat gemeentes nié aan die hand van die volle Openbaring van God en dienooreenkomstig die gereformeerde belydenisgrondslag begelei nie. In plaas van om na die Skrif en die belydenis te gaan, swenk gemeentebou uit na kerkmodelle en dinamiese kerkteorieë. Die objektivering van 'n kerkbegrip moet 'n omvattende taakopdrag en dienooreenkomstige herstrukturering aan die gemeente bied. In die proses word die inkongruensie tussen 'n dinamiese kerkbegrip en die gereformeerde teologie al groter. Die dinamika van die kerk se funksionering as sosiologiese verband word die as waaromheen die kerksentriese inbeelding draai.

In hierdie verband is reeds verwys na die benadering van Coenie Burger (1991a) wat die belang van 'n dinamiese kerkteorie op 'n nuwe manier ter sprake bring. Hy verwys wel na die pneumatologiese geheim van die Christelike geloofsgemeenskap, maar sy verstaan van die funksionering van die gemeente word nie christologies of pneumatologies bepaal nie, maar dinamies-sosiologies (Burger 1991a:27).

Burger (1991a) wys in sy benadering op 'n mooiklinkende Bybels-teologiese begronding vanuit die pneumatologie. Hierdie verwysing word egter aangewend om met die uitgangspunt te werk dat die werk van die Heilige Gees nie die antropologiese en empiriese kant van die kerk uitskakel nie, maar juis inskakel (Burger 1991a:28). Dat die kerk 'n geheimenis en skepping van die Gees is (Burger 1991a:27), baan dan die weg dat hierdie "geheim" en sy funksionering op 'n godsdiensfenomenologiese wyse deur middel van 'n dinamies-sosiologiese kerkteorie ontrafel kan word. Die geloofsgemeenskap as skepping van die Gees in die konteks van Burger (1991a) se aanpak, word dan inderdaad ook 'n skepping van die mens wat aan die hand van vier gelyklopende dinamiese prosesse moet funksioneer en dienooreenkomstig bestuur moet word (Burger 1991a:20).

As dit waar is dat die Heilige Gees antropologiese prosesse soos beskryf deur die sosiale wetenskappe, in diens neem (Burger 1991a:28), sou 'n baie hegter verbinding aan die pneumatologie in die beskrywing van hierdie prosesse dalk die pretensie op teologiese substansie in hierdie teorie beter kon motiveer. Die feit dat dit nie gebeur nie, bevestig dat hier gewerk word met 'n skeiding tussen teologie en praktyk, tussen dogma en kerklike funksionering. Tereg word gesê dat die verband tussen die pneumatologie en antropologiese prosesse nie altyd begryp en beskryf kan word nie (Burger 1991a:28). Maar dan moet Burger (1991a) myns insiens versigtiger wees om nie alreeds oor die een kant van hierdie saak, naamlik die antropologiese kant, soveel te dink en te skryf nie dat dit moeilik in verband gebring kan word met die misterie van die werking van die Heilige Gees.

Die pneumatologiese begronding wat aanvanklik vir die bestaan van die kerk gegee word, verdwyn uiteindelik heeltemal agter die geloofsgemeenskap self wanneer oor die werklikheid van die kerk as menslike instansie gehandel word. In die lig van die gereformeerde belydenisgrondslag is dit tog nie die gelóóf van die geloofsgemeenskap wat die funksionering van die gemeente konstitueer nie. Aangesien Christus sélf dit deur sy Woord en Gees bewerkstellig, is die geloof nie konstitutief vir die opbou van die gemeente nie, maar wel merkteken van en gawe aan die kerk wat alleen in Christus sy beslag kon kry. Dat die kerk, teologies gesproke, 'n diensgemeenskap in gehoorsaamheid aan Christus en sy Woord is, gaan in terme van hierdie dinamies-sosiologiese kerkteorie verlore. Werkbare teorieë en modelle moet voortdurend die spreke van die Skrif aanvul.

## 6.5.2. DIE NOODSAAK VAN MODELLERING EN 'N KERKLIKE MODELLETEORIE IN DIE GEMEENTEBOUTEOLOGIE

Die kerksentriese inslag van die gemeentebouteologie moet noodwendig lei tot "kerklike modellering". Sonder nuwe modelle en strukture is gemeentebou en -vernuwing nie moontlik nie. Sodoende word Bybelse perspektiewe **gemodelleer** om 'n spesifieke doel te dien ten aansien van kerklike en gemeentelike vernuwing. Eers as die korrekte kerkmodel duidelik afgeteken staan, kan met die opbouwerk begin word.

Waar die Skrif se metaforiese en beeldende taal elke keer slegs één faset van kerkwees wil beklemtoon en in alles die gemeente wil help om vanuit Christus die Hoof te lewe, gebeur dit dan dat die gemeentebouteologie metafore neem en dit ekklesiosentries tot modelle verwerk met die oog op 'n omvattende program vir gemeentevernuwing. Aan die Skrif word in hierdie opsig nie reg gedoen nie, aangesien die swaar klem op kerkmodelle as vertrekpunt vir vernuwing slegs met die Skrif in verband gebring moet word. Die antwoord op die problematiek in die bediening word dáárin gesoek, naamlik om die kerklike bediening van die herder-kudde-model na die liggaam-van-Christus-model te transformeer. Op basis van kontrasterende kerkbegrippe moet die gemeente homself voortdurend afvra of hy geposisioneer is in terme van die regte gemeentemodel.

Wat die gemeente tot opbou en diens sal beweeg, is dus 'n "ekklesiologiese paradigmaverskuiwing" wat eenvoudig beteken dat die lidmate anders oor die kerk en sy taak moet begin dink (P.L. Louw 1990:3) in die hoop dat hulle dan ook anders sal begin handel. Kerksentriese struktuurvernuwing op basis van 'n verbeterde kerkbegrip moet die gemeente by die Woord en by gehoorsaamheid uitbring. Die orde wat Christus in sy Woord vir die kerk se diens en gehoorsaamheid neergelê het, is nie hier die vertrekpunt nie. Ten spyte van die lae profiel wat die Nuwe Testament aan die kerk toeken, staan die kerkbegrip van die gemeentebouteologie heel voorop. Hierin speel die kerklike modelleteorie 'n beduidende rol.

Dit kan tot geen ander konklusie lei nie, as dat die hulp van die **modelleteorie** op 'n pragmatiese en onverantwoorde wyse ingeroep word. Geen teologies-kritiese beoordeling van die teorie self word gedoen nie. Modelle is uiteindelik niks anders nie as projeksies uit die praktyk met die oog op 'n verbeterde kerklike praktyk. Brown (1993:414) toon in hierdie verband aan dat die gebruik van modelle deur die kerk 'n teken is van 'n sektariese omgang met die evangelie en voeg daaraan toe dat Ned. Geref. Kerk "nie vry van sektariese neigings" is nie. Daarom skaar ek my volledig by die opmerkinge van Brown (1993). Die programmatiese en teoretiese onderskeid tussen 'n "herdersmodel" en 'n "liggaamsmodel" moet dus as 'n omstrede en onverantwoorde konstruksie bejeën word (vgl. Brown 1993:414).

Die wyse waarop die gemeentebouteologie van 'n kerkmodel of gemeentekonsep gebruik maak, het gevolglik ernstige implikasies vir die gereformeerde kerkbegrip. Die oorsake vir die problematiek in die gemeentelike lewe en -bediening word op 'n onverantwoordbare wyse gewyt aan 'n uitgediende bedieningsmodel of kerklike strukturering. Hieragter skuil nie 'n Skrifgenormeerde diakoniologiese evaluering nie, maar 'n prakties-teologiese handelingswetenskaplike benadering wat nie anders kan nie as om in terme van omlynde teorieë en modelle te werk. 'n Skriftuurlike verantwoording hierteenoor help die gemeente aan die Skrif en belydenis. Daarin deel die ander teologiese dissiplines. Die eenheid van die teologiese ensiklopedie word sodoende gehonoreer vir die beswil

van die kerk van Christus. Omdat die handelingswetenskaplike benadering egter spook met die dualistiese skeiding tussen teorie en praktyk, is hy genoodsaak om van 'n teorie en kerkmodel gebruik te maak as die "voertuig" tussen teorie en praktyk (vgl. Heyns 1986:27; Heyns & Pieterse 1990:33).

Aan die hand van hierdie teorie staan of val alles dus by die regte **kerkmodel** of **kerkbegrip**. Die geldende en beoogde kerkbegrip dien as "hermeneutiese sleutel" om respektiewelik die deformasie bloot te lê en die vernuwing in die gemeente te bewerkstellig. Hiermee skuif die eis vir geloof en gehoorsaamheid vanweë die Skrif en Christus - ter wille van die noodsaak vir 'n verbeterde kerkbegrip - op die agtergrond. Die *corruptio totalis* van die mens en die geloofsgemeenskap word gerieflik agter 'n verkeerde institusionele kerkbegrip weggesteek. Met die feit dat die kerk nie gevrywaar is van sonde nie, word nie erns gemaak nie, veral nie ten opsigte van die nuwe dinamiese en funksionele geloofsgemeenskap en sy lewe nie.

Waar die gereformeerde belydenis aangaande die kerk die hoofskap en regering van Christus deur sy Woord en Gees in alle eenvoud bely, skuif die kerkbegrip van die gemeentebouteologie hierop in. As dit dan gebeur, kan in die woorde van Spoelstra (1992:310) met reg gepraat word van die totstandkoming van 'n "alternatiewe ekklesiologie." Dit word die drywende krag agter die hele benadering, naamlik dat 'n uitgediende kerkteorie met 'n nuwe teorie vervang moet word.

### 6.5.3. DIE HERDER-KUDDE-/ VERKONDIGINGSMODEL IN DIE BESKULDIGDE BANK

Die praktyk van 'n sogenaamde **herder-kudde- of institutêre verkondigingsmodel**, wat eensydig op die Woordbediening en die ampsfunksie van die leraar fokus, het na die oordeel van die gemeentebouteologie daartoe gelei dat lidmate tot passiewe hoorders en blote toeskouers gedegradeer is (Heyns 1988b:55). Die probleem van 'n "domineeskerk" wat lidmate passief hou, moet daarom besweer word deur 'n nuwe *struktuur* aan te lê. Begrip hiervoor kom eers wanneer die leemtes in die "ou struktuur" uitgewys is en die noodsaak van herstrukturering beklemtoon is. Brown (1993:414) maak in hierdie verband die opmerking dat dit nie legitiem is om die gemeente se ongehoorsaamheid aan die Woord en hul ongeloof deur middel van herstrukturering reg te stel nie. Nie in die Skrif of in die belydenisskrifte nie en ook nie in die kerkgeskiedenis word kerklike deformasie met herstrukturering besweer nie. Die gemeentebouteologie wil dit egter sonder die belydenis, sonder kerkhistoriese verantwoording en ook sonder die omvattende spreke van die Skrif doen. As prakties-teologiese handelingswetenskap is gemeentebou méér geïntereseerd in die geloofshandelinge of aktiwiteite wat die opbou van die gemeente moet bewerkstellig.

Jonker (1977b:5) het aangetoon dat hierdie wyse van teologie-beoefening as "neo-Protestants" getipeer kan word. Spoelstra (1992:305) sluit hierby aan wanneer hy sê dat neo-Protestantse teoloë min erg het aan vaste kerklike vorme en eerder die Lutherse en verenigingsregtelike tradisie volg waarin sigbare kerkstrukture "diakoniologiese patrone pragmaties produseer." Gemeentebou, soos dit tans in die Ned. Geref. Kerk beoefen word, kan op geen manier vrykom van bogenoemde kategorisering nie. Nie Bybelse gegewens nie, maar sigbare en funksionele kerkstrukture moet die opbou en diens van die gemeente realiseer.

Dit is verder 'n Bybelsvreemde gedagte om die passiwiteit van lidmate toe te skryf aan die amp van die herder-leraar of die amptelike Woordbediening, soos wat dit gebeur in die aannames wat die herder-kudde-model bied (Van Rensburg 1990:85; Hendriks 1992a:23;81; Te Velde 1989:32). Waar passiwiteit wel voorkom, lê die oorsaak nie in strukture nie, maar in die gebrek aan geloof en gehoorsaamheid (vgl. Te Velde 1989:32). Die oorsake vir die deformasie in die kerklike bediening kan daarom nie gesoek word by die bediening van die Woord op basis van 'n spesifieke kerklike strukturering nie. 'n Gemeente kan tog nie goed funksioneer waar die Woord van God nie heers nie en waar die geloof nie in die harte van mense woon nie. Geen gemeente kan in terme van 'n gereformeerde belydenisgrondslag werklik opgebou word waar die amptelike diens van die Woordbediening nie in sy volle omvang geskied nie. Tog lyk dit of die gemeentebouteologie juis dit wil doen, deur die organiese verbinding tussen die Woord, die amp en die gemeente deur middel van 'n nuwe gemeentekonsep op losser skroewe te stel. Die verbinding van die Woord aan die amp en gemeente is tog basisuitgangspunte vir die opbou van die gemeente (vgl. Te Velde 1989:32).

As die gemeentebouteologie egter deur middel van modelle en herstrukturering die opbou van die gemeente wil realiseer, word 'n polariteit tussen die amp en die verkondiging aan die een kant en die amp en die gemeente aan die ander kant geskep (Te Velde 1989:30). Te Velde (1989) het dit op 'n oortuigde wyse in sy koersbepaling vir gereformeerde gemeentebou aangetoon. Die outeurs van die sogenaamde herder-kudde- of verkondigingsmodel loop die gevaar om die fundamentele fout te maak deur die amp en die gemeente met mekaar te kontrasteer. Om die amptelike Woordbediening as 'n belemmering vir die dienswerk van die gemeente te sien, is 'n denkfout wat op geen manier teologies verantwoord kan word nie. Hierdie benadering hou nie rekening met die feit dat die amptelike bediening van die Woord deur Christus verorden en ingestel is nie. Dit gee ook geen erkenning aan die feit dat die amp sy diepste grond in Christus vind en deur die gemeente in opdrag van Christus verkies word nie (Te Velde 1989:30).

In die gekritiseerde ampsgestalte van die "institusionele verkondigingsmodel" het die gemeente met niks minder nie as met gesante van en diens aan Christus en sy Woord te make (Te Velde 1989:30). Die amp is daar ter wille van die heil van die gemeente en kan op geen manier sonder die gemeente bedink word nie (Te Velde 1989:30). Die modeldenke is vir die gemeentebouteologie egter te belangrik om ongekwalifiseerd aan hierdie teologiese uitgangspunte vas te hou. Omdat die primaat van die kerk in terme van 'n nuwe kerkteorie voorop staan, kan wesenlike fasette in die bestaan van die bediening goedskiks in 'n ander lig te staan kom. So gebeur dit dan dat die amptelike Woordbediening nie meer "oorvra" moet word nie (Burger 1991a:21), maar ook moet plek maak vir ander noodsaaklike aanvullende bedieninge. Hierdie saak word op so 'n wyse beredeneer dat die indruk geskep word dat ander aanvullende bedieninge selfstandig naas die Woordbediening hul plek inneem, in plaas van dat dit uit en as vrug van die Woordbediening gestalte kry. Ook die amp kan nuut gevul word om in dié proses in lyn te kom met die eise en verwagtinge van 'n spesifieke kerklike herstruturering ooreenkomstig die liggaamsmodel. Die liggaamsmodel bied immers die antwoord vir kerklike deformasie.

### 6.5.4. KERKLIKE DEFORMASIE BESTRY DEUR DIE LIGGAAMSMODEL

Die kerklike deformasie waaroor soveel in gemeentebou geskrywe word, word deur die liggaamsmodel besleg. Dit is egter nie sonder implikasies vir 'n gereformeerde benadering en beoordeling nie. Kom dit dan nie daarop neer

dat die gemeente/kerk hierdeur nie aan Christus en sy spreke gebind word nie, maar aan 'n ander kerkvorm? Die wissel ter wille van vernuwing lê dus tussen twee kerkbegrippe, eerder as dat daar 'n verband met die Woord en Christus na vore kom.

Gemeentebou slaag gevolglik nie daarin om los te kom van 'n kerksentriese siklus nie. Die gemeente bly op homself aangewese om te vernuwe. Waar die herder in die herder-kudde-model domineer, bekom die gemeente as gemeenskap weer in die liggaamsmodel die dominante posisie (vgl. Te Velde 1989:35). Die "subjek-sy" van gemeentewees word nou die norm. In die strukturering tot hierdie model word die klem gevolglik al meer op die selfwerksaamheid van die lidmate gelê as op die amptelike bediening van die Woord en die sakramente (Te Velde 1989:26). Die gereformeerde uitgangspunt dat dit in die kerk om begenadigdes gaan wat leef onder die koningskap van Christus, word vervang met 'n benadering waarin die kerk as genootskap of vereniging deur mense bestuur en opgebou word (Spoelstra 1992:306).

Op hierdie wyse kom die primaat van die kerk in die gemeentebouteologie na die oppervlak. Die struktuur van die liggaamsmodel moet immers verwerklik word deur middel van strategies-teologiese beplanning. Met die toonaangewende inspraak van die sosiologie, agologie en bestuurswetenskap word die kerk tot verandering begelei op dieselfde wyse as enige ander samelewingsinstelling. Die konsep van strategies-teologiese beplanning veronderstel dat die gemeente nie anders kan nie as om op basis van 'n strategiese- en bestuursmatige inslag te funksioneer.

Die gereformeerde kerkbegrip, op basis van die Skrif en belydenis, kom in terme van hierdie benadering ernstig in die gedrang. In die realisering van 'n suksesvolle gemeentebediening deur middel van die strategiese beplanningsproses, kan nie meer vasgehou word aan die gereformeerde uitgangspunt dat die kerk 'n gebeure, beweging en instelling is waaraan God self beslag gee nie. Die gewisse risiko word hier geloop dat die heil en opbou van die gemeente gesoek word in goed deurdagte metodes wat reeds deur die sosiale wetenskappe geïmplementeer en getoets is. Ofskoon die Here Jesus self sy gemeente bou en in die proses ook van mense en verskillende metodes gebruik kan maak, is Hy nooit daarvan afhanklik nie (vgl. Te Velde 1989:38). Vanuit die deeglike empiriese korrektheid en op basis van die bes uitgewerkte skemas en doelwitte moet die vraag gevra word of STB nie 'n sukses-moraal vir die gemeente veronderstel wat nie rekening hou met die feit dat die perfekte dinamiese gemeente nie hier op aarde "maakbaar" is nie (Te Velde 1989:38). Het Bosch (1988:20) dan nie êrens van 'n "happy ending religion" gepraat nie?

Die kerksentriese inslag van die gemeentebouteologie kom verder aan die lig wanneer **institusionele selfevaluering** die sukses van die implementering van die liggaamsmodel moet waarborg. Die verskuiwing van die Here van die kerk na die kerk as sodanig word die beste geïllustreer in hierdie belangrike evalueringsfase in die gemeentebouproses. As norm met die oog op evaluering geld die onderliggende kerkbegrip (Britz 1993:5). Die vraag is immers of die struktuur en funksies van die gemeente nog aan die kerk as Christelike geloofsgemeenskap beantwoord?

Die kerk is nie die kerk van die geloofsgemeenskap nie. Ten diepste is die kerk die kerk van Christus. Die suksesvolle deurvoer van 'n strategiese gemeentebouproses waarborg vir geen enkele oomblik die goeie funksion-

ering van die gemeente nie. Daardie waarborg lê elders, by die Here van die kerk self. Hy doen dit deur sy Woord en Gees. Om norme vir selfevaluering aan te lê kom dus in teëspraak met die wesenlike gereformeerde uitgangspunt dat Christus as Hoof van die kerk self die gemeente in al sy fasette begelei. Die momentum binne die gemeente is volgens die Skrif immers terug te voer na die werk en krag van die Heilige Gees en die Woord. Dit is nie meetbaar nie en kan ook nie deur die proses van institusionele selfevaluering vasgestel word nie.

As dit om die kerk van Christus gaan, gaan dit om 'n beoordeling deur Iemand, naamlik die Subjek en Hoof van die kerk. Dan word selfevaluering van die kerklike lewe vervang deur verantwoording. Gemeentebou hanteer egter 'n kerkbegrip "van onder", wat die weg baan om aan die hand van subjektiewe oordele institusionele selfevaluering "van onder" toe te pas. Dan gebeur dit dat die werk van Christus in die gemeentebouteologie se kerkbegrip, kerktaak en kerkstrukturering vêr op die agtergrond te lande kom (Britz 1993:7).

Die invoer van die liggaamsmodel het ook direkte implikasies vir die wyse waarop die gemeentelike lewe homself orden en binne die kerkverband struktureer. Die funksionele en kontekstuele kerkbegrip van die gemeentebouteologie lei daartoe dat 'n groot mate van vryheid in die ordening van die kerklike lewe na vore tree. Niks minder nie as die Christusregering, wat deur die onderlinge kerkverband vloei en wat deur Homself in stand gehou word, kom hier in die gedrang. Wat hieraan ten grondslag lê, is die gedagte van 'n **plurale kerkbegrip** wat nie kragtens die Woord en die regering van Christus in sy kerk ontwerp is nie, maar wat dienstig is aan die behoeftes en omstandighede van die moderne mens. Eintlik werk dit 'n independentisme in die hand.

Praktiese teoloë in Suid-Afrika wat die belang van pluraliteit in die kerklike lewe uitgaande van die liggaammetafoor beklemtoon (vgl. Pieterse 1991a; Breytenbach & Pieterse 1992:101 e.v.), sluit op 'n kritieklose wyse by Dingemans (1987) aan. Dingemans se ekklesiologiese benadering, met die groot klem op pluraliteit in die strukturering van die kerk, is egter reeds in Nederland met die publikasie **De kerk verbouwen** (Heering et al. 1989) met die spreekwoordelike knippie sout geneem. In hierdie verband vra Runia (1989:43) tereg of die verskeidenheid wat tot ruimte vir pluraliteit aanleiding gee, nie 'n prinsipiële kategorie word en eerder aanleiding gee tot pluralisme in die kerklike lewe nie. Dan staan dit inderdaad nie meer in verband met die verskeidenheid binne die eenheid van die kerk as liggaam van Christus nie. Ook Van der Velden (1989:64) meen dat die belang van pluraliteit afgelees word uit die moderne kultuur en plurale samelewing. In hierdie verband vra hy dan die kritiese vraag: "In hoeverre is de feitelijkheid, de empirie, de ervaring, mede bepalend voor ecclesiologische beslissingen of, anders gezegd, zit ook in de empirie een heuristisch moment bij het maken van theologische keuzen?" (Van der Velden 1989:64).

Genoeg om hier te sê dat die gemeentebouteologie op grond van sy handelingswetenskaplike metode 'n strukturering van die kerk ter sprake bring wat vreemd is aan die gereformeerde ekklesiologiese. As 'n prakties-teologiese benadering hierop inskuif wat aan die empiriese situasie 'n normatiewe status toeken in die ontwerp van ekklesiologiese strukture, word oor die kerk nie meer ongekwalifiseerd vanuit Christus en sy regering deur die Woord gedink nie. Dit lei daartoe dat die verskynsels van pluraliteit en independentisme die kerkteorie van die gemeentebouteologie moet rugsteun. Daarom kan die strukturering en regering van die kerklike lewe nie Skriftuurlik vanuit Christus sy beslag kry nie, maar moet die geloofsgemeenskap op 'n onafhanklike wyse in terme van dialoog en 'n plurale kerkbegrip uitdrukking gaan gee aan 'n werkswyse wat die ideaal van die opbou van 'n spesifieke gemeente in 'n spesifieke situasie kan dien.

Dat die liggaamsmodel in verskillende hoedanighede die deformasie in die kerklike lewe wil teenwerk, is duidelik. Met bogenoemde verantwoording is egter nog nie alles oor die liggaamsmodel gesê nie. Met sy dinamiese kerksentriese inslag word op verskillende wyses begroot vir die lede van die geloofsgemeenskap, hulle inspraak en hulle samelewingskonteks. Kortom, die liggaamsmodel bevestig die ménslike kant van die kerk as legitieme uitgangspunt. Dit word in die volgende paragrawe beredeneer.

### 6.5.5. DIE DIENS VAN CHRISTUS VERPLAAS DEUR DIE DIENS AAN DIE KERK

Die kenmerkende kerksentriese struktuurvernuwing van die gemeentebouteologie ooreenkomstig die liggaamsmodel lei ook daartoe dat die diakonia van Christus op 'n bedekte wyse verplaas word met die diakonia aan die (institusionele) kerk. Die toespitsing "op die kerk en sy werk" val nie noodwendig saam met 'n blikpunt op die **diakonia** van die kerk as diens aan Christus deur die Woord nie (Jonker 1981a:39). Die verskillende diensgestaltes van die diakonia van Christus word deur middel van die liggaamsmodel volledig op die kerk en sy funksionering betrek. Die teologiese bestudering van hierdie diensgestaltes vind sy grond dan nie meer primêr in die Skrif nie, maar in die aard van die religieuse en geloofshandelinge wat die koms van God na die mens kan bemiddel. Die kerklike diakonia wat in eenvoud en gehoorsaamheid vanweë die volbragte diakonia van Christus en die opdragte van die Skrif moet geskied, word geproblematiseer deur 'n kerkbegrip wat nie primêr die *saak* van die inhoud van die diakonia in die oog het nie, maar daardie *handelinge* wat instrumenteel is vir die diakonia. Hierdie benadering gaan dus mank aan diakoniologiese inslag in die sin dat die kerklike diakonia as diakonia aan Christus en sy koningskap verplaas word, deur kerklike struktuurvernuwing ooreenkomstig die liggaamsmodel met die oog op die verbetering van die kerklike praxis.

Alle pogings en strategieë om lidmate met die oog op diens by die "liggaam" betrokke te kry, kan dus nie teologies en diakoniologies gemotiveer word nie. Leerstellig uitgedruk domineer die ekklesiologie op hierdie wyse oor die christologie aangesien die diensgestaltes van die Woord op 'n onregmatige wyse diensbaar gemaak word aan die suksesvolle en optimale funksionering van die gemeente. 'n Diakonia aan die kerk, wat niks anders is nie as kerksentrisme, is nie noodwendig dieselfde as die diakonia van Christus in en deur die kerk nie.

Wanneer Praktiese Teologie op hierdie wyse beoefen word, verloor dit gevolglik sy diakoniologiese karakter om plek te maak vir die fokus op die praxis van die Christelike geloofsgemeenskap. Die diakonia van die kerk, wat die fokuspunt is van die Diakoniologie, word dus deur die kerkbegrip van die gemeentebouteologie verplaas na die voorbehoud en noodsaak van 'n prakties-teologiese ekklesiologie (Heyns & Pieterse 1990:57 e.v.). Wanneer die voortgesette diakonia van Christus in en deur die kerk afhanklik gestel word van 'n empiriese en sosiaal-wetenskaplik ontwerpte liggaamsmodel, word dit van sy Skriftuurlike en teologiese karakter beroof.

Nie alleen die diakonia nie, maar ook die sending moet deur middel van die liggaamsmodel bemiddel word. Dit is 'n saak wat sekerlik in die verbygaan gelaat kon word. In die lig egter van die historiese ontwikkeling van gemeentebou in die Ned. Geref. Kerk - waarin die oorspronklike klem op sending (vgl. die 1970-program) algaande teruggedruk is in die hande van 'n kerklike kommissie wat dit op eie houtjie vanuit die kerkverband voortgaande moes organiseer - loon dit tog die moeite om 'n oomblik te kyk hoe die sending tog hier weer by die plaaslike gemeente bygehaal word.

### 6.5.6. DIE SENDING DEUR DIE LIGGAAMSMODEL BEMIDDEL

In die gemeentebouteologie se liggaamsmodel funksioneer die diakonia van Christus ten opsigte van die gemeente se missionêre roeping en verantwoordelikheid nie as vertrekpunt vir die bediening nie. Sending geskied ook nie as vrug van die Here se opdrag en die lidmate se gehoorsaamheid hieraan nie. Nee, sending word takties gerealiseer as deel van die strategie in die gemeentebouproses. 'n Geslaagde gemeentebouende bediening kan daarom nie anders nie as om te lei tot 'n gemeente wat ook missionêr sal uitreik. Maar ook andersom, eers wanneer die gemeente bewus gemaak word van die eise en uitdagings vir die sending in sy wêreldomvattende konteks, word die plaaslike gemeenteboubeplanning tot daadwerklike aksie gemotiveer. Gemeenteopbou en sending moet mekaar dus voortdurend komplementerend oproep en op dreef hou. Die gemeentebouteologie onderskei gevolglik tussen gemeenteopbou en sending as aparte dimensies van die bediening (vgl. Bisschoff 1993:42 e.v.). In die lig van die feit dat alle aspekte van gemeentebou in elk geval 'n missionêre dimensie vertoon, kan daar juis nié werklik tussen gemeentebou en sending onderskei word nie (Du Preez 1990:260).

Aan die hand van die liggaamsmodel word die gemeente egter gedwing om in verskillende konsepte oor die bediening te dink en is die sukses van die gemeente se missionêre arbeid afhanklik van die spesifieke ekklesiologiese teorie wat hierdie faset moet institusionaliseer en begelei. So oordeel Bisschoff (1991; 1993:56) in sy prakties-teologiese basisteorie vir gemeentebou dat daar tussen die versorgingsdimensie en die missionêre dimensie in gemeentebou 'n kreatiewe spanning bestaan. Alleen wanneer die kreatiewe spanning tussen hierdie twee dimensies gehandhaaf word en beide in die gemeentebouproses reg bestuur word, kan ook aan beide dimensies reg geskied laat word.

Hendriks (1994) kan op sy beurt nie missionêre gemeentebou in die nuwe Suid-Afrika beredeneer sonder 'n kontekstuele ekklesiologie wat die na binne gerigtheid van die gemeentelike lewe moet deurbreek nie. In die lig van die "klassieke verhaal van die Bybel" moet missionêre gemeentebou dan 'n aantal normatiewe keuses uitoefen in interaksie met die nood en die eise van die tyd. Op hierdie wyse word die gemeente beweeg om "van onder" na God se agenda en norm te gaan soek (Hendriks 1994:7). Tot die inhoud van die kontekstuele ekklesiologie word dan 'n tiental struktuurmodi of doelstellings geformuleer wat in die proses van missionêre gemeentebou in die gemeente gerealiseer moet word (Hendriks 1994:8-11). Opvallend is die feit dat hierdie doelstellings "van onder," in 'n imperatiwiese sin geformuleer is. Ofskoon die gemeentebouteologie graag die missio Dei in die oog wil hou, is lang missiologiese diskussies nie nodig vir 'n benadering wat in hierdie "bedeling van die Gees" van onder af wil funksionaliseer en dadelik na die praktyk toe wil deurstoot nie.

Die sending word afhanklik gestel van die gemeentebouteorie en 'n funksionele liggaamsmodel. Dit is die vrug daarvan. Hiermee kom die voorbehoud van Christus, soos die Skrif en die belydenisskrifte (vgl. HK, Sondag 21) dit verwoord, in die gedrang. Daarvolgens kan sending nie eers deur middel van 'n funksionele gemeentebouteologie gerealiseer word nie, maar is dit in beginsel reeds deel van die wesensbestaan van die kerk wat losgekoop is met die bloed van die Lam, wat die Lig vir die wêreld is. In die lig hiervan kan sending nooit verteken word tot die romantiese verbeeldingsvlugte van 'n suksesvolle gemeente wat deur middel van 'n geslaagde gemeentebouprogram onder leiding van 'n dinamiese gemeenteboupraktiker daartoe gemotiveer is nie. Die gemeente van Christus

se sendingarbeid sal en moet eerder getuig van die offertekens van die Lam, wat ook die vrygekoopte gemeente in haar bestaan in die wêreld met haar saamdra.

In gemeentebou word die liggaamsmodel egter die toegangspoort tot opbou, vernuwing, diens en sending. Hierbenewens toon die liggaamsmodel juis begrip vir die samelewingskonteks waarbinne die gemeente se dienswerk na vore moet tree.

## 6.5.7. DIE MENS SE SAMELEWINGSKONTEKS IN DIE LIGGAAMSMODEL GEREFLEKTEER

Die liggaamsmodel wil die mens en sy konteks behoorlik verreken. Hierdie model is ontwerp om die gemeente in staat te stel om in veranderende kontekste steeds aan sy roeping te kan beantwoord. Die liggaamsmodel baan, in die woorde van Te Velde (1989:26), die weg vir eietydse moderne mense om hulle roeping te vervul in die lig van 'n ou boodskap. Ruimte word geskep sodat die moderne mens nie sy eietydse konteks aan 'n ou boodskap hoef prys te gee nie. Gemeentebouteologie moet immers sy roeping vervul in die konteks van 'n "gehumaniseerde wêreld" (Spoelstra 1992:314).

Met hierdie gedagterigtings skyn die samelewingskonteks egter om 'n selfstandige grootheid naas die evangelie te word (Te Velde 1989:32). Te Velde (1989:33) meld dat die veranderingstrategieë vir die gemeente byna uitgaan van 'n aksiomatiese selfstandigheid van die eie tyd en leefwêreld (Te Velde 1989:33). In sy doelbewuste en omsigtige poging om die kerk by die moderne samelewingsorde in te pas, gee die gemeentebouteologie nie genoegsaam toe aan die feit dat die evangelie die konteks ingrypend kan verander nie. Die klem op die konteks van die moderne verstedelikte en gedemokratiseerde samelewing in kerkteorievorming (vgl. Heyns 1986; Marais 1989:73; Hendriks 1992c:26) skep eerder die indruk dat die kerk moet aanpas by die moderne mens en sy wêreld om so relevant te word.

Feit van die saak is dat die liggaamsmodel daarop aanspraak maak om die inherente dinamiek te besit om die impak van die veranderde konteks in Suid-Afrika te kan ondervang (Burger 1991a:14; Hendriks 1992a:7). Daarin lê sy relevansie. Die liggaamsmodel akkommodeer die spelreëls van die moderne samelewing en herstruktureer homself dienooreenkomstig. Te Velde (1989:26) wys daarop dat die belang van die samelewingskonteks op 'n punt oorspan kan word en dat die kerk dan in die proses 'n ander gelaat kry. By die liggaamsmodel in die gemeentebouteologie van die Ned. Geref. Kerk is die gevaar van 'n "ander gelaat" ten opsigte van die kerklike lewe nie denkbeeldig nie. In die ampsopvatting kom dit helder aan die lig.

## 6.5.8. DIE DEMOKRATISERING VAN DIE AMPSOPVATTING DEUR DIE LIGGAAMSMODEL BEMIDDEL

Die klem wat die liggaamsmodel laat val op die mens, sy inspraak en sy samelewingskonteks tree dus na vore met betrekking tot die ampsbenadering en ampsuitoefening. Hier skuif 'n ampsbeskouing in wat buite die omlysting van die Skrif en belydenis beweeg. Dit kom immers neer op 'n "demokratisering" van die amp. Die diensfunksie

van die amp, soos deur Christus verorden met die oog op sy regering en opbou van die kerk, word vervang met die fasiliteringsfunksie van "organisatoriese funksionarisse" in die gemeentebouproses (Bisschoff 1991:281).

Die sukses hiervan word in verband met toepaslike leierskapsbenadering en -ontwikkeling gebring. Die doeltreffende funksionering van die gemeente word afhanklik gestel van dinamiese leiers en funksionarisse wat goeie effektiewe leierskap met die oog op die gemeentebouproses bemeester het (Hendriks 1992a:104; 1922b:34). Ofskoon gemeentebouverhale in alles die leiding van die Here as 'n addendum vermeld (Hendriks 1992b:38,65), is daar weinig teologiese refleksie oor hierdie leiding. Strategies-teologiese beplanning verslaan sy duisende aan die hand van dinamiese leraars en leierskap. Die gedagtegoed wat in die ou gereformeerde begrip "Christokrasie" opgesluit lê, staan hier baie ver op die agtergrond.

Die uitgangspunt in die gemeentebouteologie is die geloofsgemeenskap. Met die oog op die noodsaaklike proses van demokratisering van die amp, word die amp deur die gemeenskap in diens geneem. Om dit so te stel: dit is die subordinasie van die ampte aan die gemeente om die amp van die gelowige daardeur op dreef te kry. Volgens Spoelstra (1992:314) is dit die vrug van 'n "demokratiseringsgolf" wat hoofsaaklik in Europa sy beslag gekry het. Hiermee word daadwerklik probeer om lidmate (en nie die amp nie) betrokke te kry. Maar, as lidmate se betrokkenheid deur middel van 'n "gemeenteberaad," "leierskapsentrum," "gawebank" en "oop kommunikatiewe strukture" bereik moet word (Van Rensburg 1990:115; Bisschoff 1991:112), is dit onverantwoord om die leiding van God daaroor te gaan uitspreek. Die trekke van 'n genootskaplike kerkbegrip wat lidmate op 'n vrywillige basis motiveer en betrek op basis van die metodes uit die moderne organisasiegedrag, moet die gemeentebouteologie tot groter versigtigheid noop om nie alles te wil toeskryf aan die genade en die leiding van die Here nie. In die kerkbegrip van die gemeentebouteologie word dus nie meer gevra na die ampte met die oog op die gemeente nie, maar na die gemeente wat, indien nodig, nog sal werk deur die ampte (vgl. Spoelstra 1992:314).

Hiermee beland die ampsbenadering op 'n skuinsvlak waarin dit al meer van 'n teologiese- en christologiese omlyning afgly na 'n empiries-ekklesiologiese basis (vgl. Spoelstra 1992:314). Dit beteken dat die amp nie meer primêr in diens van Christus staan nie, maar dat dit tot beskikking van die gemeente kom om 'n funksionele rol te vervul in die gemeentebouproses. Die diensgestalte van die amp word dus vervang met 'n funksioneel-organisatoriese karakter in sy totale betrokkenheid op die opbou en goeie funksionering van die gemeente (vgl. Krüger 1989; Hendriks 1990:30). Te Velde (1989:26) meld in hierdie verband dat die rol van die ampsdraers verskuif, van verkondigers van die evangelie tot "gesprekspartners", om die ganse gemeente koöperatief by die gemeentebouproses te betrek (Te Velde 1989:26).

Deur middel van vernuftige organisasie moet die gemeente, wat ook die trekke van die gedemokratiseerde samelewing vertoon (vgl. Breytenbach & Pieterse 1992:104; Dingemans 1987:102-103), in groepe en verbande georganiseer word, sodat elke indiwidu diens kan lewer en tot sy reg kan kom. Waar die liggaamsmodel aan die leraar as herder 'n baie beperkter profiel met die oog op die funksionering en diens van die hele gemeente wil toeken, word desnieteenstaande aan hierdie nuwe ampsbenadering 'n verhewe en belangrike rol toegeken met die oog op die realisering van die gemeentebouproses.

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat die eise wat die strategiese gemeentebouproses aan 'n dinamiese ampsbenadering stel, in teëspraak kom met die belydenis dat Christus self, in 'n ongekwalifiseerde sin, die Hoof en Bouer van sy kerk is. 'n Opmerking van Spoelstra (1984:29) illustreer die nadruk wat in die gereformeerde teologie gelê word op die korrekte teologiese vulling van die amp: "'n Gereformeerde is wars van menslike heerskappy in die kerk. Christus is die enigste Hoof. Daarom kan dié mense wat Hom aan die gelowiges bedien niks anders as dienaars, tafelbediendes wees wat die Woord opskep sodat ander dit kan eet nie." Ook sal gemeentebouteoloë in meer Skriftuurlike en konfessionele taal oor die kerk en die ampte moet praat as in terme van sosiologiese en sisteemteoretiese kategorieë (vgl. Hendriks 1992b:59). 'n Metode en benadering uit die sosiale wetenskappe kan nie sommerso goedsmoeds aanspraak op Bybelse begronding maak, net omdat dit skyn asof dit in diens sou staan van Bybelse ideale nie.

Die liggaamsmodel veronderstel 'n verruimde ampsopvatting wat dienstig word aan die funksionering van die gemeente as dinamiese sisteem. Hierdie sisteembenadering met die oog op liggaamsdiens hou ook veel implikasies in vir die opstelling en funksie van die kleingroep in die liggaamsmodel. Die agtergrond en implikasie hiervan word nou verantwoord.

### 6.5.9. DIE LIGGAAMSMODEL AS SOSIOLOGIESE SISTEEM

Die gemeente word as 'n sosiologiese sisteem beskou, daarom word word swaar klem gelê op die verdeling van die gemeente in kleingroepe wat die noodsaaklike subsisteme is met die oog op die opbou van die sisteem in sy geheel (Hendriks 1992a:94-102). Ofskoon die gemeentebouteologie hierdie benadering ook teologies wil inklee deur middel van die konsep van aanvullende koinonia-verbande (Hendriks 1992a:92), moet die vraag gevra word of hier nie 'n inhoud aan die begrip koinonia gegee word wat vreemd is aan die spreke van die Skrif nie.

Die formasie van die opeenvolgende en aanvullende koinonia-verbande spreek van dit wat strategies in terme van die gemeentebouproses verwerklik moet word, en nié van dit wat deur die Woord en Gees tot stand kom nie. Nêrens praat die Bybel van koinonia as die "aanvullende verbande" met die oog op gemeenteopbou nie. Dat die instelling van aanvullende koinonia-verbande verder afhanklik is van groepsdinamiese prosesse (Burger 1991a:107; Hendriks 1992a:99-100), is teologies gesproke nie houdbaar nie. Koinonia in Christus deur sy Woord en Gees wat uitmond in die diakonia teenoor mekaar en die wêreld, word hier vervang met die konsep van koinonia-verbande wat die sogenaamde liggaamsmodel in al sy geledinge seepglad moet laat funksioneer.

In hierdie opsig moet die waarskuwing van Te Velde (1989:33), dat groepwerk in die gemeente in diens kan kom van onskriftuurlike ideale, ter harte geneem word. Die gemeenskap van gelowiges en die onderlinge bemoediging in die kleingroep is nie vreemd aan die boodskap van die Bybel nie. Wanneer die kleingroep egter 'n eietydse "participasie-vorm" of "een vitaliserende kompositie" (J. Hendriks 1990:91 e.v.) word om te kompenseer vir die mondige mens se onbevredigende deelname aan die erediens en gemeentelike dienswerk, word hier 'n weg opgegaan wat vreemd is aan die Skrif. Groepwerk kan nooit in diens staan van die moderne mens se emansipasie-drang en soeke na selfrealisering nie (Te Velde 1989:33). As dit gebeur, word groepwerk 'n bedieningsmetode in terme waarvan die mens met sy ervaringe en menings in die middelpunt kom staan (Te Velde 1989:33). As lidmate op hierdie wyse by die kerklike lewe betrek word, word die opbou van die gemeente gewis nie gedien nie. As die

groep op hierdie wyse instrument word van 'n "mensmiddelpuntige gemeenteopbouw," word dit 'n bediening wat die subjektiwisme en pluraliteit tot skade van die eenheid van die kerk bevorder (Te Velde 1989:33).

Die organisering van groepwerk in die gemeente waar die bediening van die Woord met die gepaardgaande oproep tot geloof en bekering nie sentraal staan nie, sal gevolglik geen Skriftuurlike bydrae kan lewer tot die opbou van die kerk van Christus nie. Die gedagte dat mense in groepverband "tot hul reg moet kom", word in die literatuur vermeld sonder dat dit geplaas word binne die kader van God se geregtigheid in Jesus Christus (Te Velde 1989:26). Omdat die noodsaak van groepwerk mank gaan aan teologiese motivering, word dit eerder 'n middel om die vitaliteit van die indiwiduele lidmate (vgl. J. Hendriks 1990:75 e.v.) op te skerp. Die gemeentebouteologie moet dus gemaan word om in sy besinning oor groepwerk die sentraliteit van die Woord in hierdie bediening veilig te stel. Dán kan dit 'n bediening word waar moderne en mondige mense hul gevoelens en gedagtes prysgee aan die heerskappy van die Woord en aan Christus (Te Velde 1989:34). Dan sal die fokus van die groepwerk nie meer kan bly vassteek by die behartiging van belange in kategoriale bedieningsgroepe nie, maar sal alle groepe gerig moet wees op die eenheid in Christus in die totaliteit van die gemeente se bestaan (Te Velde 1989:34,36).

Die besinning in die voorafgaande paragrawe het aangedui dat die liggaamsmodel die empiriese kerk heel voorop in die gemeentebouteologie laat staan. Ten spyte van die lae profiel wat die Nuwe Testament aan die kerk toeken (Britz 1993:4), word die antwoord op die probleme in die bediening gesoek by die kerk en sy herstrukturering. Hiermee is die hart van gemeentebou se "sola ecclesia"-benadering blootgelê. Die inslag en momentum van 'n eietydse kerkbegrip moet gevolglik instaan vir die reformasie van die kerklike lewe. Die resultaat is: 'n genitiewe teologie van die kerk.

## 6.5.10. SOLA ECCLESIA: 'N GENITIEWE TEOLOGIE VAN DIE KERK

Gemeentebouteoloë beredeneer die reformasie van die praktiese lewe van die kerk aan die hand van 'n kerkbegrip. Hierdie benadering vra nie na die teologiese inslag van die kerklike lewe vanuit die wyse waarop Christus as Hoof 'n spesifieke orde en koers aandui nie. Gemeentevernuwing en gemeentebou word eerder aan die hand van **"genitiewe kerkteologie"** (vgl. Brown 1993:416) bewerkstellig. Dit kan nie Skriftuurlik en konfessioneel verantwoord word nie. Die kerk van Christus leef van die veelkleurige geskakeerdheid van die Openbaring van God en sy genadige heilshandelinge met die mens. Hierdie Openbaring sal telkens te veel en te omvattend wees om deur middel van 'n konseptuele "kerkteologie," kerkbegrip of liggaamsmodel begrens te word.

Aan die kerk word in die gemeentebouteologie dus 'n status en posisie toegeken wat vreemd is aan die Bybel. 'n Genitiewe kerkteologie neem in die kerk self sy vertrekpunt en kan daarom nie gelowig rus in die werk van Christus en álles uit sy hand ontvang nie, ook die opbou van sy kerk. In die gemeentebouteologie bly die grootste werklikheid dat die kerk 'n *gelóófs*-gemeenskap (Burger 1991a) en -struktuur is wat nie teologies nie, maar veral sosiologies begryp moet word. Dit laat Spoelstra (1992) sê dat die kerk in die gemeentebouteologie se *kerk*-teologie al meer die trekke van 'n godsdienstige- en sosiologiese fenomeen vertoon en al minder teologiese inslag openbaar (Spoelstra 1992:316).

'n Genitiewe teologie van die ekklesia wys die gemeente daarom nie primêr op die regering van Christus deur sy Woord nie, maar wys die geloofsgemeenskap telkens weer genadeloos op homself aan. Die fases en die prosesse wat die geloofsgemeenskap moet deurmaak, moet dan die lewe en diens van die gemeente waarborg. In hierdie verband moet opgemerk word dat geen genitiewe beoefening van die teologie reg kan laat geskied aan die spreke van die Skrif in 'n gereformeerd-konfessionele sin nie. By die gemeentebouteologie tree dit op die voorgrond. Daarom moet hierdie benadering vanuit Skriftuurlike en diakoniologiese oorweginge van die hand gewys word. Vanuit die belydenis, die kerkorde en die formuliere moet die gemeente eerder teruggebring word by die Skrif en Christus wat self 'n eie ordelike weg met sy kerk wil gaan. Daarom sal die Diakoniologie (in wisselwerking met die ander teologiese dissiplines) in teëspraak met hierdie prakties-teologiese benadering die kerk moet help om nie in verskraalde konsepte en modelle oor homself te dink nie, maar om die lewendgewende voortgesette handelinge van God in en deur die kerk dankbaar en gehoorsaam te bely. Die ritme en orde van die Skrif self sal as omvattende belydenis, en nie as konsep of begrip nie, die gemeente in diens en heiligheid moet rig - daarom sal die Diakoniologie nuwe grond moet ploeg vir gemeentes wat nie anders kan as om terug te gaan na die orde van die Skrif self nie.

## 6.6. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aangedui hoedat die "sola ecclesia"-inslag van die gemeentebouteologie vooropstaan en dat dit die konsekwensie is van die feit dat die Skrif agterlangs (eklekties en krities in 'n handelingsteoretiese sin) bygehaal word. Die verantwoording van die kerkbegrip in hierdie hoofstuk bevestig dus die kritiek teen die handelingswetenskaplike kenteorie (hoofstuk 5). Trouens, die liggaamsmodel van die gemeentebouteologie is juis die illustrasie van die handelingswetenskaplike kenteorie in praktyk. Word hierdie resultaat met die gereformeerde teologie en belydenisgrondslag in verband gebring, kom die geloofsgemeenskap se evangeliese omgang met die geloof (Brown 1993:415) in die plek van die gereformeerde kerkbegrip en belydenis. Hierdie ommeswaai, vanaf Christus na die gemeente as geloofsgemeenskap, kan nie anders as om as 'n ekklesiosentriese uitgangspunt aangedui te word nie (Britz 1993:5). In hierdie benadering staan Christus as Hoof en Bouer van sy kerk in die skadu.

In die gereformeerde teologie gaan dit tog allereers en primêr om die luister en weergawe van die Skrif met die oog op die geloof (Jonker 1977:3-7). Ook in die **gereformeerde diakoniologie** geld die uitgangspunt dat die Skrif bestudeer word onder die gesigspunt van die vraag na die kerklike diakonia, die diens van die kerk aan Christus in omgang met die Woord (Jonker 1981:39). Met die oog op die opbou en diens van die gemeente het die gemeente geen ander waarheid nie as om vas te hou aan die Skrif wat deur die werk van die Gees vir homself 'n weg baan in en deur die kerklike lewe, ondanks en ten spyte van menslike insigte en ervaringe (Graafland 1973:28). Die Skrif is daarom nie afhanklik van die voorbehoude van 'n wetenskapsfilosofie om tot gelding te kom vir die praktiese lewe en diens van die gemeente nie. Nog minder is die kerk van Christus, wat kragtens die Skrif bestaan en leef, afhanklik daarvan om deur die "prisma" van 'n kerkbegrip of -teorie die Skrif se spreke oor sy opbou en diens te begryp. Die Skrif ken ook nie aan die kerkbegrip van die geloofsgemeenskap 'n hermeneutiese en konstituerende funksie toe nie. In die gemeentebouteologie word hierdie fundamentele uitgangspunte nie meer gehandhaaf nie. Dit gaan mank aan konfessionele verantwoording. Die eerlike oogmerke van die gemeentebouteologie strand hier teen die feit dat die invoer van nuwe teorieë oor die kerklike lewe nie die lewe en diens van die kerk kan konstitueer of bewerkstellig nie. Dít kan alleen geskied op grond van gehoorsaamheid aan Christus en die Woord.

Omdat hierdie studie nie aan die problematiek wat die gemeentebouteolgie aandui, wil verbygaan nie, word in die laaste hoofstuk 'n weg gesoek in terme waarvan die kongruensie tussen die Skrif en die praktyk behoue sal bly. Dat nie 'n nuwe kerkbegrip en herstrukturering nie, maar 'n **kerkorde** wat veranker is in die regering van Christus deur sy Woord, 'n antwoord bied vir die diens en lewe van die kerk, word daarin bespreek. In die plek van die sola ecclesia het 'n Skriftuurlike kerkorde 'n ander blikpunt: die Solus Christus.

# HOOFSTUK 7

# SOLUS CHRISTUS! : 'N KERKORDE IN PLAAS VAN 'N KERKBE-GRIP

## 7.1. INLEIDING

In die verantwoording tot dusver is die wetenskapsteoretiese basis waarop die dinamiese kerkbegrip van die Ned. Geref. gemeentebouteologie stoel, ontrafel en vanuit 'n gereformeerd-konfessionele gesigspunt beoordeel. Hierbenewens is die poging van gemeentebou om vernuwing as kérklike herstrukturering wetenskaplik te implementeer, ewe-eens krities bejeën. Die hele studie het trouens tot hiertoe bevestig dat 'n genitiewe teologie van die kerk nie by magte is om die gemeente aan sy Skriftuurlike duiding en singewing te hou nie. Uit hierdie afwysende benadering moet egter nie 'n negatiwisme afgelees word nie. Allermins. Praktiese kerkwees is vir die gereformeerde teologie van uiterste belang. Wanneer dit hiér skeefloop, mág dit nie geïgnoreer word nie. Die intensie van die gemeentebouteologie van die Ned. Geref. Kerk om die kerklike praktyk in ooreenstemming te bring met die Skriftuurlike opdragte en patroon, word volledig onderskrywe. Om die saak reg te stel deur middel van die organisering en implementering van 'n nuwe kérkbegrip is egter bevraagteken. Om 'n verskeidenheid van redes, wat volledig beredeneer is, kan die antwoord nie in kerklike herstrukturering gesoek word nie. Hierdie lyn van denke lê al verder weg van 'n Skriftuurlike duiding. Die antwoord word hierteenoor op die ander lyn van denke, wat die studie suggereer, gesoek: op daardie lyn wat heenlei na die Skriftuurlike en konfessionele duiding. As die eersgenoemde denklyn sy trefpunt in (gemeente)*bou* het, dan het die tweede syne in die begrip (kerk)*orde*. Vir die gereformeerde teologie is dit nie vreemd om die kerk se lewe, diens en opbou in verband met die begrip *orde* te verstaan nie, daarom is dit in oorspronklike kerkordes verwoord (Spoelstra 1984:26; Van't Spijker 1990a:309). Hierin is die praktiese funksionering van die kerk aan die Skrif en belydenis onder die persoonlike heerskap van Christus self verbind. 'n Kerkorde word hier breedweg opgevat as die konfessionele verwoording van lewe en werk wat die Here Jesus deur die Woord en Gees in die gemeente skep, in stand hou en voortgang laat vind.

Hierdie laaste opmerking is van deurslaggewende belang. In die kerkorde is die rigtende uitgangspunt, dat Christus op sy manier die lewe en diens van die gemeente bepaal. In hierdie laaste hoofstuk word die oortuiging beredeneer dat in 'n kerkorde (resp. Skriforde) vir die kerk se praktiese lewe, die heerskap van Christus erken word. Met hierdie eksplisiet Skriftuurlik-teologiese vooronderstelling, bied dit genoeg ruimte vir die kerklike diakonia en is dit versoenbaar met die teologiese uitgangspunte van die wetenskaplike beoefening van die Diakoniologie.

## 7.2. CHRISTUS SKEP DIE ORDE DEUR DIE WOORD

In hulle kerkordes het gereformeerdes tot uitdrukking gebring dat Christus, deur die diens van die Woord, die lewe van die gemeente in ('n) orde bring. Die ordening van die kerklike lewe is gevolglik begryp in verband met die gesag en gehoorsaamheid aan die Woord (Spoelstra 1984:26; Te Velde 1989:10). Waar Christus regeer, kom orde. Dit is die beginsel agter die gedagte van gereformeerdes om met kerkordes te werk.

### 7.2.1. DIE ORDE KOM DEUR DIE SKRIF

Te Velde (1989:10,29), Van't Spijker (1990a:309) en Noordegraaf (1990:123) wys daarop dat daar van die vroegste tye af riglyne neergelê is vir die opbou van die gemeentelike lewe. Die vele kerkordes uit die sestiende eeu is belangrike voorbeelde hiervan. Daarin is die grondoortuiging dat die orde deur die bediening van die Woord kom. Só kom dit tot opbou van die gemeente (Van't Spijker 1990a:331; Noordegraaf 1990:123). Die bedoeling was om die kerkorde só diep in die Woord van God te vestig, dat 'n mens deur dit van die kerke te ontneem, eintlik die Skrif self uit hulle midde sou ontneem (Britz 1993:7). Die ordereëlings van die kerkorde moet só in ooreenstemming met die Woord wees, asof dit "uit die mond van Christus self kom" (Smit 1992:508). In die NGB, Artikel 32 word bely dat "dit nuttig en goed is om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf," maar "tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie" (**Ons Glo**...1982:25). Ook in die HK, Sondag 21 word bely dat Christus deur sy Gees en Woord die gemeente wat Hy uitverkies het, "vergader, beskerm en onderhou" (**Ons Glo**...1982:45). Hierdie konfessionele taal vorm die basis waarop die gereformeerde kerkorde rus. Dit vind sy diepste grond in die Skrif (vgl. 1 Kor. 14:40; Ef. 4:11; Ef. 2:22; Gal. 5; 1 Kor. 11:3; Kol. 2:10; Matt. 18:17 e.v.; 1 Tim. 3:5 e.v.; Hand. 15; 2 Kor. 8) wat geen onduidelikheid laat oor die orde van die gemeente onder die hoofskap van Christus in diensbaarheid aan sy Woord nie. Dit is daarop gerig om die gemeente op te bou om te leef in ware vroomheid in verbondenheid aan Christus, die Saligmaker (Van't Spijker 1990a:331). Van't Spijker (1990a:331) wys daarop dat die reformatore veel klem gelê het op die opbou van die gemeente en dat hulle 'n oog gehad het "voor de betekenis, die daarbij toekomt aan de Schrift als bron en als norm voor de structuur van de gemeente." Betekenisvol voeg hy daaraan toe: "Wezenlijk was voor haar de orde, ook de kerkorde, die naar de Schrift in dienst staat van de aedificatio ecclesia" (Van't Spijker 1990a:332).

Hiermee is die posisie van die Skrif as norm en bron vir die orde van die kerk en daarom ook vir die opbou van die gemeente aangedui. Dit word gevorm en bewerkstellig deur die prediking van die evangelie van Jesus Christus as die Gekruisigde, wat "gericht is op de zelfverloochening en het leven in liefde en eendracht met de naaste" (Van 't Spijker 1990a:320).

Ook Calvyn het in Straatsburg met die oog op gemeenteopbou klem laat val op die prediking, pastoraat, Christelike tug en die reëling van die erediens aan die hand van formuliere (Noordegraaf 1990:123; Van't Spijker 1990a:323-324). Aan die ampte is 'n belangrike funksie toegeken in die opbou van die gemeente en dit is direk in verband gebring met die gesag van die Woord (Van der Walt 1974:175; Van't Spijker 1990a:327). In alles gaan dit om die orde wat Christus in die geopenbaarde Woord vir sy kerk neergelê het (Van't Spijker 1990a:329). As met hierdie orde erns gemaak word, sal die gemeente voortdurend opgebou word in die genade en sal dit sigbaar word in die tekens van geloof en bekering (Van't Spijker 1990a:329).

Die kerkorde is dus slegs diensbaar aan die Woord en die heerskappy van Christus, sonder wie daar geen orde kan wees nie (Smit 1984b:38). Daarom hou 'n Gereformeerde ordebenadering in alles vas aan die verkondiging van die Woord as die enigste konstituerende element van die kerk (Smit 1984b:39). Smit (1984b:41) kies om in hierdie verband eerder van 'n "Skriforde" as 'n kerkorde te praat. Daardeur beklemtoon hy die binding van die kerkorde aan die Skrif (Smit 1984b:41). In sy diensbaarheid aan die Heilige Skrif vind die kerkorde die diepste grond vir sy

bestaan en bindingskrag. Buite om die kerkorde se diensknegggestalte hou sy bestaansreg op, maar "in sy dienskneggewaad het hy 'n noodsaaklike plek ... 'n plek voor die aangesig van die Koning" (Smit 1984b:44).

Met die eerste oogopslag is dit al duidelik dat hier ander oortuigings en uitgangspunte aan die bod kom as in die gemeentebouteologie wat met 'n kerkbegrip en dienooreenkomstige kerklike herstrukturering werk. Britz (1993:7) wys daarop dat die gereformeerdes nêrens van struktuurvernuwing, strukturering of kerklike struktuur praat nie. 'n Kerkorde is hierteenoor diensbaar aan die opbou van die gemeente vir sover dit die diens van die Woord moontlik maak (Van't Spijker 1990a:322).

### 7.2.2. DIE ORDE EN GEMEENTEOPBOU

In 'n Skriftuurlike kerkorde kan daar volledig erns gemaak word met die gesag en spreke van die Skrif (Bronkhorst 1947:229) met die oog op die opbou van die gemeente. Met behulp van die kerkorde bly die kerk dus by die Skrif vir sy opbou en voortbestaan (Smit 1985:346). Die kerkorde is immers in wese 'n rigtingwyser na die Woord waarin die Here se orde en bepalinge vir die kerk geopenbaar is (Smit 1992:515). Op hierdie wyse word die gemeente nie aan die hand van gemeentebouteksie of praktykteorieë opgebou nie, maar deur die orde wat God in die Skrif geopenbaar het en wat in die kerkorde onder woorde gebring is. Die enigste betroubare maatstaf vir die opbou van die gemeente, is die Woord van God (Van't Spijker 1972:28-29; Te Velde 1989:21). Aan híérdie grondoortuiging word uitdrukking gegee in 'n kerkorde (Smit 1984c:58). Die kerkorde word die raamwerk waarbinne die gemeente sy eie lewe en opbou in die lig van die Skrif en belydenis begryp. So word die wese en taak van die kerk nie aan die hand van 'n funksionele kerkbegrip uitgedruk nie, maar vind dit uitdrukking in 'n kerkorde. Langs hierdie weg word die gemeente deur die kerkorde in ware vroomheid, liefde en eerbied vir God opgebou (Britz 1993:7).

'n Kerkorde is dus daarop gerig om die Woord van God sy vrye loop in die gemeente te laat hê (Jonker 1965:18). Hiermee word die kerk voor die eis gestel om in die vryheid van die gesag van Christus te leef, en nie "in die benepenheid van 'n eie wetlikheid nie" (Smit 1992:515). Buite om die kerkorde se diens aan die gesag van die Woord en die realisering van 'n Skriftuurlike orde in die gemeente, hou sy bestaansreg op (Smit 1992:515). Die gemeente se kerkorde en die saak van gemeentebou kan daarom nooit van mekaar losgemaak word nie, want sodra dit gebeur, moet in die woorde van Van't Spijker (1990a:332), 'n nuwe reformasie in die kerk op dreef kom.

Daar kan gevolglik nooit sprake wees van gemeentebou as dit nie geskied in die orde wat die Here self in sy Woord gegee het nie (Van't Spijker 1990a:332). Omdat dit primêr om 'n orde vanuit die Woord gaan, mag dit op geen wyse buite-om hierdie norm gekomplementeer word nie.

### 7.2.3. DIE ORDE IS NIE 'N KERKLIKE (REGS)ORDE NIE

Aangesien dit in 'n Skriftuurlike kerkorde om die lewende Woord en die kerk van Jesus Christus gaan, is die orde van die kerk wesenlik anders as die orde van enige gewone samelewingsverband, instituut of struktuur (Smit 1984b:42). Dit moet nooit verwar word met 'n organisatoriese en "effektiewe bestuursaparaat" (Jonker 1965:14) nie. In prakties-teologiese taal is die kerkorde ook nie die toepassing van teorie op die praktyk nie.

Op hierdie punt moet een saak baie goed ingesien word. Die omskrywing van 'n kerkorde hierbo, moet nie noodwendig in 'n direkte vergelyk met die bestaande Kerkorde, Reglemente en Bepalinge van die Ned. Geref. Kerk gebring word nie. Tradisioneel word hierdie dokumente in verband met die reg vir en van die kerk gebring, sodat dit op die terrein van die Sinodale Regskommissies lê. Dit word nie in die eerste plek met die opbou en die versorging van Christus vir sy kerk ingedink nie. Trouens, in die literatuur oor die kerkorde, kerkreg en kerkregering (dit hoort in die Ned. Geref. Kerk tradisioneel saam, vgl. Kuyper 1909:231; Heyns & Jonker 1974:287) by die Ned. Geref. Kerk kom 'n aanpak na vore waarin die kerk as 'n samelewingsverband met sy eie bepaalde regsreëls vertolk word. Dan word die kerkorde in soveel kerkregtelike beginsels uiteengesit; en, beland 'n mens weer in 'n posisie waarin die denke - net soos in die geval met die gemeentebouteologie - vanuit 'n kerkbegrip bepaal word. Dit kom op sy helderste na vore in die vraag na die bronne vir die kerkregering - is dit net die Skrif, of, kan ook van buite-Bybelse bronne gebruik gemaak word? Strauss (1991b:33) wys daarop dat "voorstanders van die Sola Scriptura as enigste bron van kerkregtelike beginsels" tog (moontlik onbewustelik) naas die Skrif ook ander bronne vir die kerkregering benut. Omdat, so lui die argument, 'n kerkorde eietyds moet wees, kan die onderskeid tussen die "wetsy" en die toepassingskant van die "subjeksy" meebring dat nie-Bybelse (hoewel nie on-Bybels nie) faktore 'n rol kan speel in die vormgewing van die kerkorde (Strauss 1991b:32). Uitdrukking word hieraan gegee wanneer Coertzen (1989:80) "ander bronne" (Coertzen 1991:148; vgl. Strauss 1991b:30) naas die Skrif en belydenis vir die beoefening van die kerkreg ter sprake bring. As hy die kerkorde (ook die kerkordes van ander kerkverbande) as so 'n "bron" tipeer, word die indruk gewek dat die kerkorde (as bron naas die Skrif en belydenis) die praktiese pendant is van dit wat reeds in die Skrif en belydenis bestudeer is (Coertzen 1989:80). Ook Du Toit (1991:51-2), met die oog op die uitleg van 'n kerkorde, oordeel dat "wetshistoriese" en "regshistoriese" uitgangspunte in 'n "historiese hermeneutiek" verreken moet word.

In bogenoemde denkstruktuur word dus weer op 'n ánder wyse verval in die spanningsrelasie tussen teorie en praktyk. Om die Skrif as die absolute norm vir die beoefening van die kerkregering te stel en daarnáás in 'n al hoe minder belangrike rangorde die belydenis, kerkordes, formuliere, geskrifte, "buite-Bybelse faktore," ensovoorts (Coertzen 1989:81), skyn al te veel asof die gesag van die Skrif (ofskoon voorop gestel) en belydenis, saam met ander dokumente en oorwegings, as "bronne" (Coertzen 1989:80) op die glyskaal te lande kom. Die oomblik wanneer die teologiese besinning oor die regering van Christus en die verwoording van hierdie regering in terme van 'n kerkorde deur die regswetenskap aangevul moet word (Jonker 1965:14), verloor dit sy ongekwalifiseerde Skriftuurlike en geestelike karakter (Smit 1992:507).

Brown (1979:277) en Britz (1985:432) het die geskiedenis van die kerkregtelike ontwikkeling en kerklike ordening binne die Ned. Geref. Kerk reeds kursories beskryf. Hierdie geskiedenis gee blyke daarvan dat die kerk algaande homself moes en wou ontworstel van die teorie/praktyk-spanningsrelasie in die denke oor die kerkregering (Brown 1979:278). Die klem wat "magsbeoefening" in die regering van die kerk gekry het, het altyd die gevaar geskep dat die kerk deur 'n kerkwet regeer word, ten spyte van die pogings om aansluiting te soek by die Skrif (Brown 1979:281). Onder invloed van die regsbegrip van die Kollegialisme wat aan die kerk in terme van 'n genootskap gedink het, "is die gemeente sy Skriftuurlike verantwoording ontsê" (Brown 1992:709).

Met die herstel van die sinodale verband van die Ned. Geref. Kerk in 1962, het die kerk vir die eerste keer 'n kerkorde gekry (Britz 1985:449). Aan hierdie kerkorde is egter 'n magdom van bepalinge en reglemente toegevoeg

(Britz 1985:449). Hiermee het die kerk nie losgekom van die genootskaplike inslag in sy kerkregtelike denke nie (Brown 1979:278), deurdat hy in elke opsig gereglementeer is en aan die letter van die wet gebind is. Agter die wyse waarop die Ned. Geref. Kerk nog steeds sy kerkorde laat bepaal, staan 'n "saamgestelde korporatiewe en gestruktureerde begrip van homself" (Britz 1985:450). Die kerk loop hierin die gevaar dat die Skrif, met die oog op teologiese substansie vir kerkregtelike denke wel "bygehaal" word, terwyl pragmatiese motiveringe eerder domineer (Brown 1979:282). Waar die huidige kerkorde meer in lyn staan met die denke van die gereformeerde ortodoksie met hul skolastieke inslag, gebeur dit dat die Skriftuurlike en teologiese verstaan van die kerk en sy regering in die proses gekniehalter word (Britz 1985:450). In terme van die omskrywing van 'n kerkorde hierbo, beteken dit dat die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk in meer as een opsig daarvan afwyk. Dit hang saam met die geskiedenis van hierdie kerk, en die beoefening van die kerkreg as teologiese dissipline.

Die kontemporêre besinning oor die kerkreg binne die Ned. Geref. Kerk word tot 'n groot mate gekenmerk deur kenteoretiese en metodologiese beredenering (Coertzen 1986; 1991; 1992; 1993; Strauss 1991b:30; Du Toit 1991:46 e.v.). Sonder 'n goeie metodologiese verantwoording kan daar byvoorbeeld nie duidelikheid verkry word oor sake soos die Skrif, die belydenis en die kerk nie (Coertzen 1986:47). Dit bring Coertzen (1986:59) byvoorbeeld, op die punt om te sê dat die metodologiese vertrekpunt uiteindelik gaan bepaal of die kerkreg as 'n juridiese of teologiese wetenskap beoefen sal word. Die spesifieke kenteorie wat hanteer word, word hier bepalend vir die vraag of die gesag van die Skrif in die kerkregering gehandhaaf gaan word of nie.

Hoewel die konteks en inhoud verskil, het 'n mens dus hier met dieselfde probleem te make as by die gemeentebouteologie. Die kenteoretiese basis waarop die saak staan, bepaal uiteindelik die weg waarlangs dit teologies en Skriftuurlik verdiskonteer word. Word byvoorbeeld die juridiese wetenskappe deur die kerkreg in diens geneem, kom dit prinsipieel op dieselfde neer wanneer gemeentebou die sosiale wetenskappe as uitgangspunt neem. 'n Kenteoretiese paradigma-verskuiwing kondig hom in die tersaaklike nadenke aan. Meeste kerkregtelikes in die Ned. Geref. Kerk is dit met mekaar eens dat daar ruimte moet wees vir die betekenis van die sogenaamde "menswetenskappe" vir die kerkreg en kerkregering (Coertzen 1993:242; vgl. Strauss 1991b:31). Hierdie vakwetenskaplike besinning word dus, net soos by die gemeentebouteologie, gedwing om die teologiese karakter en Skriftuurlike duiding te verantwoord. Dit is gevolglik voor die hand liggend waarom die bestaande Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk, en die wetenskaplike besinning daar rondom in hierdie kerk, nie sondermeer gelykgeskakel kan word met die opvatting van 'n Kerkorde (resp. Skriforde) soos dit hierbo aangedui is nie.

Die teologiese nadenke oor die regering van Christus moet die reg van die kerk eerder as die reg van die genade en daarom as die deur God verleende reg bestudeer (Van't Spijker 1980a:8; Smit 1985:305). Die kerkregering rus op die volmag van die bediening van die regverdiging deur die geloof alleen in die midde van die gemeente (Van't Spijker 1980a:10). Op hierdie manier kom die kerkorde enersyds vry van 'n regskerklike "spesialis"-inslag (Van't Spijker 1980a:8) en andersyds is dit allermins 'n belemmering van die kerklike lewe (Van't Spijker 1980a:10) en versper dit nie die weg van vernuwing in die kerklike lewe nie (Te Velde 1989:37). Daar moet dus nougeset daarop gelet word dat die kerkorde nie sal neerkom op die instelling van 'n *statuut*, op grond waarvan die kerk as 'n *genootskap* gekonstitueer word nie (vgl. Jonker 1965:18). Indien die kerkorde 'n juridiese regsapparaat word wat die kerk met reglemente en bepalinge náás die Woord moet regeer, kom dit ten diepste neer op "'n hartgrondige twyfel aan die krag van Gods Woord" (Jonker 1965:14). Dan gebeur dit dat oor die kerk vanuit die mens, en nie

vanuit die Skrif en die herskepping nie, gedink word (Smit 1984b:43). As die kerklike orde vanuit die mens en die samelewing gedink word, is dit begryplik dat die kerk se orde dan ook die regsreëls van die moderne samelewingsverband sal moet oorneem.

'n Kerk wat homself hierteenoor aan die hand van 'n Skriftuurlike kerkorde laat lei, sal vind dat Christus sélf langs hierdie weg sy gemeente teëkom. Dit is die bevrydende resultaat van 'n kerk wat in die denke oor sy regering vrykom van 'n "regsorde" en deur 'n "Skriforde" beheers word. 'n Kerkorde moet dus nie in verband gesien word met kerkreg en kerkregering nie. Dit is nie die wyse waarop die kerk sy eie reg reël of homself regeer nie. Waar Christus die Woord deur sy Gees laat geld, en Hy só gehoorsaam word, daar regeer Hy en skep Hy 'n orde (Britz 1993:7) - daarom moet die funksie van die kerkorde met betrekking tot die Christusregering tot opbou van die gemeente, nou belig word.

## 7.3. 'N KERKORDE: BEDIENING VAN DIE CHRISTUSREGERING TOT OPBOU VAN DIE KERK

In die opset van 'n Skriftuurlike kerkorde kom die regering van Christus deur sy Woord en Gees, die opbou van die gemeente en die diens van gelowiges in 'n samehang tereg. Verre daarvan dat met hierdie uitgangspunte die lewe van die kerk in 'n spiritualistiese sin opgevat word. Dit het ten volle met die alledaagse praktyk van die kerklike lewe te make. Dit gaan in werklikheid om die realisering van die Christusregering deur die Woord. Daarin is Hyself as Hoof by die opbou van die gemeente betrokke. Meer prakties as dit kan dit nie wees nie. Dit is hierdie sake wat in 'n kerkorde verwoord word.

### 7.3.1. CHRISTUS AS HOOF EN HERE VAN SY KERK

Dat Jesus Christus die Hoof en Here van sy kerk is en as Koning direk en persoonlik oor sy kerk regeer (Jonker 1965:3), is nie alleen die grondwaarheid waarop 'n kerkorde staan nie, maar ook vir die Diakoniologie wat die diakonia en opbou van die kerk in die oog het. Die feit dat Christus die Hoof van sy kerk is, stel die Diakoniologie voor die werklikheid van sy regering wat uiloop op die opbou van die kerk. Dit kom na vore in die praktiese lewe, inrigting en diens van die kerk (vgl. Bronkhorst 1951:7).

Die opbou van die kerk kan gevolglik op geen wyse buite om die regering van Christus bedink word nie. Hierdie reg wat Christus in en deur die gemeente uitoefen, beoog "de stichting...de opbouw van de gemeente" (Van't Spijker 1972:12). In hierdie verband is dit dan juis 'n Skriftuurlike kerkorde, wat gedrenk is in die koningskap van Christus (Smit 1985:349), wat die opbou van die gemeente onder die heerskap van Christus rig.

Die orde waarin die kerk opgebou word, erken dus die besondere verhouding tussen Christus en sy kerk (Jonker 1965). Die kerk kan daarom nie kerk wees, of gebou word, sonder die orde wat Christus self daarvoor bepaal nie. Hy doen dit deur die Woord en die Gees.

### 7.3.2. CHRISTUSREGERING DEUR DIE WOORD EN GEES

Die regering van Christus in die kerk word altyd begryp as 'n **regering deur sy Woord en Gees** (Jonker 1965:8; Coertzen 1991:94-97; Smit 1992:508). God stel die kerk daar, Hy bou en behou sy kerk onder die heerskappy van Christus deur sy Woord en Gees (Smit 1985:109). Waar God se Woord en Gees werk, word die regering van Christus persoonlik en lewend gerealiseer en kom die kerk in 'n nuwe orde tot stand (Smit 1984b:42; 1985:342). Die uitgangspunt vir die voltrekking van die gereformeerde beskouing oor die kerkorde lê dus in Jesus Christus, die enigste Hoof van die kerk, wat deur sy Woord regeer (Smit 1992:507). Waar die kerkorde die gesag van die Skrif deur die regering van Christus verklank, kan dit as 'n bepaalde wyse van Woordverkondiging ook nie van die werking van die Heilige Gees geskei word nie (Smit 1985:345; Coertzen 1991:97). 'n Kerkorde wat op die Heilige Skrif gegrond is en die bepalinge en voorskrifte van die Skrif vir die kerk se kerkwees in die wêreld weergee, is 'n vrug van die Heilige Gees se werk (Smit 1985:346). Volgens hierdie uitgangspunt is 'n Skriftuurlik begronde kerkorde noodwendig 'n "Geestelike regeringswyse" (Smit 1992:507).

Die orde wat langs hierdie weg in die kerk tot stand kom, moet dus aan 'n Skrifberoep getoets word (Smit 1992:512). So word die diens van die Woord in al sy gestaltes gehandhaaf (Smit 1985:348). Die kerkorde is gevolglik nie uitdrukking van menslike bepalings nie, maar stel die kerk vir sy bestaan voor die Skrifbeginsels en Skrifopdrag wat deur Jesus Christus gegee is (Strauss 1991b:33; Smit 1992:518). Hiermee saam val ook die belydenis van die duidelikheid van die Woord van God, wat inhou dat die gemeente deur die werking van die Heilige Gees in staat sal wees om te beoordeel of die bediening uitdrukking gee aan die werklikheid van die opdrag van die Woord.

Dit is dan om hierdie rede dat daar in die gereformeerde tradisie soveel klem gelê word op die **plaaslike gemeente** wat rondom die Woord en sakramente vergader is (Jonker 1965:14). Die klem op die plaaslike gemeente geskied by die gereformeerdes egter nie vanuit demokratiese motiewe of vanuit die gedagtegang van die indiwidualisme met die klem op die "regte" van die indiwiduele lidmaat nie. Dit is ook nie 'n poging om die indiwiduele gemeente teenoor die res van die kerkverband te beskerm nie (Jonker 1965:14). Nóg staan dit in verband met die belang van die geloofsgemeenskap as 'n saakmakende sosiale sisteem in die samelewing. Vir die Reformatore het dit in alles gegaan om die heerskappy van Christus deur die Woord op 'n bepaalde plek (Jonker 1965:14). Rondom die gepredikte Woord word die gemeente as gemeente van Christus geopenbaar en is alle moontlike gesag wat die kerk kan dra, teenwoordig, omdat Christus daar deur sy Woord regeer (Jonker 1965:14). Op hierdie wyse is die kerkorde daarop gerig om die plaaslike gemeente te bou as uitdrukking van die regering van Christus deur sy Woord. Hiermee is die verband tussen die regering van Christus deur sy Woord en Gees, en die opbou van die kerk, aan die orde gestel.

### 7.3.3. CHRISTUSREGERING TOT OPBOU VAN DIE KERK

In die kerkorde kom die regering van Christus en die opbou van sy kerk in 'n Skriftuurlike samehang tereg (Smit 1985:347; Coertzen 1991:106). Die kerkorde wil die gemeente altyd teruglei na God en sy Woord, want dit is sy eer wat op die spel is en in hierdie beweging kom die opbou van die kerk direk ter sprake (Smit 1985:369). Hierin word dit duidelik dat die grens van alle gemeentebouwerk die regering van Christus deur sy Woord en Gees is (Smit 1985:347). Buite Christus om bestaan daar nie 'n Skriftuurlike orde vir die kerk nie, en word die hele kerklike lewe

in dié proses 'n menslike aktiwiteit (Smit 1985:223). As die Skriftuurlike orde op grond van die geloof in Christus en sy regering egter gehandhaaf word, dra hiérdie orde in homself ook die betekenisaspek van *opbou* om. Langs hierdie weg word die kerk al hoe meer wat hy is, deur die orde wat die Here self bepaal het.

So kan die gemeente as 'n herstelde gemeenskap ordelik opgebou word met die belydenis dat God deur Jesus Christus as die enigste Ordeskepper en Bouer van sy kerk erken word. Hierin geskied die opbou van die gemeente tot gehoorsaamheid en diens aan Christus aan die hand van sy regering. So word aan elke lidmaat in die georganiseerde gestalte van die kerk deur die Heilige Gees 'n regmatige plek voor die aangesig van God gegee. Die kerkorde bevestig dat elkeen wat in Christus deel van die herskape mensheid geword het, in die gemeente behou en opgebou moet word (Smit 1985:347). Omdat dit in die regering en opbou van die kerk om die eer van God gaan, moet alle moontlike voorsorg getref word dat dit in die toepassing van die kerkorde, die regering van Christus self deur die Woord bedien word.

### 7.3.4. DIE CHRISTUSREGERING VRY VAN SEKULARISERING EN KLERIKALISERING

Jonker (1965) het reeds oortuigend aangetoon dat die teologiese besinning oor die regering van Christus in sy kerk altyd bedag moet wees teen óf 'n *klerikalisering* óf 'n *sekularisering* van die kerkreg (Jonker 1965:25). Myns insiens moet ook die gemeentebouteologie en die diakoniologiese besinning oor die opbou en diens van die kerk (wat ook vanuit die Christusregering moet dink) erns maak met hierdie waarskuwing. Die belydenis dat Christus die Hoof en Bouer van sy kerk is, vrywaar nog nie die akademiese besinning en die praktiese bediening van die gevaar dat die opbou van die kerk uiteindelik tog maar weer in die hande van mense gestel word nie. Mense kan nie bepaal op watter wyse Christus sy kerk moet regeer nie (Jonker 1965:25). Dit gaan dus in die Christusregering om 'n saak waaroor die kerk nie kan beskik nie (Jonker 1965:25) en wat deur geen teologie of praktiese bediening of strategiese beplanning bewerkstellig en gemanipuleer kan word nie. As 'n gemeente werklik erns maak met die regering van Christus in sy kerk, is dit 'n saak waarvoor die kerk moet bid en waarop die kerk moet wag in omgang met die Woord deur die Gees. Op hierdie wyse sal die Christusregering in die gemeente begryp word as 'n daad van Christus, deur die gesag en spreke van sy Woord te aanvaar. Dit sal korreleer met die geloofsgehoorsaamheid van die gemeente (Jonker 1965:25).

'n Bybelse kerkorde tref dus voorsorg teen elke vorm van menseheerskappy in die kerk (Jonker 1965:25). Die kerkorde moet daarom ruimte maak vir die kontrolering van elke kerklike handeling of beslissing deur die Woord van God (Jonker 1965:27). Dit beteken dat aan die ampsdraers in die gemeente geen ander funksie toegeken kan word nie, as dié van dienaars van Christus en sy Woord (Jonker 1965:26). Met hierdie uitgangspunt kom ook die ampsbenadering van die gemeentebouteologie onder die loep. Die organisatoriese- en fasiliteringsfunksie van die gemeentebou-leraar sal op hierdie beslissende punt weer plek moet maak vir gehoorsaamheid aan die aktuele regering van Christus in sy kerk. 'n Skriftuurlike kerkorde sal daarom aan die ampte 'n kleiner organisatoriese profiel toeken met veel groter klem op die diensfunksie aan die Woord. Die ampte in die gemeente is niks anders nie as bedienaars van die Goddelike Woord en hulle spreek slegs gesagvol as die Woord in hulle woorde aan die woord kom (Smit 1992:507). Namate die regering van Christus tot opbou van die kerk in 'n Skriftuurlike sin bedink word, word die belangrikheid van 'n gereformeerde ekklesiologiese benadering ook onderstreep.

Die teologiese besinning oor die opbou en diens van die kerk sal in die lig van hierdie gereformeerde ekklesiologiese benadering dit moet uithou met die werklikheid van Christus se lewende teenwoordigheid en regering in die midde van die gemeente (Jonker 1965:4). Die regering en opbou van die kerk mag op geen wyse aan Christus ontneem word en in die hande van die mens gelê word nie (Jonker 1965:4). Wanneer dit gebeur, kan nie meer gepraat word van 'n ekklesiologiese benadering wat uit die Skrif verantwoord is nie. 'n Omvattende Skriftuurlike kerkorde wil die kerk juis van hierdie dwaling bewaar. Op hierdie wyse word nie alleen die gesag van die Skrif en die regering van Christus tot opbou van die kerk verdiskonteer nie, maar kom die konfessionele opbou van die kerk in 'n omvattende sin ook tot sy reg. Die konfessie wil die teologiese besinning oor die opbou van die gemeente immers aan die Skrif bind.

## 7.4. 'N KERKORDE: UITDRUKKING VAN DIE KONFESSIONELE OPBOU VAN DIE KERK IN 'N OMVATTENDE SIN

Vroeër in die studie is reeds aangetoon dat die gemeentebouteologie die Skrif eklekties betrek en dat die belydenisskrifte ook nie tot hulle reg kom nie. As die belang van 'n Skriftuurlike kerkorde met die oog op die opbou van die gemeente egter beklemtoon is, word die weg gebaan vir die konfessionele opbou van die kerk in 'n omvattende sin. Omdat 'n Skriftuurlike kerkorde die Woord en die Christusregering tot opbou van die gemeente wil bedien, beteken dit dat die konfessie die belangrike raamwerk vorm waarbinne die kerkorde sy beslag kry. Hierin word uitdrukking gegee aan die grondwaarheid van die gereformeerde teologie wat hom laat rig deur die ryke en genuanseerde spreke van die Skrif en wat daarom direk aansluit by die belydenis van die kerk (vgl. Te Velde 1989:21).

### 7.4.1. DIE VERBAND TUSSEN DIE BELYDENIS EN DIE KERKORDE

Die *belydenis* van die kerk en die kerk se *orde* loop hand aan hand (vgl. Smit 1984a:41). Waar die kerkorde se lewensnoodsaaklike basis die Woord van God is, is die belydenis die onmisbare konteks waarbinne die kerkorde moet funksioneer (Smit 1984b:44). Sonder die Woord en die belydenis as die "ontstaansgrond" en "verwysingsgrond" vir die kerkorde, kan laasgenoemde geen hulpmiddel vir die kerk wees om homself en sy handelinge aan God se orde te toets nie. Waar die belydenis die gesag van die Skrif nie op 'n omvattende wyse in die kerkorde reflekteer nie, verloor die kerkorde sy "fundamentele lewensbedding" en verword dit tot 'n menslike reglementebundel of juridiese kontrak tussen kerke (Smit 1985:346).

### 7.4.2. KONFESSIONELE OPBOU OMVATTEND AAN DIE SKRIF VERBIND

Die gereformeerde teologie gee genoeg blyke daarvan dat daar ter wille van die opbou van die kerk in die lig van die Woord gekyk moet word na dit wat die kerk deur die eeue geformuleer en bely het. As dit met historiese begrip en teologiese verantwoording geskied, staan die wyse waarop Christus beslag gee aan die opbou van sy kerk, daarin afgeteken. Daarom is dit so belangrik dat 'n gereformeerde kerk 'n probleem in die praktiese kerkwees nie pragmaties en empiries moet evalueer en oplos nie. Soos wat dit by die Ned. Geref. Kerk gebeur het. Die aksente lê hier dus bepaald anders as in die gemeentebouteologie. Te Velde (1989:21) wys veelseggend daarop dat Artikel

27-32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis en Sondagsafdeling 21 van die Heidelbergse Kategismus meer inhoudryk en genuanseerd uit die Skrif die wesenlike van die kerklike lewe tipeer as wat baie gemeentebouprogramme en -konsepte dit kan doen. S.A. Strauss (1993:5) voeg hieraan toe dat die konfessie uitgaan van dit wat God in sy Woord oor die kerk, sy diens en sy opbou leer en nié vanuit dit wat die mens oor die kerk ervaar nie. Die konfessionele gebondenheid aan die Skrif skep 'n soort gemeentebou wat iets anders is as die programmatiese benadering van die gemeentebouteologie.

Op 'n omvattende wyse het Van't Spijker (1980a; 1983; 1990b) die lewe van die kerk van Christus aan die hand van die historiese belydenisse en formuliere verwoord. Met verwysing na die klassieke formuliere van die kerk, wat aan die **kerkorde van die Palts** ontleen is (Van't Spijker 1980a:7), word die orde van die kerk as die gelóóf en gehóórsaamheid van lidmate belig onder die gesigspunt van die sakramente en die belydenisaflegging (Van't Spijker 1980a; 1983). Doop, belydenis en nagmaal moet in 'n ordelike samehang teregkom, soos dit in verband staan met die orde van God se heil in Christus (Van't Spijker 1980a:10). Die kerkorde het in hierdie opsig gedien as die kernformulering van die geopenbaarde orde van die Christelike geloof en die formuliere wat daarin opgeneem is, was bedoel as rigtingwysers vir die inrigting van die kerklike lewe (Van't Spijker 1980a:7).

Die prediking van die evangelie het sentraal gestaan in die kerkorde, waarna die doop, die kategismus en die nagmaal aan die orde gekom het (Van't Spijker 1980a:7). Die gemeente moes in terme van hierdie "logiese orde" begelei word: die doop dien as inlywing in die gemeente en die kategismus dien daartoe om die gemeente tot 'n bewuste viering van die nagmaal te onderrig en te begelei (Van't Spijker 1980a:7). In aansluiting hierby word die nagmaal behandel waarna ook die Christelike tug ter sprake kom (Van't Spijker 1980a:7). 'n Hele aantal sake, waaronder die versorging van die armes, die gebede, die kategismusprediking, die huweliksbevestiging, die reëling van die kerksang, siekebesoek, die gebede vir siekes en sterwendes asook die ordening van die begrafnisdiens word vermeld (Van't Spijker 1980a:8).

Die kerkorde en die formuliere wat daarin opgeteken is, se oogmerk is dus om diensbaar te wees aan die bediening van die Woord. Daardeur moet die gemeente tot diens van die Woord opgeroep word (Van't Spijker 1980a:8). Die belangrike klem op die sakramente as bondseëls bevestig in hierdie kerkorde dat die gemeente alleen by die grasie van Gods verbond tot geloof en gehoorsaamheid kom (Van't Spijker 1980a:8; 1980b:370). Die ewige verbond wat God met sy volk gesluit het, moet dan uitloop op 'n lewensorde van gehoorsaamheid as sigbaarmaking van die verbond (Smit 1985:205). Met die oog hierop moes die gemeente opgevoed word in die Christelike leer. Dit loop weer uit op die lewende gemeenskap met die Here rondom die nagmaalstafel (Van't Spijker 1980a:8).

By die tafel, by brood en beker, word die gemeente as liggaam van Christus herken (Van't Spijker 1980b:371). Omdat dit by die brood en die beker om die eenheid van die liggaam van Christus gaan, het die gereformeerdes nooit 'n "oop nagmaalviering" geken nie, maar moes dit ordelik daaraan toegaan en moes die gemeente telkens in die betekenis daarvan onderrig word (Van't Spijker 1980b:371). Deelname aan die nagmaal kan daarom alleen geskied nadat die Christelike geloof in die openbare geloofsbelydenis bely is (Van't Spijker 1980b:371). Die kerkorde is dus "een ordening tot het onderwijs van de gemeente" (Van't Spijker 1980a:7). Hiermee is enersyds die konfessionele karakter van die kerkorde bevestig en andersyds is ook die kerkordelike inslag van die belydenis bevestig (Van't Spijker 1980a:8).

Die kerkorde is as't ware die toegangspoort vir die gemeente om konfessioneel en dus omvattend in die lig van die Skrif sy wese te begryp, opgebou te word en tot gehoorsaamheid en diens te kom (Van't Spijker 1990b:155). Van't Spijker (1990b:155) wys daarop dat Calvyn se kerkordelike arbeid in Genève in noue verband met sy ondersoek van die Skrif begryp moet word. Die lewe, diens en opbou van die gemeente kan gevolglik nooit losgemaak word van die orde van God se heil soos dit in die Skrif geopenbaar is nie (Van't Spijker 1980a:10; 1990b:155 e.v.), en daarom moet die hart van die belydenis op 'n omvattende wyse in die kerkorde klop. Wanneer die "orde van die heil" losgemaak word van die "orde in die gemeente," beland die gemeente in 'n moeras (Van't Spijker 1980a:10) en kan daar geen sprake wees van gemeentebou, diens en getuienis nie. Die kerkorde wil dus ruimteskeppend deur middel van die prediking, doop, belydenis en nagmaal die gemeente aan God se orde vir sy kerk hou (Van't Spijker 1980a:10). Wie dit erns bedoel met hierdie verbande wat God self lê (Van't Spijker 1980a:10), kan nie anders nie as om aan die opbou van die gemeente te dink as 'n konfessionele aangeleentheid, as 'n geloofsopsie - maar dan die énigste opsie, omdat dit hierin om niks minder nie as God se heil gaan.

Die hele bestaan, lewe en opbou van die kerk is dus te danke aan en gerig op die Here Jesus Christus en deur Hom op die gemeenskap met die lewende God (Te Velde 1989:21). Om dit moontlik te maak moet die belydenisskrifte en formuliere van die kerk die kerk voortdurend op 'n omvattende wyse verbind aan die Woord en al sy beloftes. Daarom kan die kerk nie leef, gebou word en diens lewer as die prediking van die evangelie van die versoening en die bediening van die sakramente nie die lewensweg van die gemeente bepaal nie (Te Velde 1989:21). Langs hierdie weg word die gemeente Skriftuurlik en konfessioneel aan 'n gereformeerde ekklesiologie georiënteer in terme waarvan die ganse kerklike lewe vanuit Christus die Hoof begryp word (Van't Spijker 1990b:292). Daarsonder is geen gemeentebou moontlik nie. Die vrug hiervan sal 'n kerkorde wees wat die gemeente rig om ordelik en dankbaar te antwoord op die inhoudryke en belofteryke Openbaring van God.

### 7.4.3. KONFESSIONELE OPBOU DIENSBAAR AAN DIE GEMEENTE SE GELOOF EN GEHOORSAAMHEID

Een van die groot leemtes in die gemeentebouteologie is die feit dat die appél op die geloof en gehoorsaamheid van die gemeente in die lig van die heil nie ter sprake kom nie. In plaas daarvan om die klem op gehoorsaamheid te laat val, word die moontlikhede van 'n verbeterde kerkbegrip ontgin. As die weg van 'n kerkorde eerder as dié van 'n funksionele kerkbegrip met die oog op gemeentebou voorgestel word, word die noodsaak van die gemeente se gehoorsaamheid weer in 'n Skriftuurlike sin gereflekteer.

Te Velde (1989:21) wys daarop dat die Woord, die verbond en die sakramente *geloof* en *gehoorsaamheid* oproep as die enigste legitieme vorm van "partisipasie" in die opbou van die gemeente (Te Velde 1989:21). In terme van 'n gereformeerde ordebenadering lê die lewe en opbou van die gemeente tog in die hand van Christus self. Die geloof en die gehoorsaamheid is dan die mens se "be-amen van het evangelie" en dit vind konkrete uitdrukking in die belydenis, aanbidding, gebede en heilige lewenswandel van die gemeente (Te Velde 1989:21). Die gemeente kan dus nie bestaan as hy nie voortdurend herinner word aan die verbond en beloftes van God wat die gemeente veilig sal bewaar tot op die jongste dag nie. Vanuit hiérdie werklikheid moet die gemeente gebou word. Van hieruit moet die diens en gehoorsaamheid gemotiveer word. Dit is nie 'n empiries navorsbare werklikheid nie. Nog minder

is dit 'n dinamies-sosiologiese werklikhied wat deur middel van prosesse en regstellende aksie gedetermineer kan word. Nee, dit is 'n geloofswerklikheid en daarom 'n belydeniswerklikheid.

Spoelstra (1991a:226) wys daarop dat die belydenisskrifte van die Reformasie en die dienooreenstemmende kerkordes niks anders wou doen nie as om die Heilige Skrif aan mense te bedien. In hierdie verband beklemtoon hy die belangrike "diakoniologiese rol van die gereformeerde belydenisskrifte in kerkwees" (Spoelstra 1991a:217). Die gemeente moet die volle waarheid van die Skrif omhels. Daarin moes die belydenisskrifte voorgaan. Daaraan moes die kerkorde konkrete uitdrukking gee (Spoelstra 1991a:226). So het die Drie Formuliere van Eenheid, diakoniologies beskou, gedurende die Reformasie didaktiese, kategetiese, polemiese en pastorale funksies in die eksistensiële situasie van die gemeente gehad (Spoelstra 1991a:226). Hierdie diakoniologiese funksie hou die gemeente voortdurend aan 'n Skriftuurlike omgang met en singewing van die lewe.

In die lig van bogenoemde pleit Spoelstra (1991a:218) daarvoor dat die Drie Formuliere van Eenheid gewoon in die gemeentebediening aan die orde moet kom. As die belydenisskrifte die gemeente se antwoord op die Woord is en "die musiek is waarop gelowiges hulle lied van die geloof sing" (Spoelstra 1991a:219), is die diakoniologiese funksie van die belydenis konstituerend vir die kerkorde. Op hierdie wyse kan die belydenisskrifte nie maar net deel uitmaak van die "kerklike inventaris" van 'n kerkorde nie (Spoelstra 1991a:219). So gebeur dit in die verenigingsreg en kollegialisme dat die Formuliere van Eenheid in 'n "grondwet" of kerkorde opgeneem word en gebruik word om die "kerk" tot 'n selfstandige regspersoon te "konstitueer" (Spoelstra 1991a:228). Dit is begryplik dat die kerkorde in hierdie sin nie die karakter van 'n "konstitusie" of "reglement" wat deur die kerkleiding geïmplementeer word, kan dra nie.

As die belydenis egter deur 'n Skriftuurlike (en nie 'n verenigingsregtelike) kerkorde gereflekteer word, word laasgenoemde die Skriftuurlike "ritme" van die kerk aan die hand van die Drie Formuliere van Eenheid. Die kerkorde verwoord dan die belydenis van die kerk wat alleen funksie en betekenis verkry wanneer dit 'n diakoniologiese rol in die lewe, opbou en diens van die gemeente vervul (Spoelstra 1991a:220). Belydenisvorming van die kerk in die lig van die Skrif moet daarom lei tot "ordevorming" as uitdrukking van die gemeente se diakonale bestaan (Smit 1984a:41). In hierdie sin vind die belydenis as lewensreël vir die gemeente sy praktiese konkretisering in die kerkorde (Smit 1984a:41). Konfessionele gemeentebou kan daarom nie anders nie as om aan die kerkorde kenbaar te wees.

As die omvattend-konfessionele opbou van die kerk in kaart gebring is, word die kerklike diakonia ondubbelsinnig daarin gestel en deur die kerkorde gereël.

## 7.5. 'N KERKORDE: TEOLOGIESE BLIKPUNT VIR DIE BEOEFENING VAN DIE DIAKONIOLOGIE

In die voorafgaande het die klem geval op die kerkorde se verbintenis aan die gesag van die Woord, die regering van Christus en die konfessionele opbou van die kerk in 'n omvattende sin. Ook is aangevoer dat die opbou van die gemeente van Christus nooit buite om die Christusregering deur die Woord en Gees begryp kan word nie. Wanneer bogenoemde waarhede met die oog op die kerk se Skriftuurlike orde in terme van 'n kerkorde verwoord

word, kom die kerklike diakonia, as teologiese blikpunt vir die beoefening van die diakoniologie, in die gesigsveld.

### 7.5.1. DIE VERBAND TUSSEN DIE KERKORDE EN DIE KERKLIKE DIAKONIA Lê IN CHRISTUS

Tussen die Skriftuurlike orde van die kerk en die dienswerk van elke lidmaat bestaan die allerintiemste verband (Dick 1982:2,14). Hierdie verband lê in niemand anders nie as Christus. Daarom dat die hart van die teologiese arbeid van die gereformeerde Diakoniologie in die diens aan Christus in omgang met die Woord klop (Jonker 1981a:38). As deel van die teologiese ensiklopedie word die Diakoniologie egter nie in 'n waterdigte kompartement beoefen nie (Jonker 1981a:38). Alle teologiese vakke moet uiteindelik gekonsentreer wees rondom die één bepalende saak van die teologie, naamlik die Openbaring van God in Jesus Christus deur die Heilige Gees soos dit in die Heilige Skrif betuig word en deur die Woord en Gees van God in die lewens van mense beslag kry (Jonker 1981a:38). 'n Kerkorde, wat aanspraak op Skriftuurlikheid maak, verwoord presies dít.

Die vraag na die mate waarin die kerkorde die kerklike diakonia verwoord, staan of val nie by die wyse waarop diakonioloë ook erns met die kerkorde het nie. Dit staan of val ook nie by die vraag of ekklesioloë bereid is om die regskerklike inslag van 'n kerkorde te vervang met 'n diakoniologiese inslag nie. Die verband tussen die kerkorde en die kerklike diakonia lê by Christus self wat deur sy orde die gemeente aan 'n lewe van diens en toewyding wil hou (Smit 1984c:131).

Vir die verband tussen die kerkorde en die kerklike diakonia is die uitklaring van die teologiese karakter vir die beoefening van die Diakoniologie, van die grootste belang (Jonker 1968:19).

### 7.5.2. DIE TEOLOGIESE KARAKTER VAN DIE DIAKONIOLOGIE DEUR 'N SKRIFTUURLIKE KERKORDE BEVESTIG

Omdat die strale van Gods Openbaring soos dit in die Skrif gegee is, in die kerkorde met die oog op 'n Skriftuurlike orde saamkom, moet die teologiese karakter van die Diakoniologie duidelik afgeteken staan in die kerkorde. Hierin sal die verskil aan die lig tree ten opsigte van die wyse waarop die prakties-teologiese benadering die kerkorde ter sprake wil bring.

Vir die Praktiese Teologie en die manier waarop dit aan gemeentebou beslag gee, is dit ondenkbaar om met 'n Kerkorde die gemeentebou te realiseer. Vir die dinamiese en funksionele kerkbegrip van hierdie teologie is die kerkorde te staties en beperkend. Behalwe dat die prakties-teologiese benadering afkeurend ten opsigte van die kerkorde staan, kan hierdie benadering ook geen wesenlike bydrae lewer tot die vormgewing van 'n Skriftuurlike kerkorde nie. Die wisselende resultate van die analise van die teorie/praxis- en God/mens-interaksie kan nie in terme van 'n kerkorde verwoord word nie. Dit gaan hier om paradigmas wat nie versoen kan word nie.

Die wesenlike aard van 'n Skriftuurlike kerkorde vereis dat die boodskap van die Skrif aan die hand van die konfessie daarin nagepraat sal word. Daarom moet die teologiese karakter van die Diakoniologie duidelik uitgeklaar wees

om 'n verantwoorde inset te kan lewer ten opsigte van die vormgewing van 'n kerkorde wat uitdrukking kan gee aan die sentraliteit van die diakonia in die kerklike lewe. Die diakonia van die kerk neem immers in die kerklike lewe 'n sentrale plek in (vgl. Jonker 1968:19). Wanneer die diakoniologiese vakke se teologiese fokus die diens van die kerk binne die raamwerk van die heilswerk van God in Jesus Christus is (Jonker 1968:20), beteken dit dat 'n duidelike diakoniologiese inslag in die kerkorde gevind sal word.

In die samespel met al die ander teologiese dissiplines (waarby later in die hoofstuk stilgestaan word) kan die gereformeerde Diakoniologie sy diepste intensies in 'n Skriftuurlike kerkorde tot uitdrukking bring. Dit mond uit in die verwoording van die diakonia van Christus in sy gerigtheid op die kerk en die wêreld.

### 7.5.3. DIE KERKORDE AS BEDIENING VAN DIE DIAKONIA VAN CHRISTUS IN SY GERIGTHEID OP DIE KERK EN DIE WêRELD

Die kerkorde stel die kerk altyd voor 'n Skriftuurlike opgaaf tot gehoorsaamheid ter wille van die opbou en diens van die kerk (Smit 1984b:44). Maar die kerkorde stel die kerk ook voor die waarheid van sy diakonia en roeping tot kerkwees in die wêreld (Dick 1982:14) - daarom kan die kerkorde nie sy Skriftuurlike karakter waardig wees as dit nie ook deurstoot na die vraag hoe die Woord gedien moet word, sodat dit in die kerk én in die wêreld verstaan, geglo en betuig kan word nie (Jonker 1981a:40). Die kerkorde is nie maar net die produk van "kerkregtelike besinning" (Smit 1984b:41) nie, maar is die vrug van die belydenis van die gesag van die Skrif vir die hele lewe van die kerk onder verskillende gesigspunte (Smit 1984b:42).

Die kerkorde herinner die kerk daarom deurgaans daaraan dat hy die draer en die beskermer van die waarheid is (1 Tim. 3:15), met die oog op sy eie opbou en met die oog op die getuienis van die waarheid in die wêreld (Smit 1984b:44). Die kerkorde staan daarom in diens van die geestelike wasdom en opbou van die kerk, nie in 'n strategiese of dinamies-sosiologiese sin nie, maar in 'n Skriftuurlike en daarom ook pneumatologiese sin. Wanneer die opbou van die gemeente langs hierdie weg geskied, word die kerklike diakonia as diens aan die Woord gerealiseer. Dan word die opbou van die liggaam van Christus inderdaad gerealiseer. Dit kom egter nie in terme van 'n kontras tussen liggaamsmodel en herdersmodel nie (vgl. Heyns 1986), maar deur die belydenis van die regering en heerskappy van Christus.

As die werklikheid van die Christusregering die gemeente in sy diakonale en missionêre arbeid rig, kan die kerk sy "posisionering" ten aansien van die samelewing ook teologies beter verantwoord. Die gevaar kruip telkens by die gemeentebouteologie in dat die ordening van die kerklike lewe in terme van die spelreëls van die moderne samelewing bepaal word. Dan word die kerk 'n agent midde-in die veranderende wêreld sonder werklike teologiese verantwoording. Met die belydenisskrifte moet die Woord egter op só 'n wyse in die midde van die gemeente bedien word, dat die gemeente kan begryp dat dit ten eerste gaan om die gemeenskap met God op grond van die versoening in Jesus Christus deur die weg van die geloof (Te Velde 1989:21).

Alleen op basis hiervan kan die gemeente tot 'n getuieniswerklikheid vir die samelewing word: in 'n heilige lewe, met liefde tot die naaste en met die oog op vrede en geregtigheid in die samelewing (Te Velde 1989:21). Langs hierdie weg word die gemeente se relasie tot die wêreld en die samelewing bepaal in die sin dat die heil in Christus

kosmiese en ekumeniese betekenis het vir alles en almal (Te Velde 1989:21). In haar verkondiging, lewe en diens roep die gemeente die Naam en koningskap van Christus oor alles en almal uit (Te Velde 1989:22). Langs hierdie weg bewaar die konfessionele gebondenheid van die gemeentebediening en die verwoording daarvan in 'n kerkorde die kerk om sy rol in die samelewing altyd te begryp in die lig van die evangelie.

Met die oog op die realisering van die kerklike diakonia moet nooit aan die kerkorde gedink word in terme van 'n afsonderlike stel reëls los van die Woord van God nie. Dit is slegs die kerk se persoonlike visie op sy eie gelaat uit die Heilige Skrif (Smit 1984b:44). Daarom bevestig die kerkorde juis die spanningslose samehang tussen teorie en praktyk in die kerklike bediening.

## 7.6. 'N KERKORDE: BEVESTIGING VAN DIE SPANNINGSLOSE SAMEHANG TUSSEN TEOLOGIE EN PRAKTYK IN DIE KERKLIKE BEDIENING

In die gemeentebouteologie is die kerkbegrip 'n probleemgerigte teorie om teorie en praktyk aan mekaar te verbind. Hieroor is reeds breedvoerig gehandel. 'n Kerkorde egter, word nie in 'n handelingsteoretiese sin nog 'n "kritiese teorie" om ideaal en werklikheid by mekaar te bring nie. Die teologiese bedding waaruit 'n Skriftuurlike kerkorde kom, veronderstel juis nie 'n spanningsrelasie tussen teorie en praktyk nie. Daarom het die kerkorde nie 'n teoretiese inslag wat "prakties toegepas" moet word nie, aangesien die aard van die kerkorde nie vanuit so 'n dualisme begryp kan word nie.

### 7.6.1. DIE TEORIE/PRAXIS-SPANNINGSRELASIE TEENOOR DIE AARD EN KARAKTER VAN 'N KERKORDE

In die studie is reeds aangetoon in watter mate die gemeentebouteologie 'n spanningsrelasie tussen teorie en praktyk poneer. Hieragter lê die rasionalistiese filosofie van Kant. In die vorige hoofstuk is ook aangetoon in watter mate die invloed van die rasionalisme van Kant by Schleiermacher 'n rol gespeel het, toe hy die godsdienstige ervaring van die indiwidu as vertrekpunt vir teologiese ondersoek gestel het (Spoelstra 1993:77). In navolging van Schleiermacher het die teologie, en ook die gemeentebouteologie, teorie en praktyk noodlottig van mekaar geskei (Spoelstra 1993:78). Burger (1991a:17) se afwysing van die relevansie van die dogmatiek vir die praktiese vormgewing van die kerklike lewe en aan die ander kant die empiriese metodiek (as fasilitering tussen teorie en praktyk) van die kontemporêre gemeentebouteologie, is die bevestiging dat hierdie teologie nie hieraan ontkom nie.

Die problematisering van die verhouding tussen teorie en praktyk kan deur middel van 'n Skriftuurlike kerkorde vermy word. In die opset van die kerkorde word die regering en heerskappy van Christus deur die Gees op 'n intieme wyse verweef met die lewe en diens van die gemeente waarvan Hyself die Hoof en Bouer is. Dat die teologie en die praktyk van die kerklike lewe nooit dualisties van mekaar geskei kan word nie, word alleen duidelik wanneer die Skrif op 'n ongekwalifiseerde wyse die uitgangspunt vorm. Die dualisme word ten diepste ontknoop in en deur die regeermag en koningskap van Christus deur sy Gees. Die gemeentebouteologie kan nie van hierdie dualisme

loskom nie, aangesien die empiriese inspraak, sosiologiese dinamika en die herstrukturering van die geloofsgemeenskap (Burger 1991a) telkens naas of in plaas van die Skrif ter sprake gebring word.

Hierteenoor wil 'n kerkorde die orde wat in die Skrif geopenbaar word en wat vanweë die Heerskap van Christus deur die Gees in die kerk verwerklik word, verwoord. Waar die Woord is, is die gemeente en daar skep Christus 'n orde deur sy Woord en Gees (Britz 1993:7). As gereformeerdes hierdie grondoortuiging van harte bely en op gesag van die Skrif en belydenis hieraan uitdrukking gee, is die teorie/praxis-spanningsrelasie nie meer die drywende krag om die kerk kerk te laat wees nie. Dan word dit meteens duidelik dat die kerk sy eie orde het, onafhanklik van die sosiologiese, politieke of staatkundige patroon waarmee hy daagliks in aanraking kom. Hy het 'n teologiese momentum en inslag wat nie uit die empirie afgelei kan word nie. So gesien, bevestig 'n kerkorde dat kerkstrukture op basis van gemeente- en samelewingsanalises nie vooropstaan of die finale deurslag kan gee nie. Wat voorop staan, is die kerk se Skriftuurlike orde, onafhanklik van die analise van die mens, sy ervaringe en konteks, omdat in die kerk van Christus die Woord, die geloof, bekering en heiligmaking vooropstaan. Om dié rede kan dit in enige samelewing en konteks na vore kom. Dit geld uiteraard ook vir die kerke in arm en noodlydende gemeenskappe, of wat ver verwyder is van die groot stede.

Die Skriftuurlike "praxis" of orde van die kerk kom gevolglik via die Christusregering deur die Gees tot sy reg en nie deur middel van die analise van die teorie/praxis- of God/mens-interaksie nie. 'n Kerkorde is as sodanig nie 'n kritiese teorie om hierdie spanning te oorbrug nie. Nog is dit 'n ander vorm van strategiese beplanning om die kerklike werklikheid nader aan die ideaal te bring.Dit lê heeltemal op 'n ander terrein. Dit staan direk in verband met die eise van die Skrif en die oproep tot geloofsbeantwoording (Smit 1992:513). Dit het alles te make met die praktiese sy van kerkwees. Hieraan word uitdrukking gegee, nie omdat die menslike of geloofskant van die kerklike lewe godsdiensfenomenologies uitgeklaar of beskryf is nie; ook nie omdat 'n toepaslike praktykteorie ontwerp is nie - maar, omdat die Gees Christus se nuwe orde vir die kerklike lewe in stand hou (Smit 1992:513). 'n Kerkorde ontken dus fundamenteel dat die lewe van die kerk ménslik beplan, verander en vernuwe kan word. Daaroor beskik Christus.

In die gemeentebouteologie word die opbou van die kerk menslik ter hand geneem. Die empiriese analises en strategiese prosesse, hoe goed ook al bedoel, word egter die lewelose plaasvervangers van die lewende werking van die Heilige Gees wat as gawe aan die kerk geskenk is. Strategies-teologiese beplanning, met al sy ingewikkelde reëls, vervang die aangrypende en eenvoudige spreke van die Skrif. Die Skrif oortuig mense om die deur God gewilde orde vir die kerklike lewe te ontvang en uit te leef.

Op hierdie wyse kan die kerkorde nie anders as om die begrip van die mens en sy dienswerk vanuit die Skrif te verwoord nie. Nie meer in 'n demokratiese of indiwidualistiese sin soos by die gemeentebouteologie nie, maar in 'n Skriftuurlike sin wil die kerkorde gelowiges lei om te begryp dat Christus self vir Hom 'n kerk versamel, dat Hy hulle telkens teëkom, hulle beskerm en versorg te midde van en ten spyte van die konteks waarin hulle hulself bevind. As Christus die gelowiges laat deel in al die seëninge wat daar in die hemel in Hom is, gee Hy hulle 'n oorvloedige lewe, wat hulle in dankbaarheid ontvang en uitleef binne die orde wat Hy skep en gee. As begenadigdes word hulle in Sy dienswerk betrek, en nie op grond van kritiese teorieë in terme van die teorie/praxis interaksie nie.

Hierin is hulle nie op weg geneem deur strategies-teologiese beplanning om hul gawes of bedieninge in volgepropte geestelike programme te identifiseer nie, maar het hulle as gevondes rus gevind (Britz 1993:7).

Die teorie/praxis-spanningsrelasie pas binne die konteks van 'n rasionalistiese wetenskapsfilosofie. Vir die kerk van Christus wat die lewe en diens van sy lede Skriftuurlik en konfessioneel wil begryp, skep hierdie konstruksie bepaalde probleme. Die weg van die kerkorde bied in hierdie opsig 'n beter antwoord. 'n Kerk sonder 'n goeie en omvattende kerkorde, verloor daarom op die duur die suiwer evangelie.

'n Laaste saak waaraan aandag gegee moet word, illustreer op 'n ander manier dat die denklyn wat met 'n kerkorde werk, geheel en al verskil van die benadering van die gemeentebouteologie. In plaas van om nie-teologiese dissiplines (soos die sosiologie) te betrek, bring die wetenskaplike besinning en skrutinering wat in verband met 'n kerkorde óók aan die orde kom, die teologiese dissiplines in die spel. In die volgende paragraaf word hierop ingegaan.

## 7.7. 'N KERKORDE: ORIëNTASIEPUNT VIR DIE INTERDISSIPLINêRE KARAKTER EN EENHEID VAN DIE TEOLOGIESE ENSIKLOPEDIE

Die vormgewing van 'n kerkorde staan wetenskaplik in verband met die bevrugtende wisselwerking en eenheid van al die teologiese dissiplines. Spoelstra (1993:71) wys in hierdie verband op die gevaar dat akademiese "spesialisasie" juis nie die harmonie en eenheid tussen teologiese dissiplines bevorder nie en dat hierdie "atomisering" van vakke ellendige gevolge vir die teologie in sy geheel inhou (Spoelstra 1993:74). Dat dit ewe-eens noodlottige gevolge vir die praktiese kerklike lewe inhou, is voor die hand liggend (Spoelstra 1993:74).

### 7.7.1. EKKLESIOLOGIE EN DIAKONIOLOGIE AS BELANGRIKE PARAMETERS VIR DIE EENHEID EN WISSELWERKING VAN DIE TEOLOGIESE ENSIKLOPEDIE

Spoelstra (1993) betoog dat die Ekklesiologie en die Diakoniologie belangrike parameters is om te bevestig in watter mate die eenheid en wisselwerking in die teologiese ensiklopedie gehandhaaf word of juis die teologie in verwarring bring (Spoelstra 1993:72). Sy aanpak en resultate is vir die doeleindes van hierdie studie van belang, aangesien die noodsaak van 'n kerkorde juis hierdie twee dissiplines in 'n wisselwerking op mekaar moet betrek.

Belangrik in hierdie verband is sy opmerking dat die terreine tussen *kerkreg* en dit wat as *gemeentebou* aangedien word, nog nie afgebaken is nie. In die lig hiervan oordeel hy dat gemeentebou goedskiks onder die bestaande ekklesiologie sou kon tuishoort (Spoelstra 1993:75). Belangrik is egter om te beklemtoon dat Diakoniologie en Ekklesiologie nie respektiewelik die "praktiese" en die "teoretiese" pole van die teologiese besinning oor die kerk met die oog op sy kerkorde kan verteenwoordig nie (Spoelstra 1993:78). Wat ten grondslag van hierdie standpunt lê, is die oortuiging dat teorie en praktyk nie as bruikbare kriteria vir die indeling van die teologiese ensiklopedie aanvaar kan word nie (Spoelstra 1993:78).

'n Ensiklopediese dwarsverbinding tussen Diakoniologie en Ekklesiologie hou verskillende moontlikhede in vir die vormgewing van 'n Skriftuurlike kerkorde. Wanneer hierdie verband gehonoreer word, het die kerkorde alles

behalwe 'n belemmerende funksie, maar help dit om die opbou en diens van die kerk in 'n Skriftuurlike sin te rig (Te Velde 1989:37). Deur die bestudering van die kerkgeskiedenis en die teologiese verantwoording daarvan, sal die kerk voorts in staat gestel word om sy eie lewe in 'n wyer historiese konteks te kan plaas (vgl. Te Velde 1989:37). In die teologies-kritiese beoordeling van die geskiedenis van die kerk word dit ook moontlik om te kan onderskei wat in die ordening van die kerklike lewe katoliek en apostolies is en wat kultuur- en tydgebonde is (Te Velde 1989:37).

Uiteindelik is dit egter nie alleen die wisselwerking tussen Ekklesiologie en Diakoniologie wat lig sal bied op die orde en diens van die kerk met die oog op die kerkorde nie. Al die teologiese dissiplines sal in die kerkorde moet meespreek, aangesien alle teologiese dissiplines in werklikheid maar net een en dieselfde objek het, naamlik die Openbaring van God in Jesus Christus (Jonker 1981a:38). Die kerkorde het alles te make met die gesag van hierdie Openbaring en die orde vir die kerk wat daarin gegee word.

### 7.7.2. DIE KERKORDE AS DIE FOKUSPUNT VIR DIE SAMESPEL VAN AL DIE TEOLOGIESE DISSIPLINES

Een van die wesenlike punte van kritiek teen die kerkbegrip van die gemeentebouteologie, is die feit dat nie met Skriftuurlike uitgangspunte gewerk word nie. Dit gaan mank aan 'n eksegetiese fundering. Om dit te oorbrug, moet die denke oor die kerk en sy diens vanuit 'n Skriftuurlik-eksegetiese basis verantwoord word. 'n Kerkorde wat veranker is in die gesag van die Skrif sal daarom voortdurend in 'n blywende verband met die Bibliologiese vakke staan.

'n Skriftuurlike kerkorde sal ook moeilik gerealiseer kan word sonder die inset van die Dogmatiek. Dat die Dogmatologie voortdurend veronderstel word in die opset van die kerkorde, is duidelik vanuit die noodsaak van die konfessionele gebondenheid daarvan (Smit 1984a). Die Dogmatiek as bestudering van die kerklike dogma en die Simboliek as bestudering van die konkrete kerklike dogma soos dit in die belydenisskrifte onder woorde gebring is (Heyns en Jonker 1974:292), is uiteraard 'n belangrike verwysingsraamwerk vir die konfessionele gebondenheid en inslag van die kerkorde.

Die kerkorde sal verder arm wees en veel aan Skriftuurlikheid inboet, as die kerk se missionêre gerigtheid en verantwoordelikheid nie duidelik onder woorde gebring is nie. Die samespel van die Missiologie in die vormgewing van 'n kerkorde toon aan dat sending tot die wese van die kerk se bestaan in die wêreld behoort. In hierdie verband het Buys (1989), leraar van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, in sy proefskrif oortuigend aangetoon dat die eenheid tussen die "bewaring" en die "vermeerdering" van die kerk eksegeties in die lig van die Skrif verantwoord is. Indien die gemeente se lewe en diens deur die Skrif en belydenis bepaal word, klop die hart van die sending, intensioneel en dimensioneel (vgl. Bosch 1979:198), in alles waarmee die gemeente besig is.

Op hierdie wyse is sending nié vrug en resultaat van die gemeentebediening, soos dit in die gemeentebouteolgie vergestalt nie, maar is dit eerder vertrekpunt vir die gemeente se bestaan. Dit het die verdere implikasie dat 'n aparte sendingreglement (KO 1990:46 e.v.) van die hand gewys moet word, aangesien die sending volledig in die hart en essensie van 'n omvattende Skriftuurlike kerkorde opgeneem moet wees. Reeds in 1962 het Jonker in sy beoordeling

van **Die Sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal** daarop gewys dat die verantwoording van die kerk se sendingroeping nie by "sendinggrondwette" lê nie, maar dat dit in 'n "omvattende sendingorde" aan die bod moet kom (Jonker 1962:51). Die aard van die sending self, as wesenstrek van die kerk van Christus, hou in dat aparte reglementele bepalinge onnodig en onverantwoord is (vgl. Britz 1985:450).

'n Kerkorde wat erns maak met die eenheid van die teologiese ensiklopedie en die samespel van die verskillende dissiplines honoreer, sal die gesag van die Skrif en die konfessionele basis van die gereformeerde teologie eerbiedig en bevestig. In hierdie ordebenadering tot die bediening word die teologiese besinning oor gemeentebou teruggedwing na 'n geloofsuitgangspunt, gegrond op die gereformeerde belydenis (NGB, Artikel 2-7; HK, Sondag 6, Vraag 19, Sondag 7, Vraag 21 en 22) dat die Bybel die gesagvolle Woord van God is (Smit 1985:1). Omdat dit 'n geloofsuitgangspunt is, wat onmisbaar is vir die Skriftuurlike orde van die kerk, sal die handelingsteoretiese basis van die Praktiese Teologie van hieruit verantwoord moet word (vgl. Graafland 1973:39). Op die eklektiese Skrifhantering en kritiese Skrifbeskouing in die prakties-teologiese benadering is reeds in hoofstuk 6 gewys.

In hierdie verband kan praktiese teoloë van gereformeerde belydenisgrondslag nie bloot 'n veilige afstand inneem ten opsigte van die wyse waarop die gesag van die Skrif teregkom in hierdie benadering nie. Die belydenis van die Skrif as Woord van God, is nie 'n "vryswewende aangeleentheid" (Smit 1984a:41) wat aan die willekeur van 'n kritiese Skrifbeskouing oorgelaat kan word en deur die metateoretiese aannames van teoloë gemanipuleer kan word nie (Graafland 1973:38). Dit kan nie gebeur nie, aangesien die belydenis van die kerk, ook die belydenis aangaande die gesag van die Skrif, 'n geloofsakte en 'n eksistensiële beslissing is (Graafland 1973:34; Smit 1984a:41) wat die mens se ganse bestaan en daarom ook die teoloog se arbeid tot in sy diepste kern aanraak (Van Genderen 1962:43; Graafland 1973:35). Die belydenis het volstrek normatiewe betekenis, aangesien dit 'n weerklank is van God se kragdadige Openbaring in Jesus Christus (Smit 1984a:41).

In hierdie sin word ook die teoloog se arbeid, en spesifiek praktiese- en gemeentebouteoloë se posisie ten opsigte van die gesag van die Skrif, deur die belydenis as eksistensiële geloofsakte beheers (Smit 1984a:41). Hierdie fundamentele binding aan die belydenis op sterkte van die *quia-standpunt* (Du Plooy 1991:72,75; S.A. Strauss 1993:1), hou geen "belydenisbinding" of "belydenisdwang" (Velthuysen 1985:374) in nie. Vir die gereformeerde verstaan was die binding aan die belydenisskrifte nog altyd 'n binding aan die gesag van die Skrif in die sin van die *repetitio Sacrae Scripturae* (Du Plooy 1991:71). Met hierdie uitgangspunt word 'n starre konfessionalisme afgewys. Die binding aan die gesag van die belydenis sluit nie die verstelling van die belydenis uit op gesag van die Skrif nie, aangesien dit in die belydenis oor niks anders gaan nie as die weerklank van God se Openbaring soos dit in die Skrif gegee is.

Die wisselwerking tussen die verskillende teologiese dissiplines in hul bestudering van die Skrif onder verskillende gesigspunte (Heyns & Jonker 1974:277), kan gevolglik nie anders as om 'n bevrugtende invloed uit te oefen vir die beoefening van die teologie nie. Wanneer ál die teologiese dissiplines deel in die vormgewing van 'n Skriftuurlike kerkorde, word dit bevestig dat hulle praktiese relevansie vir die praktyk van die kerklike lewe het (Spoelstra 1993:78). Dit sal verder inhou dat spesifiek die Diakoniologie, en ook al die ander teologiese dissiplines, duidelik getuienis sal moet aflê van hul teologiese karakter en spesifieke terrein as objek van studie. Ook die ensiklopediese afgrensing tussen Diakoniologie en Praktiese Teologie kom hiermee in die spel. Op die oomblik

word Praktiese Teologie en Diakoniologie in Suid-Afrika onder die een noemer van die **Praktiese Teologie** beoefen (Spoelstra 1993:72). Spoelstra (1993:72) maak in hierdie verband die belangrike opmerking dat daar dus nog geen duidelike wetenskaplike onderskeiding bestaan tussen Diakoniologie en Praktiese Teologie nie (Spoelstra 1993:72).

Wanneer die eenheid en wisselwerking van die teologiese ensiklopedie erns maak met sy gemeenskaplike verankerdheid in die gereformeerde belydenis van die Sola Scriptura, moet kenteoreties alles in werking gestel word óf alles uit die weg geruim word om te verseker dat die eenheid van die teologie aan die Skrif self georiënteer is (Heyns & Jonker 1974:277). Of hierdie eenheid bewaar en beoefen word, sal duidelik aan die lig kom in die aard en inhoud van die kerk se kerkorde.

Om dié rede is dit belangrik dat die teologiese ensiklopedie met die oog op sy eenheid en wisselwerking wetenskaplik verantwoord sal moet word (Spoelstra 1993:85). Sodanige verantwoording sal die orde en diens van die kerk van Christus ten goede kom, aangesien die diakonia van die kerk 'n sentrale plek in die kerklike lewe inneem en ook omdat alle teologiese lyne mekaar kruis in die diens van die kerk (vgl. Jonker 1968:19).

## 7.8. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daarvoor gekies dat 'n Skriftuurlike kerkorde 'n beter weg is om die lewe en diens van gelowiges te rig, as kerklike herstrukturering soos dit in die gemeentebouteologie in die Ned. Geref. Kerk na vore tree. Die diepste punt van die kritiek teen die benadering van die gemeentebouteologie lê egter by die orde wat in die Skrif vir die kerk van Christus geopenbaar is.

Nie alleen die Diakoniologie nie, maar die teologiese ensiklopedie in sy geheel, sal weer indringend die gereformeerde benadering van 'n Skriftuurlike kerkorde moet ontgin. Langs hierdie weg sal die problematiek in die kerklike bediening in die Ned. Geref. Kerk vanuit 'n konfessionele oortuiging en werkswyse aangespreek kan word, as wat die gemeentebouteolgie in terme van 'n verbeterde kerkbegrip dit wil doen. Deur middel van 'n kerkorde kom Christus self deur sy Woord en Gees aan die woord, nie maar net in 'n tegnies-teologiese sin nie, maar lewend en aktueel as die Bouer van sy eie kerk. Die kerkorde, as omlynde verwoording van die lewe wat Christus deur die Woord en die Gees in die kerk skep en in stand hou, is daarop gemik om die gemeente in ware vroomheid en godsvrug op te bou.

Die kernvraagstuk ten opsigte van die gemeentebouteologie (en trouens die hele prakties-teologiese benadering) wat deur hierdie studie uitgewys is, is die problematisering van die verhouding tussen teorie en praktyk. Hieragter lê 'n geskiedenis wat telkemale blyke daarvan gegee het dat die menslike religieusiteit (Schleiermacher) as 'n selfstandige grootheid naas God se Openbaring in die Skrif bestudeer moet word. 'n Skriftuurlike kerkorde bring egter aan die lig dat die menslike en Goddelike kant van die kerk en sy lewe op aarde in 'n spanningslose samehang teregkom. Die kerkorde wil niks anders doen nie as om die kongruensie tussen die Skrif/belydenis en die praktyk van die bediening op 'n helder manier ter sprake te bring. Hierdie kongruensie word nie bewerkstellig deur 'n kerkkritiese teorie nie, maar word gerealiseer deur die bediening van die Woord. Die kerkbegrip van die gemeentebouteologie moet vervang word met die omlyning van die orde wat Christus vir sy kerk in die Heilige

Skrif geopenbaar het. Dus, 'n Skriftuurlike kerkorde in plaas van 'n kerkbegrip. Solus Christus in plaas van sola ecclesia.

# GEVOLGTREKKING: DEEL III

In Deel III is die kerkbegrip van die gemeentebouteologie konfessioneel getoets. Daarin het die ander lyn van denke waarvan in die Inleiding gepraat is, aan die orde gekom. In die kern van die saak wentel dit rondom die vraag na die gesag van die Skrif en die regeermag van Christus in sy kerk. Met die verantwoording word bevestig dat die wyse waarop gemeentebou deur middel van 'n kerkbegrip die opbou van die gemeente wil bewerkstellig, en die wyse waarop dit kragtens 'n gereformeerde ordebenadering geskied, wêrelde uit mekaar lê. Die keuse val uit tussen 'n kerkbegrip en 'n kerkorde, tussen 'n kontekstuele pragmatiese benadering en 'n konfessionele verantwoording, tussen 'n handelingsteoretiese Praktiese Teologie en 'n gereformeerde Diakoniologie, tussen die programmatiese ontwerp van 'n kerkbegrip en die konfessionele gehoorsaamheid aan Christus as die Gewer van die lewe. In die nadenke oor die reformasie van die kerklike lewe in die Ned. Geref. Kerk, bring die kerkbegrip van die gemeentebouteologie die teologiese besinning hieromtrent by 'n waterskeiding.

Die handelinge van die geloofsgemeenskap word wetenskaplik (empiries; sosiologies) nagevors, in 'n funksionele kerkbegrip gegiet, aan Skriftuurlike verwysings gehaak om dan op basis van die handelingswetenskaplike kenteorie die beweging tussen teorie en praktyk te fasiliteer. Die wyse waarop oor die kerk in die Skrif en die belydenis gedink word, word verplaas met die ontwerp van 'n empiries-kritiese teorie oor die kerk. Die teologiese inslag en bestaan van die kerk van Christus word dus op grond van die meta-teoretiese aannames van 'n rasionalistiese wetenskapsteorie vervang met teologies-empiriese teorieë aangaande die kerklik-religieuse handelinge.

Die *praxis* van die kerk, in verband met Skriftuurlike verwysings en soos uitgedruk deur 'n probleemgerigte kerkteorie, staan dus deurgaans voorop en word die bepalende faktor. So word die kerklike bediening besweer met 'n konsep van die kerk. So gaan die perspektief verlore dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof vergader, beskerm en onderhou (HK, Sondag 21). In die sentrum staan nou eerder 'n gemeentekonsep wat na alle kante toe moet wal gooi dat die handelinge van die geloofsgemeenskap net nie deur 'n institutêre verkondigingsmodel aan bande gelê word nie.

Dit verteenwoordig 'n Praktiese Teologie met 'n onderliggende kenteorie wat doelbewus wegbeweeg van 'n ongekwalifiseerde Skrifgenormeerde Diakoniologie (Van Wyk 1989;1991; Spoelstra 1992:316). Omdat die Skrif nie op 'n regmatige wyse tot spreke gebring word nie, dreig die gevaar in die gemeentebouteologie dat die kerk tot 'n blote samelewingsverband verbou word, diensbaar aan homself en sy eie bouwerk. Die Sola Scriptura bied nie die basis vir teologiese verantwoording nie, daarom is daar vele van die insigte en werkswyses van die gemeentebouteologie wat uitgelewer is aan 'n pragmatiese aanpak. In 'n pragmatiese benadering word inhoude aan die kerk en die bediening verleen wat daartoe lei dat 'n genitiewe teologie van die ekklesia uit die verbande van die Skrifopenbaring beweeg. Die strategiese en prosesmatige realisering van optimale gemeentelike funksionering vertoon daarom 'n eksperimentele karakter (met meganismes vir regstellende aksie) wat die orde wat Christus in sy Woord vir die kerk gegee het, afswak. Om dié rede moes die vraagstelling in hierdie studie (sola ecclesia?) ná die verantwoording daarvan, noodwendig verander tot 'n uitroep: Solus Christus!

# SAMEVATTING

Reg van die begin af was dit die bedoeling van die navorsing om 'n bepaalde teologiese ontwikkeling in die Ned. Geref. Kerk te beskrywe. Gemeentebou, of die gemeentebouteologie, is sodoende kerkhistories omlyn. Daarna is die kerkbegrip van hierdie teologie krities geanaliseer. Dit is immers die belangrikste struktuurdraer hiervan. Derdens is die kerkbegrip, soos dit in die gemeentebouteologie na vore kom, vanuit 'n gereformeerd-konfessionele oortuiging verantwoord. Die verantwoording is nie net in 'n afwysende sin gedoen nie, maar het positief 'n weg probeer aandui waarlangs die probleem wat in die eerste plek 'n gemeentebouteologie in die Ned. Geref. Kerk gestimuleer het, aangespreek kan word.

Op die keper beskou gaan dit in hierdie teologiese ontwikkeling om 'n lastige probleem, naamlik die deformasie van die kerklike lewe in veral die plaaslike gemeente. Om tot diepgrypende en blywende reformasie te kom, is daar in die Ned. Geref. Kerk gekies vir 'n gemeentebouteologie, wat die herstel van die kerklike lewe op 'n wetenskaplike manier wil waarborg, implementeer en begelei. In die studie is veel hiervan gemaak deur met name op die kerkbegrip van hierdie teologie in te gaan. Gemeentebou maak 'n sterk saak daarvoor uit dat die deformasie toegeskrywe moet word aan 'n bepaalde opvatting van die kerk, terwyl die reformasie daarvan hierteenoor in die herstrukturering van die kerk gesoek moet word. Gemeentebou spits hom dus daarop toe om 'n nuwe kerkopvatting te vestig.

Hiervoor is 'n programmatiese vernuwingsbeweging op tou gesit. Aanvanklik was die fokus die toerusting van die indiwiduele lidmate van die kerk (1970). Later is die belang van die kollektiwiteit van die kerk as gemeenskap ingesien (1978). Nog later het gemeentebou as strategiese bedieningsbenadering en uiteindelik as teologiese dissipline al sy energie gebruik op die formulering van visies en strategieë wat die daarstelling van 'n dinamiese gemeente moes verseker in die veranderende Suider-Afrikaanse konteks (1986-1994).

Die konsep van 'n dinamiese gemeente is teoreties gegrond op die aanname dat die gemeente 'n sosiale sisteem is. Dat dit in hierdie kerkbegrip nie sondermeer om 'n konfessionele aangeleentheid wat deduktief vanuit die Skrif afgelees word, gegaan het nie, was duidelik. Met die insig dat dit in die gemeente om 'n empiriese werklikheid gaan, wat blootgestel is aan verandering waarin 'n verskeidenheid sosiale prosesse aan die werk is, aanvaar gemeentebou dat 'n oplossing vir die probleem wetenskaplik bewerk kan word. Daarvoor is empiriese navorsing, sosiale analises, benutting van die teorieë van verandering, deelnemende bestuur en leierskap sowel as strategies-teologiese beplanning ingespan. So word kerklike vernuwing onstuitbaar en wetenskaplik begelei. Gemeentebou het dus 'n prakties-teologiese dissipline geword. En, dit moet begryp word vanuit die basis van die wetenskapsteorie waarop dit staan. Ofskoon gemeentebou aanvanklik deur sommige teoloë in 'n deduktiewe of konfessionele sin beoefen is (vgl. Labuschagne 1982; Jackson 1982), het die metodes en benadering van die handelingswetenskap noodwendig in Praktiese Teologie die oorhand gekry (vgl. Louw 1984). So het gemeentebou homself aan 'n kenteoretiese basis verbind waarop sy kerklike reformasie (herstrukturering/herstel) gebaseer is. Dit is die rede waarom die onderliggende kenteorie nie geïgnoreer is nie. Júis omdat die "liggaamsmodel" (wat so baie hanteer word) deur praktiese teoloë in terme van 'n "prakties-teologiese ekklesiologie" (Louw 1992; Breytenbach & Pieterse 1992) beredeneer word, en laasgenoemde 'n integrale deel vorm van die basisteorieë van die handelings-wetenskaplike of kommunikatiewe benadering (vgl. Pieterse 1993b:157), is die kenteoretiese paradigma aangedui en beredeneer.

Soos die studie sy verloop geneem het, het dit dus duidelik geword dat gemeentebou, met sy sprekende pretensie om tot kerkherstel te kom, metodologies en kenteoreties 'n weg opgaan wat al verder van die teologie lei. Die doelbewuste keuse vir Praktiese Teologie as 'n handelingswetenskap bied die enigste raamwerk om die kerk as 'n sosiale sisteem op te vat wat op grond van sosiale wetmatighede verander en gemanipuleer kan word. So het dit aan die lig gekom dat die "sola ecclesia"-inslag van gemeentebou op kritieke punte in teëspraak kom met die gereformeerde ekklesiologie en benadering. Die belangrikste hiervan staan in verband met die normvraag in die bogenoemde prakties-teologiese uitgangspunt.

'n Kernaspek van die studie tree hier na vore. Dit is 'n onvermydelike vraag of dit hier steeds om 'n *teologiese* benadering gaan. Dit is so dat empiriese gegewens en die teorie/praxis-interaksie teologies geïnterpreteer word. Daarvoor is die gemeentebouteologie baie sensitief. Dit is meer as 'n ope vraag of hierdie teologie nie, teen sy eie bedoeling in, op 'n gegewe punt die grens oorsteek na 'n nie-teologiese wetenskapskader nie? Met 'n kerkbegrip wat vele kante en fasette vertoon, moet tot die konklusie gekom word dat die handelingswetenskaplike benadering nie maar net 'n metode is wat die gesag van die Skrif metodologies veilig kan stel nie. Die ondersoek na die kerkbegrip wys dit uit.

So is daar in die funksionele kerkbegrip van gemeentebou 'n hele aantal sake blootgelê wat slegs pas by die empiriese en sosiaal-wetenskaplike opset van die handelingsteoretiese raamwerk. Terselfdertyd, soos wat dit in die derde deel van die studie aangedui is, is dit egter vreemd aan die gereformeerde belydenis en teologiese uitgangspunte. Die denke oor die rol en funksie van die amptelike Woordbediening, die ampsopvatting, die funksie van die samelewingskonteks, die inrigting en handelingsteoretiese motivering vir en verandering van die kerklike lewe - om enkele aangeleenthede te noem - is sprekende voorbeelde hiervan. Bondig gesê, het die studie dus tot slegs een gevolgtrekking gelei: wie by kerklike vernuwing aan die gesag van die Woord in 'n konfessionele sin wil vashou, kan nie sonder véél moeite gereformeerd én handelingswetenskaplik werk nie.

Die paradigma-verskuiwing van Diakoniologie na Praktiese Teologie hou ingrypende konsekwensies in. Dit kan nie ter wille van 'n moderne vorm van wetenskapsbeoefening voltrek word nie. Die kerkbegrip wat uit die Praktiese Teologie by gemeentebou opkom, gee immers in vele opsigte blyke hiervan. Die verantwoording van die kerkbegrip van die gemeentebouteologie toon aan dat daar sake geoperasionaliseer word wat in teëspraak kom met konfessionele oortuigings. Dit gebeur ten spyte van die feit dat gereformeerde teoloë soos Venter (1992), Louw (1992), Burger (1991c), Nel (1991) en Pieterse (1991; 1993) poog om die norm van die Skrif in terme van die spesifieke rasionaliteitsopvatting van die handelingswetenskaplike benadering veilig te stel. Ofskoon daar by hierdie teoloë 'n eerlike soeke is om die gesag van die Skrif te bewaar, bly dit steek in 'n byhaal van die Skrif wat gepaardgaan met teologiese verwysing en aannames, eerder as 'n konfessionele verantwoording. Die beoefening van gemeentebou in terme van 'n dinamiese kerkbegrip as kritiese probleemgerigte teorie kan ensiklopedies nie onder Diakoniologie tuisgebring word nie. Klaarblyklik gaan dit hier nie om enkele nuanseverskille tussen Praktiese Teologie en Diakoniologie nie. Uiteraard sal Diakoniologie rekenskap moet gee van sy eie teologiese vooronderstellings, metode en objek (Spoelstra 1994).

Dit bring my einde ten laaste weer by die Hillbrow-verhaal terug. En, by die water wat op dieselfde dak val, en tog uiteindelik duisende kilometers van mekaar verwyder in verskillende oseane eindig. In sy keuse om die problema-

tiek van die praktiese kerkwees op te los, was die Ned. Geref. Kerk evangelies en pragmaties. Daaroor is die geskiedenis van die gemeentebouteologie baie duidelik. Vanweë sy empiriese en pragmatiese omgang met die probleem, is sake soos kerklike herstrukturering en gemeentebou aan die orde gestel. Om 'n wetenskaplike basis hiervoor te voorsien, is die kerk as 'n sosiale sisteem opgevat. Kenteoreties het die handelingswetenskap in die Praktiese Teologie hiervoor kom pa staan. Op die konsekwensies hiervan is breedvoerig ingegaan.

Dieselfde probleem kon ook op 'n ander manier aangespreek gewees het. Hiervolgens sou 'n konfessionele verantwoording nie met 'n kerkbegrip of die wetenskaplike manipulasies daarvan gewerk het nie. In die teologiese tradisie en oorwegings van Diakoniologie sou dan allereers gevra word na die bediening van Christus deur die Woord en Gees. Hierdie uitgangspunt bring by wyse van spreke die water in 'n ander oseaan. My vader het reg gehad toe hy in 1989 in enkele gedagtes oor die keuse tussen twee soorte bedieninge, opgemerk het dat gemeentebou die gemeente as 'n arbeidsveld in plaas van 'n arbeidsmag opvat (Erasmus 1989).

Elke faset van die teologiese arbeid oor die opbou van die kerk van Christus moet beheers word deur die feit dat die lewe van die kerk ten diepste afhanklik is van die regering van Christus deur sy Woord en Gees. Dit beteken dat die Solus Christus die "sola ecclesia" moet vervang.

# BRONNELYS


Agenda van die derde vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk gehou te Pretoria op 14 Oktober 1970 en volgende dae. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Agenda van die vierde vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk gehou te Kaapstad op 16 Oktober 1974 en volgende dae. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Agenda van die vyfde vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk gehou te Bloemfontein op 18 Oktober 1978 en volgende dae. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Agenda van die sewende vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk gehou te Kaapstad op Dinsdag 14 Oktober 1986 en volgende dae. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Agenda van die agtste vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk gehou te Bloemfontein op Dinsdag 16 Oktober 1990 en volgende dae. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Bam, G. 1992. Die gebou- en liggaamskarakter van die gemeente as faktor in die vernuwing van bedieningstrukture, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Maart, 97-105.

Barnard, A.C. 1988. Diens en diensbaarheid tot opbou van die kerk, in **Skrif en Kerk**, 9(2), 105-119.

Bäumler, C. 1974. Gemeindeaufbau, in Klostermann, F. & R. Zerfass (Hrsg.), **Praktische Theologie Heute.** München: Kaiser/Grünewald.

Bergh, W.J. 1990. **Die identifisering van faktore wat inwerk op godsdienstige meelewing en betrokkenheid. 'n Fenomenologies-teologiese analise van die Ned. Geref. Gemeente De Tyger.** Ongepubliseerde M.Th.-werkstuk: Universiteit van Stellenbosch.

Bisschoff, J.H. 1991. **Gemeentebou: 'n Prakties-teologiese basisteorie.** D.D.-proefskrif: Universiteit van Pretoria.

Bisschoff, J.H. 1993. Die spanning tussen die versorgings- en missionêre dimensie in gemeentebou, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 8(1), 42-56.

Bons-Storm, R. 1987. **Geloof Waardig: Stappen op de weg van gemeenteopbouw.** Amsterdam: Boekencentrum 's Gravenhage.

Bosch, D.J. 1979. **Heil vir die wêreld.** Die Christelike sending in teologiese perspektief. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Bosch, D.J. 1981. Review of D.A. McGavran's Understanding Church Growth, in **Missionalia**, 9(2), 93-94.

Bosch, D.J. 1988. Church Growth Missiology, in **Missionalia**, 16(1), 13-24.

Bosch, D.J. 1991. **Transforming mission.** Paradigm shifts in theology of mission. New York: Orbis.

Botha, A. et al. 1985. **Toegerus vir diens. Seminaar 2.** 2e Uitgawe. Wellington: Bybelkor.

Botha, D.P. 1991. **'n Ondersoek na die rolverwagtings van die lidmate van die Ned. Geref. Sendinggemeente van Darling.** M.Th.-werkstuk: Universiteit van Stellenbosch.

Breytenbach, H.S. 1992a. Metafore vir die kerk en riglyne vir gemeentebou, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, September, 391-407.

Breytenbach, H.S. 1992b. Vir situasieleierskap is nodig die herkenning van sekere gedragstyle en die leiding van die Gees, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 7(2), 87-100.

Breytenbach, H.S. & Pieterse, H.J.C. 1992. Doelwitte vir gemeentebou in die lig van 'n prakties-teologiese ekklesiologie, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 7(2), 101-112.

Bright, B. 1981. **Rewolusie Nou!** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Britz, R.M. 1985. Oor die kerkbegrip en ordening van die kerklike lewe by die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, September, 432-451.

Britz, R.M. 1993a. **Die wesenstaak van die kerk met die oog op struktuurvernuwing binne die huidige gemeentebouteologie en -bediening - 'n voorlopige verkenning.** Ongepubliseerde referaat: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Britz, R.M. 1993b. Die verband tussen die Woord en die Gees in die verkondiging van die evangelie aan ongeletterdes, **Acta Theologica**, (13)2, 68-74.

Bronkhorst, A.J. 1947. **Schrift en Kerkorde.** Den Haag: N.V. Zuid-Holland, Boek- en Handelsdrukkerij.

Bronkhorst, A.J. 1951. **Inleiding tot het Nederlandse Hervormde Kerkrecht.** Boekencentrum N.V. 's- Gravenhage.

Brown, E. 1969. **'n Bespreking van die teologiese metode van kerkgeskiedenis met verwysing na die Vaderlandse kerkgeskiedenis.** Intreerede gelewer deur E. Brown, Hoogleraar in Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap. Universiteitskollege van Zoeloeland, 1969.

Brown, E. 1973a. **Gemeente-geskiedskrywing van die Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis - 'n kompilasie en kerk-historiese oorsig.** Durban: Drakensbergpers.

Brown, E. 1973b. The necessity of a "Black" South African church history, in Becken, H.J. (ed.) **Relevant Theology for Africa**, Durban, 79-125.

Brown, E. 1974. Die behoefte aan verantwoording van die kerk en sy gereformeerde geskiedenis in ons land, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Januarie, 10-17.

Brown, E. 1976. Kantaantekeninge by die formele en materiële beginsels van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing, in **IdS**, 11(40), 32-41.

Brown, E. 1979. Die spoor wat die Ned. Geref. Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die twintigste eeu gevolg het, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, September, 277-304.

Brown, E. 1992. Die hervertolking van die paradigma in verband met die Kollegialisme om die Afrikaanse kerke kerkregtelik te verstaan, in **Hervormde Teologiese Studies**, 48(3&4), 691-715.

Brown, E. 1993a. Onverantwoorde kontekstuele kerkgeskiedskrywing in Suid-Afrika, in **Studia Historiae Ecclesiasticae**, 19(1), 110-140.

Brown, E. 1993b. Opmerkings en vraagstelling aan die beoefenaars van gemeentebou, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, September, 414-416.

Bruin, J. 1992. Kerkvernieuwing. **Een praktisch-ecclesiologisch onderzoek naar de betekenis van 'Gemeenteopbouw' voor de Nederlandse Hervormde Kerk.** Zoetermeer: Boekencentrum B.V.

Burger, C.W. 1991a. **Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap.** Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C.W. 1991b. Praktiese Teologie in die VSA - 'n oorsig oor resente ontwikkelings, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Junie, 278-289.

Burger, C.W. 1991c. **Praktiese Teologie in Suid-Afrika.** RGN-studies in Metodologie. Pretoria: RGN.

Burger, C.W. 1992. Die veranderde samelewingsituasie in Suid-Afrika, in Hendriks, H.J. (red.) **Gemeentes Vertel**, Kaapstad: Lux Verbi, 11-22.

Burger, C.W. 1993. **Die agogiese moment in die prediking in 'n situasie van verandering.** Referaat gelewer by die jaarkongres van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie, PU vir CHO.

Buys, F. 1988. Kerkgroei: 'n Kritiese evaluering van die kernaspekte van die Church Growth Movement, in **In die Skriflig**, 22(87), 2-16.

Buys, P.J. 1989. **Die verhouding tussen gemeenteopbou en evangelisering.** 'n Eksegetiese ondersoek na die betekenis van ter saaklike woorde in die Nuwe Testament en die implikasies daarvan vir die verhouding tussen die bewaring en die vermeerdering van die kerk. Th.D.-Proefskrif: PU vir CHO.

**Bybelkor Katalogus**, 1994 Wellington.

Callahan, K.L. 1983. **Twelve keys to an effective ministry.** San Francisco: Harper.

Cilliers, J. 1992. Prediking as ekklesiale diskoers: 'n ontwerp, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, September, 383-390.

Clapp, R. 1982. Unhappy shakeup at Evangelism Explosion ministry, in **Christianity Today**, January, 31.

Coertzen, P. 1981. Die regering en opbou van die kerk, in **Stellenbosse Teologiese Studies**, nr. 7.

Coertzen, P. 1986. Metodologiese vertrekpunte in die beoefening van die kerkreg, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Januarie, 47-60.

Coertzen, P. 1989. Die belydenisskrifte en ander bronne vir die beoefening van kerkreg en kerkregering, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Januarie, 75-82.

Coertzen, P. 1990. Regering, opsig en tug in die kerk, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Junie, 182-186.

Coertzen, P. 1991. **Gepas en Ordelik.** RGN-studies in Metodologie. Pretoria: RGN-Uitgewers.

Coertzen, P. 1992. Christus se gesag in die kerk, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Maart, 37-50.

Coertzen, P. 1993. Wetenskaplike metodologie en kerkregering, in **In die Skriflig**, 27(2), 231-246.

De Klerk, J.J. (red.) 1979. **Evangelistiek.** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

De Klerk, J.J. 1983. **Diakoniologie.** DKN 601, Klasdiktaat: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

De Klerk, J.J. 1985. **Verbond en bediening.** Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Denecke, A. 1983. **Treffpunkt Gottesdienst.** Predigt und Gottesdienst im kontakt mit der Gemeinde. Gütersloh: Gerd Mohn.

De Wet, C.R. 1986. The Church Growth Movement - does it foster churches that challenge the world? In **Missionalia**, 14(2), 85-99.

Dick, C.F. 1982. **Gestuur tot diens. Die gesantskapkarakter van die dienste volgens die kerkorde.** D.Th.-proefskrif: Universiteit van Stellenbosch.

**Dinamiese Gemeentebou:** Eerste kursus in dissipelskap.

**Dinamiese Gemeentebou:** Tweede kursus in dissipelskap.

**Dinamiese Gemeentebou:** Kursus vir kerkraadslede.

**Dinamiese Gemeentebou:** Toerusting vir die huwelik.

Dingemans, G.D.J. 1986. **In de leerschool van het geloof.** Kampen: Kok.

Dingemans, G.D.J. 1987. **Een huis om in te wonen.** Schetsen en bouwstenen voor een Kerk en een Kerkorde van de toekomst. 's-Gravenhage: Boekencentrum B.V.

Dingemans, G.D.J. 1989. Praktische theologie als een academische discipline, in **Nederlands Theologisch Tijdschrift**, 43(3), 192-212.

Dingemans, G.D.J. 1991. **Als hoorder onder de hoorders...een hermeneutische homiletiek.** Kampen: Kok.

Douglas, J.D. (ed.) 1974. **The new international dictionary of the Christian Church.** Michigan: Zondervan.

Dressel, L.C. 1984. Die funksionering van die kleingroep in die kerk, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, September, 425-429.

Dreyer, J.G.M. 1987. Evaluasie van verskillende gemeentebou-modelle, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 2, 54-70.

Dreyer, T.F.J. 1981. Die studieveld van die Praktiese Teologie, in Nel, M. (red.) **Die kerk se werk**, Universiteit van Pretoria, 1-8.

Dreyer, T.F.J. 1991. Eerste treë in die Praktiese Teologie - waarheen? In **Hervormde Teologiese Studies**, 47(3), 597-608.

Dulles, A. 1976. **Models of the church.** London: Gill & Macmillan.

Du Plessis, J.J.H. et al. 1985. **Doelgerigte Gemeentebou: Inleidende Seminaar.** Wellington: Bybelkor.

Du Plooy, A. le R. 1988. Die gesag van Christus in enkele kerklike gesagsmodelle, in **Koers**, 53(3), 469-485.

Du Plooy, A. le R. 1991. 'n Inleidende bespreking oor die aard en gesag van die binding aan die belydenisskrifte, in **In die Skriflig**, 25(1), 71-95.

Du Preez, J. 1990. Besinning oor die verhouding tussen gemeentebou en sending, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Junie, 257-263.

Du Toit, P.R. 1991. Vereistes vir 'n kerkorde, in Strauss, P.J. (red.) **Byderwets en gereformeerd**, Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies, 46-64.

Erasmus, L.M. 1989. **Die gemeente: 'n keuse tussen twee soorte bedieninge - arbeidsveld of arbeidsmag.** Bloemfontein: NG Sendingpers.

Firet, J. 1980a. De plaats van de Praktische Theologie binnen de Theologische Faculteit, in Van Andel, C.P. et al. **Praktische Theologie - Een bundel opstellen over plaats en praktijk van de christelijke gemeente,** 's Gravenhage: Boekencentrum, 9-25.

Firet, J. 1980b. Kroniek van de Praktische Theologie, in **Praktische Theologie,** 1980/1, 5-15.

Firet, J. 1982. **Het agogisch moment in het pastoraal optreden.** Kampen: Kok.

**Four Spiritual Laws.** 1965. Campus Crusade for Christ.

Fowler, J.W. 1991. **Weaving the new creation. Stages of faith and the public church.** San Francisco: Harper.

Getz, G.A. 1974. **Sharpening the focus of the church.** Chicago: Moody.

Geyl, P. 1936. **Gebruik en misbruik der geschiedenis.** Groningen: Djakarta.

Goedhart, G.L. 1984. **Gemeenteopbouw. Om dienende, vierende, lerende en delende gemeente te worden.** Kampen: Kok.

Graafland, C. 1973. **Waarom nog gereformeerd?** Kampen: Kok.

Greinacher, N. 1974. Das Theorie-Praxis Problem in der Praktische Theologie, in Klostermann, F. & R. Zerfass, (Hrsg.) **Praktische Theologie Heute,** München: Kaiser/Grünewald, 103-118.

Grey, J. 1990. **Predikant-wees vandag.** Voorstelle vir spesialisering en privatisering deur predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Stellenbosch: EGB Uitgewers.

Grobler, N.J. 1985. **Opgebou en Uitgestuur Seminaar 1.** Wellington: Bybelkor.

Handelinge van die derde vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, Pretoria, 14 Oktober 1970 en volgende dae. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Handelinge van die vierde vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, Kaapstad, 16 Oktober 1974 en volgende dae. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

Handelinge van die vyfde vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, Bloemfontein, 18 Oktober 1978 en volgende dae. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Handelinge van die sesde vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, Pretoria, 12 Oktober 1982 en volgende dae. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Handelinge van die sewende vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, Kaapstad, 14 Oktober 1986 en volgende dae. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Handelinge van die agtste vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk, Bloemfontein, 16 Oktober 1990 en volgende dae. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Hedlund, R.E. (ed.) 1977. **Church growth in the third world.** Bombay: F.C. Durham.

Heering, J.P. et al. 1989. **De Kerk verbouwen - Dingemans' ecclesiologie critisch bekeken.** Nijkerk: Callenbach.

Hendriks, H.J. 1986. Vernuwing in die bedieningstruktuur, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Januarie, 72-85.

Hendriks, H.J. 1987. 'n Teologies-prinsipiële begronding vir die opbou van die gemeente, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 2, 1-25.

Hendriks, H.J. 1988. Tendense in die Amerikaanse kerklike situasie en moontlike implikasies daarvan vir die kerk in Suid-Afrika, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Januarie, 41-54.

Hendriks, H.J. 1990a. Bedieninge in en deur die gemeente. 'n Prakties-teologiese basisteorie, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 5(1), 19-42.

Hendriks, H.J. 1990b. Komplementerende koinonia-verbande, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Maart, 99-108.

Hendriks, H.J. 1992a. **Strategiese beplanning in die gemeente. Beginsels en praktyk van gemeente vernuwing.** Wellington: Hugenote Uitgewers.

Hendriks, H.J. (red.) 1992b. **Gemeentes Vertel. Verandering in 'n Christelike geloofsgemeenskap.** Kaapstad: Lux Verbi.

Hendriks, H.J. (red.) 1992c. Makro bediening, in **Stellenbosse Teologiese Studies**, Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Hendriks, H.J. 1993. Konflik en diversiteit in die gemeente. Fases waarin groepe verkeer, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 8(2), 95-114.

Hendriks, H.J. 1994. **Missionêre gemeentebou in die nuwe Suid-Afrika.** Referaat gelewer by die jaarkongres van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.

Hendriks, H.J. & Van der Merwe, M.A.V. 1990. Strategiese teologiese beplanning, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, September, 464-474.

Hendriks, H.J. & Van der Merwe, M.A.V. 1992. Strategiese teologiese beplanning - verfyning in die praktyk, in Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, Desember, 577-584.

Hendriks, J. 1977. Zo kan het niet blijven! Werken aan verandering, in **Praktische Theologie**, 4(2), 82-96.

Hendriks, J. et al. 1987. **De kleine groep en de opbouw van de gemeente.** Kampen: Kok.

Hendriks, J. 1992. **Een vitale en aantrekkelijke gemeente - model en methode van gemeenteopbouw.** Derde druk. Kampen: Kok.

Herbst, M. 1988. **Missionarischer Gemeindeaufbau in der Volkskirche.** Stuttgart: Calwer Verlag.

Heyns, J.A. 1991. Moet gemeentes geografiese grense hê? In **Die Kerkbode**, 16 Julie, 5.

Heyns, J.A. & Jonker, W.D. 1974. **Op weg met die teologie.** Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

Heyns, L. 1992. Gemeentes sonder grense, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Desember, 530-537.

Heyns, L.M. 1986. **'n Prakties-teologiese ondersoek na die kerklike strukture van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.** D.Th.-proefskrif: Universiteit van Suid-Afrika.

Heyns, L.M. 1988a. Die plek van gemeentebou binne die Praktiese Teologie, in **Theologica Evangelica**, 21(1), 14-18.

Heyns, L.M. 1988b. Herstrukturering met die oog op 'n doeltreffender stadsbediening, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Januarie, 55-60.

Heyns, L.M. 1990. Bedieninge in die gemeente: Praktykmodelle, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 5(1), 61-72.

Heyns, L.M. 1993a. Die amp in 'n krisis: 'n terreinverkenning, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, September, 354-362.

Heyns, L.M. 1993b. Bestuur van die gemeente as organisasie van vrywilligers, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 8(2), 126-136.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1990. **A primer in Practical Theology.** Pretoria: Gnosis.

Hunter, J.D. 1987. **Evangelicalism - the coming generation.** Chicago: The University of Chicago Press.

Hutcheson, R.G. 1981. **Mainline churches and the evangelicals.** Atlanta: John Knox.

Jackson, C.J. 1982. **Die funksionering van die charismata in die opbou van die gemeente.** D.D.-proefskrif: Universiteit van Pretoria.

Jenson, R. & Stevens, J. 1981. **Dynamics of church growth.** Grand Rapids: Baker.

Jeug-Studiekommissie Verslag van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1966.

Jeug-tot-Jeugaksie Kursus- en Skolingspakket, Algemene Jeugkommissie: 1974.

Jeug-tot-Jeugaksie Nuusblad, nr.1, Augustus 1973.

Jeug-tot-Jeugaksie Nuusblad, nr.2, September 1973.

Jonker, W.D. 1962. Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal, in **Kerk en Wêreld,** Junie, 4, 5-59.

Jonker, W.D. 1965. **Om die regering van Christus in Sy Kerk.** Intreerede: Universiteit van Suid-Afrika.

Jonker, W.D. 1968. **Theologie en praktijk. Een peiling van het theologisch karakter van de diakoniologische vakken.** Kampen: Kok.

Jonker, W.D. 1977a. Die unieke karakter van die kerk, in **In die Skriflig**, 11(43), 4-13.

Jonker, W.D. 1977b. What is theology? In **Report: Reformed Ecumenical Synod.**

Jonker, W.D. 1977c. Wat is teologie? In Strauss, D.F.M. (red.) **Woord en Wetenskap**, Bloemfontein: VCHO, 32-47.

Jonker, W.D. 1981a. **In diens van die Woord.** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jonker, W.D. 1981b. **Die Gees van Christus.** Wegwysers in die Dogmatiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jonker, W.D. 1985. Op die breuklyn, in Louw, D.J. (red.) **Op die breuklyn**, Kaapstad: NG Kerk Uitgewers, 5-19.

Kellerman, J.S. 1993. Gemeentebou: vertrekpunte vanuit 'n basisteorie, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, September, 311-344.

Kennedy, D.J. 1970. **Evangelism Explosion.** Revised Edition, Wheaton: Tyndale.

Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1990. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kersten, G.H. 1991. **In het voetspoor der Vaderen. Een toelichting in vraag en antwoord op de Schriftuurlijke orde en regel in het kerkelijk leven.** Utrecht: De Banier.

Kleynhans, E.P.J. 1992. Geografiese grense vir gemeentes is 'n Bybelse beginsel, in **Die Kerkbode**, 14 Februarie, 11.

Klostermann, F. & Zerfass, R. (hrsg.) 1974. **Praktische Theologie Heute.** München: Kaiser/Grünewald.

Kotze, D.J. 1987. 'n Perspektief vanuit die sisteembenadering op die benutting van die kleingroep in gemeentebou, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Julie, 170-175.

Krol, B. 1982. **Gemeentegroei - kenmerken van groeiende én kwijnende gemeenten.** Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

Krüger, C.P. 1989. **Die rol van die regerend organisatoriese funksies in die opbou van die gemeente.** D.Th.-proefskrif: Universiteit van Suid-Afrika.

Kuiper, B.K. 1979. **The church in history.** (13th edition), Michigan: Eerdmans.

Kuyper, A. 1909. **Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid, III.** Kampen.

Labuschagne, G. 1982. Gemeenteopbou, in **Die Kerk se werk**, Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie, Pretoria, 60-74.

Lategan, L.O.K. 1992. Op weg na 'n teologiese fundering en definiëring van gemeente-opbou, in **Acta Theologica**, 12(2), 54-84.

Lindgren, A.J. 1981. **Foundations for purposeful church administration.** Nashville: Abingdon.

Louw, D.J. 1980. **Die Stad in die mens.** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Louw, D.J. 1981. Die metode-vraagstuk in die Praktiese Teologie, in Nel, M. (red.) **Die Kerk se werk**, Departement Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria, 9-19.

Louw, D.J. 1985. Die opbou van die gemeente in 'n veranderde samelewing, in Louw, D.J. (red.) **Op die breuklyn**, Kaapstad: NG Kerk Uitgewers, 20-42.

Louw, D.J. 1990. Charisma en amp: op soek na 'n koinoniale diensmodel vir gemeentebou, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Junie, 220-239.

Louw, D.J. 1992. Die ontwerp van 'n prakties-teologiese ekklesiologie vir gemeentebou, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 7(2), 119-136.

Louw, D.J. 1993a. Kroniek: Praktiese Teologie/Pastoraat/Gemeente-bediening, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika** 8(2), 193-196.

Louw, D.J. 1993b. Praktiese Teologie - 'n fenomenologiese stuiptrekking? In **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 8(2), 206-209.

Louw, L.K. 1984. **Dienswerk - 'n eietydse bedieningsmodel vir die opbou van die gemeente.** D.Th.-proefskrif: Universiteit van Suid-Afrika.

Louw, L.K. 1987a. Waar pas gemeentebou in? In **Die Kerkbode**, 25 Februarie, 10.

Louw, L.K. 1987b. 'n Analise van die gemeente-situasie met die oog op gemeentebou, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika** 2, 71-93.

Louw, P.L. 1990. **'n Beskrywing van die gemeentebouproses in die Ned. Geref. Gemeente Burgersdorp 1985-1989.** M.Th.-werkstuk: Universiteit van Stellenbosch.

Louw, W.C. 1984. **Die rol van buite-kerklike bewegings in 'n program van gemeentebou binne die Ned. Geref. Kerk met besondere verwysing na Campus Crusade for Christ.** B.Th.-skripsie: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Lubbe, J.J. 1990. **Die principia divisiones tussen Evangelisasie en Sending: 'n Kritiese perspektief.** B.Th.-skripsie: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Marais, B.M.L. 1989. **'n Bedieningspraktyk vir onderlinge hulpverlening binne die Ned. Geref. Kerkfamilie in Suid-Afrika.** M.Th.-werkstuk: Universiteit van Stellenbosch.

Maritz, C.C. 1990. **'n Analise van die kerkbegrip en bedieningspraktyk van die Ned. Geref. Gemeente Hartebeesfontein.** M.Th.-werkstuk: Universiteit van Stellenbosch.

Marsden, G.M. 1987. **Reforming Fundamentalism.** Michigan: Eerdmans.

McGavran, D.A. 1955. **How churches grow.** New York: Friendship Press.

McGavran, D.A. 1980. **Understanding Church Growth.** Revised edition. Michigan: Eerdmans.

McGavran, D.A. 1984. **Momentous decisions in missions today.** Grand Rapids: Baker.

McGavran, D.A. & Arn, W. 1984. **How to grow a church.** California: Ventura.

Meistre, G. 1991. **Gemeentebou in terme van die charismata.** D.Th.-proefskrif: Universiteit van Suid-Afrika.

Minear, P.S. 1977. **Images of the church in the New Testament.** Third Edition. Philadelphia: Westminster Press.

Mol, A. 1990. **Help! Ek is 'n bestuurder.** Kaapstad: Tafelberg.

Möller, C. 1987. **Lehre vom Gemeindeaufbau.** Band 1: Konzepte, Programme, Wege. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Möller, C. 1990. **Gottesdienst als Gemeindeaufbau.** Ein Werkstattbericht. 2. Auflage. Göttingen: Vandenhoeck.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1989. **Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe.** RGN-studies in navorsingsmetodologie. Pretoria: RGN.

Muether, J.R. 1988. Contemporary evangelicalism and the triumph of the new school, in **The Westminster Theological Journal,** 50(2), 339-347.

Mulder, J.M. 1988. Seminary histories, in **Theology Today,** July, 214-217.

Müller, J.C. 1983. **Die homilie as wyse van eietydse prediking.** D.D.-proefskrif: Universiteit van Pretoria.

Murray, R.B. & Van Tonder, R.J.N. 1973. **Die amp van die ouderling.** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Nel, M. 1973. **Getuies vir Christus.** Algemene Sinodale Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie.

Nel, M. 1974. **Handleiding vir die persoonlike werker.** Bloemfontein: NG Sendingpers.

Nel, M. 1982a. Die opbou van die gemeente, in **Skrif en Kerk,** 3(2), 42-47.

Nel, M. 1982b. 'n Program tot vernuwing, in **Die kerk se werk,** Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie, Pretoria, 89-102.

Nel, M. 1986. **Teologiese perspektiewe op gemeentebou.** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Nel, M. 1987. Die verhouding van gemeentebou tot die ander dissiplines van die vak Praktiese Teologie en ander teologiese vakke, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika,** 2, 26-37.

Nel, M. 1988. **Fases in gemeentebou.** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Nel, M. 1991. Die wisselwerking tussen teorie/praxis in die Praktiese Teologie, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika,** 6(1), 22-37.

Nel, M. 1993. Gemeentebou: Dinamiese kragte in die vernuwingsproses, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika,** 8(2), 115-125.

Noordegraaf, A. 1990. Oorwegingen rondom het thema gemeenteopbouw, in **Theologia Reformata,** 33(2), 123-145.

**Ons glo...Die Drie Formuliere van Eenheid en Ekumeniese Belydenisse.** 1982. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Peters, G.W. 1970. **Saturation Evangelism.** Grand Rapids: Zondervan.

Peters, G.W. 1981. **A theology of church growth.** Michigan: Zondervan.

Pieterse, H.J.C. 1982. Bedieningstrukture, in **Die kerk se werk**, Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie, Pretoria, 75-88.

Pieterse, H.J.C. 1985. **Verwoording en prediking.** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H.J.C. 1986. Praktiese Teologie mondig? In **Skrif en Kerk**, 7(1), 63-73.

Pieterse, H.J.C. 1991a. **Gemeente en Prediking.** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H.J.C. 1991b. Praktiese Teologie as teologiese wetenskap binne die Teologiese Fakulteit, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 6(2), 249-253.

Pieterse, H.J.C. 1991c. Die wetenskapsteoretiese grondslag van die Praktiese Teologie, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 6(1), 38-51.

Pieterse, H.J.C. 1992a. 'n Prakties-teologiese kommunikasieteorie vir die prediking, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 7(1), 17-26.

Pieterse, H.J.C. 1992b. Woord en werklikheid in die moderne Praktiese Teologie, in **In die Skriflig**, 26(3), 325-335.

Pieterse, H.J.C. 1993a. Die probleem van normatiwiteit en rasionaliteit in die beoefening van die praktiese teologie, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 8(2), 197-203.

Pieterse, H.J.C. 1993b. **Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.** Pretoria: RGN.

Pieterse, H.J.C. & Vos C.J.A. 1991. Pneumatologiese perspektiewe vanuit 'n kommunikatiewe handelingsteorie, in **Acta Theologica**, 11(2), 1-18.

Praamsma, L. 1981. **De Kerk van alle tijden. Deel 4.** Franeker: T. Wever.

Raubenheimer, O.S.H. 1987. Persone en instansies betrokke by gemeentebou, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 2, 38-53.

Reck, R. 1991. **Kommunikation und Gemeindeaufbau.** Eine Studie zu Entstehung, Leben und Wachstum paulinischer Gemeinden in den Kommunikationsstrukturen der Antike. Stuttgart: Katholisches Bibelwerk.

Richards, L.O. 1970. **A new face for the church.** Grand Rapids: Zondervan.

Richards, L.O. & Hoeldtke, C. 1980. **A theology of church leadership.** Grand Rapids: Zondervan.

Rossouw, P.J. 1988. Die herder-kudde metafoor as vertrekpunt in die pastoraat en die betekenis daarvan vir gemeentebou, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 5(1), 14-28.

Smit, C.J. 1985. **Kerkreg en Kerkorde in die lig van God se reg en orde vir Sy kerk.** Th.D.-proefskrif: PU vir CHO.

Smit, C.J. 1987. Kerkreg en kerkorde in diens van die kerkregering: oorsig oor 'n beskouing, in **In die Skriflig**, 21(82), 17-28.

Smit, C.J. 1992. Kerkregering as geestelike regeringswyse, in **In die Skriflig**, 26(4), 503-521.

Smuts, A.J. (red) 1987. **Praktiese Teologie in Suid-Afrika 2.** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Smuts, M. (red.) & Van Eeden, I.J. 1986. **Kerkspieël II.** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Snyman, S.D. & Tolmie, D.F. (reds.) 1991. **'n Visie van die bediening.** UV-Teologiese Studies, 5, Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies.

Spies, H.S. 1990. **'n Praktykteologiese ondersoek na die daling van lidmaattalle van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Ring van Parow.** M.Th.-werkstuk: Universiteit van Stellenbosch.

Spoelstra, B. 1978. Calvyn en die grense van die kerk, in **In die Skriflig**, 12(45), 20-37.

Spoelstra, B. 1984. Gereformeerde kerkbegrip en kerklidmaatskap, in **In die Skriflig**, 18(70), 20-32.

Spoelstra, B. 1989. Het ons kerk-wees in strukture gestol? In **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Januarie, 64-74.

Spoelstra, B. 1991a. 'n Oorsig oor die diakoniologiese rol van die gereformeerde belydenisskrifte in kerkwees, in **In die Skriflig**, 25(2), 217-242.

Spoelstra, B. 1991b. Presbiteriale kerkregering en presbiterianisme, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Maart, 57-67.

Spoelstra, B. 1991c. Die plek van Kerkreg en Diakoniologie (Praktiese Teologie) in die teologiese ensiklopedie, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 6(2), 206-226.

Spoelstra, B. 1992. Dilemma tussen Praktiese Teologie en Ekklesiologie, in **Theologia Reformata**, 35(4), 299-320.

Spoelstra, B. 1993. Besinning oor die teologiese ensiklopedie van Kuyper met Kerkreg en Diakoniologie as parameters, in **In die Skriflig**, 27(1), 69-89.

Spoelstra, B. 1994. Wetenskapsteoretiese besinning oor die grondslae van die Diakoniologie, in **In die Skriflig**, (moet nog verskyn in September-uitgawe).

Strauss, D.F.M. 1993. 'n Saaklike tipering van enkele wetenskaplike metodes, in **Roeping en Riglyne**, 41(4), 9-10.

Strauss, P.J. (red.) 1991a. **Byderwets en gereformeerd.** Kerkregtelike opstelle opgedra aan P.B. van der Watt. Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies.

Strauss, P.J. 1991b. Vanwaar gereformeerde kerkregtelike beginsels? In Srauss, P.J. (red.) **Byderwets en gereformeerd**, Bloemfontein: Pro Christo Publikasies, 23-34.

Strauss, S.A. 1993. **Die verantwoordelikheid van die Ned. Geref. Kerk op grond van Skrif en Belydenis.** Bloemfontein: Ongepubliseerde Evto-lesing.

Te Velde, M. 1989. **Gereformeerde Gemeenteopbouw. Een eerste koersbepaling voor een nieuw theologisch vak.** Barneveld: De Vuurbraak.

Te Velde, M. 1992a. **Gemeenteopbouw 1.** Doelgericht en samenhangend werken in de christelijke gemeente. Barneveld: De Vuurbraak.

Te Velde, M. 1992b. **Gemeenteopbouw 2.** Bijbelse basisprincipes voor het functioneren van de christelijke gemeente. Barneveld: De Vuurbraak.

Te Velde, M. 1993a. **Gemeenteopbouw 3.** Methodisch beleid ontwikkelen in de christelijke gemeente. Barneveld: De Vuurbraak.

Te Velde, M. 1993b. **Gemeenteopbouw 4.** Handreiking voor een gemeente-werkplan. Barneveld: De Vuurbraak.

Tolmie, D.F. 1991. Enkele metafore vir kerkwees in die Nuwe Testament, in Snyman, S.D. & D.F. Tolmie (reds.) **'n Visie van die bediening**, UV-Teologiese Studies, 5, Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies, 66-71.

Trimp, C. 1978. **Inleiding in de ambtelijke vakken.** Kampen: V.D.Berg.

Van der Spuy, D.E. 1987. **Die rol van die erediens in die opbou van die middestadsgemeente.** M.Th.-verhandeling: Universiteit van Suid-Afrika.

Van der Merwe, C.M. 1991. **Doeltreffende gemeentefunksionering in die lig van die liggaamsmetafoor volgens 1 Korintiërs 12.** M.Th.-verhandeling: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Van der Merwe, M.A.V. 1991. Herontdekking van die rol van die lidmaat, in De Villiers, E. & D. Kitching (reds.) **Derdegelui vir môre**, Kaapstad: Tafelberg, 136-142.

Van der Merwe, P. 1992. Die toerusting en ontwikkeling van spesifieke bedieninge van gemeentelike leiers, in Hendriks, H.J. (red.) Makrobediening, **Stellenbosse Teologiese Studies**, 20, 62-70.

Van der Velden, M.J.G. 1989. Een uitverkoren geslacht, in Heering, J.P. et al. **De Kerk verbouwen - Dingemans' ecclesiologie critisch bekeken**, Nijkerk: Callenbach, 60-68.

Van der Ven, J.A. 1983. Ervaring en Empirie in de Theologie, in **Tijdschrift voor Theologie**, 27, 155-173.

Van der Ven, J.A. 1988. Practical Theology from applied theology to empirical theology, in **Journal of empirical theology**, 1(1), 7-27.

Van der Ven, J.A. 1993. **Ecclesiologie in context**. Kampen: Kok.

Van der Walt, J.J. 1974. **Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering**. Th.D.-proefskrif: PU vir CHO.

Van der Walt, J.J. 1981. Die verhouding van die diakoniologie tot die ander teologiese dissiplines, in Nel, M. (red.) **Die kerk se werk**, Universiteit van Pretoria, 20-31.

Van Genderen, J. (red.) 1962. **Wij geloven en belijden. Over de Nederlandse Geloofsbelydenis**. Den Haag: Van Keulen.

Van Genderen, J. & Velema, W.H. 1993. **Beknopte Gereformeerde Dogmatiek**. Kampen: Kok.

Van Huyssteen, W. 1987. **Teologie as kritiese geloofsverantwoording**. Pretoria: RGN.

Van Niekerk, A.S. 1986. Systems theory and the guiding of the church, in **Theologia Viatorum**, 14(1), 77-93.

Van Niekerk, A.S. 1988. Navorsingsmetodes in die Praktiese Teologie en die praktyk, in **Ned. Geref. Teologiese Tydskrif**, Julie, 253-261.

Van Niekerk, A.S. 1994. **'n Kontekstuele analise van die Suider-Afrikaanse situasie**. Referaat gelewer by die jaarkongres van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika, Universiteit van Pretoria.

Van Niekerk, J.I.R. 1991. **Tussen praktyteorie en bedieningspraktyk - 'n ondersoek na die ouderling se evangelisasietaak in die Ned. Geref. Gemeente Parow-Noord.** M.Th.-werkstuk: Universiteit van Stellenbosch.

Van Rensburg, G.F.J. 1990. **'n Strukturele model vir makro-gemeentes in die Ned. Geref. Kerk**. D.Th.-proefskrif: Universiteit van Suid-Afrika.

Van Rensburg, G.F.J. 1992. Makrogemeentestrukture, in Hendriks, H.J. (red.) Makrobediening, **Stellenbosse Teologiese Studies**, 20, 32-39.

Van Schalkwyk, J. 1987. **Gemeentebou: ons opdrag**. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Van Schalkwyk, J. 1991. **Oppad na 2000.** Pretoria: Aktuapers.

Van't Spijker, W. 1972. **Goddelijk recht en kerkelijke orde by Martin Bucer.** Appeldoornse Studies, Kampen: Kok.

Van't Spijker, W. 1980a. **Zijn verbond en woorden.** Kampen: De Groot Goudriaan.

Van't Spijker, W. (red.) 1980b. **Bij Brood en Beker.** Kampen: De Groot Goudriaan.

Van't Spijker, W. 1981. **Triptiek van de geschiedenis.** Goes: Oosterbaan.

Van't Spijker, W. (red.) 1983. **Rondom de doopvont.** Kampen: De Groot Goudriaan.

Van't Spijker, W. 1990a. Aspecten van gemeenteopbouw in de Reformatie, in **Theologia Reformata**, 33(4), 309-332.

Van't Spijker, W. (red.) 1990b. **De Kerk.** Kampen: De Groot Goudriaan.

Van Wyk, A.G. 1989. **'n Evaluering van die grondslae van die diakoniologiese benadering vanuit 'n prakties-teologiese perspektief.** D.Th.-proefskrif: Universiteit van Suid-Afrika.

Van Wyk, A.G. 1991. 'n Verkennende gesprek rondom die begrip teologie in verskillende prakties-teologiese benaderinge, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 6(1), 76-85.

Van Wyk, A.G. 1993. Respons op: "Praktiese Teologie as teologiese wetenskap binne die teologiese fakulteit" - Prof. H.J.C. Pieterse, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 8(1), 1993, 57-62.

Van Wyk, J.H. 1968. Hoeveel kerkbegrippe is by ons in swang? In **In die Skriflig**, 2(7), 12-26.

Van Zyl, P.J.J. 1989. **Die pastorale opbou van die gemeente in eskatologiese perspektief.** D.Th.-proefskrif: Universiteit van Stellenbosch.

Van Zyl, W.J. 1988. **'n Bedieningstrategie vir die opbou van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Franschoek.** M.Th.-werkstuk: Universiteit van Stellenbosch.

Velema, W.H. 1990. **Nieuw zicht op gereformeerde spiritualiteit.** Kampen: Kok Voorhoeve.

Velema, W.H. 1992. **Een levende gemeente - met het oog op gemeenteopbouw.** Kampen: Kok Voorhoeve.

Velthuysen, G.C. 1985. Die funksie van die belydenis in die struktuur van die kerk en die betekenis daarvan vir die predikant, in **Hervormde Teologiese Studies**, 41(3), 372-377.

Venter, C.J.H. 1992. Diakoniologie en rasionaliteit - 'n verkenning, in **In die Skriflig**, 26(1), 29-51.

Vos, C.J.A. & Pieterse, H.J.C. 1992. Antropologiese insigte binne die kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering in die Praktiese Teologie, in **Praktiese Teologie in Suid-Afrika**, 7(2), 147-158.

Walton, R.C. 1986. **Chronological and background charts of church history.** Michigan: Zondervan.

Wolvaardt, J.A. 1980. Praktiese Teologie, in Eybers, I.H. et al. **Inleiding in die teologie**, Tweede Uitgawe, Pretoria: NG Kerkboekhandel, 278-296.

Zerfass, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft, in Klostermann, F. & R. Zerfass, (Hrsg.) **Praktische Theologie Heute**, München: Kaiser/Grünewald, 164-177.

# OPSOMMING

"Gemeentebou" in die Ned. Geref. Kerk is 'n bedieningsbenadering en teologiese dissipline met 'n omvangryke invloed en toepassing. Dit staan in verband met die besinningsproses in die kerk gedurende die sewentigerjare waarin soveel klem geplaas is op die getuienis en diens van die indiwiduele lidmaat. Hierdie proses vind konkrete gestalte in die omvattende **sending- en evangelisasieprogram van 1970**, die landswye **Jeug-tot-Jeug-Aksie van 1974** en die werksaamhede van die **Dinamiese Gemeentebou-Studiegroep van 1978.** Vanaf 1978 het 'n doelbewuste ekklesiologiese implementering sy beslag gekry. Die klem op die indiwiduele lidmaat is verplaas na die kollektiwiteit van die gemeente as geloofsgemeenskap. Die verwerking van die konsepte van "dinamiese gemeentebou" deur **Bybelkor** se **Gemeenteboureekse en Lidmaattoerustingsprogramme** in die tagtigerjare het die konsep "gemeentebou" vierkantig op die tafel van die gemeentebediening in 'n kollektiewe sin geplaas. Dit is 'n benadering wat doelbewus ywer vir die optimale funksionering van die gemeente. Sinodale kommissies soos die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie en die Algemene Jeugkommissie het hierin 'n belangrike rol gespeel. Die beoefening daarvan as 'n deeldissipline van Praktiese Teologie sedert die middel tagtigerjare het die beweging vakwetenskaplik bestendig.

Gemeentebou is sekerlik dié belangrikste teologiese ontwikkeling in die Ned. Geref. Kerk sedert 1970. Kenmerkend daarvan is die doelbewuste kennisname én akkommodering van die konsepte en gedagterigtings van groot internasionale evangelisasiebewegings wat hoofsaaklik vanuit die VSA hul beslag gekry het. Bewegings soos die **Church Growth beweging, Campus Crusade for Christ, Evangelism in Depth, New Life for All** en **Evangelism Explosion** het die ontwikkeling in Suid-Afrika en in die Ned. Geref. Kerk bepaald gestimuleer. Hierbenewens is ook kennis geneem van literatuur uit Nederland en Duitsland in verband met "gemeenteopbouw" en "Gemeindeaufbau." Hierin word op 'n wetenskaplike wyse gepoog om die ideale gemeentelike funksionering in verband met die bestaande situasie te bring. Dit lei daartoe dat 'n nuwe **kerkbegrip** ingevoer word, aan die hand waarvan die kerklike problematiek besweer moet word. Die hart van die gemeentebouteologie klop gevolglik in 'n nuwe dinamiese kerkbegrip.

In die Ned. Geref. gemeentebouteologie word die **liggaamsmodel** as 'n dinamiese kerkbegrip gebruik. Vanuit 'n Bybelse metafoor, 'n kerklike modelleteorie en die insigte van die sosiale- en bestuurswetenskappe, is die liggaamsmodel ontwerp om die opbou van die gemeente en die dienswerk van lidmate "van onder" te herorganiseer. 'n Nuwe basisteorie en praktykteorie word vir die opbou van die gemeente aangebied. Terselfdertyd is dit 'n kerkbegrip "in kontras" met die tradisionele en statiese opvatting daarvan in die Ned. Geref. Kerk. Tiperend word dit as die herder-kudde-model aangedui. Gemeentebou kom dus neer op navorsingsgebaseerde en wetenskaplike kerklike herstrukturering: die herder-kudde-model word vervang met die liggaamsmodel. Behalwe dat die gemeentegeskiedenis aangewend word om die herstrukturering te motiveer, kom die funksie van die Woordbediening, die tradisionele ampsbeskouing en bestaande gemeentelike patrone in 'n ander lig te staan - om volledig ruimte te skep vir die bediening van die gemeente.

Kenteoreties word die hele saak aangepak vanuit die handelingswetenskaplike paradigma. Daarom staan die nuwe kerkbegrip in lyn met die uitgangspunte van die beoefening van die Praktiese Teologie. Probleemgerigte kritiese teorieë (die liggaamsmodel) moet die beweging tussen ideaal en werklikheid, tussen teorie en praktyk bewerkstellig.

In hierdie benadering word wegbeweeg van die Skrifgenormeerde diakoniologie. Die Skrif word in interaksie gebring met die empiriese praktyk om sodoende verbeterde basis- en praktykteorieë te ontwerp. Dit lei tot 'n eklektiese Skrifhantering, 'n kritiese Skrifbeskouing en kerksentriese struktuurvernuwing. In die gereformeerd-konfessionele en diakoniologiese verantwoording hiervan, is dit duidelik dat kerklike reformasie op hierdie manier vanuit die kerk as empiriese sosiale sisteem bewerkstellig word. Vandaar die verwysing na "sola ecclesia" in die titel. Vir die gereformeerde diakonioloog moet kerklike reformasie egter allereers in verband met die Woord en die Gees gebring word. Christus regeer deur sy Woord en Gees en so bewerkstellig Hy die opbou van die gemeente. In gemeentebou word dit al te veel 'n menslike aangeleentheid wat voluit vanuit die kérk (sola ecclesia) beredeneer word. Die funksionele kerkbegrip van die gemeentebouteologie bring dus die gereformeerde uitgangspunte in die gedrang en getuig van 'n teologiese verskuiwing waarin die kérk/gemeente ten koste van die Hére van die kerk/gemeente die allesbepalende vetrekpunt vorm.

Die studie gaan egter nie aan die problematiek verby waarop gemeentebou wys nie. Vanuit 'n gereformeerde oortuiging word 'n Skriftuurlike kerkorde oorweeg as die weg waarlangs die regering van Christus en die opbou van die gemeente in 'n spanningslose samehang na vore kom. Die *Solus Christus* (in plaas van *sola ecclesia*) laat immers die wissels anders lê. Dit is in kort die punt waarop die studie aankom.

# SUMMARY

Congregation building in the Dutch Reformed Church is a ministry approach and a theological discipline with an extensive influence and application. It is connected with the process of reflection in the church during the seventies when so much emphasis was placed on the testimony and service of the individual member. This process was given complete form in the comprehensive **missionary and evangelism program of 1970**, the country-wide **Youth-to-Youth-Action of 1974** and the work of the **Dynamic Congregation Building Study Group of 1978**. From 1978 a purposeful ecclesiastic implementation was founded. The emphasis of the individual member was transferred to the collectivity of the congregation as a faith community. The adaptation of the concepts of "dynamic congregation building" by **Biblecor** in their **Congregation Building Series** and **Member Equipment Programs** in the eighties, placed the concept of "congregation building" squarely on the table of congregation ministry in a collective sense. This is the approach which purposefully devotes itself to the optimal functioning of the congregation. Synodical Commissions such as the General Commission for Ministry and Evangelism and the General Youth Commission played an important role in this respect. The practice of this as a part-discipline of Practical Theology since the middle eighties, confirmed the movement as a subject science.

Congregation building is surely the most important theological development in the Dutch Reformed Church since 1970. It is characterized by the purposeful acknowledgement and accommodation of the concepts and trains of thought of the great international evangelism movements which were mainly formed in the USA. Movements such as **Church Growth**, **Campus Crusade for Christ**, **Evangelism-in-Depth**, **New Life for All** and **Evangelism Explosion** definitely stimulated the development in South Africa and the Dutch Reformed Church. Apart from this, note was also taken of the literature emanating from the Netherlands and Germany in connection with "gemeenteopbouw" and "Gemeindeaufbau". With this it is endeavoured to scientifically bring the ideal functioning of the congregation in relation to the existing situation. This leads to the introduction of a **new church concept** by which ecclesiastical problems may be solved. The heartbeat of the congregation building theology therefore lies in a new dynamic church concept.

In the congregation building theology of the Dutch Reformed Church the **body model** is being used as a dynamic church concept. From a Biblical metaphor, an ecclesiastical model theory and the insights of the social and management sciences, the body model was designed to reorganize the building of the congregation and the service of the members from "below". A new basis- and practice theory is being offered for the building of the congregation. At the same time it is a church concept in contrast to the traditional and static interpretation in the Dutch Reformed Church. Typically this is indicated as the shepherd-flock model. Congregation building therefore boils down to a research-based and scientific ecclesiastical reconstruction: the shepherd-flock model is replaced by the body model. Apart from the fact that the history of the congregation is used to motivate the reconstruction, the function of the preaching of the Word, the traditional concepts of the ministries and congregational patterns are looked at in a new light to fully create room for the ministry of the congregation.

The matter is handled according the theological operational science paradigm. That is why the new church concept is in line with the premises used in the practising of Practical Theology. Problem directed critical theories (the body model) must achieve the movement between ideal and reality, between theory and practice. In this approach there

is a movement away from the norms of the diaconiology as found in Scripture. Scripture is brought into inter-action with the empirical practice to design improved basis- and practice theories. This leads to an eclectic handling of Scripture, a critical Scripture approach and a church centered structural renewal. For the reformed diaconiologist church reformation must in the first instance be brought into relation with the Word and the Holy Spirit. Christ reigns through his Word and his Spirit and in this way He builds the congregation. In congregation building it becomes all too much a human matter which is fully debated from within the church itself (sola ecclesia). The functional church concept of the congregation building theology thus affects the reformed premises and testifies of a theological shift in which the church/congregation becomes the all determining point of departure at the expense of the Lord of the church.

The study does not by-pass the problems which congregation building show up. From a reformed conviction a Scriptural church order is considered as the means by which the reign of Christ and the building up of the congregation can emerge hanging together without tension. The *Solus Christus* (instead of *sola ecclesia*) does change the course. This in short is what the study is concerned with.

U.O.V.S. - U.O.F.S.
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY